


UNIVERSITY OF THE
FREE STATE
UNIVERSITEIT VAN DIE
VRYSTAAT
YUNIVESITHI YA
FREISTATA



UFS
THEOLOGY AND RELIGION

**DIE MISSIONALE ONTWIKKELING VAN DIE KLEIN PLATTELANDSE
GEMEENTES: 'N EMPIRIESE ONDERSOEK NA DIE VGKSA
VRYSTAAT/LESOTHO**

Deur

ZACHERY CHALWYN PIENAAR

Ingedien volgens die vereistes vir die graad

Doktor in Teologie

In die Departement van Praktiese Teologie

Universiteit van die Vrystaat

Promotors:

Prof. W.J. Schoeman

Prof. H.J. Hendriks

28 November 2023

VERKLARING

Ek, Zachery Chalwyn Pienaar, verklaar hiermee dat die tesis: “**Die missionale ontwikkeling van klein plattelandse gemeentes: ‘n Empiriese ondersoek na die VGKSA Vrystaat/Lesotho**”, ingedien vir die verkryging van die graad Doktor in Teologie by die Universiteit van die Vrystaat, my eie, onafhanklike werk is. Ek verklaar verder dat die tesis by geen ander Universiteit as net by die Universiteit van die Vrystaat ingedien is. Al die bronne wat gebruik en aangehaal is, is gespesifiseer en erken.

.....

Zachery Chalwyn Pienaar

Studente nr: 2016137826

28 November 2023

ABSTRAK (Afrikaans)

Ek glo van harte dat God die wêreld wil bereik deur gemeentes. Gemeentes klein of groot is God se voertuie/instrumente om 'n stukkende en gebroke wêreld te kan bereik. Daarom behoort gemeentes missionaal in hulle identiteit, kultuur en karakter te wees. Gemeentes is in 'n bepaalde plek, tyd en konteks, en behoort in die lig van die *Missio Dei* 'n verskil te maak. *Missio Dei* verwys na die bestaansdoel van 'n gemeente. 'n Gemeente is daar om die evangelie en God se doel met die mens en wêreld uit te leef, of anders gestel, gemeentes is daar as die instrument waardeur die Koninkryk van God gestalte kry. Malan Nel (2015:89) onderstreep laasgenoemde as volg: "*Church means to be God's missional people in this world*". 'n Missionale gemeente is 'n gemeente wat voortdurend onderskei oor die vraag naamlik: "Waarmee is God in die wêreld besig en hoe kan die gemeente by God se werk aansluit?" Malan Nel (2015:89) stel dit as volg: "*Mission was not made for the church; the church was made for mission - God's mission*".

Kleingemeentes hoef nie te aspireer om eers groot te word om daardie verskil te maak nie. Kennon Callahan (2000) sê dat klein gemeentes nie hulle energie moet gebruik om groter te word nie, maar eerder om hulle sterk punte te ontwikkel. Callahan (2000:vii) sê verder: "*There has been a preoccupation with being bigger. To be bigger is to be bigger, not necessarily beter. The art is to advance the distinctive strengths and qualities of a small, strong congregation*". God wil in Sy sending kleingemeentes gebruik ongeag hulle grootte, bronne en fisiese voorkoms. Daar is spreekwoorde in die Afrikaanse spreektaal wat lui: "*Dinamiet kom in klein pakkies*", en "*staal het geen dikte nodig nie*". Die Skrif druk dit in Luk 17:6 so uit: "geloof soos 'n mostert saad ". Dit is 'n metafoor wat aandui dat alhoewel die mostert saadtjies baie klein is, ontkiem dit en word dit baie groot. Toegepas op die klein plattelandse gemeentes beteken dit dat gemeentes, alhoewel klein, 'n groot impak kan maak as hulle hul missionale identiteit herontdek en leef.

Die klein plattelandse gemeentes van die VGKSA Vrystaat/Lesotho beslaan die meerderheid van die gemeentes in die sinode. Die meeste van die gemeentes is in 'n oorlewings stryd en kan na verwys word as oorlewingskerke. Die gemeentes is meestal vakant of word bedien deur 'n tentmaker of konsulent.

Die kleingemeentes is in staat om ten spyte van haar grootte en tekort aan bronne, 'n missionale identiteit te ontwikkel. Om dit 'n werklikheid te maak is 'n diepe nadenke nodig rondom vrae:

Wie is ons? Waar is ons nou? Wat het ons? Wat sê die Woord? Wat verwag God van die gemeente in 'n spesifieke tyd, plek en konteks? Waarheen is die gemeente oppad? Malan Nel noem gemeentes wat aan die vroeë aandag gee identiteits gedrewe gemeentes (2015:89).

'n Paradigma skuif is nodig van 'n instandhoudings gemeente na 'n missionale gemeente. Andersgestel, 'n Paradigma skuif van 'n ekklesiologiese verstaan van kerk wees na 'n missionale ekklesiologiese verstaan van die kerk wees. Dit beteken dat die kerk ten volle bestaan vir die *Missio Dei*. Malan Nel beklemtoon dit as volg: “*It is not so much the case that God has a mission for the church in the world, as that God has a church for his mission in the world. Mission was not made for the church; the church was made for mission - God’s mission* (2015:89)”.

Om laasgenoemde skuif te laat gebeur word 'n nuwe soort leierskap benodig. Alan Hirsch onderstreep dit wanneer hy sê: “*If we really want a missional church, then we must have a missional leadership system to drive it* (2006:152)”. Kleingemeentes kan slegs ontwikkel as missionale gemeentes indien daar 'n wegbeweeg plaasvind van 'n klassieke leierskapstyl na 'n missionale leierskapstyl. Nelus Niemandt meen dat die huidige denke oor leierskap nie voldoende is om die kerk te help om missionaal te wees nie (2013:46)¹. Mike Harrison onderstreep die belangrikheid van missionale leierskap om missionale gemeentes te ontwikkel: “*Missional leadership is to serve this kind of church, and theological education shapes missional leaders who can serve this kind of church* (2017:343)²”.

Kleingemeentes moet hulle uniekheid herontdek. Callahan bevestig dit wanneer hy sê: “*Being a small, strong congregation is a way of thinking and planning, behaving and acting* (2000:vii)”.

¹ Nelus Niemandt.2013. Nuwe Leiers vir nuwe Werklikhede. Christelike Uitgewersmaatskappy.Vereeniging.

² Mike Harrison skryf 'n hoofstuk getiteld: “Missional Leadership and theological education”, in die boek: “Cultivating Missional Change (2017:338)”.

ABSTRAK (English)

I sincerely believe that God wants to reach the world through congregations. Congregations small or large are God's vehicles/instruments to reach a broken world. Therefore, congregations should be missional in their identity, culture, and character. Congregations are in a particular place, time, and context, and should make a difference considering the *Missio Dei*. A missional church is a church that constantly discerns the question: "What is God doing in the world and how can they participate where God is at work?".

Small congregations do not have to aspire to first become big to make that difference. God wants to use them regardless of their size, resources, and physical appearance. There are proverbs in the spoken language that read: *"Dynamite comes in small packages"*, and *"steel needs no thickness"*. Scripture expresses it this way in Luke 17:6: "faith as mustard seed". Mustard seeds are small, but if they germinate, they make a large tree. It is a metaphor indicating that although the mustard seeds are very small, they germinate and grow very large. Applied to the small rural congregations, this means that congregations, though small can make a big impact if they rediscover and live their missional identity.

The small rural congregations of the URCSA Free State/Lesotho comprise the majority of the congregations in the Synod. Most of the congregations are in a struggle for survival and may be referred to as survival churches. The congregations are mostly vacant or served by a tentmaker or a relieving minister.

The small congregation is able to make a difference despite her size and lack of resources. To make this a reality, a deep reflection is needed around questions: Who are we? Where are we now? What do we have? What does the Word say? What does God expect of us in a specific time, place, and context? Where is the congregation going? Malan Nel (2015:89) calls congregations that address these questions identity-driven congregations.

A paradigm shift is needed from a maintenance church to a missionally oriented church. In other words, a paradigm shift from an ecclesiological understanding of church to a missional ecclesiological understanding of the church. This means that the church exists for the *Missio Dei*. Malan Nel (2015:89) emphasizes this: "It is not so much the case that God has a mission for the church in the world, *as that God has a church for his mission in the world. Mission was not made for the church; the church was made for mission - God's mission*". Small

congregations can only develop as missional congregations if there is a move away from a classical leadership style towards a missional leadership style.

Small congregations need to rediscover their uniqueness. Dudley puts it this way: “*Small churches are in a class by themselves. To overlook that uniqueness is to misunderstand them*”. Indeed, Carroll says: “*Small churches are beautiful*”.

BEDANKINGS

Die proefskrif is onder verskriklike moeilike omstandighede geskryf, 'n tyd waartydens ons as gesin deur die trauma van die heengaan van my oudste seun, John Lee Llewellyn Pienaar, gegaan het. Sy heengaan het my lewe tot stilstand gebring. Dat ek die studies uiteindelik kon voltooi het beskou ek as 'n ongelooflike wonderwerk. Aan God al die Eer - Soli Deo Gloria. Ek dank God vir Sy genade onbeskryflik groot.

Ek gee met groot dankbaarheid erkenning aan my vrou, Elaine, wat my voortdurend aangemoedig het met die woorde: *“Ek ken jou nie as ‘n mens wat iets begin en dit nie klaar maak nie”*. Sy is die grootste inspirasie van my lewe. Sonder Elaine sou ek dit nooit gemaak het nie. Ek is ook oneindige dank verskuldig aan my dogters, Janine en Fidè, vir al hulle ondersteuning en aanmoediging. Ek is wat ek is as gevolg van die gesin waarin ek groot geword het, daarom wil ek erkenning gee aan my ouers, my broer en suster vir die waarde wat hulle tot my lewe toegevoeg het.

Ek was oneindig bevoorreg om leiding te kon kry van 'n besonderse bekwame studie leier, Prof. Kobus Schoeman. Die kombinasie van sy akademiese kennis en bedienings ervaring het hom die perfekte promotor gemaak. Hy weet wat dit beteken om voltyds in die bediening te wees en te studeer. Dankie Professor, dit was 'n ongelooflike verrykende reis saam met u.

Aan my mentor en mede-promotor, Professor Jurgens Hendriks, het ek gewoon nie genoeg woorde om dankie te sê nie. Alles wat ek is en weet in die praktyk en praktiese teologie het ek van hom geleer. Sy liefde vir die praktyk van gemeente bediening was my grootste dryfveer. Die blootstelling deur navorsingsreise deur Afrika het my lewe as predikant vir ewig verander. Die geleenthede om saam met hom 'n medewerker te kon wees aan die boeke: *Reformed Encounters with modernity* en *Studying Congregations in Africa*, was 'n voorreg. My passie vir Praktiese Teologie, gemeente studies is grootliks deur hom geïnspireer.

Dank en waardering aan Wyle Prof. Gerard Dekker (2000:33), 'n godsdiens sosioloog, wat my gehelp het om dieper na te dink veral oor die vraag: *“Hebben die kerken, in die vorm in onze sameleving nog toekomst”*, en watter impak sosiale veranderinge op die toekoms van die kerk het. Sy denke oor die godsdiens en samelewing het my 'n dieper verstaan oor die roeping van die kerk in wêreld laat kry. Ek eer sy nagedagtenis.

My dank en waardering gaan ook uit na die Verenigende Gereformeerde Gemeentes naamlik: Mariental, Steinkopf, Windhoek, Bloemfontein en ook die Nederduits Gereformeerde

Gemeente-Eros. My reis saam met die gemeentes het my verstaan van die praktyk van gemeentebediening verdiep en sonder die ervaring was dit onmoontlik om die insigte van die verhandeling neer te pen. My liefde vir die klein plattelandse gemeente het begin by die kleingemeente, Mariental, Namibië.

Sola Gratia.

“God must love small congregations, for He made so many of them. Programming in small congregations will improve when we believe that small can be beautiful”

-Jeffrey S. Atwater-

Opgedra aan my wyle seun, John-Lee Llewellyn Pienaar.

Hy het sy lewe tragies verloor terwyl hy ‘n student was aan die Universiteit van Vrystaat.

WOORDELYS: TERME EN AFKORTINGS

Geloofsonderskeiding: Geloofsonderskeiding ontwikkel waar mense leer luister deur vrae te vra soos: "Wat is God besig om te doen? en Wat wil God doen?"

Gemeente: Gesamentlike gelowiges van die Algemene Christelike Kerk met Christus as die Hoof.

Konsulent: Predikant wat tydens 'n vakature in 'n naburige gemeente o.a. die sakramente bedien en by kerkraadsvergaderinge as voorsitter optree.

Missio Dei Trinitatis: Dit verwys na die sending van God, vanuit 'n triniteits (drie-enig) perspektief, Vader, Seun en Heilige Gees.

Missio Dei: Dit is 'n latynse woord wat beteken *God se sending*. David Bocsh verduidelik dit: "*It is not the church that has a mission of salvation to fulfill in the world; it is the mission of the Son and the Spirit through the Father that includes the church* (1996:390)".

Missionaal: Die kerk se bestaan is na buite gerig en om grense oor te steek op 'n reis na God se belofde en voorkeur-toekoms. Die kerk bestaan terwille van die wêreld.

Missionale Diakonaat: Die kerk se werk om te dien. Dit behels barmhartigheid, geregtigheid, vrede en versoening. Die basis van die diakonaat is liefde en gemeenskap. 'n Missionale gemeente is op die wêreld gerig en geroep om verhoudings in 'n gebroke wêreld te herstel.

Missionêre Erediens: "Missionêre eredienste", kan beskryf word as eredienste wat gerig is op persone wat nie gewoonlik deelneem aan die eredienste van 'n gemeente nie.

Missionale Hermeneutiek: Dit is om die Bybel te lees op so 'n manier dat die missionale boodskap sentraal is. Dit beklemtoon hoe die Bybel God se kinders toerus en met energie vul om deel te neem aan God se sending. Dit respekteer die missionale gerigtheid van die Bybelse narratiewe en die geloofsgemeenskappe wat dit lees.

Missionale Kerk: Die kerk is geroep en leef as gestuurdes. Die kom navore in die manier waarop ons gevorm word deur saam te aanbid, mekaar onderling ondersteun, waarop ons die goeie nuus met ander mense deel, en die samelewing in liefde dien.

Missionale Kultuur: Die atmosfeer en manier van dinge doen in die kerk ondersteun 'n missionale benadering. Ons word gevorm deur die kennis, vaardighede, houdings en gewoontes in te oefen wat ons laat deelneem aan 'n kultuur wat uitreik na ander en 'n verskil in die gemeenskap maak.

Missionale Leierskap: Nelus Niemandt definieer dit as volg: “...is om saam met mense te ontdek waar God alreeds aan die werk is en om daarby aan te sluit en so deel te neem aan God se sending (2013:51)”.

Missionale liturgie: Missionale liturgie ondersteun ’n missionale spiritualiteit – ’n missionale liturgie moet daarom ’n liturgie wees wat mense help om die lewende, Drie-enige God in aanbidding te ontmoet. Dit moet ’n ruimte skep waar God die deelnemers en die deelnemers God ontmoet, maar spesifiek dan die sturende God en sy mense as gestuurdes.

Missionale Spiritualiteit: Missionale Spiritualiteit ’n geestelike bewussyn van God teenwoordigheid en ’n lewe in die Triniteit is. Dit stel ons bekend aan ’n God wat diep besorg is oor alle lewe. Dit is om in Christus te wees, en dan vanuit die lewe in Christus besig te wees met dit waarmee God besig is (*missio Dei*). Missionale spiritualiteit is dus die ingesteldheid om met ’n ander hart te kyk na die kerk en die wêreld waarbinne die kerk leef. Dit begin by die innerlike wêreld, dan vloei dit uit na die alledaagse leefwêreld

NGKSA: Nederduits Gereformeerde Kerk in Suider-Afrika

Plantatio Ecclesiae: Dit beskryf die proses van kerkplanting waar daar geen kerk is nie.

Ringe: Kerklike vergadering van verteenwoordigers van ’n aantal gemeentes uit ’n bepaalde omgewing.

Sinode: Algemene (soms hoogste) kerkvergadering waar gemeentes mekaar ontmoet in breër kerkverband waarby die samestelling wissel na gelang van die sisteem van kerkregering. Dit behandel sake van algemene kerklike belang, asook geskille tussen ringe.

Tentmaker: Dit is ’n geordende predikant wat deelyds ’n gemeente bedien en ’n sekulêre beroep voltyds beoefen. Die soort predikante bedien gemeentes wat finansieël nie in staat is om ’n voltydse predikant te kan aanstel nie.

VGKSA: Verenigende Gereformeerde Kerk in Suider-Afrika

INHOUDSOPGAWE

VERKLARING.....	i
ABSTRAK (Afrikaans)	ii
ABSTRAK (English).....	iv
BEDANKINGS.....	vi
WOORDELYS: TERME EN AFKORTINGS	ix
LYS VAN TABELLE.....	xviii
LYS VAN FIGURE	xx
HOOFSTUK 1 EMPIRIESE ONDERSOEK VAN KLEIN PLATELANDSE GEMEENTES	1
1.1 INLEIDING	1
1.2 PROBLEEMSTELLING EN AFBAKENING.....	3
1.3 FOKUS VAN DIE ONDERSOEK.....	5
1.4 DIE DOEL VAN DIE ONDERSOEK.....	6
1.5 AARD VAN DIE NAVORSING	6
1.6 HOOF NAVORSINGSVRAAG.....	10
1.7 SUB-NAVORSINGSVRAE.....	10
1.8 METODOLOGIE	11
1.9 VOORAFSTUDIE REEDS ONDERNEEM	12
1.10 WAARDE VAN DIE STUDIE VIR DIE VAKGEBIED.....	13
1.11 ETIESE ASPEK VAN DIE NAVORSING:.....	15
1.12 SLOT	15
HOOFSTUK 2 DIE TEOLOGIESE BEGRONDING VAN 'N MISSIONALE GEMEENTE	16
2.1 INLEIDING	16
2.2 BELYDENIS EN KERKWEES	18
2.3 BYBELSE METAFORE: DIE KERK.....	19
2.3.1 Volk van God.....	21
2.3.2 Liggaam van Christus	23
2.3.3 Berkhof (1985:418) en die verskeidenheid ledemate in die liggaam van Christus.....	26
2.3.4 Berkhof (1985:425) en die opbou van die liggaam van Christus	26
2.3.5 Gemeenskap van die Heiliges.....	27
2.3.6 Skepping van die Gees.....	27
2.3.7 Berkhof onderstreep ook ander metafore.....	30
2.3.8 Samevatting	31
2.3.9 Die missionale verstaan van die kerk.....	32
2.3.10 Missionaal.....	36

2.3.11	Missionaal: 'n Nuwe verstaan.....	37
2.3.12	Missionale uitdagings:	41
2.4	GEHOORSAAMHEIDS MOTIEF	41
2.5	DOKSOLOGIESE MOTIEF	42
2.6	ESKATOLOGIESE MOTIEF	42
2.7	HAAS “HASTE” MOTIEF	43
2.8	PERSOONLIKE MOTIEF	43
2.8.1	Patrone in 'n missionale kerk.....	44
2.8.1.1	<i>Patroon 1: Om die gestuurde roeping te onderskei.....</i>	44
2.8.1.2	<i>Patroon 2: Bybelse vorming en dissipelskap</i>	46
2.8.1.3	<i>Patroon 3: Om as 'n kontras gemeenskap risiko's te neem.....</i>	48
2.8.1.4	<i>Patroon 4: Praktjke wat God se bedoeling vir die wêreld demonstreer</i>	51
2.8.1.5	<i>Patroon 5: Aanbidding as openbare getuienis</i>	52
2.8.1.6	<i>Patroon 6: Afhanklikheid van die Heilige Gees.....</i>	54
2.8.1.7	<i>Patroon 8: Gestuurde gesag</i>	56
2.8.2	Gevolgtrekking	57
	HOOFSTUK 3 DIE KENMERKE VAN DIE KLEIN PLATTELANDSE GEMEENTE	59
3.1	INLEIDING	59
3.2	DEFINISIE: WAT IS N KLEIN GEMEENTE?.....	59
3.2.1	Die familie kerk	60
3.2.2	Die pastorale kerk	61
3.2.3	Die Program gemeente.....	61
3.2.4	Die Korporatiewe gemeente	62
3.2.5	Gevolgtrekking	63
3.3	TIPIESE DENKFOUTE	64
3.4	KENMERKE	68
3.5	UITDAGINGS VAN KLEINGEMEENTES.....	76
3.5.1	Beperkte finansiële bronne	77
3.5.2	Beperkte menslike hulpbronne	78
3.5.3	Gemeenstes is kleinerwordend	78
3.5.4	Swak selfbeeld	79
3.5.5	Hoë konflik	79
3.5.6	Transformasie	79
3.5.7	Tradisies.....	80
3.6	SAMEVATTING.....	81
	HOOFSTUK 4 ‘N EMPIRIESE OORSIG VAN KLEINGEMEENTES IN RINGSVERBAND	82
4.1	INLEIDING	82

4.2	GEMEENTE-ANALISE	83
4.3	KONTEKSTUELE ANALISE (EKOLOGIE)VAN DIE KLEIN PLATTELANDSE GEMEENTES.....	85
4.3.1	Agtergrond.....	86
4.4	METODOLOGIE	88
4.5	RINGE EN KLEINGEMEENTES	89
4.5.1	Ring van Witsieshoek	89
4.5.2	Analitiese raamwerk	90
4.5.2.1	<i>Eksterne interaksie</i>	90
4.5.2.2	<i>Interne lewe</i>	91
4.5.3	Ring van Bethlehem.....	91
4.5.4	Analitiese raamwerk	92
4.5.4.1	<i>Eksterne interaksie</i>	92
4.5.4.2	<i>Interne lewe</i>	93
4.5.5	Ring van Thabong.....	94
4.5.5.1	<i>Eksterne Interaksie</i>	95
4.5.5.2	<i>Interne lewe</i>	96
4.5.6	Ring van Kroonstad	97
4.5.6.1	<i>Eksterne interaksie</i>	98
4.5.6.2	<i>Interne lewe</i>	99
4.5.7	Ring van Bethulie	99
4.5.7.1	<i>Eksterne Interaksie</i>	100
4.5.7.2	<i>Interne lewe</i>	101
4.5.8	Ring van Bothsabelo	102
4.5.8.1	<i>Eksterne interaksie</i>	103
4.5.8.2	<i>Interne lewe</i>	104
4.5.9	Ring van Bloemfontein.....	105
4.5.9.1	<i>Eksterne Interaksie</i>	106
4.5.9.2	<i>Interne lewe</i>	107
4.5.10	Ring van Vrede	108
4.5.10.1	<i>Eksterne interaksie</i>	108
4.5.10.2	<i>Interne lewe</i>	109
4.5.11	Ring van Winburg.....	110
4.5.11.1	<i>Eksterne Interaksie</i>	111
4.5.11.2	<i>Interne lewe</i>	112
4.5.12	Ring van Heilbron.....	113
4.5.12.1	<i>Eksterne interaksie</i>	113

4.5.12.2	<i>Interne lewe</i>	115
4.5.13	Ring van Wesselsbron	116
4.5.13.1	<i>Eksterne interaksie</i>	116
4.5.13.2	<i>Interne lewe</i>	117
4.6	BEVINDINGE.....	118
4.7	GEVOLGTREKKING.....	120
4.8	MISSIONALE LEIERSKAP.....	122
4.9	SLOT	126
HOOFSTUK 5 DIE KLEIN PLATTELANDSE GEMEENTES: ‘N KWANTITATIEWE LENS ...		127
5.1	INLEIDING	127
5.2	METODOLOGIE	128
5.3	KWANTITATIEWE NAVORSING	129
5.3.1	<i>Interne lewe</i>	129
5.3.1.1	<i>Eredienste (Tabelle V39-V45, V82)</i>	129
5.3.1.2	<i>Finansies van die gemeente</i>	136
5.3.1.3	<i>Funksionering van die gemeente (V209-V219)</i>	138
5.3.1.4	<i>Doelwitte van gemeentes</i>	139
5.3.1.5	<i>Kleingroepe en ander bedienings(V238-V241)</i>	146
5.3.2	Samevatting	149
5.3.3	<i>Eksterne interaksie</i>	150
5.3.3.1	<i>Betrokkenheid by die gemeenskap</i>	150
5.3.4	Maatskaplike kwesies (V243, V248-V250,V261, V262-V278).....	152
5.3.5	Samevating.....	158
5.4	KONKLUSIE.....	158
5.4.1	<i>Interne lewe</i>	158
5.4.2	<i>Eksterne interaksie</i>	160
5.5	BEVINDINGE.....	160
5.6	SLOT	161
HOOFSTUK 6 ‘N EMPIRIESE ANALISE VAN DIE KLEIN PLATELANDSE GEMEENTES ...		163
6.1	INLEIDING	163
6.2	METODOLOGIE	163
6.2.1	Fokusgroep navorsingsvrae	164
6.2.2	Analise van fokusgroep onderhoud data.....	165
6.3	‘N KWALITATIEWE ANALISE VAN DIE VYF GEMEENTES	166
6.3.1	Calvary-Gemeente (Botshabelo).....	166
6.3.1.1	<i>Demografie van Botshabelo</i>	166
6.3.1.2	<i>Agtergrond van die gemeente</i>	166

6.3.1.3	<i>Biografiese besonderhede van die fokusgroep</i>	167
6.4	FOKUSGROEP ONDERHOUD	167
6.4.1	Interne lewe.....	167
6.4.1.1	<i>Doel van die gemeente</i>	167
6.4.1.2	<i>Finansies</i>	168
6.4.1.3	<i>Rol van die leierskap</i>	169
6.4.2	Eksterne interaksie	169
6.4.2.1	<i>Betrokkenheid in die gemeenskap</i>	169
6.5	SAMEVATTING.....	170
6.5.1	Koffiefontein-gemeente	170
6.5.1.1	<i>Demografie van Botshabelo</i>	170
6.5.1.2	<i>Agtergrond van die gemeente</i>	170
6.5.2	Vrede (Reitz).....	172
6.5.3	Welkom (Bronville).....	174
6.5.4	Kroonstad (Seisoville)	176
6.6	ANALISE VAN FOKUSGROEP DATA	178
6.7	DOEL VAN DIE GEMEENTE	179
6.8	ANALISE VAN DATA.....	182
6.8.1	Prediking (Kerugma)	183
6.8.2	Diens van aanbidding (Leitourgia)	183
6.8.3	Getuie wees (Marturia)	184
6.8.4	Pastorale sorg (Paraklesis).....	184
6.8.5	Barmhartigheid (Diakonia).....	185
6.8.6	Gemeenskap van gelowiges (Koinonia)	186
6.8.7	Onderrig (Didache)	186
6.8.8	Bestuur en administrasie (Kubernesis)	186
6.9	GEVOLGTREKKING.....	187
6.10	GEMEENTE SE ROL IN DIE GEMEENSAP.....	187
6.10.1	Betrokkenheid by die gemeenskap	189
6.10.2	Maatskaplike kwesies (v243 –v248 v250-v261 v262-v278)	190
6.10.3	Rasisme.....	191
6.10.4	Seksisme (Tabel 92).....	191
6.10.5	Gesinskrisse (Tabel 93).....	192
6.10.6	Misdaad en korrupsie (Tabel 94)	192
6.10.7	MIV/Vigs (Tabel 95)	193
6.10.8	Geweld (Tabel 90)	193
6.10.9	Armoede en werkloosheid (Tabel 97).....	194

6.11	SAMEVATTING.....	195
6.12	FINANSIEËLE TOESTAND VAN DIE GEMEENTES	196
6.12.1	Gemeente finansies as ‘n hulpbron.....	196
6.13	KERK AS RENTMEESTER.....	196
6.14	GEMEENTE FINANSIEËLE KULTUUR	198
6.15	ANALISE VAN DATA.....	199
6.16	SAMEVATTING.....	201
6.17	DIE ROL VAN LEIERSKAP IN DIE GEMEENTE	201
6.18	ANALISERING VAN DATA.....	204
6.18.1	Gebrek aan missionale leierskap (Tabel 66).....	205
6.18.2	Gebrek aan visie (Tabel 67).....	205
6.19	SAMEVATTING.....	206
6.20	KONKLUSIE.....	208
6.20.1	Die doel van ‘n gemeente	209
6.20.2	Die rol van die gemeente in die gemeenskap.....	209
6.20.3	Die toestand van die gemeente se finansies.....	209
6.20.4	Die rol van die leierskap in die gemeente.....	210
	HOOFSTUK 7 DIE MISSIONALE ONTWIKKELING VAN KLEIN PLATTELANDSE GEMEENTES: ENKELE GEVOLGTREKKINGS	212
7.1	INLEIDING	212
7.1	DOEL VAN DIE NAVORSING	212
7.2	METODOLOGIE VAN DIE NAVORSING.....	213
7.3	KENMERKE VAN ‘N MISSIONALE GEMEENTE.....	213
7.4	KENMERKE VAN DIE KLEIN PLATTELANDSE GEMEENTES.....	214
7.5	EMPIRIESE ANALISE VAN GEMEENTES	214
7.5.1	Die doel van ‘n gemeente	215
7.5.2	Die rol van die gemeente in die gemeenskap.....	216
7.5.3	Die toestand van die gemeente se finansies.....	216
7.5.4	Die rol van die leierskap in die gemeente.....	216
7.6	BEVINDINGE.....	217
7.6.1	Kwantitatief	218
7.6.2	Kwalitatief	218
7.7	MISSIONALE LEIERSKAP.....	218
7.8	DISSIPELSKAP EN LEIERSKAP	219
7.9	AANBEVELINGS.....	220
7.10	KONKLUSIE.....	220
7.11	BEPERKINGE VAN DIE NAVORSING.....	221

7.12 ASPEKTE VIR VERDERE NAVORSING	222
BIBLIOGRAFIE.....	224
ADDENDUMS	232
ADDENDUM 1: GEMEENTE VRAELYS	232
ADDENDUM 2: QUESTIONNAIRE FOR CONGREGATIONS	210
ADDENDUM 3: LENANE LA DIPOTSO BAKENG SA PHUTHEHO: 2011	229
ADDENDUM 4: VGK-REITZ.....	251
ADDENDUM 5: VGK-BRONVILLE, WELKOM.....	265
ADDENDUM 6: VGK-CALVARY	300
ADDENDUM 7: VGK-KOFFIEFONTEIN	323
ADDENDUM 8: VGK-SEISOVILLE, KROONSTAD.....	354
ADDENDUM 9: VGK-TOKOLOHO	366
ADDENDUM 10: THE UNITING REFORMED CHURCH MARIENTAL: ITS PLIGHT AND ROLE IN A RURAL SOCIETY -ZACK C. PIENAAR.....	379

LYS VAN TABELLE

Tabel 4.1: Ring van Witsieshoek statistiek.....	89
Tabel 4.2: Ring van Bethlehem statistiek	92
Tabel 4.3: Ring van Thabong statistiek	95
Tabel 4.4: Ring van Kroonstad statistiek	97
Tabel 4.5: Ring van Bethulie statistiek	100
Tabel 4.6: Ring van Botshabelo statistiek.....	102
Tabel 4.7: Ring van Bloemfontein statistiek.....	106
Tabel 4.8: Ring van Vrede statistiek.....	108
Tabel 4.9: Ring van Winburg statistiek	110
Tabel 4.10: Ring van Heilbron statistiek	113
Tabel 4.11: Ring van Wesselsbron statistiek	116
Tabel 4.12: Classic leadership compared to missional followship	125
Tabel 5.1: Hoeveel eredienste word gewoonlik elke Sondag in die gemeente gehou?	129
Tabel 5.2: Indien ja, wie lei gewoonlik die eredienste?	130
Tabel 5.3: Afsonderlike eredienste vir kinders (V46).....	130
Tabel 5.4: Liedbundels. Watter liederebundels gebruik u tydens die eredienste?	131
Tabel 5.5: Begeleiersgroep. Het u gemeente 'n begeleiersgroep/orkes wat met die sangbegeleiding behulpsaam is? (V72)	132
Tabel 5.6: Begeleiding. Wat is die primêre vorm van begeleiding tydens die volgende eredienste?. 132	
Tabel 5.7: Nagmaal. Hoeveel maal het u gedurende 2010 die Nagmaal gevier? (V77).....	133
Tabel 5.8: Liturgiese drag. Maak die liturg in u gemeente van liturgiese drag gebruik?.....	133
Tabel 5.9: Riglyne vir die erediens. Gebruik u die volgende as riglyn vir die inrigting van die erediens en prediking?.....	134
Tabel 5.10: Watter besondere groei of ontwikkeling het u die afgelope tyd in die eredienste ervaar? (V82).....	134
Tabel 5.11: Het die gemeente 'n goedgekeurde begroting (V126).....	136
Tabel 5.12: Wat hieronder beskryf die gemeente se finansiële posisie die beste? (V127)	137
Tabel 5.13: Watter van die volgende omskrywings sal u kerkraad die beste beskryf?)	138
Tabel 5.14: Hoe funksioneer die gemeente in terme van uitreik? Merk die punt op die skaal wat die naaste aan die stelling is waarmee u saamstem (V211)	139
Tabel 5.15: Gemeentelike doelwitte. Wat is die 4 belangrikste gemeentelike doelwitte/stellings waarop die kerkraad ooreengekom het? (V213)	139
Tabel 5.16: Gemeente rigting. Hoe sou u gemeente se huidige rigting tipeer? (V214).....	140
Tabel 5.17: Gemeente rigting. Gee 'n rede vir u antwoord (V215).....	140

Tabel 5.18: Wat het die afgelope jaar in die gemeenskap/omgewing gebeur of verander? (Bv.: Was daar demografiese veranderinge, natuurverskynsels (droogte, vloede, rampe), in- of uitvloei van besighede, e.s.m.?) (V216)	141
Tabel 5.19: Na wie stuur die Here die gemeente? (Mense wat tans nog nie deel van die gemeente vorm nie. Bv.: Noodlydendes, enkelouers, vroue, gevangenes.) (V217).....	142
Tabel 5.20: ie is die voorsitter van die kerkraad? (V219).....	144
Tabel 5.21: Die gebruik van tegnologie in die gemeente.....	144
Tabel 5.22: Kleingroepbediening: Hoe funksioneer die wyke? (V239)	146
Tabel 5.23: Is daar 'n georganiseerde kleingroepbediening in u gemeente (V240).....	146
Tabel 5.24: Kleingroepbediening: Model. Indien ja, gee kortliks 'n beskrywing van die model wat u gebruik? (V241)	147
Tabel 5.25: Watter van die volgende beskryf die gebedsbediening in die gemeente die beste? (Merk almal wat van toepassing is)?.....	147
Tabel 5.26: Tabel 85: Evangelisasiebediening. Het u gemeente 'n georganiseerde evangelisasiebediening? (V248)	148
Tabel 5.27: Onderneem u gemeente gemeenskapsontwikkelingsprojekte? (V250)	150
Tabel 5.28: Betrokkenheid in die gemeenskap (V249-V254)	150
Tabel 5.29: Wie neem vir die projekte verantwoordelik?	151
Tabel 5.30: Geweld ... Indien so, gee kort beskrywing van die aksies wat die gemeente loads. (V262)	152
Tabel 5.31: Rassisme... Indien so, gee 'n kort beskrywing van die aksies wat die gemeente loads. (V263).....	153
Tabel 5.32: Seksisme... Indien so, gee 'n kort beskrywing van die aksies wat die gemeente loads. (V265).....	154
Tabel 5.33: Gesinskrisise... Indien so, gee 'n kort beskrywing van die aksies wat die gemeente loads. (V267).....	155
Tabel 5.34: Misdaad en korrupsie... Indien so, gee 'n kort beskrywing van die aksies wat die gemeente loads (V269)	156
Tabel 5.36: MIV/Vigs... Indien so, gee 'n kort beskrywing van die aksies wat die gemeente loads (V271).....	156
Tabel 5.37: Armoede... Indien so, gee 'n kort beskrywing van die aksies wat die gemeente lood (V277)	157

LYS VAN FIGURE

Figuur 1.1: 'Magic circle' van navorsing.....	14
Figuur 3.1: Kerk grootte kategorieë.....	60
Figuur 4.1: Kerk ekologie	86
Figuur 4.2: Predikantskorps	87
Figuur 6.1: Kodeering katogorieë	165
Figuur 6.2: Kodeering kategorieë	178
Figuur 6.3: Klein Gemeentes	208

HOOFSTUK 1

EMPIRIESE ONDERSOEK VAN KLEIN PLATELANDSE GEMEENTES

1.1 INLEIDING

Die verskynsel van kleingemeentes word oral in die wêreld aangetref. Alice Mann (2010:5)³ bevestig laasgenoemde: *"According to the FACT Study (2005), 53 percent of "oldline Protestant" and 47 percent of "other Protestant" congregations reported an average of 100 or fewer "weekly worshipers."* Die Nederduits Gereformeerde Kerk in Namibië het 47 gemeentes waarvan 27 gemeentes kleingemeentes en ook plattelands is met lidmaatgetalle van gemeentes wat wissel van 30 tot 227. Dit beteken 57.45% is kleingemeentes (NGK Jaarboek, 2023:204).

In die VGKSA⁴ is die situasie dieselfde in die sin dat kleingemeentes meer in getal is as die grootgemeentes. Kort na my opleiding ontvang ek 'n beroep na die VGK-Mariental, Namibië. Ek was ten tye van die beroep nie bewus dat dit 'n kleingemeente was nie. As student was die ideaal om 'n groot stadsgemeente te bedien, en onderliggend aan die ideaal was die begrip dat 'n groot gemeente 'n ware gemeente is. Mariental gemeente was alles behalwe waarvoor ek en enige student sou wou bedien het. Die gemeente was klein, plattelands en sukkelend. Die gemeente was omring deur ander klein gemeentes. Sonder dat ek geweet het, was Mariental gemeente die begin van my reis met kleingemeentes. Die omliggende gemeentes was nog kleiner as Mariental gemeente en sien as volg daaruit⁵: Gochas 120 lidmate, Aranos 50 lidmate, Karasburg 150 lidmate, Luderitzbaai 100, Keetmanshoop 250 lidmate. Die gemeentes was oor die algemeen in armoede gedompel en het uiters beperkte materiële en menslike hulpbronne gehad. Een van die faktore wat 'n rol gespeel het in die situasies van gemeentes was verstedeliking wat meegebring het dat veral jonger mense na die groter dorpe en stede verhuis het in hul soeke na werk of beter werksgeleenthede.

Die gemeentes se ekonomiese omstandighede was so swak dat hulle nie in staat was om voltydse predikante of selfs tentmaker predikante kon aanstel nie en was vir baie jare deur konsulente bedien. Slegs Mariental gemeente was in staat om vir korter periodes predikante

³ Alice Mann: Sy was vir meer as twee dekades 'n senior konsultant van die Albin Institute en as konsultant het sy veral gefokus op die sukkelende gemeentes en die herontwikkeling van gemeentes.

⁴ Die Jaarboek 2003 is onvolledig en dui nie getalle aan by gemeentes nie, sleg 'n paar gemeentes se statistiese gegewens word deurgegee wat onvoldoende is. Die navorser ken nie gemeentes en het 'n goeie idee van die statistiek.

⁵ VGK Jaarboek 2003

aan te stel, maar as gevolg van hulle omstandighede moes hulle ook 'n tentmaker aanstel. Die suide van die land, Namibië waarin al die gemeentes geleë is, is 'n kleingemeente wêreld en met skok het ek kennis gemaak met die gemeentes (VGKSA Jaarboek,⁶ 2003:82).

Wat ek van die begin af opgelet het, was dat die gemeentes baie tradisioneel in hulle benadering tot gemeentebediening was. Hul bedieningsmodel kan beskryf word as die verkondigings model.⁷ Die gemeentes was almal vasgevalde gemeentes en het net probeer oorleef. Die gemeentes se fokus was deurentyd gerig op fondsinsameling as 'n poging om hul finansiële verpligtinge te kon nakom. Dit opsigself het veroorsaak dat gemeentes 'n na binne gerigte fokus gehad het, want alles het gegaan oor oorlewing. Intussen moes ek leer dat kleingemeentes uniek is en dat ek hulle nie kan bedien deur die lens van groot en makrogemeentes nie. Die duplisering van die suksesvolle programme van grootgemeentes sou nooit die oplossing wees vir die unieke uitdagings en problematiek van die kleingemeentes nie, en hierin het die boek van Jackson Carroll: *"Small Churches are Beautiful"*, my gehelp. Carroll redeneer dat kleingemeentes effektief kan wees ongeag hulle grootte.

My intense reis deur die wêreld van kleingemeentes in die suide van Namibië het my belangstelling geprikkel en dit het my gemotiveer om die verskynsel van kleingemeentes te bestudeer om sodoende 'n bydrae te maak. My belangstelling was verder gestimuleer deur my persoonlike ervaring met die missionale ontwikkeling wat plaasgevind het in die plaaslike gemeente van Mariental. Die missionale ontwaking van Mariental⁸ gemeente het begin met 'n kerkraadskamp waartydens die leiers oor die gemeente gaan praat het en veral besin het oor die vraag: "wat is God se wil vir die gemeente; wat wil God deur die gemeente binne haar bepaalde konteks bereik?" Die resultaat van die kamp was dat die leiers geloofsonderskeidende gesprekke met die gemeente gehad het rondom dieselfde vrae en dit het die gemeente se perspektiewe op haarself en haar roeping na die wêreld verander (missionale ekklesiologie).

Tydens my bedieningsjare in die VGK-Heatherdale, Bloemfontein, het ek my weer bevind in 'n omgewing met soveel kleingemeentes met om en by presies dieselfde uitdagings as die van Namibië. Wat my opgeval het, is dat soos in Namibië, het die uitdagings van die kleingemeentes in die Vrystaat/Lesotho soos 'n bese sirkel jaar na jaar herhaal. Kleingemeentes

⁶ Let wel: 2009 Jaarboek is die laaste uitgawe.

⁷ Verkondigings model beskryf Hendriks as 'n bedienings model waar die bediening af hang en gedoen word deur die Predikant, bygestaan deur die ouderlinge en diakens. Die meerderheid lidmate is passief en 'n absolute meerderheid passief (1992:19).

⁸ Lees Addendum 10: "Case study of the URC-Mariental".

se selfbeeld was ingekleur daarmee dat hulle net anders kan wees as hulle in getalle groei en finansieël gesond is.

Al die ervarings het my gemotiveer om die studie op te neem onder die tema: “Die missionale ontwikkeling van klein plattelandse gemeentes: ‘n Empiriese ondersoek na die VGKSA Vrystaat/Lesotho”. Die navorsing wil die vraag antwoord: “Hoe lyk die missionale ontwikkeling van klein plattelandse gemeentes?”

1.2 PROBLEEMSTELLING EN AFBAKENING

‘n Gemeente word gewoonlik georganiseer rondom die werksvermoë van die predikant. Die leraar lei eredienste, gee katekisasie en lewer pastorale sorg. Daarom ontvang hy akademiese opleiding, ‘n opleiding wat voortdurend aangepas word om die eise van ‘n veranderende wêreld aan te spreek. Tradisioneel gesien kan ‘n gemeente wat dus nie ‘n leraar kan beroep nie, nie effektief funksioneer nie. Daarom is (klein) gemeentes wat volgens die siening nie ‘n leraar het nie, problematies.

Volgens die laaste statistiese gegewens, soos vervat in die VGKSA Jaarboek⁹ (2009), het die Vrystaat Sinode 96 gemeentes. Die Sinode is ingedeel in 11 Ringe, naamlik: Bethulie, Betlehem, Bloemfontein, Botshabelo, Heilbron, Kroonstad, Thabong, Vrede, Wesselsbron, Winburg, en Witsieshoek. Genoemde Ringe is soms in ‘n situasie waar die hele Ring net een voltydse leraar het of geen voltydse leraar(s) het nie, slegs tentmakers en in die afwesigheid van tentmaker predikante, funksioneer die gemeentes net met konsulente¹⁰. Slegs 29 uit 96 VGK gemeentes in Vrystaat kan self hulle leraars se traktement betaal. Die gevolg is dat die kleingemeentes dan van tentmaker leraars of konsulente moet gebruik maak.

Die situasie rakende gemeentes en predikante is as volg: Die VGKSA Vrystaat/Lesotho het 96 gemeentes in totaal, waarvan 57 gemeentes vakant is. Slegs 39 gemeentes het predikante waarvan 18 voltyds in diens is en 21 in tentmaker bediening is. Dit is belangrik om te weet dat

⁹ Die navorser het navrae gedoen oor ‘n nuwe weergawe van die Jaarboek maar die nuutste was die 2009 Jaarboek. Die navorser het die aktuaris van die Streek sinode gebel, Ds. Langa Fokase wat ook nie nuwe inligting kon verskaf nie en my verwys na Ds. Gavern Cloete, Scriba Synodi, wat bevestig het dat die gegewens nog dieselfde is as die van die Jaarboek 2009 en soos dit in die hoofstuk weergegee is. Die navrae was gedoen 10 Junie 2020. Ds. Gavern Cloete se antwoord kan geverifieer word met die agenda van die 17 de Sinodale vergadering van die streeksinode Vrystaat/ Lesotho, soos gehou 2-8 Oktober 2017 (2017:35-39).

¹⁰ Konsulente is leraars wat in diens staan van hulle eie gemeentes en aangestel is deur die Ring om verantwoordelikheid te neem van vakante gemeentes. Konsulente besoek gemeentes een keer per kwartaal en tree op as die voorsitter van die Kerkrade se vergaderings en bedien die sakramente.

die tentmaker predikante, alhoewel hulle deelyds is, ook nog 'n konsulent is van 'n ander vakante gemeente.

Dit is onbekend presies hoeveel lidmate in die Sinode van die Vrystaat is. Daar kan naasteby **27 000** lidmate wees. Tydens die eenwordingsproses van die Nederduits Gereformeerde Sending Kerk (NGSK) en die Nederduits Gereformeerde Kerk in Afrika (NGKA) in 1994, het die doop-en lidmaatregisters verlore geraak. Die verlies aan genoemde registers het veroorsaak dat gegewens van sekere gemeentes nie akkuraat was nie. Die gegewens in die Jaarboek was ook nie volledig nie. Die oorhoofse prentjie is egter duidelik. Die meeste van die gemeentes funksioneer met tentmakers of konsulente. Daar is nie genoegsame voltydse predikante in die gemeentes nie, as gevolg van die feit dat veral die klein plattelandse gemeentes nie finansieël in staat is om voltydse predikante te kan aanstel nie.

Die tentmakers is almal in voltydse sekulêre posisies wat beteken dat hulle gedurende die week met hul dagwerk besig is en in die meeste gevalle werk hulle in ander dorpe en stede weg van die gemeentes wat hulle bedien. Die gevolg is dat hulle net naweke aan die gemeentewerk kan aandag gee met die gevolg dat hulle nie tyd en energie het om genoegsaam aan die werksaamhede van die gemeente aandag te gee nie. Die tentmaker-leraars het net Saterdag en Sondagoggende om aandag te gee aan die bediening, want daarna moet hulle weer reis na die dorpe en stede waar hulle deur die week werksaam is. Die verdere gevolg is dat hulle in terme van die gemeente bediening vir die grootste deel net die status quo kan handhaaf deur die bestaande sisteem in stand te hou.

Die meeste van die gemeentes funksioneer volgens die herder-kudde ¹¹model wat beteken as die leraar nie teenwoordig is nie, gebeur daar nie veel nie. Die effektiwiteit van die gemeente wentel om die aanwesigheid van 'n leraar. Die ouderling en diakens se hoogste taak is om die bediening in stand te hou met verslaggewing aan die tentmaker-leraar of konsulent.

My blootstelling aan klein plattelandse gemeentes sonder 'n leraar het my gehelp om hulle uitdagings beter te verstaan. Hieronder is 'n lys wat ek oor tyd gemaak het:

- Onvoldoende Bybelkennis en hermeneutiese vaardighede;
- Onvoldoende pastorale vaardighede – veral in moeilike krisis-situasies;
- Onvoldoende missionêre kerkbegrip en eskatologie;
- Onvoldoende missionale leierskap¹²-en beplanningsvaardighede;

¹¹ Hendriks, HJ. 1992. Strategiese Beplanning in die Gemeente.

¹² Niemandt, N. 2019:72. Missional Leadership.

- Onvoldoende gerigtheid op die probleme in die wêreld;
- Interne destruktiewe konflik omdat die interne probleme nie op 'n verantwoordelike wyse gefasiliteer word nie;
- Endemiese armoede en HIV-Vigs en al die negatiewe gevolge van werkloosheid;
- Ontvolking weens die migrasie van begaafde lidmate na die stede;
- Verlies van lidmate na nuwe klein charismatiese kerke wat in groot getalle in plattelandse dorpe ontstaan en ook as gevolg van verstedeliking;
- Die konstante krimping van die finansies.

1.3 FOKUS VAN DIE ONDERSOEK

Die navorsing was beperk tot die VGKSA gemeentes van die Streeksinode Vrystaat/Lesotho, Suid Afrika. Verder was die ondersoek afgebaken tot klein plattelandse gemeentes wat geen eie leraar het nie. Die gemeentes is klein, plattelands, vakant en met 'n lidmaattal van 500 en minder. Alice Mann, in die Congregational Resource Guide meen dat 'n gemeente as klein beskryf kan word volgens (2010:5):

1. Die gemiddelde getal erediens bywoners per naweek, of
2. Die getal van volwassenes wat gereeld deelneem aan die gemeente aktiwiteite, of
3. Die getal lede wat in die lidmaat registers opgeteken is; of
4. Die getal lede (huisgesinne) wat dankoffers gee.

Mann dui verder aan dat na aanleiding van die FACT Study (2005) dat gemeentes as klein beskou word indien hulle 100 of minder mense is wat oor naweke aanbid.

Die navorsing werk met die definisie dat 'n gemeente in die VGKSA as klein beskou word wanneer:

- a) die lidmaattal wissel tussen 100-500 is, en
- b) die gemeente 'n gebrek het aan fisiese en menslike hulpbronne.

Die ondersoek was gevolglik gedoen onder die 50 klein vakante plattelandse gemeentes in die V.G.K Streek Sinode, Vrystaat/Lesotho. Die kwantitatiewe navorsing (vraelyste) was gedoen onder alle gemeentes, maar slegs vyf gemeentes was as steekproef gebruik vir die kwalitatiewe navorsing.

Die realiteit is dat die klein plattelandse gemeentes verarm, en kleiner wordend is en ook geestelik agteruitgaan. Die navorsing wou nagaan hoe die missionale ontwikkeling van klein plattelandse gemeentes daar uitsien.

1.4 DIE DOEL VAN DIE ONDERSOEK

- a) Om die probleme van klein gemeentes empiries na te gaan en te kwantifiseer.
- b) Om te kyk na die missionale ontwikkeling van die gemeentes.

1.5 AARD VAN DIE NAVORSING

Die navorsing is Praktiese Teologies van aard. Die navorser werk met die aanname dat Praktiese Teologie empiries in haar wese is. Gerben Heitink (1999:6) definieer praktiese teologie as volg: *“the empirically oriented theological theory of the mediation of the Christian faith in the praxis of modern society”*. Dingemans (1996:13) beskryf Praktiese Teologie met die woorde: *“de term praktische teologie staat niet in tegenstelling tot theoretische teologie, maar is bedoeld om aan te duiden, dat het over de theologische bezinning op de praktijk gaat”*. Ray Anderson (2001:23), in sy boek, *The Shape of Practical Theology*, beskryf Praktiese Teologie in die volgende woorde: *“The discipline of practical theology extends systematic theology into the life and praxis of the Christian community. While it includes cognitive reflection on truth as doctrine, practical theology takes into account the truth of experience”*. Die bogenoemde skrywers het in gemeen dat Praktiese Teologie te doen het met die praktyk van gemeentes binne die konteks van die samelewing waarin die gemeentes hulle bevind.

Die navorser ondersoek die huidige toestand van die klein plattelandse gemeentes deur vraelyste, informele ongestruktureerde onderhoude met die voorsitters van die Ringe en fokusgroep onderhoude met konsulente en kerkraadslede. Die resultate sal aandui wat die situasie in die klein plattelandse gemeentes is.

Die navorsing skaar dit self by die verstaan van Praktiese Teologie soos uiteengesit deur Richard Osmer (2008:4), in sy boek, *Practical Theology, an Introduction*. Die teoretiese raamwerk van Osmer is ‘n sinvolle manier om die hoof navorsingsvraag te kan beantwoord. Osmer verduidelik dat Praktiese Teologie met vier vrae werk wat elkeen onderskeidelik ‘n bepaalde taak het. Volgens Osmer sal die vrae (2008:4) ons begelei in die interpretasie en reaksie op situasies. Die vrae is as volg:

1. Wat is aan die gebeur?
2. Hoekom gebeur dit?
3. Wat is veronderstel om te gebeur?
4. Hoe moet ons reageer?

Die eerste vraag: Wat is aan die gebeur, verwys na die beskrywende-empiriese taak van Praktiese Teologie. Osmer (2008:33) beskryf die kern waarom die vraag gaan, as volg: “*It has to do with the quality of attentiveness congregational leaders give to people and events in their everyday lives*”. Die taak kan net tot sy reg kom indien die navorser tydens die navorsing teenwoordig is deur waarneming en goed te luister na die verhale en episodes van die mense binne hulle bepaalde kontekste en situasies. Dit sluit in die analisering en interpretasie van die episodes, situasies en kontekste van gemeentes. Dié taak antwoord die vraag: “Wat is aan die gebeur?” Belangrik van die interpretasie van die episodes, situasies en kontekste van gemeentes, is om aandag te skenk aan wat aan die gang is en dit word gedoen volgens Osmer (2008:31) deur die dissipline van: “*priesterlike luister*”.

Dié vraag en taak van praktiese teologie hou verband veral met die sub-navorsings vrae 2 en 4 naamlik: “Wat is die kenmerke van die klein plattelandse gemeentes in die VGKSA Vrystaat/Lesotho; en wat leer ons uit die empiriese analise van klein plattelandse gemeentes van die VGKSA Vrystaat/Lesotho?”.

Die navorsing wil net beskryf wat aan die gang is in klein gemeentes en pas die dissipline van: “*priesterlike luister*”, toe deur die fokusgroep en ongestruktureerde onderhoude. Die resultate van laasgenoemde behoort duidelik aan te toon wat aan die gang is in die klein plattelandse gemeentes van die V.G. Kerk in die Sinode van Vrystaat/Lesotho.

Die tweede vraag van Praktiese Teologie is: Waarom gebeur dit, hoekom is die situasie soos dit is. Die eerste vraag help die navorsing om ‘n profiel te skets van die situasies van klein plattelandse gemeentes. Die tweede vraag is die interpreterende taak van praktiese teologie waartydens analyses gemaak word van die verhale, episodes en gebeure. Dit is belangrik om te weet waarom gebeur wat gebeur. Om die interpreterende taak tot sy reg te laat kom, verduidelik Osmer dat dit nodig is om gebruik te maak van ander teorieë. Die tweede taak is die proses wat probeer sin maak van wat aan die gang is. Tydens die proses word gebruik gemaak van ‘n verskeidenheid teorieë: “*Drawing on theories of the arts and sciences to better understand and explain why these patterns and dynamics are occurring*” (Osmer, 2008:4). Om in so ‘n proses sin en betekenis te maak van wat aan die gang is, is wat Osmer noem die spiritualiteit van

Wysheid, nodig (Osmer, 2008:81). Ammerman, Carroll, Dudley en McKinney (1998:40-132) in hulle boek, *Studying Congregations*, verduidelik dat gemeentes goed verstaan kan word as na gemeentes deur die volgende vyf lense gekyk word, naamlik: Teologie, Ekologie, Kultuur, Prosesse en Bronne. Die vraag en taak beantwoord die navorsing se subnavorsingsvraag 4: “Wat leer ons uit die empiriese analise van die klein plattelandse gemeentes van die VGKSA Vrystaat/Lesotho?” Die vraag word veral beantwoord deur die analise van die data wat bekom is deur die vraelyste en fokusgroep onderhoude wat gedoen was met gemeentes. Hierdeur verkry die navorsing insig in die patrone wat voorkom in die gemeentes.

Die derde vraag van Praktiese Teologie wat gevra moet word is: Wat is veronderstel om te gebeur? Die vraag hou verband met die normatiewe taak van praktiese teologie wat nadat vasgestel is wat aan die gang is en die resultate geanaliseer en geïnterpreteer is, die vraag te vra, naamlik: “wat is die wil van God vir die situasie”. Die dissipline van onderskeiding is belangrik wanneer gewerk word met die derde vraag. Jurgens Hendriks (2004:30) beskryf onderskeiding as volg: “*Discernment is a process in which the faith community depends on the Holy Spirit’s initiative to lead the community to discover God’s will in order to participate in God’s missional praxis. Faith and trust in God is the ultimate ground of discernment*”. Gil Rendle and Alice Mann in hulle boek (2003:139), *Holy Conversations: Strategic Planning as a spiritual practice for congregations* beskryf dit as ‘n proses van geestelike onderskeiding: “*spiritual discernment is the process by which we notice, ponder and interpret our experience in the light of faith*”. Die vraag word beantwoord deur die subnavorsingsvraag 1, naamlik: “Wat is die kenmerke van ‘n missionale gemeente?” Hierin word God se wil vir gemeentes gehoor.

Osmer verduidelik laastens dat die raamwerk waarbinne praktiese teologie geskied voltooi word deur die pragmatiese taak, wat die vraag vra: “Hoe moet ons reageer? Hoe beweeg jy die situasie na die gewenste uitkomst, dit wil sê hoe laat gebeur jy dinge? Dit gaan in die vraag om die ontwikkeling van ‘n strategie wat die situasie sal aanspreek. Osmer (2008:4, 176) beskryf die pragmatiese taak as volg: “*Determining strategies of action that will influence situations in ways that are desirable*”. Osmer (2008:192) argumenteer dat ‘n sekere tipe leierskap nodig is om die veranderinge te laat gebeur en hy noem dit dienskneg leierskap en beskryf die leierskap as volg: “*Servant leadership is leadership that influences the congregation to change in ways that more fully embody the servanthood of Christ*”. Die navorsing sal daaraan aandag gee deur strategieë te ontwikkel wat klein gemeentes sal help en begelei om missionaal te ontwikkel. Die vraag word beantwoord deur die subnavorsingsvraag

5 naamlik: “Watter strategieë kan die klein plattelandse gemeentes help om missionaal te ontwikkel?”.

Om die vrae en take van Praktiese Teologie te bespreek en te laat gebeur, word ‘n spesifieke leierskapstyl benodig. Die kern vraag is: Wat is die doel van die gemeente? Om die gemeente te begelei na die vervulling van haar doel, is ‘n bepaalde leierskap styl nodig wat Osmer noem *dienskneg leierskap*. Die dienskneg leierskapstyl konsep neem Osmer uit die voorbeeld van Jesus: “*Want die Seun van die mens het nie gekom om gedien te word nie maar om te dien*” (Markus 10:42-45). Nelus Niemandt (2020:74) in sy boek: “*Missional Leadership*”, verwys na die leierskap styl as missionale leierskap: “*Missional leadership is transformative leadership. It ignites and drives change; starting with the inner transformation of the leader, leading to the transformation of the church as well as the context wherein the church finds itself*”. Darrell Guder (1998:183-184) in sy boek: “*Missional Church*”, sê dat die sleutel vir die ontwikkeling van missionale gemeenskappe is hul leierskap en hy noem dit ‘n missionale leierskap en hy beskryf dit as volg: “*The purpose of leadership is to form and to equip a people who demonstrate and announce the purpose and direction of God through Jesus Christ*”. Laasgenoemde skrywers bevestig Osmer se teorie dat ‘n dienskneg leierskap nodig is met hulle beskrywing van wat ‘n missionale leierskap behels. Die navorsing skaar dit self by die term, missionale leierskap.

Ten slotte wil die navorsing ‘n **Prakties Teologiese missionale ekklesiologie** ontwerp wat die bedieningsproblematiek van die klein plattelandse gemeentes aanspreek. Dit beteken dat die navorsing klein plattelandse gemeentes wil help om ‘n bedieningpraktyk te skep wat God se sending vir hulle binne hul bepaalde kontekste sal leef. Schoeman (2015) beskryf ‘n Prakties Teologiese ekklesiologie as volg:

- *A congregation exists in the presence of, and in relationship with the triune God. This relationship constitutes and forms the identity of a congregation.*
- *The task or direction of a congregation describes its purpose or intention. The activities and calling of the congregation come into focus; it is about the mission of the congregation.*
- *The third aspect is about the ways and means of a congregation to do or live its identity and mission. The ministry of the congregation is, in this regard, on the table.*
- *The activities and matters a congregation perform, are part of this aspect.*

In die lig van die metodologie is die navorsing *missionaal*: dit oriënteer opsigself aan 'n missionale verstaan van die Drie-Eenheid (*missio Trinitatis*) wat konkrete implikasies vir kerkbegrip en die kerk se formulering van sy visie en missie het. Die navorsing werk nie met 'n ekklesiosentriese verstaan van missionaal nie, maar 'n teosentriese verstaan van missionaliteit. Guder (1998:4) onderskei laasgenoemde soos volg: “...*mission is not merely an activity of the church. Mission is the result of God's initiative, rooted in God's purposes to restore and heal creation*”.

Die navorsing werk met 'n korrelatiewe hermeneutiek waar die werklikheid van die gemeentes se wêreld in verband gebring word met die normatiewe van die Woord van God. Dit onderskei hoe en wat God se wil vir die bedieningspraktyk van die VGKSA, Streek Sinode Vrystaat/Lesotho is.

1.6 HOOF NAVORSINGSVRAAG

Die ondersoek antwoord die vraag, naamlik: “Hoe lyk die *missionale* ontwikkeling van klein plattelandse gemeentes?

1.7 SUB-NAVORSINGSVRAE

1. Wat is die kenmerke van 'n missionale gemeente? Die vraag word behandel in Hoofstuk 2 en gee 'n teologiese begronding van wat 'n missionale gemeente is. Dit vorm deel van die literêre navorsing. Die sub-navorsingsvraag hou verband met die derde taak van Praktiese Teologie. Osmer (2008:4,129) noem dit die normatiewe taak wat die vrae stel: “Wat is veronderstel om te gebeur”.
2. Wat is die kenmerke (profiel) van klein plattelandse gemeentes in die VGKSA Vrystaat/Lesotho? Die spesifieke sub-navorsingsvraag word in Hoofstuk 4 behandel waarin beskryf word wat aan die gang is in die kleingemeentes onder navorsing. Die vraag hou verband met die eerste taak van praktiese teologie wat Osmer (2008:4,31) noem die beskywende empiriese taak wat vra: “Wat is aan die gang?”
3. Hoe word 'n gemeente empiries geanaliseer? Die navorsingsvraag word behandel in Hoofstuk 8 waarin aangedui word hoe 'n gemeente empiries geanaliseer word. Die vraag sluit ook aan by die vraag van Osmer (2008:4, 31), naamlik: “Wat is aan die gang? 'n Empiriese analise help om die vraag te beantwoord. Nel en Schoeman (2015:85)

onderstreep dit wanneer hulle die volgende stelling maak: “*Empirical research is an inescapable part of responsible congregational analysis*”.

4. Wat leer ons uit die empiriese analise van klein plattelandse gemeentes van die VGKSA Vrystaat/Lesotho?
5. Watter strategieë kan klein plattelandse gemeentes help om missionaal te ontwikkel. Die vraag hou verband met die vierde taak van Praktiese Teologie wat Osmer (2008:4, 175) noem die pragmaties taak wat vra hoe moet gereageer word.

1.8 METODOLOGIE

Die navorsing het gebruik gemaak van literêre bronne om die aard van klein plattelandse gemeentes te bestudeer. Verder het die navorser die benadering van “participative action research” gevolg (De Vos 1998:265-356; Hendriks 2004:215-221). Dit beteken dat die navorser die kleingemeentes wou begelei as navorsingsgenote in die ontwikkeling van antwoorde op die probleme waarmee hulle worstel.

In dié verband het die ondersoeker vraelyste aan die gemeentes gestuur om die aard van die problematiek te profileer. Gemeentes uit elke Ring was betrek deur fokusgroep onderhoude om op ‘n kwalitatiewe wyse ‘n getrouer beskrywing te formuleer van die uitdagings in kleingemeentes. Die navorsing het ‘n aantal gemeentes gebruik vir die ontwikkeling van ‘n bedieningspatroon wat die problematiek en uitdagings van die klein plattelandse gemeentes aanspreek.

Die aard van die navorsing was literêr-empiries. Dit beteken dat die navorser literatuur die tema bestudeer het om te kyk na tendense en patrone van klein plattelandse gemeentes oor die wêreld spektrum heen en dan empiries die gemeentes in die Vrystaatse konteks na te vors deur middel van vraelyste en fokusgroep onderhoude. Johan Mouton (2001:148) beskryf die empiriese navorsing as: “*Studies that are usually qualitative in nature which aim to provide an in-depth description of a group of people or community. Such descriptions are embedded in the life worlds of the actors being studied and provides insider perspectives of the actors and their practices*”.

Die metodologie van die navorsing was ‘n “***mixed method***” benadering: “*Mixed methods research is defined as a procedure for collecting, analysing and combining (or mixing) both quantitative and qualitative data at some stage of the research process within a single study of a series of studies to understand a research more completely*” (Creswell & Plano Clark, 2011).

Maree (2016:312) stel dit as volg: “*A typical kind of study that employs this approach would be the use of a survey to first establish attitudes of participants towards a topic and then follow up with in-depth interviews to learn about individual perspectives on this topic. Thus the researcher collects quantitative survey data as well as individual qualitative interview data*”. Dit beteken dat die navorsing kwantitatief en kwalitatief gedoen is. Die resultate van beide kwantitatief en kwalitatief is gebruik om resultate te vergelyk en te verifieer. Die *mixed method* benadering is ‘n geldige metode wat dieper insig bring in die begrip van die navorsingsvraag (Maree, 2016:306-328).

1.9 VOORAFSTUDIE REEDS ONDERNEEM

Die navorser het sy basiese teologiese opleiding (B.Th-Hons) voltooi aan die Universiteit van Wes-Kaapland. Gedurende die jare 1996-1998 het die navorser ‘n M.Th in Praktiese Teologie (Bedieningspraktyk) voltooi aan die Universiteit van Stellenbosch. As predikant in ‘n klein gemeente van die Verenigende Gereformeerde Kerk: Mariental, geleë in die suide van Namibië, is die gemeente begelei om finansiële selfstandig en sosiaal volwasse te word met ‘n verskeidenheid van bedieninge (Pienaar, 1998; Hendriks, 2004:107-115).

Die navorser was gedurende sy loopbaan in gemeentebediening voortdurend gekonfronteer met klein vakante plattelandse gemeentes. Gedurende die jare 1993-2000, het die navorser ‘n kleingemeente, VGK-Mariental, Namibië, voltyds bedien. Die navorser was toe aangestel ook as konsulent vir ses vakante klein plattelandse gemeentes, naamlik: VGK-Gochas, Aranos, Duineveld, Keetmanshoop, Lüderitzbaai en Karasburg. Laasgenoemde gemeentes se lidmaat getalle het gewissel tussen 80-317 en was vir die meeste van hulle bestaansjare sonder ‘n prediker, aangesien hulle nie in staat was om voltydse predikante aan te stel nie. Sommige van die gemeentes, soos Karasburg en Keetmanshoop, het ‘n kombinasie bediening probeer, maar as gevolg van die groot afstande in Namibië, het dit misluk. In die jare 2006-2014, was die navorser voltydse leraar van die VGK-Heatherdale, ‘n stadsgemeente in Bloemfontein, maar was hy ook as konsulent aangestel oor kleingemeentes soos VGK-Smithfield, Thaba Patswa en Tokoloho met lidmaat getalle wat gewissel het tussen 100-250 lede. Die navorser was vir ‘n groot deel van sy bedieningsjare gekonfronteer deur die uitdagings van kleingemeentes.

Gedurende sy bedieningsjare het hy op die voetspoor van drie boeke (Carroll et al., 1986. *Congregational studies*; Burger, 1991. *Die dinamika van ‘n Christelike geloofsmeenskap*, en Hendriks, 1992: *Strategiese beplanning in die gemeente*) intensief navorsing begin doen oor


die vraag: “Hoe kan die arm, klein plattelandse gemeente ’n verskil maak in die lewens van lidmate en die gemeenskap?” Die vraag impliseer ‘n beweging en groei weg van instandhoudende, herder-kudde bedieningspraktyk na ‘n missionale ekklesiologie.

1.10 WAARDE VAN DIE STUDIE VIR DIE VAKGEBIED

Die uitdagings waarmee klein, vakante plattelandse gemeentes gekonfronteer word, is nie uniek tot die van die Verenigende Gereformeerde Kerk in Suider Afrika nie. Dit is ook nie net beperk tot die Gereformeerde kerke in Suider Afrika nie, maar dit is duidelik volgens die boeke soos vermeld in die bibliografie, deel van die uitdagings wat deur verskillende kerklike denominasies dwarsoor die wêreld ervaar word. Alice Mann (2010:5) onderstreep dat die verskynsel van kleingemeentes wyer voorkom: “*If slightly more than half of American Protestant congregations fit our working definition of "smaller" churches*”. Jackson Carroll (1977:x1)¹³ bevestig dat kleingemeentes gekonfronteer word deur baie uitdagings: “*Many small churches are mediocre and nonviable as currently functioning. If bigger does not always mean better, neither is small always beautiful*”.

Die navorsing sal ’n bydrae lewer tot die debatte en gesprekke oor die klein vakante plattelandse gemeentes oor die wêreld heen. Dit sal verder ook teologiese insigte bied oor wat die huidige situasies, tendense en patrone in kleingemeentes is. Die navorsing sal ook aandui watter tipiese probleme kleingemeentes ervaar. Trafford en Leshem (2008:170) verwys na die *magic circle* van navorsing, en daarin dui hulle twee komponente aan wat die navorsing moet bereik, naamlik :

¹³ Jackson Carroll is die redakteur van die boek: “Small Churches are beautiful”.



Figuur 1.1: 'Magic circle' van navorsing

1. *Gap in knowledge*: Die navorsingsgaping is die gebrek aan kennis oor die huidige en fisiese toestand van klein plattelandse gemeentes in die VGK Vrystaat/Lesotho Sinode. Daar was nog geen navorsing hiervoor gedoen nie. Die navorsing sal 'n goeie profiel teken oor die toestand, uitdagings en probleme van kleingemeentes wat waardevol sal wees tot die vakgebied, Praktiese Teologie. Dit sal verder lense bied wat leiers van kleingemeentes sal help in die bestudering en bestuur van kleingemeentes.
2. *Contribution to knowledge*: Die navorser het data versamel in die gemeentes wat uniek is en nog nie versamel is deur navorsers nie. Die data is geanaliseer en gebruik om 'n deeglike beskywing te gee oor die toestand van die gemeentes.

Die resultate van die navorsing sal waarde hê vir kleingemeentes, geloofsgemeenskappe, die vak disipline van Praktiese Teologie en spesifiek die sub-dissipline gemeente studies.

1.11 ETIESE ASPEK VAN DIE NAVORSING:

Die navorser neem kennis dat bepaalde etiese riglyne belangrik is ten opsigte van die studie.

1. Die navorser is 'n ingeskrewe en geregistreerde student van die Universiteit van die Vrystaat, en al die data van die studie is deur die navorser self versamel en verwerk. Die data word vertroulik hanteer.
2. Die navorsing word gedoen binne die grense van die genoemde Sinode. Die navorser het die Moderator, Ds. John Letsie, formeel per brief in kennis gestel van die navorsing binne die grense van die Streek Sinode. Die navorser het die mandaat van die Sinode om die navorsing te doen (sien die brief aan die moderator).
3. Die navorser is tans predikant in diens van die NGK-Eros, Windhoek. Die navorser het formeel die kerkraad in kennis gestel van die navorsing en ook aansoek by die kerkraad gedoen vir studieverlof, wat goedgekeur is (sien brief van navorser asook die notule van die kerkraadsvergadering).
4. Die deelnemers aan die empiriese navorsing het vrywilliglik die vraelyste voltooi. Gemeentes en predikante het ingestem om deel te neem aan die navorsing.

1.12 SLOT

In Hoofstuk 1 was uiteengesit dat die navorsing ten doel het om die vraag te antwoord naamlik: “Hoe lyk die missionale bemagtiging van kleinplattelandse gemeentes”. Die hoofstuk het ook aangedui watter metodologie gevolg is om die empiriese deel van die navorsing te doen. In Hoofstuk 2 wat volg, doen die navorsing 'n literêre studie wat 'n Teologiese begronding uiteensit van wat 'n missionale gemeente is.

HOOFSTUK 2

DIE TEOLOGIESE BEGRONDING VAN 'N MISSIONALE GEMEENTE

2.1 INLEIDING

In Hoofstuk 1 is aangedui dat die navorsing gerig is op die praktyk van gemeentes van die VGKSA en spesifiek die klein plattelandse gemeentes. Kleingemeentes in die VGKSA en spesifiek in die Vrystaat/Lesotho Sinode gaan deur ernstige oorlewings¹⁴ krisis. Die genoemde gemeentes stagneer, gaan agteruit en verloor lidmate, veral na die charismatiese gemeentes. Die klein plattelandse gemeentes behou predikante slegs vir kort periodes, as gevolg van 'n gebrek aan finansies. Jeffrey Atwater (1977:122) in sy artikel: *“programming in small congregations”*¹⁵, sê dat daar twee faktore is wat kleingemeentes voortdurend frustreer, naamlik: a) onvoldoende inkomste en b) kort bedieningstermyne van predikante. Dit vorm deel van die globale¹⁶ prentjie van kleingemeentes. Dwarsoor die wêreld verloor gemeentes van die hoofstroom kerke lidmate, ander stagneer in lidmaatgetalle, doopgeleenthede verminder en niemand van buite stel belang om aan te sluit nie.

Die godsdiens sosioloog, Gerard Dekker, beklemtoon in sy boek: “zodat de wêreld verandert”, dat die kerk in 'n krisis verkeer. Die krisis is as gevolg van die feit dat die kerklike lewe krimp, en dat die kerk van minder belang vir mense geword het, derhalwe die vraag of die kerk nog 'n toekoms het. Dekker redeneer dat sekularisasie een van die groot redes is waarom die kerk krimp. Dekker (2000:19) merk op: *“het meest opvallende in de zin van het meest zichtbare is de daling van het aantal mensen dat op een kerk betrokken is: zowel het ledental als het aantal mensen dat's zondags een kerk bezoekt neemt regelmatig af”*.

Dit gaan nie goed met die kerk in Nederland nie en kerkgeboue word gesloop weens die groot getalle lidmate wat die kerk jaarliks verloor. Dekker (2000:22) wys daarop dat die kerk van minder belang geword het vir individue en vandaar die uitdrukking: *“Ik maak zelf wel uit wat ik wel en niet geloof; daar heb ik de kerk niet voor nodig”*. In Nederland argumenteer Dekker dat die kerk van minder betekenis geword vir die samelewing. Sosiale vraagstukke vorm die basis van gesprekke en nie geloofs vraagstukke nie. Hijme Stoffels (1995:20, 28) beskryf in sy

¹⁴ Die aanname dat kleingemeentes van die VGKSA-Vrystaat/Lesotho in 'n oorlewingskrisis is word bevestig deur die data versamel deur die fokusgroep onderhoude.

¹⁵ Die hoofstuk van Jeffrey Atwater kom voor in die boek: *“Small Churches are beautiful”* waarvan Jackson Carroll die redakteur is.

¹⁶ Alice Mann. 2010. *The Smaller Congregation*.

boek: *“Als een briesende leeuw”*, die afname toe aan wat hy noem ‘die tydgees van modernisme’. Stoffels beskryf in die boek: *“Reformed encounters with modernity”*, die toestand van die gereformeerde kerke in Nederland as ’n kerk wat in alle opsigte afneem. Hy verwys statisties die volgende uit, naamlik dat 82 % van die Hollandse bevolking in 1960 aan ’n christelike kerk behoort het. Teen 1995 het die getalle afgeneem tot 41% en teen die tempo sou dit teen 2010 afgeneem het tot 32%. Stoffels staaf sy argument ten opsigte van die krimping van die kerk, deur te verwys na die situasie van die Hollandse Rooms Katolieke Kerk. In 1960 het slegs 40% van die bevolking in Nederland behoort aan die kerk en teen 1995 het slegs 22% aan die kerk behoort. In die boek: *“Vanishing boundaries”*, bevestig die skrywers die drastiese afname en krimping van die hoofstroom kerke binne die Amerikaanse konteks (1994:175). Hulle bevinding is dat die afname van kerke hoofsaaklik as gevolg van die kulturele skuiwe is wat oor ’n tyd heen plaasgevind het. Kulturele skuiwe word verstaan as veranderinge in wat mense glo (beliefs system), verandering in mense se waarde sisteme en die maniere hoe mense oor morele sake redeneer, het ook verander. Die veranderinge het daartoe bygedra dat daar so ’n drastiese afname en krimping in kerke plaasgevind het (1994:176).

Alice Mann (2010:9) merk die volgende op aangaande die situasie van die kleingemeentes binne die Amerikaanse konteks: *“This impact is especially noticeable in congregations that were already facing relatively rapid decline in attendance—those who had lost more than 10 percent in attendance (total) over the previous five years. Significantly, the financial health of American congregations as a whole was already on a steady decline before the recession hit”*. In ’n ondersoek van kleingemeentes van die United Methodist Church in North Carolina, Amerika gedoen, onder leiding van Jackson Carroll (1997:46), maak die navorsers die volgende stelling om die toestand van kleingemeentes te beskryf: *“Many are in trouble with aging memberships, lack of outreach to their communities, and limited resources. They are a contributor, though not the only one, to the denomination’s overall membership decline of the past thirty years”*.

Die kleingemeentes se deure maak nie toe nie, maar daar is minimale tot geen impak binne die eksterne omgewing of konteks nie; om die waarheid te sê as die gemeentes nie meer bestaan nie, sal dit net die lidmate wees wat daarvan sal weet, maar vir die gemeenskap sal dit heel waarskynlik geen verlies inhou nie.

Die meeste van die gemeentes word aan die gang gehou deur ’n paar toegewyde bejaardes en middeljariges wat die gemeentes bestuur op hulle eie leke manier. Laasgenoemdes reken dat hulle die kerk begin het of oor die jare gedra het en reageer negatief teen die jonger geslag.

Baie lidmate is op die lidmaatlys, maar is passief en word slegs gesien by 'n begrafnis, doop en troues.

In menige gevalle is die selfbeeld van die gemeentes so laag, dat hulle nie glo dat hulle daartoe in staat is om enige verskil te maak nie. Dit is gewoonlik 'n klein groep of 'n minderheidsgroep wat die gemeente aan die gang hou, terwyl die meerderheid 'n houding van “*laat Gods waters maar oor Gods akkers loop*” het. Die lede wat die kerk verlaat, verlaat die kerk nie noodwendig omdat hulle nie glo nie, maar as gevolg van 'n ontevredenheid met die status quo. Die wat lojaal agterbly probeer op hulle manier die tradisie bewaar en laat nie vernuwende gesprekke toe nie. Niemand vra nuwe vrae nie en die wat dit wel vra is “vyande” en probeer die kerk “steel” en vervreem. Daar is gevolglik baie frustrasies. Dit lei opsigself tot konflik op 'n interpersoonlike vlak.

Die hele situasie is ook verstaanbaar, want lidmate het soms net die oorgelewerde begrip van kerkwees (kerkbegrip). Dit is 'n begrip wat nie rekening hou met die veranderinge rondom die kerk nie. Die geheim is dat nêrens in die kleingemeentes kan iets missionaars gebeur as daar nie, in die lig van die Skrif, nuut besin word oor wie die kerk is, en wat haar roeping behoort te wees vir haar bepaalde konteks en tyd nie. Malan Nel (2015:25) beredeneer: “*At the heart of the missional church conversation lies a challenge: to recover and deepen the church's Christian identity in a post-Christendom world in light of the triune God's mission in all of creation*”.

Hoofstuk 2 beskryf die teologie van kerk en gemeente-wees. Die doel van die hoofstuk is om 'n basisteorie te bied wat ten doel het om kerk en gemeente-wees te verduidelik. Dit is belangrik dat die konstruk: “Wat is 'n gemeente?”, deeglik gedefinieer word en die bedoeling hiervoor is dat gemeentes hierdeur 'n goeie begrip moet kry oor wat kerk en gemeente-wees beteken. Nel (2015:25) stel dit goed: “*Building up a missional local church, cultivating missional churches is about being, the real essence and life of the church-a movement of and in life*”.

Hoofstuk 2 antwoord die subnavorsingsvraag 1: “Wat is die kenmerke van 'n missionale gemeente?”

2.2 BELYDENIS EN KERKWEES

'n Christelike gemeente is 'n groep mense, binne 'n bepaalde konteks en omgewing wat bely dat God Drie-Enig, Vader, Seun en Heilige Gees, Here is. Dit is die belydenis wat 'n groep konstitueer as 'n plaaslike gemeente. Moltman (1979:13) verduidelik dat die Christelike geloof

nog reg van die begin af 'n belydende geloof was. Die belydenis van Jesus Christus vorm 'n konstituerende deel van die geloof, en sonder die belydenis kan daar nie van 'n Christelike geloof gepraat word nie en ook nie van 'n Christelike gemeente nie. Schoeman (2015:73)¹⁷ bevestig dit as volg: *“The identity of the congregation is a confessional identity. Congregations worldwide confess the following about the church: “I believe in the holy catholic Church, the communion of saints” (Apostolic creed), and “We believe in one holy Catholic and apostolic Church” (Nicene Creed).*

Die Heerskap van Jesus Christus was in die geskiedenis al op verskeie maniere bely, met verskillende soorte woorde en metafore. In tye van sosiale en politieke konflik was Jesus op 'n sekere manier bely, byvoorbeeld Jesus, die Bevryder, en elke keer in spesifieke kontekste en omstandighede was en word Christene gekonfronteer met vrae soos: Wie is Christus vir ons? Wie is ons vir Hom? Wat is ons uitdagings en hoe kan ons Hom bely? Situasies soos die van die fabriekwerker, 'n gemeenskap wat bedel, mense in armoede, terminaal siek pasiënte, gevangenis, mishandelde vrouens, kinders, werklose persone, miv/vigs pasiënte, en slagoffers van geweld, dwing ons om te bely wie Jesus is. In bepaalde omstandighede van misverstand oor wie Jesus was, vra Hyself die vraag aan die dissipels: “En julle, wie sê julle is Ek?”¹⁸

Die belydenis wat die Christene oor die wêreld heen verenig en die kerk konstitueer as 'n kerk, is die Apostoliese geloofsbelydenis; dit verander nie en geld vir elke konteks en omstandighede. Die kernvraag is, Wat beteken die belydenis nou vir die kerk in die omstandighede? Jesus self vra in die Nuwe Testament die vraag aan die dissipels: “Wie sê julle is Ek”, en Petrus bely: “U is die Christus die Seun van die lewende God”. Dit is die belydenis wat die Christelike geloof en ook die Christelike gemeente konstitueer (Mattheus, 10:32,33; Lukas, 12:8). Dit is 'n belydenis wat ook gevolge van verdrukking en vervolging kan inhou. Diegene wat Jesus so bely vorm 'n nuwe gemeenskap en samelewing met ander waardes.

2.3 BYBELSE METAFORE: DIE KERK

Die Bybel gebruik verskeie beelde en metafore om die kerk te beskryf. Dit is belangrik dat die kerkgemeentes hulle identiteit begryp en verstaan wie hulle is en/of wat hulle behoort te wees hierin spieël en meet. Paul Minnear (1960:28-173) in sy boek: *“Images of the Church in the*

¹⁷ W.J.Schoeman. Acta Theologica. 2015 Suppl 22:64-84.

¹⁸ Vergelyk Markus 8:27-30

New Testament”, identifiseer 96 metafore en analogieë, wat gebruik word in die Nuwe Testament om na die kerk te verwys. Die skrywers van die Nuwe Testament standardiseer nie die metafore nie en dit beteken dus dat ‘n verskeidenheid van metafore gebruik word om die kerk te beskryf.

Dit maak dat die kerk in verskillende kontekste haarself beroep op ‘n metafoor waarmee sy haarself kan verstaan binne daardie spesifieke konteks. Ter illustrasie sou verwys kon word na lande waar die kerk vervolgt word, en in daardie omstandighede sou die metafoor: “*die kerk as martelaar na die voorbeeld van Stefanus*”, gebruik word as ‘n manier om die kerk en gemeenteweese te verstaan.

Die verskeidenheid van metafore beklemtoon ook die verskillende funksies van die kerk. Die Bybelse metafoor: “*volk van God*” en “*tempel*”, hou verband met die karakter van die kerk. Die Bybelse metafoor: “*liggaam van Christus*” en “*gemeenskap van die Heiliges*”, hou weer verband met die bediening van die kerk. Vanuit die metafore raak dit ook duidelik wat die karakter van die kerk behoort te wees. Metafore identifiseer essensiële aspekte van die nuwe gemeenskap (die kerk) wat deur die Heilige Gees geskep is.

Miner onderskei die volgende van wat hy noem, kleinere beelde soos die kerk as: *die sout van die aarde* (Matt 5:13), *‘n brief van Christus* (2 Kor 3:2-3); *Vis en Visnet* (Mark 1:17); *die boot* (Matt 8:23-27); *die ark* (Matt 24:36-42, Luk 17:26-37); *ongesuurde brood* (Matt 16:6); *Die brood* (John 6); *Wyn* (Mark 2:22); *Lote* (Joh 15), *Wingerd* (1 Kor 9:7); *Vye boom* (Luk 13:6-9); *Olyf boom* (Rom 11:17); *Saailand van God* (I Kor 3:9); *Bruid van Christus* (Ef 5:22-31); *Burgers* (Ef 2:19); *Vreemdelinge* (1 Petr 1:1, 2:11); *Verstrooides* (Jak 1:1); *Ambassadeurs* (2 Kor 5:18-21); ens (1960:28-65).

Craig Van Gelder en Paul Miner onderskei vier kern metafore om die essensiële aspekte van die nuwe gemeenskap wat deur die Heilige Gees geskep is, aan te dui. Die kern metafore van die kerk, verduidelik Van Gelder (2000:107), sentreer almal rondom ‘n algemene tema naamlik: “*die kerk is ‘n sosiale gemeenskap*”. Dit help ons, argumenteer hy, om te besef dat die sigbare kerk as ‘n sosiale gemeenskap van mense verstaan moet word. Dit help ook om ‘n goeie begrip te kry oor die karakter van die kerk. Die kerk is nie ‘n gebou nie, ook nie ‘n stel georganiseerde programme en aktiwiteite nie, en ook nie net ‘n versameling van individue nie. Van Gelder (2000:108) definieer die kerk so: “*the church is a social community, a community made up of people who are reconciled with God and one another. To be the church is to be in a reconciled relationship*”. Die vier kern metafore om die kerk te beskryf as ‘n sosiale gemeenskap is: 1.

Volk van God; 2. Liggaam van Christus; 3. Gemeenskap van die Heiliges; 4. Skepping van die Gees.

2.3.1 Volk van God

Die kerk behoort aan God, is deur God bymekaar gebring, versamel en bevry om Hom te dien. Die metafoor, die kerk as volk van God, is gebore uit die verbond tussen God en die volk, Israel (Genesis 17:7-8), waar God met Abraham die verbond sluit met die inhoud: *“Ek sal vir julle 'n God wees en julle moet My volk wees”*. In 1 Petr 2:9, beskryf Petrus die kerk as volg: *“Julle darenteen, is 'n uitverkore volk, 'n koninglike priesterdom, 'n nasie wat vir God afgesonder is, die eiendomsvolk van God, die volk wat die verlossingsdade moet verkondig van Hom wat julle uit die duisternis geroep het na die wonderbare lig”*.

Die kerk is die *ekklesia*, uitgeroep om God se heil aan die wêreld te verkondig en deel te wees van Sy sending in die wêreld. Van Gelder skryf: *“This new people, this spiritual Israel, finds its identity as God always intended, along faith lines, not blood lines (2000:108)”*. Die volk van God was histories gesien as uitsluitlik die Jode, die Joodse bloedlyn en ras was die kwalifiserende kwaliteit (pigmentologie). Kragtens die verlossingswerk van Jesus Christus, is almal wat die verlossing aanvaar het en Hom bely, die volk van God, die nuwe Israel, met die besondere taak om Sy koninkryk uit te brei.

Die metafoor het geweldige implikasies vir die kerk, want in Christus mag daar nie meer verdeeldheid wees op grond van ras en kleur nie. Die Belydenis van Belhar bely op grond van Ef.4:17-6:23; Rom. 6; Kol. 1:9-14; Kol. 2:13-19; en Kol.3:1-4:6 hieroor die volgende: *“Daarom verwerp ons enige leer wat in die naam van die evangelie of die wil van God die gedwonge skeiding van mense op grond van ras en kleur in so 'n situasie sanksioneer en daardeur die bediening en beleving van die versoening in Christus byvoorbaat belemmer en van krag beroof”* (1988:10). Die identiteit van die kerk is nie gegrond in ras, kleur, etnisiteit, klas en nasionalisme nie, maar in 'n gemeenskaplike geloof en gemeenskap met die lewende God. Dit beteken dat die nuwe gemeenskap mense van diverse rasse en etniese agtergronde insluit. Daarvolgens word die karakter van die kerk so bepaal dat mense in die kerk voortleef in 'n versoende verhouding met God en met mekaar, as 'n nuwe *“volk van God”*. Hierdie was natuurlik ook die uitdaging vir die Joodse Christene wat moes geleer het om die Christene uit die heidendom te aanvaar as lede van dié nuwe geloofsgemeenskap (Ef. 4).

’n Volgende implikasie wat direk verband hou met die eerste, is dat dié nuwe “*volk van God*”, brugbouers moet wees wat grense oorsteek. Lois Barrett (2004:74) is dit eens dat missionaal beteken dat ‘n kerk die risiko sal neem om grense oor te steek en dat dit deel van haar identiteit is: “*The missional church is learning to take risks for the sake of the gospel. It understands itself as different from the world because of its participation in the life, death and resurrection of its Lord*”. Die gefragmenteerde wêreld waarin die kerk geroep word om die volk van God te wees, moet kan sien dat ‘n gemeenskap met diverse persone in ‘n versoende verhouding met mekaar en met God kan leef. Barrett (2004:76) argumenteer dat die volk van God binne die wêreld waarin sy geroep is, bewus moet wees van haar aard as ‘n kontras gemeenskap: “*They become contrast communities that take risks based on gospel priorities, rather than society’s priorities*”. Te midde van ‘n verdeelde wêreld, moet die kerk maniere vind om die verskille te oorbrug as die volk van God.

Berkhof dui hiermee (die volk van God as die eerste vrugte) op die funksie van die kerk, naamlik dat die kerk gerig moet wees op die wêreld, omdat dit behels dat die gemeente Christus aan die wêreld moet verkondig. Die kerk moet verstaan dat hulle vir die wêreld bestaan, daarom moet die kerk haar rol ook as sodanig verstaan, naamlik slegs ‘n instrument om eerstens, die evangelie (goeie nuus) te verkondig en tweedens om ‘n diens aan die wêreld te lewer. Craig Van Gelder (2011:142) ondersteun die punt wat Berkhof maak oor die kerk en haar betrokkenheid in die wêreld: “*Yet being the church from a missional perspective means that Christians share in the Truine God’s creative, redemptive, and reconciling movement within human societies, communities, and cultures*”. Die implikasie is dat die kerk ‘n dienskneg is, en is dus opsigself nie belangrik is nie, en maak haarself op so ‘n manier onderdanig sodat die wêreld die fokuspunt word vir wie sy moet bedien. David Bosch (1996:378) argumenteer oor die verhouding tussen die kerk en die wêreld as volg: “*...because of its integral relatedness to the world, the church may never function as a fearful border guard, but always as one who brings good tidings. Its life-in-mission vis-à-vis the world is a privilege*”. Berkhof (1979:413) redeneer dat God se ware besorgdheid die wêreld is en nie die kerk nie. In sy woorde: “*the apostolate is not one of the many functions of the church, but the church is a function of the apostolate of God in the world*”. Malan Nel (2015:89) opper ook ‘n sterk argument daarvoor dat God se fokus op die wêreld is en nie die kerk nie, want die kerk, volgens hom, is slegs ‘n instrument van God se sending binne die wêreld: “*Mission was not made for the church, the church was made for mission - God’s mission*”.

2.3.2 Liggaam van Christus

Die metafoor: “*liggaam van Christus*”, is een van die mees populêre metafore waarmee die kerk as ’n sosiale gemeenskap, beskryf word. Die metafoor was vir die afgelope paar jare in vele kerke gebruik om die bediening van die gawes, diensbaarheid van lidmate en veral ook die kleingroep bediening te beskryf. Daarvolgens beteken dit dat elke gelowige ’n gawe van die Heilige Gees ontvang het, waarmee gelowiges mekaar en ander moet dien. Die doel waarom gelowiges hulle gawes in diens van ander moet gebruik, handel oor die opbou van die liggaam van Christus.

Die metafoor van liggaam van Christus, dui ook daarop dat gelowiges mekaar nodig het en dat die een nie sonder die ander en los van die ander kan bestaan nie (interafhanklikheid). Nel (2015:18) vat laasgenoemde as volg saam: “*The ecclesiological incentive throws more light on building up the local church: God expects a congregation to be a community in which one cannot and does not want to be, exist or work without the other*”.

Genoemde metafoor bevestig dus die interafhanklikheid van die lede. Die metafoor beklemtoon die beginsel dat Jesus Christus die Hoof van die kerk is en dat die kerk, die liggaam, aan Hom onderdanig moet wees. Die Hoofskap van Christus dui ook op ’n absolute afhanklikheid van die Hoof, Jesus Christus en sonder Hom is die kerk tot niks in staat nie.

Die Apostel Paulus gebruik veral die metafore in die Nuwe Testamentiese briewe soos 1 Korintiërs, Romeine, Kolossense en Efesiërs. Die begrip was egter nie ’n unieke begrip wat deur Paulus geïnisieer was nie, want in die tyd waarin Paulus opgetree het en ook tydens die Hellinistiese tye was dit as ’n sosio-politieke gedagte gebruik om die menslike gemeenskap te beskryf. Die verskil is dat Paulus dit verbind het met die kruisiging, opstanding en hemelvaart van Jesus Christus. Deur dit so te verbind met die kruising, bring hy dit in verband met die nagmaal in 1 Kor 10:16-17: “*Die brood wat ons breek, is dit nie die gemeenskap met die liggaam van Christus nie? Omdat dit een brood is, is ons, al is ons baie, saam een liggaam, want ons het almal deel aan die een brood*”. Die kerk word verenig in een liggaam kragtens hulle deelname aan die sakrament van die nagmaal.

Hendriks (1992:25-29) merk die volgende oor die metafoor op:

- **Ekklesiologies:** help die metafoor dat die amp van die gelowige tot sy reg kom. Intendeel die amp van die gelowige staan op die voorgrond. Elke gelowige het ’n bediening. Die ampsdraer in die metafoor het die rol van herder, maar ook dienskneg.

In vergelyking met Ef. 4:11-12, is die rol van die ampsdraer dié van toeruster wat inisieer, fasiliteer en koördineer.

- **Sosiologies:** pas die metafoor beter by die behoeftes van die moderne mens in, omdat dit sy behoefte aan gemeenskap (koinonia) ondervang.
- **Pneumatologies:** die Pneumatologie kom sterk na vore in die metafoor. Die Heilige Gees gee gawes sodat gelowiges (die liggaam) toegerus kan wees vir dienswerk.

Die **implikasies** vir die kerk is as volg:

- i. Die kerk word verenig as een liggaam deur die deelname aan die sakrament. Die eenheid van die kerk is van kardinale belang. Hendriks (1992:26) beredeneer as volg: *“Binne die invloedssfeer van die metafoor is eenheid en ekumene geen probleem. Alle gelowiges wat met die Gees vervul is, is immers een”*. Nel (1994:230) is dit eens en verduidelik dat die liggaam groter is as net een bepaalde gemeente of denominasie en moet oop wees om ruimte te maak vir die ander huisgenote van God. Hiermee verwys Nel na die ekumeniese verhoudinge.
- ii. Die kerk bring ’n eenheid wat diversiteit deurstaan. Verskeidenheid is nie ’n verskoning vir verdeeldheid nie, want dit bied juis die geleentheid dat die verskille mekaar kan komplimenteer.
- iii. Die kerk as die liggaam van Christus behoort as ’n verenigde gemeenskap in self opofferende liefde en gemeenskap te leef. Die kwaliteit van gelowiges se verhouding is uiters belangrik in die metafoor. Hendriks (1992) sê dat die nood, behoeftes en regte van die individu en die lyding van soveel in die wêreld in die sentrum van hierdie metafoor staan.
- iv. Dit beteken dat die lede moet besef dat hulle interafhanklik van mekaar is. Nel (1994:229) meen dat die gemeente in die verband beheer word deur ’n teologie van interafhanklikheid. Die rede vir die interafhanklikheid is omdat die lede elkeen verskillende geestelike gawes het wat hulle van die Gees ontvang het (Rom 12:4-5). Almal het nie dieselfde gawes nie, maar elkeen se gawe is nodig sodat die liggaam reg kan funksioneer. Die verskeidenheid van gawes se bedoeling is om mekaar te komplimenteer en aan te vul.
- v. Christus is die Hoof van die kerk, en as sulks dui Hy ook die rigting van die kerk aan en die gemeente behoort gehoorsaam te wees aan die Hoof van die kerk (Ef. 1:22-23). Die liggaam bly afhanklik van die Hoof en is sonder die Hoof tot niks in staat nie, maar eintlik disfunksioneel.

Berkhof (1985:411) onderskryf en merk ook baie op oor die metafoor: “*de gemeente als het lichaam van Christus*”. Die beskywing van die kerk as liggaam van Christus, kom direk van die apostel Paulus, en hy beskryf op vele plekke in sy briewe die kerk deur middel van die metafoor. Die metafoor herinner gelowiges gedurig daaraan dat hulle in die eerste instansie nie net in die kerk as instituut is nie, maar dat hulle kollektief dié kerk is. Die metafoor: “*die kerk as liggaam van Christus*”, bring die volgende elemente vir Berkhof (1985:414) na vore:

1. As Christus die Hoof van die liggaam is, dan word die gemeenskap bepaal deur die algemene (*common*) gemeenskap (*communio*) met Christus.
2. Die gemeenskap (*communio*) word gekarakteriseer deur genade. Dit bestaan uit mense wat weet dat God hulle aanvaar met hulle sonde en tekortkominge. Dit is juis in die gemeenskap wat die mens bevry word van self-regverdiging en waar mense op ’n nuwe manier hulself word. Die nuutheid word gekenmerk deur gemeenskap met mekaar, en die gemeente is die plek waar hulle mekaar ter wille van Christus moet aanvaar en waar die swakeres met besorgdheid hanteer moet word.
3. Die kerk is die liggaam, maar het ’n Hoof wat die lewe van die liggaam regeer. Laasgenoemde roep die liggaam op tot absolute gehoorsaamheid aan Christus. Die liggaam rig haar lewe in volgens die Hoof, Christus Jesus. Christus is genadig, maar eis gehoorsaamheid, en die twee is onafskeidbaar; dit wil sê Hy aanvaar elkeen soos hy is, maar in gehoorsaamheid word die liggaam gekonformeer met die beeld van Christus (*Imago Dei*).
4. Die kommunikasie (*communicatio*) met Christus moet lei tot die gemeenskap (*communio*) met mekaar. Sonder die gemeenskap (*communio*) is die kommunikasie (*communicatio*) leeg, en is dit individualisties en niks meer as net ’n innerlike ervaring nie. Maar weereens, sonder die kommunikasie (*communicatio*) as die basis, redeneer Berkhof (1979:394), word die wedersydse gemeenskap (*communio*) soos ’n godsdienstige-sosiale klub (*religio-social club*). Die rede is dat Christus nie buite Sy kerk leef nie, en behoort daarom die kern van die kerk se lewe te wees (Berkhof, 1979:394).
5. Dié gemeenskap sluit nie ander gemeenskappe uit nie. Die Christelike gemeenskap is anders en uniek, ten opsigte van ander gemeenskappe in die sin dat dit nie net sekere mense en groepe insluit en ander uitsluit nie. Die Christelike gemeenskap probeer almal betrokke kry en sluit dié in wat deur ander gemeenskappe uitgesluit word, soos die skuldiges, die eensames, die vreemdelinge, die onbelangriks, die gestremdes en die

wat sonder stem is. David Bosch (1996:28) noem dit *an all-inclusive mission* wat hy as volg beskryf: “*What amazes one again and again is the inclusiveness of Jesus’ mission. It embraces both the poor and the rich, both the oppressed and the oppressor, both the sinners and the devout. His mission is one of dissolving alienation and breaking down the walls of hostility, of crossing boundaries between individuals and groups*”.

6. Daar is ook spanning in die gemeenskap van die liggaam van Christus, in die sin dat die liggaam inklusief moet wees, maar aan die anderkant gehoorsaam moet wees aan die Hoof. Die inklusiwiteit kan nie ten koste van die kerk se gehoorsaamheid aan die stem van God wees nie.

2.3.3 Berkhof (1985:418) en die verskeidenheid ledemate in die liggaam van Christus

Dit kom herhaaldelik in die Nuwe Testament voor dat die metafoor van die liggaam van Christus daarop klem lê, dat die liggaam uit ’n verskeidenheid van ledemate bestaan. Die ledemate is verskillend, maar vorm ’n eenheid en het mekaar nodig; die een kan nie sonder die ander bestaan nie. Derhalwe, alhoewel verskillend, vorm al die lede ’n eenheid, al is hulle baie. Dit beteken dat die lede van die kerk mekaar moet verdra, mekaar moet kan vergewe, hulle moet ook mekaar kan help en bemoedig, aan mekaar barmhartigheid betoon en geduldig met mekaar wees. God gee aan elkeen ’n gawe wat gebruik moet word om die liggaam op te bou. Dit beteken dat die lidmate toegerus is om onselfsugtige diens te lewer volgens elkeen se gawes (Ef. 3:19). Die een se gawe is ook nie belangriker as die ander se gawe nie. Die lede is afhanklik van Christus as die Hoof en ook afhanklik van mekaar. Die charismatiese struktuur help die kerk dat die bediening, die bediening van die mense is, en nie alleen die van die predikant (e) nie, en dit bevry die kerk ook van klerikalisme. Daarmee word nie gesê dat die amp dus onder beklemtoon word nie, die leierskap bly belangrik en is nodig, maar die funksie is nou om die gawes in die kerk aan die gang te kry.

2.3.4 Berkhof (1985:425) en die opbou van die liggaam van Christus

Die Apostel Paulus het nie bedoel dat die liggaam staties moet wees nie, die argument van Paulus was dat dit opgebou moet word en moet groei. Genoemde konsepte van groei en opbou bring na vore die insig dat die liggaam nog nie klaar is nie, maar eskatologies oppad is na haar bestemming. Daarom moet die ledemate werk en hulle verantwoordelikhede nakom. Die liggaam is nog nie vervolmaak nie, alles is nog onder konstruksie, oppad na voltooiing. Berkhof

(1979:406) stel dit so: “*the church is capable of growth, it is still a long way from having reached its full growth*”. Die kerk moet groei en moet uitbrei tot aan die uithoeke van die aarde, want Christus is Heer oor die wêreld. Elke beperking, of dit nou geografies, sosiaal of polities is wat op die kerk geplaas word, moet oorkom word.

In kort: die groot winspunt van die metafoor is sy besondere klem op koinonia, op die ideaal van betrokkenheid en gesonde onderlinge verhoudinge.

2.3.5 Gemeenskap van die Heiliges

Die Bybelse metafoor vir die kerk: “gemeenskap van die heiliges”, was oor die eeue baie gebruik, veral tydens eredienste waartydens die Apostoliese Geloofsbelydenis opgesê is. Daarin bely die Christene: “*Ek glo in ’n heilige algemene Christelike kerk, die gemeenskap van die gelowiges*”. Die konsep van die gemeenskap van die heiliges kom redelik algemeen voor in die Nuwe Testament en word gebruik as basis om die kerk te kan verstaan. Die term *gemeenskap* is ’n vertaling van die woord *koinonia* wat verwys na dit waarin ons in die algemeen met mekaar deel. Oor die algemeen word *koinonia* verstaan as gemeenskap. Die essensiële gedagte agter die metafoor *gemeenskap van die heiliges* is dat gelowiges saam God en mekaar in ’n versoende verhouding ervaar, gebaseer op wat hulle saam in Christus deel. Dit lei tot ’n gemeenskap (fellowship) wat net gelowiges kan ervaar.

Die gemeenskap van die heiliges is nie iets wat deur die mens geskep is nie, maar is die skepping van God deur die Gees onder die gelowiges. Hierdeur demonstreer die kerk aan die wêreld die waarheid ten opsigte van genade, vergifnis en versoening.

2.3.6 Skepping van die Gees

Die argument dat die kerk die skepping van die Gees is, bring ook ’n ander vraag na vore, naamlik wanneer het die kerk begin? Dit is moeilik om te antwoord, omdat dit uit soveel hoeke beantwoord kan word wat elkeen tog ook ’n stuk van die waarheid bevat, naamlik:

1. Die kerk kan gesien word as ’n verlengstuk van Israel. Dit beteken dat die geskiedenis van die kerk reeds begin by die roeping van Abraham, en die geskiedenis van Israel dan ook deel is van die geskiedenis van die kerk.
2. Die roeping van die dissipels, kan gesien word as die begin van die Nuwe Testamentiese kerk.

3. Die uitstorting van die Heilige Gees op Pinksterdag is die geboorte van die Christelike Kerk, soos wat dit vandag bekend.

Die navorsing kies om met die gedagte te identifiseer dat die kerk alreeds in die Ou Testament begin het, maar met die uitstorting van die Heilige Gees, geïntensifiseer was, want die werking van die Gees het 'n kant van die kerk na vore gebring waarsonder die kerk net nie volledig die kerk kan wees nie. Dit wat vroeër geheimenisse was, is met die uitstorting van die Heilige Gees geopenbaar. Gemeentes en Christene leef nou in die bedeling van die kerk wat gevolg het op die gebeure van Pinksterdag. Coenie Burger (1999:156) in sy boek: "In die kragveld van die Gees", beskryf die kerk wat ons nou beleef met dié woorde: "*Die kerk wat ons ken, is nie die kerk van die Ou Testament of selfs die dissipelgemeenskap van Jesus nie. Die kerk is deel van die derde fase van die geskiedenis van die kerk wat op Pinksterdag begin het*". Burger (1999:155) beskou die kerk as die skepping van die Heilige Gees.

Waaroor gaan Pinksterdag? Jesus het Sy dissipels geleer dat Hy hulle gaan verlaat en die rede was omdat die tyd van Sy hemelvaart aangebreek het; die doel waarvoor Hy aarde toe gekom het, is vervul. Dit het die dissipels diep ontstel en toe Jesus hul ontsteltenis sien het Hy aan hulle verduidelik dat hulle nie alleen sal en hoef te wees nie. Hy stuur en laat vir hulle die Heilige Gees agter. Die Gees is God se Gees en sal as Trooster vir hulle daar wees, maar ook as Helper, die Een wat vir hulle sal intree, soos 'n advokaat, hulle saak by God bepleit. God kom woon in en onder die gemeenskap deur die Heilige Gees (Johannes 14).

Dit is deur die werking van die Heilige Gees dat God Sy *nuwe gemeenskap* geskep en gevorm het. In Handeling 2 word beskryf hoe die gemeente gegroei het onder leiding van die Gees. Deur die werking van die Heilige Gees kom mense tot inkeer en word by die *nuwe gemeenskap* of te wel die "*kontras gemeenskap*" gevoeg. Deur die Gees word die gemeente bekragtig, gelei, verlig en vervul met oog op die werk wat hulle in God se naam moet doen. In die bedeling sal die kerk en gelowiges nog meer doen, daarom moet die kerk verstaan word as 'n beweging wat sy oorsprong en krag vind in die werk van God, en die Heilige Gees wat op Pinksterdag begin het.

Die werk van die Heilige Gees kan saamgevat word deur twee woorde, naamlik: *leiding* en *lering*. Die Gees lei die kerk in die magtige teenwoordigheid van God se verlossende heerskappy en die Gees leer die kerk oor hoe om in die heerskappy te leef. 'n Kerk moet daaraan geken word, dat sy *gelei* word deur die Gees in al haar beplanning en bediening in en aan die wêreld en dat sy *geleer* word deur die Gees oor hoe om in die bediening te handel. Dit maak

die kerk as *sosiale gemeenskap* uniek en anders, die kerk moet toelaat dat die Gees haar lei oor hoe om haar bediening in te rig, en hulle te leer wat hulle nodig het om te weet en te doen. Sonder die **leer** en **lei** deur die Gees kan die kerk nie, soos Berkhof (2000:146) sê, die nuwe gemeenskap van God wees nie. Die Heilige Gees moet bepaal hoe ons dink, hoe ons besluite neem en hoe ons, ons inrig as gemeenskap van gelowiges. Deur die Gees word lidmate toegerus met geestelike gawes, wat hulle moet aanwend om God en ander mee te dien. Van Gelder som dit as volg op: “*The Spirit empowers believers within the community to function as channels of grace to one another, resulting in gift-shaped ministry*”.

Burger (1999:157-164) verduidelik vyf riglyne van die wyse waarop die Heilige Gees werk en dit is:

- a. **Kontinuiteit:** Wat altyd op die voorgrond moet wees en in gedagte gehou moet word is dat die werk van die Heilige Gees 'n voortsetting is van die werk van die Here Jesus in die wêreld.
- b. **Kreatiwiteit** (Spiritus Creator): Die Gees is nie net die Gees van Christus nie, maar ook die Skepper Gees. Alreeds in die Ou Testament, Genesis 1, raak dit duidelik dat die aarde geskep word deur die Gees. In die Nuwe Testament sien ons hoe die Gees die weg voorberei vir die koms van die Messias. Deur die werking van die Heilige Gees word Maria swanger en word die Messias gebore. Dit was ook die Heilige Gees wat Jesus later self sodat Hy Sy werk op aarde kan begin.
- c. **Menslikheid:** Die verstaan van die werk van die Heilige Gees gaan daaroor dat die Heilige Gees mense gebruik vir die uitbreiding van die Koningryk hier op aarde. Dit sien ons vanaf Genesis tot by Openbaring. God het nie die mens nodig nie, maar verkies om betrokke te wees in die wêreld deur mense in Sy diens te gebruik. Bosch (1996:36) verwys hier na dissipels om laasgenoemde punt te staaf: “*The disciples are called to be missionaries. Their mission would take the fishers of humans across the lake to the Gentiles, to the people for whom Jesus was to die*”.
- d. **Krag:** In Handeling 2:1-4 staan daar dat die gelowiges krag sal ontvang wanneer die Heilige Gees oor hulle kom. Hierdie krag van die Heilige Gees word duidelik wanneer dit beskryf word met 'n stormwind, die tonge vuur uit die hemel en wanneer die mense op wie die Heilige Gees uitgestort word, in tale begin praat. Die krag van die Gees is so kragtig dat dit daar waar dit werksaam is, deur niemand gekeer kan word nie. Die implikasie is dat God die Gees aan die kerk gegee het, en dat die krag in die lewe van gemeentes moet sigbaar wees. Die kerk moet sensitief wees vir die stem en die werking

van die Heilige Gees. Dit sluit aan by Richard Niebuhr (1999:163) wat gesê het dat enige gedagte om te verander en te vernuwe in die kerk moet begin, nie by nuwe planne en gedagtes van mense nie, maar by 'n diepe luister en naspeur van die werking van die Gees in die wêreld.

- e. **Misterie:** Burger beskryf misterie as die onpeilbaarheid van die werk van die Heilige Gees. Die werk van die Heilige Gees het 'n misterie kant volgens Burger. Dit beteken dat die Heilige Gees en Sy werk nie ten volle gepeil kan word nie. 'n Teologiese student vra op 'n dag vir Prof. Daan Cloete¹⁹, 'n Nuwe Testamentikus, om te verduidelik hoe die Heilige Gees werk. Hy antwoord hom in een woord: “misterieus”, en gaan toe aan met sy klas. Die werking van die Heilige Gees kan nie so vasgevat word deur 'n mens, dat die mens presies kan definieer hoe die Gees werk nie, daar bly 'n kant daarvan wat ons nie sal verstaan nie. In Johannes 3 staan daar :die Gees waai waar Hy wil.

2.3.7 Berkhof onderstreep ook ander metafore

Berkhof (1973:356) in sy boek: “Christeljk Geloof”, gebruik ook verskeie ander metafore om die vraagstuk oor die kerk, te verduidelik. Hy verwys in die *eerste plek* na die kerk as die nuwe gemeenskap: “de nieuwe gemeenschap”, terwyl Barret (2004:74) praat van die “kontras gemeenskap”. Die kerk, redeneer Berkhof, is die verbondsgemeenskap, want die woord: “verbond”, dui op gemeenskap. Gemeenskap is wanneer die enkeling tegelyk aan God en ander mense verbind word. Die verbond met God vorm die kern van Isarel se eenheid. As gevolg van die verbond met God en vanselfsprekend met mekaar, word hulle 'n nuwe gemeenskap, die kontras gemeenskap, wat hulle onderskei van ander volke. Buite om die verbond sou Israel net soos enige ander volk gewees het.

Jesus Christus se koms het die verbond vervolmaak. Die kerk in die Nuwe Testament word gesien en beskou as die ware en gehoorsame Israel, omdat hulle Jesus gekies het as Saligmaker.

Tweedens praat Berkhof van die kerk as 'n instituut (*de kerk als instituut*). Om te kwalifiseer as 'n instituut moet die basis van bestaan gegrond wees op interpersoonlike aktiwiteite. Die uniekheid van die kerk is juis geleë in die karakter van die aktiwiteite en die doel van die aktiwiteite is om die persoon se lewe te vernuwe deur hom, haar of hulle te bring in 'n verhouding met God, Jesus Christus, met mekaar, en die wêreld.

¹⁹ Prof. Daan Cloete, was 'n Nuwe Testamentikus en jare lank Dekaan aan die Fakulteit Teologie, by die Universiteit van Wes-Kaapland.

Die instituut se doel is om deelname aan die verbondsgebeure te bewerk. In die Protestantisme is die aktiwiteite die nagmaal, die doop en die Woord van God. Die aktiwiteite sluit ook onderig in die geloof; godsdienstige gesprekke en die diakonale taak in. Die aktiwiteite word ondersteun deur die sing van liederen, belydenis van sonde en gebed. Om die aktiwiteite te laat gebeur, het jy mense nodig en dit vind plaas deur die *besondere* ampte in die kerk.

Hoe al die aktiwiteite georden moet wees en omskryf word, word dit dan saamgevat in reëls, wat genoem word, die Kerkorde. Dit is dié aktiwiteite wat die kerk as instituut laat konstitueer. Ter opsomming, onderskei Berkhof nege (9) institusionele elemente, naamlik: onderrig, doop, preke, bespreking, nagmaal, diakonaat, eredienste, ampte en die kerkorde. Laasgenoemde is alles deel van die kerk se aktiwiteite en elke aktiwiteit is gebaseer op interpersoonlike verhoudinge.

2.3.8 Samevatting

Die Ou en Nuwe Testament gebruik deurgans metafore om die kerk te beskryf en gebruik juis metafore om die funksie, funksionering en organisering van die kerk te verduidelik. Elke metafoor word ook voorafgegaan deur sekere gebeure en kontekste. Alhoewel verskillend, het elke metafoor 'n waarheidskant wat iets uitbeeld van die kerk. Daarom moet daar gewaak word dat die een nie bo die ander verhef word of verabsoluteer word nie. Die metafore het ten doel dat gemeentes 'n kerkbegrip vorm wat getrou en gehoorsaam aan die Skrif is. Die vraag waarmee klein gemeentes gekonfronteer moet word is vroeë soos: Wat vorm die basis van hulle kerkbegrip, en watter metafoor assosieer hulle mee, want dit bepaal hoe hulle oor hulself dink en hoe hulle, hul rol in die spesifieke konteks gaan verstaan.

Die kleingemeentes van die VGKSA-Vrystaat/Lesotho werk met die metafoor van die Herder en Sy kudde. God is die Herder wat na Sy skape omsien. Hieruit vloei die model, naamlik dat die predikant die herder van die gemeente is en die lidmate daarvolgens die kudde is. Die predikant (herder) onderhou alles en skape volg net. Die metafoor, die liggaam van Christus, is nie deel van kleingemeentes nie.

In die laaste dekades is een van die mees populêre begrippe waarmee die kerk beskryf word, die: “*missionale kerk*”. Darrell Guder (1998:4) gebruik die begrip *missionale kerk* in 1998, waarmee hy nuwe inhoud aan die woord sending gee naamlik: “*We have come to see that mission is not merely an activity of the church. Rather, mission is the result of God’s initiative,*

rooted in God's purposes to restore and heal creation. Describing the purpose of God's action in human history".

Coenie Burger (2017:11)²⁰ beredeneer dat die woord “*missionaal*” na die boek van Darrell Guder in 1998 deel begin word van die woordeskat van die kerk in Suid Afrika.

2.3.9 Die missionale verstaan van die kerk

Die begrip bekend aan die kerk was die woord: “*sending*” wat suiwer vanuit ‘n ekklesiologiese hoek verstaan was, as ‘n reeks van aktiwiteite wat onderneem was deur ‘n aantal gelowiges of individue van ‘n kerk om die evangelie te versprei of noodverligting te kan bied aan behoeftiges. Tim Conder, in sy boek: “*The church in transition*”, noem die individue of groepe gelowiges, die professionele sendelinge. Hiervolgens is die inisieerders van sending, die kerk. Conder beweer dit is nie waarom die begrip: “*missionaal*” gaan nie (2006:168). David Bosch, in sy boek: “*Transforming mission*”, dui aan hoe die begrip “*sending*” sekere eensydige konotasies in die 1950’s gehad het wat vir lank die kerk se begrip van sending ingekleur het. Bosch (1996:1-2) dui in sy argument aan hoe ekklesiologies die begrip verstaan was byvoorbeeld: “*Until the 1950s “mission,” even if not used in a univocal sense, had a fairly circumscribed set of meanings. It referred to (a) the sending of missionaries to a designated territory, (b) the activities undertaken by such missionaries, (c) the geographical area where the missionaries were active, (d) the agency which despatched the missionaries, (e) the non-Christian world or “mission field,” or (f) the center from which the missionaries operated on the “mission field”. In a slightly different context it could also refer to (g) a local congregation without a resident minister and still dependent on the support of an older, established church, or (h) a series of special services intended to deepen or spread the Christian faith, usually in a nominally Christian environment. If we attempt a more specifically theological synopsis of “mission” as the concept has traditionally been used, we note that it has been paraphrased as (a) propagation of the faith, (b) expansion of the reign of God, (c) conversion of the heathen, and (d) the founding of new churches. “dependent on the support of an older, established church, or (h) a series of special services intended to deepen or spread the Christian faith, usually in a nominally Christian environment”.*

’n Voorbeeld van die begrip van die term: “*sending*”, as een van die aktiwiteite van die kerk, kan gesien word in die verhouding van die NGKSA, VGKSA, RCA en NGKA. Die NGKSA

²⁰ Cultivating Missional Change. 2017. Coenie Burger, Frederick Marias, Danie Mouton (Redakteurs).

het as deel van hulle sending aktiwiteite, professionele sendelinge na die genoemde kerke gestuur om hulle as predikante te bedien. Die VGKSA, RCA en NGKA was die sending objekte van die NGKSA. Sending was slegs 'n aktiwiteit en program van die kerk. Conder (2006:168) verwys na die verstaan van die begrip as 'n kompartementalisering van die begrip missionaal. Hy pleit daarvoor dat die begrip nie so gebruik en verstaan moet word nie. Hy maak die volgende oproep oor die begrip: *“Instead, we must begin to think of mission as the posture of persons seeking to perpetually participate in God’s work”*.

Die kerk het met 'n ekklesiologiese begrip van sending gewerk en nie met 'n Teosentriese missionale ekklesiologie nie. Guder (1998:4) onderskei dit as volg: *“This ecclesiocentric understanding of mission has been replaced during this century by a profoundly theocentric reconceptualization of christian mission. We have come to see that mission is not merely an activity of the church. Rather mission is the result of God’s initiative, rooted in God’s purposes to restore and heal creation”*. Graig van Gelder (2000:31) stel voor dat daar eerder gepraat moet word van 'n missionale ekklesiologie. Dit dui daarop dat die kerk bestaan om deel te neem aan God se sending (*missio dei*) in die wêreld.

Hendriks (2001:76) onderstreep dit in sy artikel: *“Doing missional Theology in Africa”*, wanneer hy oor die kerk praat: *“The identity of the church is missional in its very nature”*. Hiermee skaar Hendriks hom by die Teosentriese begrip van die term missionaal. In een sin verduidelik en sê dit alles oor wie en wat die kerk is en dui onmiddellik ook op haar funksie in die wêreld. Een van die grootste redes waarom klein plattelandse gemeentes minimum tot geen impak maak in die lewe van die gemeente lede self en ook in hul onmiddellike eksterne omgewing nie, het grootliks te doen met 'n na binnegerigte en ekklesiologiese verstaan van kerkwees.

In die lig van bogenoemde begrip van kerkwees, draai kerkwees vir die klein plattelandse gemeentes rondom die instandhouding van die gebou vir aanbidding, doop van kinders, nagmaal, die sing van liedere, fondsinsameling en bywoning van eredienste. In die paradigma kon lidmate, wanneer hulle iets wou doen, inskakel deur onder andere sondegskool of senior katekese te ontdoen, in die koor te sing en as hulle baie getroue lidmate is, op die kerkrade te dien en al die vrouens moes in die vrouedienste dien. Daar was in die instandhoudings paradigma geen plek vir ander bedieninge nie, die kerk het gelowiges se betrokkenheid bepaal volgens 'n lys van bedieninge. Hendriks (1992:17) beskryf dit as 'n eenrigting-kommunikasie (monologies) wat van die altaar of preekstoel oorheers.

Die jongmense kon die jeugbyeenkomste bywoon of die sondegskoolkinders onderrig as hulle belydenis van geloof afgelê het. Elke groep was in sy of haar eie bedienings kompartement, soos wat die struktuur dit ordelik uitgewerk het. Dit was die profiel en verstaan van wat 'n goeie kerk is, en om alles te vervolmaak moet daar net gepoog word om 'n predikant aan te stel. Dan kon daar maar, ook indien daar geld is, 'n barmhartigheidsprojek aangepak word. Die rol van die predikant was om die sisteem te onderhou en dit wat reeds gevestig was, moes net verbeter word. In die sisteem was daar geen verwagting van die predikant om met enige iets nuuts vorendag te kom nie. Hy moes die Woord en sakramente bedien, huisbesoek doen en troues en begrafnisse waarneem (Kerkorde Bepaling 16:26).²¹

Hiervolgens was verwag dat die predikant daar moes wees vir die lidmate van die kerk ten tye van siektes en krisis. In die begrip van kerkwees gaan dit oor die rol van die predikant wat alles moet doen en die lidmate het slegs 'n minimale betrokkenheid gehad. Die konsep om diensbaar te wees en met gawes te dien, is heeltemaal onder beklemtoon in die begrip van kerkwees. Met mag van bo, gesentreer in die absolute minderheid, het leiers gepoog om die kerk aan die gang te hou. Die groei met nuwe dopelinge en lidmate uit ander gemeentes en huwelike was die enigste groei en dit het ook nie veel saak gemaak nie. Volgens dié begrip van kerkwees is mense na-binne gerig en gaan dit oor hulle en hulle geestelike begeertes en behoeftes wat bevredig moet word. Dit is 'n instandhouding siening oor die kerk. Alan Hirsch (2006:15) in sy boek: *“The Forgotten Ways”*, opponeer die begrip van kerkwees en formuleer die begrip as volg: *“A church which pitches its tents without constantly looking out for new horizons, which does not continually strike camp, is being untrue to its calling. We must play down our longing for certainty, except what is risky, and live by improvisation and experiment.”*

Hendriks ondersteun Hirsch se beskrywing van die missionale karakter van die kerk. Hendriks argumenteer sterk daarteen dat die genoemde paradigma ook die agteruitgang van gemeentes op baie vlakke bevorder: *“In many Western countries, as well as in African First World communities such as South Africa, there is a growing consensus, especially in mainline denominations, that the church is becoming increasingly marginalized. The crisis is exceedingly complex* (Hendriks, 1995:35-58, Buchanan & Hendriks, 1995:17-32; Froese & Hendriks, 1999:1-130)”. Hendriks (1998:2) gaan verder deur te sê: *“diminishing numbers, clergy burnout, the loss of youth, the end of denominational loyalty, biblical illiteracy, divisions in the ranks, the electronic church and its various corruptions, the irrelevance of traditional*

²¹ Bepaling 16 kom voor in die kerkorde van die Verenigende Gereformeerde kerk in Suider-Afrika, 2018. Dit handel oor die amppligte van die bedienaar van die Woord.

forms of worship, the loss of genuine spirituality, the widespread confusion about both the purpose and the message of the church of Jesus Christ”.

Kenneth Halstead (1998:2), beskryf in sy boek: “*From stuck to unstuck*”, gemeentes wat so funksioneer as vasgeloopte gemeentes. Halstead beskryf die simptome van vasgelooptheid as volg:

1. Konflik en blaamverskuiwing wat herhalend plaasvind.
2. Afwesigheid van ouer jongmense en jong volwassenes van eredienste en ander programme.
3. Onvermoë om nuwe lidmate van verskillende agtergronde te integreer en betrek by die bediening.
4. Afname in leierskap, erediensbywoning en gee van offergawes.
5. Tekort aan ‘n duidelike sin van visie, missie en self-definisie van die kerk.
6. ‘n Onvermoë om ‘n wye spektrum van ouderdomme, temperamente en rasse, etniese en sosio-ekonomiese groepe effektief in te sluit en te bedien.
7. Instandhouding van geboue en fondsinsameling neem baie tyd en energie in beslag.
8. Aanhoudende vergelyking met hoe dinge was en pogings om die verlede weer te laat herleef.
9. Vasklou aan tradisies en metodes wat nie meer werk nie.
10. Tekort aan belangstelling in volwasse onderrig, veral in die Christelike lewe en teologies-gefundeerde vaardighede.

Daar heers ‘n sterk argument dat as die kerk en gemeentes weer hulle missionale roeping herontdek, en in die woorde van Patrick Kiefert (2006:30) besef dat God hulle (gemeentes) stuur, daar ‘n nuwe dinamika en momentum sal loskom wat sal veroorsaak dat die kerk weer sal herleef en ‘n lewensveranderende impak sal maak. Dit bly die voorreg van die kerk om deel te wees en te mag deelneem aan God se missie in die wêreld. Gemeentes is die instrument wat God wil gebruik vir Sy missie in en na die wêreld. Die World Council of Churches kom in 1982 tot die volgende gevolgtrekking: “*A vital instrument for the fulfillment of the missionary vocation of the Church is the local congregation*”²² (Guder 2000:145).

Dit is duidelik dat as die kerk nie ‘n paradigma skuif maak van ‘n instandhoudende na ‘n missionale gemeente nie, gemeentes in hulleself sal sterf en vasval (stuck congregations). Die kerk wat haar missionale identiteit herontdek en dit leef, is ‘n groeiende kerk. Malan Nel

²² World Council of Churches, *Mission and Evangelism: An Ecumenical Affirmation* (Geneva, 1982).

(2015:27) onderstreep die belangrikheid van die paradigma skuif: *“Developing a missional local church is not only vaguely linked to the purpose of a local congregation’s existence, it serves God’s plan for His church on earth, as a whole”*. Die vraag is natuurlik, Wat beteken die begrip: *“missionale kerk?”*

2.3.10 Missionaal

Die konsep *“missionaal”*, het in die verlede verwys na groepe en gemeentes wat na ander gebiede of lande uitreik om genoemde groepe of gebiede te evangeliseer. Verkuyl kritiseer die manier hoe die woord gebruik was en redeneer dat dit sterk antroposentriese en ekklesiosentriese taalgebruik was, soos *ons sending, ons sending area, die sending sentrum, die sending operasie*, ens. Dit was eers heelwat later dat die kerk gevorder en verstaan het dat die term *Missio Dei* dui op God se sending, en nie die kerk s’n nie. Dit is toe dat die antroposentriese en ekklesiosentriese taalgebruik ten opsigte van die term verander het. Dit was vir Verkuyl (1978:3) verblydend toe hy op die 1952 Willingen conference die woorde hoor: *“the missionary movement of which we are a part has its source in the triune God Himself”*. Dit was toe dat hy hom kon vereenselwig om die inhoud van die term te verstaan, naamlik dat God die Vader, Sy Seun gestuur het, en die Seun is die Gestuurde en Stuurder, God en die Seun stuur die Heilige Gees en die Heilige Gees stuur die gemeentes. Daarom definieer Verkuyl (1978:5) missiologie as volg: *“Missiology is the study of the salvation activities of the Father, Son and Holy Spirit throughout the world geared toward bringing the Kingdom of God into existence”*.

Verkuyl was in sy hele benadering gekant teen antroposentriese en ekklesiosentriese begrip van die term *Missio Dei*. Die missie van God kon nooit die taak wees van ’n groepie of faksie in die kerk nie. Bosch (1996:10) definieer *Missio Dei* as volg: *“the Missio Dei (God’s mission), that is, God’s self-revelation as the One who loves the world, God’s involvement in and with the world, the nature and activity of God, which embraces both the church and the world, and in which the church is privileged to participate. Missio Dei enunciates the good news that God is a God-for-people”*.

Guder verwys hoe die kerke in Noord Amerika nog die antroposentriese en ekklesiosentriese begrip van die term gehad het. Die kerke in Noord Amerika het onder andere agente gestig om die sending taak uit te voer. Die aksies het toe bekend geword as wêreld sending en het geassosieer met begrippe soos wêreld evangelisasie, kerkplanting en kruis-kulturele bediening.

Ander Noord Amerikaanse kerke het weer “*home missions*” gedoen waarmee woorde soos herlewing, veldtogte (crusades), asook evangelisasie programme, geassosieer was. Dit was in baie gevalle ’n taak wat gedelegeer is na ’n afdeling van die kerk. Laasgenoemde beskryf Bosch (1996:10) as: “*the missiones ecclesiae-the missionary ventures of the church*”. Darrell Guder (1998:82) onderstreep laasgenoemde met die woorde: “*Mission is not something the church does, a part of its total program. No, the church’s essence is missional, for the calling and sending action of God forms its identity. Mission is founded on the mission of God in the world, rather than the church’s effort to extend itself*”. Guder (2017:62) plaas die woord missionaal in perspektief wanneer hy die volgende stelling maak oor die missoanle visie van ‘n kerk:” *Wherever a community confesses that it has been gathered by God’s Spirit to serve God’s healing purposes in a particular place; wherever that Spirit is working in its gathered life to equip its members for their witnessing vocation; and wherever that membership enters the world as such sent witnesses, the missional vision of the church is becoming a reality*”.

2.3.11 Missionaal: ’n Nuwe verstaan

’n Nuwe begrip en definisie van die begrip missionaal het tot die gesprek toegetree. Jerry Pillay lig die volgende uit: “*the rise of the missional church is the single biggest development in Christianity since the Reformation*”. Pillay (2015:1)²³ meen dat die missionale ontwakking ’n groot impak op die kerk het: “*it is changing the way the people of God think about God and the world, about what God is up to in the world and what part the people of God play in it*”.

Patrick Keifert (2006:15) beskryf die era, as die nuwe era van gestuur-wees. ’n Era waar die begrip missionaal verstaan word vanuit die missionale karakter van God, Drie-Enig (*missio Dei Trinitatis*). God is missionaal in Sy karakter en daarom behoort die kerk missionaal wees. Van Gelder (2000:31) beklemtoon laasgenoemde in sy bekende woorde: “*...the church as the people of God in the world, is inherently a missionary church. It is to participate fully in the Son’s redemptive work as the Spirit creates, leads, and teaches the church to live as the distinctive people of God*”. Hiervolgens is missionaal nie ’n funksie nie, maar inherent deel van die karakter van die kerk.

²³ Jerry Pillay het ’n artikel geskryf in die boek: “*Cultivating Missional Change*”. Die artikel is getitel: “*The Missional Renaissance*. (2017:20)”.

Onder die begrip die kerk as gestuurdes van God, word verstaan dat God die kerk roep en stuur om deel te wees van Sy transformerende missie met die mensdom en die wêreld. Bosch (1991:392) som dit so op:

“... it cannot be denied that the Missio Dei notion has helped to articulate the conviction that neither the church nor any other human agent can ever be considered the author and bearer of mission. Mission is, primarily and ultimately, the work of the Triune God, Creator, Redeemer, and Sanctifier, for the sake of the world, a ministry in which the church is privileged to participate. Mission has its origin in the heart of God. God is a fountain of sending love. This is the deepest source of mission. It is impossible to penetrate deeper still; there is mission because God loves people”.

In die roeping sal die kerk self deur God se missie verander word en dan uitgestuur word om deel te neem aan God se werk in die wêreld. Alan Hirsch (2006:127) gebruik die woord missionale inkarnasie om God se sending in die wêreld mee te beskryf: *“When we talk of the Incarnation with a capital ‘I’ we refer to that act of sublime love and humility whereby God takes it upon himself to enter into the depths of our world, our life, our reality in order that the redemption and consequent union between God and humanity may be brought about. This ‘enfleshing’ of God is so radical and total that it qualifies all subsequent act of God in His world”.*

Die kerk is gestuur en missionaal omdat God, Drie-Enig missionaal is. Hieroor skryf Piet Meiring (2022:110)²⁴ aangrypend: *“the mission does not belong to individuals, rulers, missionary orders and organisations, it does not even belong to the church. Mission belongs to God! The true God, Father, Son and Holy Spirit is the real, and first Missionary”.* God het Sy Seun, Jesus Christus na die wêreld gestuur om die wêreld te verlos, en God het die Heilige Gees met hemelvaart na die mens, in die wêreld in gestuur as die Trooster. Die Heilige Gees stuur die gemeente, wat God se instrument is, na die wêreld toe. Hendriks (2001:78) argumenteer die kerk se missionale karakter vanuit die leer van die Drie-Eenheid as volg: *“Thus we view theology as sharing in the Missio Dei. God the Father sent his Son; the Father and the Son sent the Spirit; and the Spirit empowers the faith community to bring God’s good news, the Gospel, to the world. The theological core of this approach emphasizes that God, gracefully, mercifully, came to this world to take the initiative in renewing the world. His Son laid the foundation of this re-creation. The blood of the Lamb cleanses us and He gives us a*

²⁴ Piet Meiring skryf Hoofstuk 6 in die boek: “Mission the labour room of theology”, Johannes Knoetze (redakteur).

new heart and a new Spirit (Jer 31:31-34, Ez 36:22-32). He does this for the sake of his holy name (Ez 36:22,23). It is God's mission and we are fortunate to be called to be "a people called," called to be "a holy nation, the "body of Christ," to proclaim the good news of forgiveness, reconciliation and recreation".

’n Missionale kerk weet dat hulle kerk is as gevolg van God se sending in die wêreld. God Drie-Enig is die primêre hoofrolspeler, sonder en buite Hom, kan geen kerk missionaal en gestuur wees nie.

Darell Guder (2000:28), in sy missionale ekklesiologie vra aangrypende vrae oor die missie van God naamlik: Wat is die intensie van God se missie? Wat is die inhoud van God se missie? Wat motiveer God se missie? Die antwoorde op genoemde vrae gee inhoud aan die missionale karakter van die kerk. Guder²⁵ reageer hierop deur te sê dat God se missie in die wêreld, die Goeie Nuus is. Dit is nie negatiewe nuus van verwoesting nie, maar dit is goeie nuus van hoop. Die fundamentele sekerheid van die Bybelse geloof is dat die goeie nuus oor God is. In 1 Tessalonisense 2:8-9, verwys Paulus daarna dat hulle die *evangelie van God* aan die gemeente verkondig het. Die evangelie aangaande God, is Sy goedheid en dat Hy getrou is. Dit kan gesien word op die manier hoe God betrokke is in die geskiedenis van die mensdom. Hier kan veral vermeld word aangaande die historiese pad wat God met Israel geloop het. God sien die pyn en ellende van Israel en bevry hulle uit hulle nood en pyn. Hy verwerp hulle nie wanneer hulle sondig nie en sorg vir hulle in die woestyn, en so openbaar Hy Hom telkens as die Goeie Nuus. Hy is liefdevol betrokke by die geskiedenis van die mens en die mens behoort in liefde te reageer op God se liefde en goedheid.

Die motivering van die missie van God volgens Guder, is geleë in Sy medelye (compassion). God wil die rebelse skepping red. Daarom word God telkens openbaar as die God wat medelye het met die armes, die verdruktes, die swakkes en uitgeworpendes. Die Belydenis van Belhar²⁶, bely ook dat God op ’n besondere wyse die God van die noodlydendes, die armes en die verontregtes is (1984:9,60). In Psalm 68:4-7, word God geprys as die Vader van die weeskinders en die Beskermer van die reg van die weduwees, die God van die eensames en die gevangenis. Die volk Israel se kiesing as God se volks was ook ’n handeling van God uit genades want deur hulle moes die wêreld gered word. Dit was God se missionale intensie dat die wêreld deur die volk geseën moes word (Guder, 2000:32).

²⁵ The Continuing Conversion of the Church. 2000. Darrell Guder.

²⁶ Die Belydenis van Belhar was geskryf deur die Nederduits Gereformeerde Sending Kerk in Suid-Afrika (1982).

In die Nuwe Testament word Jesus, God se enigste Seun na die wêreld gestuur omdat God die wêreld liefhet en hulle nie wou sien verlore gaan nie (Joh 3:16). Guder (2000:33) redeneer verder dat Jesus se koms na die aarde 'n handeling was van God se genade en barmhartigheid. Jesus het op Sy beurt voortdurend die dissipels geleer hoe om Hom te volg deur met barmhartigheid uit te reik na die gemarginaliseerdes van die samelewing, die verwerptes, die onreines, die armes, die gevangenis, en die siekes. Dit opsigself sou nooit die einddoel van God se missie wees nie, die hart van God se missie na die wêreld lê op 'n dieper vlak.

Die hart van die Goeie Nuus van God se sending gaan oor die koms van die koninkryk. Die tema oor die koms van die koninkryk is waarmee Jesus Sy sending op aarde begin. In Lukas 4:43 sê Jesus: *“Ek moet ook aan die ander dorpe die evangelie van die koninkryk van God verkondig want daarvoor het Ek gekom”*. Die wêreld moet gereed maak en wees vir die koms van die koninkryk. Mense kan dit aanvaar en die koninkryk binnegaan of het die keuse om dit te verwerp en uitgesluit bly. God se missionale intensie is dat almal op Sy barmhartigheid, liefde en genade moet reageer met die uitsluitlike doel om die koninkryk binne te gaan. Indien 'n kerk en gemeentes hulle missionale roeping wil uitleef, is daar egter sekere uitdagings waarmee hulle gekonfronteer sal word (2000:36).

Nelus Niemandt, in sy denke oor die vraag na wat 'n missionale kerk is, vat dit goed saam in die onderstaande diagram (2013:34):



Figuur 2.1: Beskrywing van die missionale kerk

2.3.12 Missionale uitdagings:

Die missionale ontwakking gaan gepaard met uitdagings aan die kerk. Lois Barrett (2004:74) gebruik die woord ‘risiko’s’: *“The missional church is learning to take risks for the sake of the gospel. It understands itself as different from the world because of its participation in the life, death and resurrection of its Lord. It is raising questions, often threatening, about the church’s cultural captivity and grappling with the ethical and structural implications of its missional vocation”*.

Die grootste en belangrikste uitdaging waarmee gemeentes, wat hulle missionale roeping wil uiteleef gekonfronteer sal word, is die uitdaging om self verander te word en aanpassings te maak. Dit impliseer dat geen gemeente daarin sal slaag om haar missionale roeping te kan uiteleef indien daar nie die bereidheid is om verander te word nie. Inderdaad, soos Guder (2000:146) sê: *“When the Gospel is translated into a particular culture, then that culture’s patterns of human relationships are used in the formation of local churches”*.

Die heersende denke oor die eeue heen is dat die kerk reg en volmaak is en nie enige veranderinge nodig het nie; wie dit nodig het is die wêreld, want laasgenoemde is sondig, die kerk daarenteen is heilig. As Jesus deur die werking van die Heilige Gees inbraak maak in die geskiedenis van die mens, het niemand ooit dieselfde gebly nie, so ook nie die kerk nie. Die uitdaging is dat gemeentes hulle hiervoor moet oopstel. Guder (2000:73) beskryf laasgenoemde as volg: *“Mission is to be a continuing process of translation and witness, whereby the evangelist and the mission community will discover again and again that they will be confronted by the gospel as it is translated, heard, and responded to, and will thus experience ongoing conversion while serving as witness”*.

Dit is krities belangrik dat die kerk wat hulle missionale identiteit wil herontdek, hulle motiewe moet ondersoek. Verkuyl (1978:164-168) onderskei die volgende motiewe, wat hy noem die suiwer motiewe vir sending, naamlik: Gehoorsaamheids Motief; Doksologiese Motief, Eskatologiese Motief, Haas “haste” Motief, asook Persoonlike Motief.

2.4 GEHOORSAAMHEIDS MOTIEF

Gehoorsaamheid is een van die sentrale begrippe in die Bybel. Die motief en rede waarom enige geloofsgemeenskap missionaal betrokke moet raak, wees en bly, is vanuit hulle gehoorsaamheid aan die missionale God wat stuur. Gehoorsaamheid kan slegs gebeur as geloofsgemeenskappe voortdurend onderskei wat God se wil is. Hendriks (2004:30) beskryf

onderskeiding as volg: “*Discernment is a process in which the faith community depends on the Holy Spirit’s initiative to lead the community to discover God’s will in order to participate in God’s missional praxis*”.

2.5 DOKSOLOGIESE MOTIEF

Regdeur die Nuwe Testament was die rede waarom kerke en individue betrokke geraak het by die *Missio Dei*, om God te prys en daardeur aan Hom die eer te bring. In Fil 2:11 staan daar: “...en elke tong sou erken dat Jesus Here is, tot eer van die Vader”. Die Deo Gloria behoort die rede te wees vir die kerk se deelname aan die *Missio Dei*. Dit gaan nie oor die ekklesia nie, maar oor God. Dit is dan ook juis die doksologie wat die kerk inspireer om deel te neem aan die *Missio Dei*. Meiring (2022:113)²⁷ beklemtoon die motief: “*The focus of the church is on the triune God. The essence of a missional church is doxology-to worship God. The church knows and loves God as Father, Son and Holy Spirit, and its primary focus is to share in God’s mission*”.

2.6 ESKATOLOGIESE MOTIEF

Die Koningryk van God is die hoogste motief in die *Missio Dei*. Meiring (2022:113) beskryf die motief in die volgende woorde: “*The church may never back down on its calling. It is participating in God’s work till the end of time. The church is an expecting community sharing a message of hope in a world full of despair, preparing the world for the final triumph of God. It has to be a sign of God’s Kingdom, affording the world a foretaste of God’s healing sovereignty*”. Jesus se eerste preek was onder die tema: “Bekeer julle want die koningryk van God het naby gekom (Matt 3:2)”, ’n aangrypende tema waarmee Jesus Sy bediening op aarde begin het. Wanneer Jesus die dissipels die Onse Vader gebed leer, gebruik Hy die woorde: “laat U Koningryk kom (Matt 6:10)”. Die Koningryk is waaroor kerkwees gaan en die kern van die *Missio Dei*. Die koningryk moet uitgebrei word en die wêreld moet juis deur die kerk ’n voorsmaak van die koningryk van God, *die reeds maar nog nie*, kry. God roep die kerk om deel te wees van Sy missie om juis die wêreld voor te berei vir die koms van die koningryk. Verkuyl (1978:167) onderstreep dit deur te sê: “*...any church which does not eagerly long for the kingdom and for the fullness of the heathen, to come into it, is no longer a church; it has*

²⁷ Mission the labour room of theology. Johannes Knoetze (Redakteur).

become an exclusive club. Churches on every continent must begin to feel the throbbing desire to gather all people under one Head, Jesus Christ, the only rightful owner of human lives”.

2.7 HAAS “HASTE” MOTIEF

Tyd is ’n gawe van God en die mens se leeftyd op aarde is maar min. Daarom moet die mens nie tyd mors nie, maar eerder hul tyd wys gebruik in diens van God. Die boodskap van God se verlossing moet met haas verkondig word, die kerk moet die boodskap uitkry na die wêreld. In Lukas 10:4: “Moenie ’n beurs of reissak of skoene saamdra nie, en moenie langs die pad met groetery tyd verkwis nie”. In Lukas 10:3, dui die imperatief, **gaan nou**, daarop dat die evangelie aan die wêreld ’n saak van dringendheid is wat met spoed hanteer moet word. Meiring (2022:113) lê ’n sterk beklemtoning op die dringendheid: “*The church has to incarnate the gospel. The church transforms the community and brings about change. Through the power of the Holy Spirit and the gospel message, the church changes the community and in return the church is changed by the community*”. God gee steeds tyd aan die kerk om deel te neem aan die *Missio Dei*, en die kerk moet elke geleentheid gebruik terwyl daar nog tyd is. Die motief behoort ook ’n dryfveer te wees vir die kerk en haar deelname aan die *Missio Dei*.

2.8 PERSOONLIKE MOTIEF

Paulus verduidelik wat die waarde vir hom persoonlik is in die uitlewing van sy missionale gestuurdheid, naamlik: “Dit alles doen ek terwille van die evangelie, sodat ek aan die vrug daarvan deel kan hê (1 Kor 9:23)”. Dit bly die wonderlike voorreg van die kerk dat dit deel in die vrug van die sending en die vrug van die evangelie is die bekering van die ongelowiges in die wêreld.

Tenslotte: Hierdie motiewe behoort die redes te wees waarom die kerk deelneem aan die *Missio Dei*. Dit gaan nooit in die *Missio Dei* oor die “ons faktor”, nie. Die kerk word uitgedaag om haarself te stroop van selfsugtige motiewe, omdat missionaliteit oor God en Sy eer gaan. Hieroor redeneer Meiring (2022:113) as volg: “*The church practices a kenotic existence, emptying itself, giving itself up totally. The church moves to the ends of the earth, to places and networks where the gospel has not been heard, often into dangerous situations, where a heavy price may be asked*”.

Die sigbaarheid van die motiewe is te sien aan sekere patrone in die kerk se karakter en praktyk. In gemeentes kan hierdie missionale karakter van die kerk gesien word aan die aanwesigheid van sekere patrone.

2.8.1 Patrone in 'n missionale kerk

Lois Barrett (2004:74) identifiseer agt (8) patrone waaraan 'n missionale (gestuurde) gemeente erken kan word.

2.8.1.1 *Patroon 1: Om die gestuurde roeping te onderskei*

Hoe roep en stuur God 'n gemeente? 'n Gestuurde gemeente ken haar roeping en weet hoekom God haar in die lewe geroep het. 'n Gestuurde gemeente weet wat die take is wat God aan haar gegee het. Guder (1998:77) meen dat die kerk geroep en gestuur is om die heerskappy van God te verteenwoordig. Gestuurde roeping is nie net 'n jaarlikse plan van aksie nie, maar word oor baie jare uitgeleef, met ander woorde dit is 'n *spontane leefstyl*.

Die patroon van gestuurde roeping gaan verder as die onderskeiding van individuele gawes, dit strek wyer na die onderskeiding van die gemeente as 'n geheel. Hoe het God dié gemeente spesifiek met gawes toegerus? Hoe wil God hê moet die gemeente haar gawes gebruik?

Gemeentes wat hulle gestuurde roeping ken, spandeer baie tyd aan **onderskeiding**. Hendriks (2004:30) sluit hierby aan in sy definisie oor Teologie en stel dit as volg: “*We find our mission in life and death by taking part in the praxis of our Father. In order to discern what He wants us to do at a specific time and place requires spiritual discipline*”. Onderskeiding behels die volgende:

- Tyd. 'n Proses van onderskeiding mag maande neem – en voortduur soos die gemeente meer van haar gestuurde roeping begin verstaan.
- Gebed. Onderskeiding vra dat gemeentes na God luister en met Hom praat. Die gemeente bid met 'n ingesteldheid van oopheid vir wat God ook al van hulle vra. In gebed vra die gemeente dat God se wil deur hulle sal geskied. Frederick Marias (2017:372), in die boek: “*Cultivating missional change*”, beklemtoon die feit dat ‘n missionale gemeente een is wat na God luister: “*A missional church is a discerning fellowship that seeks to discover the presence and actions of the faithful and surprising free an sovereign presence of God*”.

- Bespreking. Onderskeiding vra dat daar van ander gemeentelide geleer word en ook om te toets of dit wat een persoon van God kon gehoor het, wel God se Gees is.
- Verstaan: Onderskeiding vra om die gemeente se konteks te verstaan – in die buurt, stad, nasie, etniese groep, ensovoorts.
- Aksie. Die gemeente kan die aksies uitvoer wat deur haar gestuurde roeping geïmpliseer word. Nadat daar volgens die gestuurde roeping gehandel is, mag die gemeente meer oor hulle roeping verstaan.

Graham Cray (2017:407) in die boek: *“Cultivating Missional Change”*, beskryf die proses van onderskeiding as die sleutel vir die vestiging van missionale kerke. Hy verwys na die belangrikheid van die dissipline van onderskeiding: *“Our doctrine of the Holy Spirit requires that we wait, listen, and respond to the Holy Spirit’s promptings”* (Cray, 2017:408). Cray argumenteer dat in die lig van bogenoemde, is onderskeiding die primêre kapasiteit wat nodig is om missionale gemeentes te vestig.

Gemeentes wat hulle gestuurde roeping ken, besluit wat om te doen en wat om nie te doen nie, gebaseer op hulle gestuurde roeping. Die ontdekking van ’n gestuurde roeping vermeerder nie noodwendig die aktiwiteite van die gemeente nie. Sommige nuwe aktiwiteite mag bykom en sommige ou aktiwiteite mag gestaak word. Al die aktiwiteite van die gemeente moet in die lig van haar gestuurde roeping geëvalueer word.

’n Gestuurde roeping kan baie eenvoudige gestel word. Hier volg voorbeelde daarvan:

- Holy Ghost Full Gospel Baptist Church in Detroit, Michigan, verstaan hulle werk as “om almal lief te hê”.
- Transfiguration Roman Catholic Parish in Brooklyn, New York, stel hulle gestuurde roeping as volg: “to be present with Christ in the Eucharist, and present with the poorest of the poor.”
- Spring Garden Baptist Kerk, York, Ontario, verstaan hulle roeping as “presenting and representing Christ in the city”.
- Boulder Mennonite Kerk in Colorado is gevorm rondom ’n bediening van vrede en versoening, beide plaaslik en globaal.

’n Gestuurde gemeente ontdek as ’n gemeenskap saam haar gestuurde roeping. Hulle herdefinieer “sukses” in terme van getrouheid aan God se roeping en sending. ’n Gestuurde gemeente wil God se spesifieke gestuurde roeping onderskei vir die hele gemeenskap en vir al

haar lede. Dons Kritzinger (2022:130)²⁸ redeneer dat die *Missio Dei* in 'n bepaalde plek plaasvind en daarom meen hy dat 'n deeglike kontekstuele analise 'n goeie vertrekpunt is wat 'n indikator mag wees na wie toe en waarheen die gemeente gestuur word. Dons beveel aan dat die volgende vyf dimensies by die analise ingesluit moet word om sodoende 'n holistiese insig te verkry, naamlik: Godsdienstige dimensie; sosiale dimensie; omgewings dimensie; ekonomiese dimensie; en politieke dimensie.

2.8.1.2 *Patroon 2: Bybelse vorming en dissipelskap*

Die gestuurde gemeente is 'n gemeenskap waar al die lede daarby betrokke is om te leer wat dit beteken om dissipels van Jesus Christus te wees. Meiring (2022:125) voer aan dat die vorming van dissipels die kerk se missionale mandaat is: *“Planting His church, is what Jesus did. And following our missional mandate, that is what is required of us: gathering new believers into the fellowship of disciples”*. Frederick Marias (2017:375)²⁹ beskryf missionale formasie as deelnemend van aard: *“The missional understanding of discipleship is to participate in the life-giving mission of the triune God, the Missio Dei. The triune God is the subject of the mission and not us. We are invited to join the mission of God and not the other way round”*.

Die Bybel is noodsaaklik in die onderskeidingsproses, want die gestuurde gemeente neem die Bybel as normatief vir haar lewe en getuienis. Hendriks (2004:30) bespreek die onderskeidingsproses breedvoerig onder die tema: *“Theology is about discernment”*. Daarin beskryf hy die onderskeidingsproses as volg: *“The solution to faith communities’ questions about how to participate in God’s missional praxis is a critical, constructive dialogue or correlation between their interpretations of the realities of the global and local context and the faith resources at their disposal”*.

Hy beskryf die proses as 'n twee-dimensionele eksegeese van die wêreld aan die een kant en die Woord aan die anderkant, wat as geloofsgemeenskap swaar leun op die teenwoordigheid en leiding van God. Fowler (2004:30) noem die proses: *“a fusion of two horizons”, where the interpreted social reality and the interpreted Christian normative sources meet, in order to provide vision and guidance for an anticipated future*. Sonder 'n proses van onderskeiding is dit net eenvoudig onmoontlik vir 'n kerk om God se wil te ken, want onderskeiding is waar God

²⁸ Mission the labour room of theology. 2022. Johannes Knoetze (Redakteur).

²⁹ Cultivating Missional Change. 2017. Coenie Burger, Frederick Marias, Danie Mouton (Redakteurs)

se storie die mens se storie ontmoet en konformeer. Nelus Niemandt (2013:73) is van mening dat ware volgelinge van Jesus Christus aandag gee aan die twee vrae, naamlik: Wat is God besig om te doen in Sy wêreld en wat wil God doen in Sy wêreld. Niemandt verduidelik dat die twee vrae beteken om in die Woord te wandel en in die wêreld te wandel.

Dissipelskap beteken om Jesus te volg. Gedurende Jesus Christus se bediening op aarde was Jesus fisies teenwoordig om sy dissipels te onderrig, lei en te vorm. Gelowiges ervaar nie net Jesus se teenwoordigheid deur die Gees nie, maar het ook die geskrewe getuienis van die eerste dissipels in die vorm van die Bybel. Die getuienis soos dit in die Woord opgeteken staan, hou steeds aan om Jesus se dissipels te onderrig, lei en te vorm. Alan Hirsch (2006:102) dui aan dat dissipel vorming die kern van die kerk se roeping is in die volgende woorde: *“The church exists for no other purpose. If the church is not doing this, all the cathedrals, clergy, missions, sermons, even the Bible are a waste of time”*.

Hirsch bespreek verder die belangrikheid van die kweek van dissipels en maak die aanname dat die kweek van goeie getroue dissipels die kwaliteit van ‘n kerk se leierskap bepaal. Sy aanname is dat as ‘n kerk swak gehalte dissipels kweek, gaan die kerk swak leierskap hê: *“the quality of the church’s leadership is directly proportional to the quality of discipleship. If we fail in the area of making disciples, we should not be surprised if we fail in the area of leadership development. Discipleship is primary, leadership is always secondary”* (Hirsch, 2006:119). Dit is duidelik dat ‘n missionale kerk eers oor dissipelskap praat voordat hulle oor leierskap praat.

Christene het opleiding nodig. Gestuurde gemeentes neem nie aan dat enige iemand outomaties weet hoe om ‘n Christen te wees nie. Niemand weet outomaties hoe dinge in God se heerskappy gedoen word nie. Om ‘n burger van God se heerskappy te word, vereis ‘n proses van naturalisering, asook om ‘n nuwe woordeskat en praktyke aan te leer. Gestuurde gemeentes lei bekeerlinge op deur een of ander vorm van kategetiese. Hulle hou aan om nuwe Christene ná hulle doop op te lei. Hulle neem aan dat alle Christene kan aanhou om in dissipelskap te groei. Niemand is ooit “klaar” geleer hoe oor om Jesus te volg nie. Marias (2017:375) onderstreep dat dissipelsskap ‘n vormingsproses is wat lewenslank duur: *“Missional formation is a lifelong process of intentional discernment and submission to Christ our King”*.

Gestuurde vorming kan deur Bybelstudie plaasvind. Nie alle Bybelstudie is gestuurde vorming nie. Mense kan die Skrif benader met ‘n houding wat vra: “Wat is daarin vir my?”, eerder as om te kyk hoe die Bybel ons as individue en as gemeente kan verander en omskep.

Niemandt (2013:74) verwys hierna as om te wandel in die Woord en sê dat dit hier gaan om 'n proses van diep luister na die Woord en diep luister na die gespreks-vennote wat saam in die Woord wandel. Egte Bybelstudie skep die moontlikheid dat die teks wat ons lees of hoor, ons kan uitdaag en verander. Guder (2000:82) onderstreep dit in die volgende woorde: “*The gospel witness is not any narrative or story: it is reporting of happenings that are of life-changing significance*”.

Kleingroepe is belangrik vir die proses van dissipelvorming. Dissipelvorming vind die beste plaas in sitkamer-grootte groepe mense waar noemenswaardige verhoudings mettertyd ontwikkel is. Sulke kleingroepe kan die volgende doen:

- Hulle bestudeer saam die Bybel en laat die Bybel hulle lewens en die lewe van die gemeente uitdaag.
- Hulle deel in die lig van die Woord, kwessies van hulle lewens met mekaar. Sommige kleingroepe beoefen 'n “oorsig oor die lewe”, waar een persoon per byeenkoms die groep oor sy/haar lewe vertel en dan na die groep se reaksie en leiding luister. Ander kleingroepe deel jaarliks hulle geestelike reise met mekaar.
- Hulle sorg vir mekaar en hou mekaar verantwoordelik vir hulle doopbeloftes.

Komitees en ander gereelde kerkbyeenkomste kan deur die Bybel gevorm word. Sommige gemeentes begin en eindig hulle komitee- of gemeentevergaderings deur na die Bybel te luister. Hulle verwag dat die Bybelse teks hulle sal lei in die proses om 'n meer getroue kerk te word. Die gestuurde gemeente is 'n gemeenskap waar al die lede leer wat dit beteken om dissipels van Jesus te wees. Marias (2017:375) maak 'n sterk argument daarvoor dat dissipelvorming nie alleen 'n individuele aangeleentheid is nie, maar 'n proses wat ander insluit: “*missional formation is communal and therefore accountable*”. Die Bybel het 'n voortgesette, bekerende, formatiewe rol in die lewe van die kerk.

2.8.1.3 Patroon 3: Om as 'n kontras gemeenskap risiko's te neem

Die kerk bestaan nie vir haarself nie, sy bestaan ter wille van God se sending vir die wêreld. Sy bestaan om God se missie self te ontdek en uit te leef in die wêreld, daarom kan en mag die kerk nooit groter raak as haar doel (*ultimate goal*) nie. Die gestuurdheid strek oor grense heen: grense van ras, kleur, taal, sosiale status, klasse, politiese en godsdienstige grense. Die grense word oorgesteek deur die Bybelse opdrag van gasvryheid aan vreemdelinge uit te leef. Meiring (2022:125) ondersteun laasgenoemde wanneer hy die volgende opmerking maak: “*any*

congregation opting to be part of the missional church, needs to take a long, hard look at itself. Is it a welcoming church, with open arms and a heart full of love for the outsiders? Is it a church where the destitute find refuge, where the marginalised and forgotten are embraced?"

Dit beteken dat 'n gestuurde kerk bereid sal wees om risiko's te neem, intendeel, gestuurdheid kan nie gebeur as die gestuurde nie bereid is om risiko's te neem nie. Een van die grootste risiko's in die eerste plek voor enige iets anders kan gebeur, is die risiko om toe te laat dat die kerk deur God se missie getransformeer word. Deur die proses van grense oorsteek vind self transformasie plaas.

Die een sterk kenmerk van die klein plattelandse kerk/gemeentes, in spesifiek die VGKSA, is dat hulle nie grense wil oorsteek nie en gevolglik nie bereid is om risiko's te neem nie. Hulle gemaksones is hulle sekuriteit, hulle voel veiliger by die bekende wat hulle self geskep het en oor die jare self instand gehou het en ook beheer en gekontroleer het. Grense oorsteek is vir hulle 'n groot risiko. 'n Eenvoudige voorbeeld, maar ook 'n algemene verskynsel is, is dat hulle geslote is en nie maklik nuwe mense toelaat nie, nuwelinge word as nuwelinge gereken en word op 'n afstand gehou. Die verset om risiko's te neem is ook dit wat hulle verhoed om hulle gestuurde-missionale roeping uit te leef. Die weiering om risiko's te neem is omdat kerkwees oor hulle as gemeente gaan, want hulle gaan en mag seerkry, dit is selfsugtige en selfgesentreerde redes.

'n Gestuurde missionale gemeente neem risiko's vir geen ander rede nie, maar juis ter wille van die evangelie. Dit is die gehoorsaamheid aan die evangelie wat geloofsgemeenskappe behoort te dryf om risiko's te neem en nie anders om nie, d.w.s nie die sekuriteit en beskerming van die gemeente se tradisies, belange en of kultuur nie.

Dit is die andersheid van die kerk wat haar dwing om risiko's te neem. Barret (2004:74) praat van die kerk as "*contrast community*", anders as die wêreld, as gevolg van haar deelname aan die lewe, dood en opstanding van die Here Jesus Christus. Haar andersheid laat vra ander vrae oor die lewe en omstandighede en laat haar areas betree wat ander gemeenskappe nie sal en of wil betree nie. Die andersheid en kontras ontstaan omdat gemeentes na Christus Jesus konformeer word en nie na die samelewing of dominante kultuur nie. Missionale kerke laat hulleself toe om getransformeer te raak na die beeld van God (Imago Dei). In die lig van Jesus Christus, kyk hulle dan op 'n ander manier na die wêreld.

Die missionale kerk beweeg teen die waardes en norms van die samelewing en mag dan negatief behandel word. In kort: die neem van risiko's het baie te doen met die feit dat die kerk

'n kontras gemeenskap is. Pienaar (2001:22) in die boek: *“Reformed encounters with modernity”*, vertel ter illustrasie die verhaal van die V.G.K-Mariental wat risiko's geneem het deur grense oor te steek: *Die Verenigende Gereformeerde Kerk-Mariental, Namibie, is 350 lidmate, 'n gemeente waar die meeste lidmate gebuk gaan onder armoede en trauma. Die gemeente is geleë in die dorp waar die wit gemeenskap erg rasisties is en ook ekonomies baie sterk is, die gemeente het begin om uit te reik deur te begin bid vir erg getraumatiseerde witmense.*

Wanneer 'n gemeente haar gestuurde roeping (*missio ecclesiae*) onderskei, sal hulle waarskynlik ontdek dat hulle anders raak as die dominante kultuur van die wêreld waarin hulle lewe. Die gemeente leer hoe om anders te wees as die wêreld ter wille van die sending na die wêreld.

Ons lewe nie meer in Christendom era van Konstantyn nie. Die gestuurde gemeente herken dat ons nie meer in “Christendom-era” lewe nie. Die gestuurde gemeente kan nie van die samelewing verwag om Christelik te wees en om al die waardes van die kerk aan te neem nie. Die gemeente verstaan dat die kerk geroep is om in die wêreld te wees, maar nie van die wêreld nie .

Die kerk onderskei met watter aspekte van die kultuur hulle bekragtig kan word en vir watter aspekte van die kultuur 'n alternatief aangebied moet word. Sommige aspekte van die dominante kultuur is nuttig en prysenswaardig. Ander aspekte van die dominante kultuur is vyandig teenoor die weg van Jesus. Ter wille van die wêreld en die verlossing van die wêreld beoefen die gestuurde gemeente 'n “teenstellende/nie-aanpasbare verbintenis” binne die wêreld. Dit is om tot die wêreld verbind te wees sonder om gelyk te wees met wêreld, maar eerder te konformeer aan die heerskappy van God. Marias (2017:373) spreek sy besorgdheid uit dat die kerk nie gevorm moet word na die dominate kultuur nie: *“It seems that the church has lost the art of formation and is therefore a soft target to be shaped by the dominant culture of our time”*.

Die gestuurde gemeente verstaan haarself as anders as die wêreld, weens haar deelname aan die lewe, dood en opstanding van haar Here. Jesus Christus se lewe op aarde het ooreengestem met God se sending in die wêreld. Die vroeë kerk het geglo dat God hulle met dieselfde sending van Jesus geroep het: “Soos die Vader My gestuur het, stuur Ek julle ook (Joh 20:21).” Die kerk het ook verstaan dat dit beteken om deel te wees van Jesus se lyding, opstanding, hemelvaart en oorwinning.

Die gestuurde gemeente besef dat daar risiko's daaraan verbonde is om oor die evangelie te getuig. As om God se wil te doen die belangrikste is en om 'n mens se gestuurde roeping uit te leef, dan is dit die moeite werd om al die ander dinge te waag. Risiko's kan groot of klein wees. Een gemeente het besluit om geld te spandeer aan 'n projek wat belangrik is vir hulle gestuurde roeping, selfs al het hulle nog nie geweet waar die geld vandaan gaan kom nie. 'n Ander gemeente het een Sondag oggend nadat hulle in die openbaar standpunt ingeneem oor 'n kontroversiële kwessie, gevind dat rooi verf teen die kerk se voordeur gegooi is. Soms is die risiko's ter wille van die evangelie lewensgevaarlik. Die getuienis van Christen martelaars deur die eeue dien as 'n inspirasie vir ons soos Stefanus (Handelinge 7:57-59) en Johannes die doper (Markus 6:14-38).

Die gestuurde gemeente leer om beide eksterne en interne weerstand teen die evangelie te hanteer. So 'n gemeente hanteer konflik op gesonde, versoenende maniere. Sy weet dat die uitleef van haar gestuurde roeping nie almal ten alle tye tevrede sal stel nie. Die gemeente hanteer konflik soos Christus dit hanteer het.

2.8.1.4 Patroon 4: Praktyke wat God se bedoeling vir die wêreld demonstreer

Die gestuurde gemeente verstaan dat hulle lewe as 'n gemeenskap 'n teken moet wees van God se toekoms. Hulle lewenswyse moet demonstreer wat God vir die toekoms van die hele wêreld ten doel het. Dit is dus nie net uitreik aktiwiteite wat getuig van die heerskappy van God nie. Die gemeentelike lewe is ook 'n gestuurde getuienis.

Die lewenswyse van die heerskappy van God word die beste deur die gemeentelike praktyke gedemonstreer. Praktyke is gereelde, gebruiklike aktiwiteite van die gemeenskap wat mettertyd ontwikkel word. Dié praktyke gee vir buitelanders 'n kykie na wat dit beteken om 'n burger van God se heerskappy te wees – waar hulle dit in die lewe van 'n werklike Christelike gemeenskap kan sien, hoor, proe en voel. Hierdie praktyke help om Christene in die gemeente te vorm en dien as getuienis vir die wêreld. Die praktyke sluit die volgende in:

- Om na mekaar te luister en genoeg tyd saam te spandeer sodat praat en luister werklik kan plaasvind.
- Om na God te luister deur gereelde gebed – beide individueel en saam met ander.
- Aktiewe hulpverlening aan mekaar. Lidmate is bereid om onderbreek te word en van hulle planne af te sien ter wille van ander se versoeke en eise. Hulle wil “mekaar liefhê soos Ek julle liefgehad het (Joh.13:34-38)”, in die woorde van Jesus aan sy dissipels.

- Hulle verdra mekaar deur moeilike tye, irritasies en teenspoed.
- Hulle is gasvry en betrek diegene wat anders is as hulle. Dit behels ongetwyfeld die oorsteek van grense van etnisiteit, klas, ekonomiese status en kultuur.
- Hulle hou mekaar in liefde verantwoordbaar en is gewillig om raad in die gemeente te gee en te ontvang.
- Vergifnis en versoening. Om te leer hoe om mekaar in die gemeente te vergewe, is onmisbaar daaraan verbind om 'n mens se vyand te vergewe en lief te hê.

Dié praktyke word uitgeleef terwyl die wêreld die gemeente dophou. Dit is moontlik dat meeste van hierdie dinge op 'n geïsoleerde manier binne die gemeente kan plaasvind sonder dat die gemeente 'n missionale gemeente is. 'n Gestuurde gemeente verstaan dat dié praktyke nie net oor die interne lewe van die kerk gaan nie. Dié praktyke word in die openbaar uitgeleef. Ander mense buite die kerk hou die kerk dop en vra: “Watter soort lewe lei hulle? Doen hulle wat hulle sê? Sal ek daar welkom wees? Hoe is hierdie Christene anders as ander mense?”

Die kerk se lewe as gemeenskap is 'n bewys van wat God vir die lewe van die hele wêreld ten doel het. Hoe Christene teenoor mekaar optree terwyl die wêreld hulle dophou, bepaal of die gemeente 'n gestuurde gemeente is.

2.8.1.5 Patroon 5: Aanbidding as openbare getuienis

Aanbidding is 'n openbare getuienis wat bewys dat die kerk getrou is aan die enigste God, geken in Jesus Christus en ervaar in die vorm van die Heilige Gees. Aanbidding is nie net 'n interne aktiwiteit van die gemeente nie, maar is noodsaaklik vir ons getuienis in die wêreld. Mike Harrison (2017:401), in die boek: “*Cultivating Missional Change*”, maak gebruik van 'n begrip ‘missionale aanbidding’ en hy voer aan dat die begrip ook daarop dui dat dit ‘n openbare aangeleentheid is: “*Worship is supposedly public in nature, and missional worship, in being open to God in and through the world, in and through the stranger and in and through one another, takes this public setting serious. By public is meant not only done in open view but also accessible and hostile to people as a whole*”. Harrison (2017:401) gaan verder deur te sê dat een van die sterkste indikatore van aanbidding as openbare getuienis, is gasvryheid teenoor vreemdelinge. Die soort gasvryheid, redeneer hy, beliggaam en wys na God se gasvryheid: “*to attend receptively, in particular to the stranger and their experience in this regard, is already to be on the way in terms of missional worship, understanding God is the host of public worship, whose presence is often revealed in and through the stranger*”.

Aanbidding is 'n handeling van trou. In die mees konkrete vorm beteken die Hebreeuse woord vir “eerbetoon” (aanbidding) om met 'n mens se gesig voor die heerser neer te val. Wanneer ons dus sê: “Kom ons val in eerbetoon voor Hom neer, kom ons buig, kom ons kniel voor die Here ons Skepper!” (Ps. 95:6), verklaar ons ons trou bo alle ander dinge aan die enigste ware God.

Die Drie-Enige God is die middelpunt van aanbidding. Die middelpunt van eerbetoon gaan nie daaroor dat 'n mens se eie behoeftes bevredig moet word nie. God voorsien wel in ons diepste behoeftes, selfs die behoeftes waarvan ons nie eens geweet het voor ons deel van die Christelike gemeenskap geword het nie. Maar aanbidding gaan nie in die eerste plek oor ons nie, maar oor God. Aanbidding word aan God gerig en verkondig aan die wêreld wat God gedoen het. Style van aanbidding en musiek kan verskil tussen kulture en plekke – wat belangrik is, is om God in die middelpunt van die aanbidding te plaas.

Aanbidding kan “missional” wees. Sommige gemeentes dink aan aanbidding as 'n deel van die interne lewe van die gemeente, byna heeltemal apart van die kerk se uitreik en getuienis. Ander gemeentes dink aanbidding is hoofsaaklik 'n hulpmiddel vir evangelisasie of 'n geleentheid om mense tot sosiale aksie te roep. Gestuurde gemeentes besef aanbidding vind plaas voor die oë van die wêreld, en dit verkondig aan die wêreld wie ons is en aan Wie ons behoort – ons is mense van God! Harrison (2017:399) wys daarop dat aanbidding slegs missionaal kan wees wanneer die liturgie help dat mense se gedrag gevorm word en wanneer die liturgie mense uitnooi om deel te neem aan God se doelwitte. Dit moet gesien en beleef kan word, in en buite die formele aanbidding spasie. Harrison (2017:398) haal die volgende gebed aan: *“Wherever you go, God is sending you: wherever you are, God has put you there; God has a purpose in your being there. Christ who indwells you has something He wants to do through you where you are. Believe this and go in His grace and love and power. Amen”*.

Die Nuwe-Testamentiese woord vir “aanbidding” is publieke woorde. “Kerk” (*ekklesia*) was 'n vergadering wat byeengeroep is om besluite te neem, 'n tipe dorpsvergadering. “Prediking” (*kerygma*) was 'n openbare aankondiging dat die koning of 'n ander hoë amptenaar die dorp kom besoek. Liturgie (*leitourgia*) het verwys na 'n openbare werke projek, werke wat gedoen is ter wille van die mense en hulle openbare belange. Gestuurde aanbidding is 'n openbare byeenkoms van God se mense. Gestuurde prediking kondig die verlede, hede en toekoms van God se heerskappy aan. Gestuurde liturgie is namens God se mense én namens die wêreld. Die doop is 'n openbare verklaring van 'n nuwe identiteit – as dissipel van Christus, as deelnemer binne die gemeenskap van God se mense, die kerk. Die doop inisieer nuwe

Christene as burgers van God se heerskappy. God maak sy teenwoordigheid en toekoms sigbaar aan die kerk deur die nagmaal of eucharistie, die gemeenskap rondom die tafel. Aanbidding is die sentrale, openbare handeling waardeur die Christelike gemeenskap God se teenwoordigheid en beloofde toekoms met vreugde en danksegging vier.

2.8.1.6 Patroon 6: Afhanklikheid van die Heilige Gees

Die gestuurde gemeente bely haar afhanklikheid van die Heilige Gees, veral deur gesamentlike gebed en om op God te wag.

Gestuurde gemeentes spandeer baie tyd saam in gebed. Gestuurde gemeentes bid Sondae saam. Hulle bid by komitee vergaderings. Hulle bid by kleingroep byeenkomste. Hulle hou spesiale gebedsdienste. Sommige gemeentes vaardig mense af vir spesifieke gebedsbedienings, ander hou gebedstappe deur die buurt. Ander het soggens vroeg voor werk gebedsbyeenkomste, of oor die middag of saans. Sommige gemeentes spandeer baie tyd aan stilgebed. In sommige gemeentes is daar groepe wat byna elke dag van die week saam bid. Een gemeente kanselleer van tyd tot tyd vir 'n week al hulle aktiwiteite (behalwe die erediens op die Sondag oggend), sodat die lidmate saam kan bid.

Die gestuurde gemeente wil hulself volledig in God se hande plaas. So 'n gemeente bid saam met Jesus in die Tuin van Getsemane: “Laat nogtans nie my wil nie, maar U wil geskied (Mark. 14:36)!” Deur effektiewe gebed stel ons ons eie wense en begeertes opsy en wil slegs hê dat God se wil moet geskied. Gebed gaan nie oor wat ons wil hê nie, maar wel om te begeer wat God wil hê. Dit mag riskant voel om onself, asook ons gemeente, heeltemal in God se hande te plaas, maar ons moet onthou dat God 'n liefdevolle God is. Hy het die kerk geskep en geroep (*missio ecclesiae*) om deel te wees van God se sending in die wêreld.

Afhanklikheid van die Heilige Gees roep die kerk om nie slegs op haar eie kragte staat te maak nie. Dieselfde God wat die kerk 'n gestuurde roeping (*missio ecclesiae*) gegee het, gee haar ook die krag om die sending uit te voer. Dalk is dit wat Jesus bedoel het toe Hy Sy seën uitgespreek het oor die “afhanklikes” (Matt 5:3) – hulle wat weet hulle kan nie alles op hulle eie doen nie. Hulle het vir God en ander mense nodig. Hulle is die mense wat die koninkryk van die hemel verstaan.

Die kerk verwag van die Heilige Gees om in die wêreld en in die kerklike lewe te handel. Gebed prys God vir wat sy Gees reeds gedoen het, en antisipeer ook verdere optrede deur God. Dié verwagting van God se optrede sluit in Sy leiding in gemeentelike besluitneming. Wanneer

die kerk in afhanklikheid van die Heilige Gees besluite neem, verwag sy dat die Gees sal die gemeente help om haarself meer in lyn te bring met God se handeling en doelstellings in die wêreld.

Die Heilige Gees sal aanhou om ons in die rigting van Jesus Christus te lei, soos ons Hom deur die Woord ken. Afhanklikheid van die Heilige Gees is nie 'n alternatief vir Bybelse vorming nie. Ons kan eerder op die Heilige Gees staatmaak om ons te herinner aan Jesus, soos Hy self in Joh 15:26 sê: “*Wanneer die Voorspraak kom wat Ek vir julle van die Vader af sal stuur, die Gees van die waarheid wat van die Vader uitgaan, sal Hy oor My getuig.*” Die boodskap van die Gees aan ons vandag sal ooreenstem met die getuienis in die Woord. So moet ons ontmoeting met die Woord en ons pogings om ons gestuurde roeping uit te leef, die kerk lei om selfs meer as in die verlede op die Heilige Gees staat te maak. Coenie Burger (1999:105), in sy boek: “*Gemeentes in Kragveld van die Gees*”, vat dit goed saam: “*Van die mees fatale foute wat 'n mens in die kerk kan maak, is om die werk van God, die Heilige Gees rondom die bediening van die kerk en die bemiddeling van die heil, of erger nog, glad nie raak te sien nie*”.

Patroon 7: Om te reis na die heerskappy van God

Die gestuurde gemeente verstaan haar roeping binne die konteks van die heerskappy van God. Bosch wys daarop dat die heerskappy van God (*malkuth Yahweh* in Hebreeus en *basileia tou Theou* in Grieks) sonder twyfel die middelpunt is waarom Jesus se bediening gedraai het. Jesus het Sy sending in die lig van God se heerskappy verstaan (1996:31). Die kerk het God se heerskappy in die verlede en hede gesien en verwag dat die heerskappy in God se toekoms volbring sal word. Eendag sal “*elkeen wat in die hemel en op die aarde en onder die aarde is, die knie (sou) buig en erken dat Jesus, Here is*” (Fil 2:10).

Die gestuurde gemeente het 'n “reis” ingesteldheid. Die gemeente weet hulle het nog nie gearriveer nie, maar is op die pad na die heerskappy van God. Hulle weet die kerk en die koninkryk van God is nie dieselfde nie – die kerk is nie die heerskappy van God nie, maar verwys daarna. Soms is dit 'n onduidelike prentjie, maar soms is die gemeente 'n helder prentjie van wat God vir die hele wêreld ten doel het. Die gestuurde gemeente (*missio ecclesiae*) is altyd betrokke by haar eie transformasie. Gestuurde gemeentes is gewoonlik nederig oor hoe ver hulle al gereis het. Hulle verwag dat die Gees hulle meer en meer sal verander om die kerk te word wat God wil hê hulle moet wees. Hulle is oop vir verandering.

Die gestuurde gemeente leer haar lede oor God se heerskappy. Die konsep van die heerskappy van God raak soms maklik verlore in lande wat nie 'n koning of koningin het nie. Nie almal wat in die kerk inkom, weet wat die heerskappy van God beteken nie. As die gestuurde gemeente haar lede oplei, vertel sy hulle oor die heerskappy van God en leer hulle die praktyke van sy heerskappy. Dit is 'n voortgesette proses van ontdekking vir die kerk.

Die gestuurde gemeente is 'n instrument van God se heerskappy. Die kerk se gestuurde roeping bepaal wat hulle doen in die diens van God se heerskappy. Deur haar roeping neem die kerk deel aan God se sending in die wêreld. Die kerk onderskei wat God besig is om te doen en sluit by God aan in deur hulle in lyn te bring met God se doelwitte.

Die gestuurde gemeente is 'n teken van die heerskappy van God. Deur die gemeente se lewenswyse en haar getuienis in die wêreld, demonstreer sy die karakter en lewe in die heerskappy van God. Nie net deur dit wat sy doen en sê nie, maar deur haar wese, wys die gestuurde gemeente na die heerskappy van God.

Die gestuurde gemeente is 'n voorsmaak van God se heerskappy. Die kerk wag vandag nog vir die verwesenliking van God se heerskappy. Daarenteen is die lewe en getuienis van die kerk nou 'n voorbeeld van God se toekoms. Gestuurde gemeentes hoop op die toekoms, ten spyte van hoe dinge nou mag lyk. Hulle ondervind druk, worsteling, weerstand teen verandering en opwindende deurbrake na 'n nuwe begrip van wat dit beteken om 'n voorskou van God se heerskappy te weerspieël.

2.8.1.7 Patroon 8: Gestuurde gesag

Leiers van gestuurde gemeentes oefen saam gestuurde gesag uit wat die visie van die gestuurde roeping in die gemeenskap dra. Hulle kweek die praktyke wat die roeping in die gemeenskap vaslê.

Gedeelde gesag. Gestuurde gemeentes mag een of meer predikante hê. Daarenteen is in die kern van die gemeente 'n klein gemeenskap van leiers – betaalde en/of onbetaalde, georden of nie – wat verskeie funksies, rolle en titels kan hê. Dié gesag is nie om baas te speel oor ander nie, maar is deur die Heilige Gees gegee. Gemeentelike leiers dien onder God, die absolute gesag. In gestuurde gemeentes is hierdie kerngroep leiers op die voorpunt daarvan om te dink oor en deel te neem aan God se sending in die wêreld. Gemeentelike leiers verwelkom kontak en kameraadskap met leiers van ander gemeentes wat ook gestuurde gemeentes wil wees.

Draers van visie. Leiers van gestuurde gemeentes kan help om die gestuurde roeping van die kerk te onderskei en formuleer. Daarenteen dra effektiewe en getroue leiers altyd die visie en hou die gemeente aanspreeklik vir dit waartoe God hulle geroep het. Om die visie te dra, beteken dat dit voor die gemeente gehou moet word, dat mense daaraan herinner moet word en aanspreeklik gehou moet word vir wat hulle gesê het hulle gaan doen, en om te onderskei of dit waarmee die gemeente besig is, ooreenstem met haar roeping. Daar word gesê dat die visie van vele organisasies en kerke tot 'n faktor van onder 10 gekommunikeer word. Vir gestuurde leiers is dit oorbodig om die gestuurde roeping van die gemeente te kommunikeer. Hulle ken hulle roeping so goed dat hulle dit verpersoonlik.

Vorming van gestuurde praktyke. Leiers van gestuurde gemeentes vorm die praktyke wat die gemeente se gestuurde roeping in die lewe van die gemeenskap vestig. Hierdie leiers verstaan dat die uitvoer van 'n gestuurde roeping meer is as bloot die ontwikkeling van 'n strategiese plan, so goed as wat dit op sigself is. Gestuurde roeping word deur praktyke ondersteun (gereelde gewoontes wat oor 'n tyd ontwikkel is wat demonstreer hoe dinge in God se koninkryk gedoen word). Praktyke soos gasvryheid of om mekaar se laste te dra word nie tweede natuur in die kerk nie, tensy mense daarvoor opgelei word, daaraan herinner word en aangemoedig word om so op te tree.

Gestuurde leiers kweek nie net hierdie beginsels in ander nie, maar tree ook volgens dit op. Leiers wat 'n eenvoudige lewenswyse preek en wat vriendelik is teenoor die wêreld, beoefen 'n missionale lewenswyse. Leiers wat gasvryheid predik, is gasvry. Die kern leierskapgroep het goeie verhoudings met mekaar, net soos hulle van ander in die gemeente verwag om goeie verhoudings met mekaar te hê. Leiers bid vir mekaar wanneer hulle die gemeente in gebed oplei. Leiers vergewe mekaar soos hulle ander leer om te vergewe. Leiers moet dit wat dit impliseer om 'n gestuurde gemeente te wees, uitleef.

2.8.2 Gevolgtrekking

Die hoofstuk antwoord die sub-navorsings vraag:” Wat is die kenmerke van ‘n missionale gemeente?”. Dit bied ‘n teologiese begronding van wat ‘n missionale gemeente is. Lois Barrett identifiseer agt (8) patrone waaraan ‘n missionale (gestuurde) gemeente erken kan word (2004:74) en die agt patrone van ‘n missionale gemeente, bied ‘n goeie basis waarin gemeentes hulle missionale identiteit kan meet. Dit help om ‘n goeie missionale ekklesiologie te ontwikkel en dat gemeentes hulle missionale roeping (*missio ecclesiae*) verstaan. Die motiewe en patrone

vorm die kern vir die missionale ontwikkeling van die klein plattelandse gemeentes. Dit vorm belangrike indikatore om gemeentes wat vasgeloop geraak het en as gevolg daarvan ontwikkel het as na-binne gerigte gemeentes om na-buite gerigte gemeentes te wees. Coenie Burger (2021:398)³⁰ help hiermee wanneer hy hieroor die volgende verklaar: *“The focus of the church should never be on the church but on the world outside the church. We are not called to build impressive, beautiful or powerful churches; we are called to serve and to witness to the communities in which we are planted”*.

Die kleingemeentes van die VGKSA-Vrystaat/Lesotho ervaar uitdagende tye. Die gemeentes se voortbestaan word bedreig deur die verlies aan lidmate wat na stede verhuis terwille van beter werkseleenthede of wat die gemeente verlaat en aansluit by charismatiese kerke. Die gemeentes se voortbestaan word ook grootliks bedreig deur gebrek aan voldoende fondse. ‘n Volgende bedreiging vir die voortbestaan van kleingemeentes is langdurige vakantheid. Kleingemeentes in die provinsie is gewikkel in ‘n oorlewingstryd (Addendums 4-9) . Die gevolg hiervan is dat kleingemeentes ontwikkel het as instandhoudings en na binne gerigte gemeentes en ontbreek aan ‘n missionale identiteit. Die gemeentes funksioneer met ‘n sterk ekklesiologiese benadering tot missionaliteit wat meebring dat ‘n teosentriese missionale ekklesiologie ontbreek.

³⁰ Missional Ecclesiology. 2021. Coenie Burger, Frederick Marias, Pieter van der Waldt (Redakteurs)

HOOFSTUK 3

DIE KENMERKE VAN DIE KLEIN PLATTELANDSE GEMEENTE


3.1 INLEIDING

In dié hoofstuk word aangedui wat kleingemeentes is, hoe hulle werk en wat hulle algemene basiese kenmerke is. Die hoofstuk gee 'n teoretiese raamwerk van wat 'n kleingemeente is en verduidelik dan verder wat die mees algemene denkfoute is wat mense maak wanneer daar oor kleingemeentes gedink en gepraat word. Die hoofstuk behandel die kenmerke van die klein plattelandse gemeentes breedvoerig en kyk veral na algemene kenmerke oor die wêreld spektrum heen en wys uit dat kleingemeentes basiese sake in gemeen het ten spyte van kontekste wat verskil. Die hoofstuk sluit af met uitdagings wat uniek is aan kleingemeentes. Die literatuur wat in die hoofstuk gebruik word is meestal uit 'n Amerikaanse konteks en die rede waarom die navorser dit gebruik is omdat dit van universele waarde is en dus waardevol is vir die navorsing. Sekere van die literatuur datteer ver terug, maar dit is goeie materiaal wat nie geignoreer kan word nie. Die Alban Instituut se materiaal oor kleingemeentes is van hoë gehalte en is goed nagevors en op die praktyk van gemeentes geskoei. Suid Afrikaanse literatuur oor kleingemeentes is beperk. In die navorsing sal bewys kan word dat waarde van die inligting universeel is.

Die verdere doel van die hoofstuk is om leiers en predikante van klein gemeentes te help om na hul gemeentes te kyk en duidelik te sien wat in die gemeentes gebeur, hoekom dinge gebeur soos wat dit gebeur en hoekom dinge wat vir ander onbeduidend voorkom, belangrik is vir kleingemeentes. Die hoofstuk antwoord die sub-navorsings vraag 2: “Wat is die kenmerke (profiel) van klein plattelandse gemeentes?”

3.2 DEFINISIE: WAT IS 'N KLEIN GEMEENTE?

Alvorens na die kenmerke van 'n kleingemeente gekyk word, is dit belangrik om te kyk na 'n werksdefinisie vir wat as kleingemeentes beskou word. Wat is 'n kleingemeente? Dié begrip word op verskeie maniere gedefinieer. Callahan (2000:12) onderskei die volgende kategorieë naamlik: klein-gemeentes, middel-gemeentes, groot-gemeentes, streek-gemeentes en megagemeentes. Alice Mann (2003:182), in die boek: “*Holy Conversations*”, beskryf vier kategorieë van kerk groottes:



Figuur 3.1: Kerk grootte kategorieë

3.2.1 Die familie kerk

Die familie kerk is die kleinste gemeente in getal (0-50 lede) en word deur sommige sosioloë 'n sel genoem. Carl Dudley (1987:31)³¹ beskryf 'n sel as volg: *“members are united by common interest, beliefs, tasks and territory. They are not self-conscious about their relationships and are bound together more by sentimental ties than by contractual agreements. They have a solidarity, a feeling of belonging, nourished by experiences of intimacy and personal need”*.

Rendle en Mann (2003)³² beskryf die gemeente se karaktertrekke. Die gemeente funksioneer as 'n uitgebreide familie en in sommige gevalle is die meeste verbind aan mekaar deur biologiese familie bande. Die gemeente is so klein dat almal mekaar se name ken. Die gemeente word gelei deur een of twee anker-figure wat 'n matriarg en 'n patriarg genoem word, wat die gesagdraende persone in die sisteem is. Die gemeente funksioneer gewoonlik met deeltydse predikante of soos in die geval van die Verenigende Gereformeerde Kerk in Suid Afrika, met 'n konsulent. Hulle gesprekke is soos die by 'n kombuis tafel, informeel en persoonlik. Gemeente werk en besluite gebeur somer by die huis van een van die belangrike families en is informeel solank as wat die matriarg en patriarg toestemming gee. Beplannings gesprekke moet kort, direk en prakties wees (Rendle & Mann, 2003:182). Oswald en Leas (1987:32), meen ook dat om as 'n nuweling van buite by die gemeente aan te sluit word eers toegelaat as die matriarg of patriarg dit so aankondig.

³¹ The Inviting Church. 1987. Roy Oswald and Speed Leas.

³² Holy Conversations. 2003. Gil Rendle and Alice Mann.

In die VGKSA-Vrystaat/Lesotho Sinode sal die familie grootte van die gemeente se getalle hoogstens 100 lede wees. Dit is die getal wat 'n gemeente vorm. Die bywoning van eredienste sal dan wissel tussen 30-70 per Sondag.

3.2.2 Die pastorale kerk

Die pastorale gemeente het tussen 50-150 lede wat die kerk op 'n Sondag oggend bywoon. Die grootte van die gemeente bestaan gewoonlik uit twee tot drie selle wat elk soos 'n stam funksioneer en is uitgebreide familie eenhede. Die predikant speel 'n belangrike rol en alles draai rondom die predikant en die predikant is betrokke by byna alles in die gemeente. Die predikant woon alle vergaderings by, gaan na al die publieke byeenkomste en doen die bedieninge self. As daar nuwe lede by die kerk kom aansluit dan is die predikant die eerste persoon wat hulle ontmoet en met wie hulle tyd spandeer (Oswald & Leas, 1987:33).

Rendle en Mann (2003:183) beskryf die rol van die predikant as volg: *“Clergy time is largely taken up maintaining a direct pastoral relationship with each member, coordinating the work of a small leadership circle, personally conducting worship, and leading small group programs such as Bible study”*. Die kerkraad funksioneer soos 'n komitee wat die dag-tot-dag bedrywighede van die gemeente organiseer. Lede by die pastorale gemeentes ken mekaar op die naam en sal 'n nuweling maklik herken as 'n vreemdeling by die eredienste. In die VGKSA-Vrystaat/Lesotho Sinode val die meeste van die kleingemeentes in die kategorie van pastorale gemeentes. In 'n Afrika konteks sal die getalle eerder wissel tussen 150-250.

3.2.3 Die Program gemeente

Die program grootte kerk het gemiddeld tussen 150-350 mense wat die eredienste op 'n Sondag bywoon. Rendle en Mann (2003:184) reken dat 'n program gemeente 'n bywoning van eredienste van so tussen 150-400 persone sal wees. In die program grootte gemeente verander die rol van die predikant aangrypend. Die predikant kan nie aandag gee aan alles wat in die gemeente gebeur nie en kan ook nie soos in die pastorale kerk aan alle lidmate aandag gee nie, want die gemeente is te groot en die mense is te veel. Oswald en Leas (1987) meen dat die sisteem 'n meer demokratiese vorm aanneem in die sin dat die take van die verskillende bedieninge deur 'n verskeidenheid van mense afgehandel word. Die predikant delegeer meer take na die lidmate en komitees en die kerkraad kry ook meer verantwoordelikhede ten opsigte van die bediening. Die predikant spandeer in die program grootte gemeente minder tyd aan

direkte kontak met lidmate en nuwelinge wat kom aansluit, en ander doen dit. Die taak van die predikant verander in die sin dat hy meer aandag en tyd skenk aan opleiding, supervisie, fasilitering en die koördinerende van die werk (Oswald & Leas, 1987:34).

Die gemeente, verduidelik Rendle en Mann (2003:184), is verantwoordelik vir die kwaliteit en verskeidenheid van programme soos byvoorbeeld afsonderlike programme vir kinders, jeug, egpare, bejaardes en ander ouderdoms en belange groepe. Besluitneming oor gemeente sake geskied deur 'n groter vergadering waar 'n wye verskeidenheid van leiers teenwoordig is. Baie meer tyd word aan beplanning spandeer, en anders as in die familie en pastorale grootte gemeentes waar besluite informeel geneem word, is die proses by die program grootte gemeente formeel en intensief

In die VGKSA-Vrystaat/Lesotho Sinode word hierdie gemeentes hoofsaaklik in die stede en groter dorpe aangetref.

3.2.4 Die Korporatiewe gemeente

Rendle en Mann (2003:186) beskryf hierdie gemeente as een wat gemiddeld 400 tot 1000 lidmaat erediens bywoning per Sondag het. Die gemeentes is bekend vir uitnemende lof en aanbidding, sang en musiek en 'n verskeidenheid van programme. Die predikant spandeer meer tyd aan voorbereiding van preke en aanbidding. Die predikant werk met 'n verskeidenheid van personeel en professionele leiers en moet sy bes lewer. Besluitnemings word formeel hanteer deur 'n verskeidenheid van leiers, komitees en die kerkraad. Alhoewel die predikante veral pastorale sorg bied aan ernstige krisis gevalle, vind lidmate hulle geestelike ondersteuning en sorg in die kleingroep bediening (Rendle & Mann, 2003:186). In die VGKSA-Vrystaat/Lesotho Sinode bestaan die gemeentes nie, veral nie onder die gemeentes wat deel van die navorsing is nie.

Timothy Keller onderskei die gemeente grootte ook volgens die maatstaf van die gemiddelde erediens bywoning. Hy onderskei die kategorieë as volg: Huiskerk 0-40 Erediensbywoning; Klein kerk 40-200 Erediensbywoning; "*Breaking the 200 barrier*" kerk; Mediumgrootte 200-450 Erediensbywoning; Groot kerk 400-800 Erediensbywoning en die Baie Groot kerk met meer as 800 Erediensbywoning (2006:6-11). Daarenteen onderskei Susan Beaumont grootte van gemeentes soos volg: Die Multi-Sel (medium grootte) Kerk 250-400 Erediensbywoning; Die Professionele Kerk 400-800 Erediensbywoning; Die Strategiese Kerk 800-1200 Erediensbywoning en die Matrix Kerk 1200-1800 Erediensbywoning (2011:67). 'n

Kleingemeente vir Susan Beaumont is ‘n gemeente met ‘n gemiddelde erediensbywoning van 0-250 lede.

3.2.5 Gevolgtrekking

In die lig van bogenoemde kategorieë, beskou Rendle en Mann (2003:182) gemeentes as klein wanneer hulle ‘n erediensbywoning het van 50-150 gemeente lede. Die navorsing beskou die familie en pastorale grootte gemeentes as kleingemeentes vanweë hulle getalle van erediens bywoning, asook ten opsigte van hulle karaktertrekke. Callahan (1993:5)³³ voeg by dat die grootte van ‘n gemeente tesame met erediensbywoning ook bepaal word met die gemiddelde bywoning van onderriggeleenthede soos kategeese, sonagskool en ander geleenthede in die gemeente.

Carl Dudley (1978) daarenteen, voer aan dat kleingemeentes meer as net oor die numeriese beskrywing gaan. Die tekort aan menslike, materiële en finansiële bronne is volgens hom ‘n sterk aanduiding dat ‘n gemeente klein is. Kleingemeentes vind dit moeilik om ‘n geordende predikant te onderhou en om klomp kerklike aktiwiteite/programme te ondersteun (Dudley, 1978:19).

Burt en Roper (1992) reken egter dat die numeriese bepaling van wat ‘n kleingemeente is nie akkuraat is nie. Hulle beskryf die kleingemeente as ‘n lewende, sorgende veranderde gemeenskap. Hulle evalueer ‘n kleingemeente op die vlak van gedrag (behavior). In die lig hiervan kan dit wees dat ‘n gemeente van 80 lede beskou word as ‘n middel grootte gemeente en een met 110 lede as ‘n kleingemeente. Die hoeveelheid is volgens hulle beoordelend en wys op die kleingemeente se onvoldoendheid, en onderskat laasgenoemde se effektiwiteit (Burt & Roper, 1992:vi). Jackson Carroll (1977:x) in sy boek: “*Small churches are beautiful*”, beskou kerke van 200 lede en minder as kleingemeentes.

In ‘n Afrika konteks en veral in die konteks van die VGK-Vrystaat/Lesotho waar die empiriese navorsing gedoen is, is dit duidelik dat ‘n kleingemeente as klein beskou word wanneer dit ‘n lidmaat getal het wat wissel van 100-500³⁴ lidmate. Die getal 100 word as minimum aangedui omdat ‘n gemeente in die VGKSA net as ‘n gemeente gekonstitueer word as daar ‘n lidmaat getal van 100 is (General Synod Church Order. Stipulation 24. 2016:32). Die getalle, 100-500, verteenwoordig die kategorieë van familie-en-pastoraal grootte gemeentes. Die navorsing

³³ Twaalf sleutels tot ‘n effektiewe gemeente. 1993. Kennon Callahan.

³⁴ Vergelyk die stelling met die statistiek soos weergegee in die vraelyste. Sien hoofstuk 4.

skaar hom by die teorie dat 'n kleingemeente, 'n gemeente is met 'n gemiddelde erediens bywoning van 100-500 lidmate per erediens en wat 'n beperking van menslike en finansiële bronne het. Laasgenoemde word deur die navorsing as kleingemeentes beskou. Erediensbywoning is die maatstaf om 'n kleingemeente te definieër en binne die konteks van die navorsing is daar gevalle waar erediensbywoning wel ook onder 100 mag wees.

3.3 TIPIESE DENKFOUTE

Die manier hoe gemeentes oor hulleself dink, bepaal dikwels hoe effektief hulle funksioneer. Die kleingemeentes in die ondersoek gaan gebuk onder armoede en word verder gekonfronteer met baie sosiale uitdagings soos werkloosheid van lidmate, tiener swangerskappe, alkohol en dwelm verslaaftheid, sinodale skuld en veel meer. Die oorlewingstryd waarin meeste gedompel is, veroorsaak 'n lae selfbeeld en soveel so dat die gemeentes as gevolg van hulle grootte geassosieer word met alles wat negatief is. Hulle grootste aspirasie is om groot gemeentes te wees, want die persepsie is slegs dan kan hulle hul volle potensiaal bereik. Die gevolg is dat die gemeentes al hulle energie fokus op die insameling van geld ten koste van hulle kernbesigheid waarvoor die Here hulle geroep het (*missio ecclesiae*). Kennon Callahan (2000:vii) vat dit goed saam: “*There has been a preoccupation with being bigger. To be bigger is not necessarily better*”.

Daar word tipiese denkfoute gemaak wanneer daar na kleingemeentes verwys word. Callahan (2000: 11, 12) spreek die denkfoute op die volgende manier aan: “*Weak or dying is not the result of being a certain size. It is the result of a way of thinking, planning, and acting. Regrettably, some congregations develop patterns of thinking, planning and acting that contribute to their becoming weak or dying congregations. Some are small; some are middle; some are large, regional; and some are mega-congregations*”. Die eerste denkfout wat gemaak word is om kleingemeentes met grootgemeentes te vergelyk. Dié denkfout wat gemaak word is om 'n kleingemeente te sien as iets wat moet ontwikkel om 'n program- of korporatiewe grootte gemeente te wees. In die lig van die gemeente grootte teorie, soos voorgehou deur Rendle en Mann (2003:182), is dit duidelik dat elke kategorie uniek is en dat 'n vergelyking of vermenging, die grootste fout sal wees. Elke kategorie is uniek en behoort as sulks hanteer te word (Rendle & Mann, 2003:182). Een van die verdere foute wat gemaak word in die lig van laasgenoemde, is dat leiers in kleingemeentes die bedieninge en programme van program- of korporatiewe grootte gemeentes in die kleingemeentes probeer toepas. Dit is duidelik dat wat

vir een grootte gemeente werk, nie van toepassing op 'n ander gemeente grootte nie. Oswald en Leas (1987:36) redeneer hieroor soos volg: *“if you want to develop a formal assimilation process in your church, then you will want to design a system that fits the peculiarities of the dynamics of a smaller or larger congregation”*.

Die kleingemeente is uniek met 'n eiesoortige karakter en mag onder geen omstandighede met grootgemeentes vergelyk word nie. Rendle en Mann (2003:181) bevestig laasgenoemde: *“Congregations fall into distinctive size categories, and congregations of different sizes organize in different ways. Each has its own recognizable way of being church”*. Peter Surrey (1981:31) beklemtoon die uniekheid van die kleingemeentes as volg: *“Small churches are not smaller editions of large churches, any more than my Volkswagen Beetle is a small Cadillac”*. Leiers in kleingemeentes is dikwels onsuksesvol in hul bediening omdat hulle hierdie uniekheid nie verstaan nie en omdat hulle probeer om die bedieningspraktyk van kleingemeentes volgens dié van grootgemeentes in te rig. Dudley en Walrath (1988:3) stel dit as volg: *“Small churches are in a class by themselves. To overlook that uniqueness is to misunderstand them”*. Schaller (1994:12) bevestig die uniekheid van die kleingemeente as volg: *“The small church is not a miniature version of the large congregation”*.

'n Tweede denkfout om te begaan, is die klassieke fout om klein te assosieer met alles wat negatief is. In 'n woord assosiasie van die woord *“klein”* het Burt en Roper (1992:v) die volgende assosiasies as reaksie ontvang: *“scarcity, insignificance, minimum, trifle, scrap, shred, tag, rag, handful, drop in the bucket, stunted, sawed off, tiny, puny, little, runty, miniature, scanty, limited, lesser, meager, few, sparse, slight, and unimportant”*. Dit mag 'n rede wees waarom die selfrespek en selfbeeld van kleingemeentes soms so laag is. Alice Mann (2010:8), in haar artikel: *“Smaller congregations”*, opponeer bogenoemde sieninge van klein gemeentes in die volgende stelling: *“Size is not a reliable indicator of a congregation's spiritual vitality. Vital congregations come in all sizes”*. Grootte bepaal nie die vitaliteit van 'n gemeente nie, en grootte mag nie gebruik word om die sterkte van 'n gemeente te bepaal nie. Karl Vaters (2018:6)³⁵ het dertig jaar ervaring met kleingemeentes en maak die volgende stelling oor die vitaliteit van kleingemeentes: *“Just because a church is small it does 'nt mean it's broken. When you look closer, the problems most people see as inherent in small churches aren't about size, they're about sickness, and sickness can happen in churches of any size”*. Kennon Callahan onderstreep ook die feit dat klein nie negatief is nie, en daarom praat hy van klein as sterk

³⁵ Small Church Essentials. 2018. Karl Vaters.

gemeentes. Hieroor sê hy die volgende: “*Small, strong Congregations encourages you to develop your strengths, not your size. There has been a preoccupation with being bigger. To be bigger is to be bigger, not necessarily better*” (Callahan, 2000:vii).

Dit is interessant hoe predikante en leiers wat kleingemeentes bedien, die fout begaan om met verkeerde en negatiewe veronderstellings te werk ten opsigte van kleingemeentes. Die konsep: “grootter is beter, kwaliteit word gemeet deur kwantiteit, sukses is vergelykbaar met grootte”, is volgens Carroll (1977:x) die rede waarom kleingemeentes verhoed word om effektief te wees en te ontwikkel tot hulle volle potensiaal.

Athur Tennes in die boek: “*Small churches are beautiful*”, wys daarop dat die beelde wat mense van kleingemeentes het, ’n belangrike komponent is vir die verstaan en die bediening van die gemeentes. Beelde, so redeneer hy, het die mag om mense te motiveer of te ontmoedig. Indien mense, individueel of kollektief, positiewe beelde van hulleself het dan wek dit ’n gevoel van waardigheid en dat hulle in staat is om dinge te laat gebeur. Indien mense in so ’n gemeente negatiewe beelde oor hulleself het dan voel hulle waardeloos en onbevoeg. Beelde het baie te doen met die toekoms (Tennes, 1977:62). Dit is interessant om op te let dat as mense nie goeie, positiewe beelde van hulleself as gemeente het nie, dan gaan hulle niks doen om hulle toekoms of selfs hulle huidige omstandighede te verbeter nie. Laasgenoemde is baie opmerkbaar in die kleingemeentes in die Vrystaat, hulle vergelyk hulself voortdurend met ander gemeentes en dink byvoorbeeld dat hulle nie goed genoeg is nie, daarom gebeur daar niks en rapporteer hulle by die ring³⁶ jaar na jaar dieselfde sake op presies dieselfde manier.

Negatiewe beelde van die kleingemeente het die geneigdheid om die foute en swakhede so uit te lig, dat die sterk punte en dit wat die gemeente tog bereik het, oorskadu word. Callahan (2000:vii) gebruik juis daarom positiewe beelde as hy na kleingemeentes verwys as klein sterk gemeentes. Hy meen dat die sukses van kleingemeentes in die volgende benadering lê: “*The art is to advance the distinctive strengths and qualities of a small strong congregation. Focus on your spirit and strengths*”. Dit is alreeds baie duidelik dat die sukses van die bediening daarin lê dat die negatiewe beelde aangespreek moet word en vervang moet word met positiewe realistiese beelde. Callahan redeneer dat kleingemeentes nie swak of sterwend is as gevolg van hulle grootte nie. Callahan (2000:12) sê dat die oorsaak is as gevolg van die manier hoe kleingemeentes dink, beplan en optree.

³⁶ Ringsvergadering vind jaarliks plaas. Tydens die vergadering moet gemeentes verslag doen oor verskeie areas van die bediening. Die notules van die vergadering verwat die huidige stand van gemeentes.

Callahan (2000:2) gaan verder deur te sê: “*focus on what you do well and think and act in that way. However, the minute you try and become a mini mega-congregation you will be done in*”. Daar is egter baie meer positiewe kwaliteite waarmee kleingemeentes moet assosieer, naamlik:

1. Dat kleingemeentes ‘n geslote, ondersteunende gemeenskap is,
2. Dat die predikant in kleingemeentes die pastoraat intensief kan beoefen,
3. Dat kleingemeentes die geleentheid skep om elke persoon tot sy volle potensiaal te laat ontwikkel,
4. Dat kleingemeentes ‘n geleentheid aan die predikant en gemeente bied om ware gemeenskapsleiers te wees.

Dit raak al hoe meer duideliker dat kleingemeentes ‘n verskil kan maak as mense se houding en begrip van kleingemeentes verander. Die verskil lê in die herontdekking van die sterk punte van die kleingemeente. Dit kan net gebeur as leiers en lidmate van kleingemeentes meer positief dink ten opsigte van hulleself. Carl Dudley (1978:176) in sy boek: “*Making the Small Church Effective*”, maak ‘n punt daarvan om die kleingemeentes positief te beskryf: “*In a big world, the small church has remained intimate. In a fast world, the small church has been steady. In a expensive world, the small church has remained plain. In a complex world, the small church has remained simple. In a rational world, the small church has kept feeling. In a mobile world, the small church has been an anchor. In an anonymous world, the small church calls us by name*”.

Daar is ‘n ander kant van kleingemeentes wat op hulle uniekheid dui. In ‘n tweede rondte woord assosiasie oefening met die woord: “*klein*”, het Burt en Roper die deelnemers gevra om ‘n positiewe woord assosiasie te doen met die woord “*klein*”. Die deelnemers het die woord *klein* geassosieer met woorde soos: “*hegte bande, gemeenskap, familie, vriendelik, omgee, intiem, vervullend, deelnemend, vaardigheid-ontwikkeling, betroubaar, samewerkend, wedersydse ondersteuning, waardering*” (Burt & Roper, 1992:v). Hierdie woord assosiasie dui op die unieke dinamika wat daar in kleingemeentes aanwesig is. Die uniekheid van kleingemeentes word goed saamgevat deur die manier hoe praktiese teoloë wat jarelange navorsing oor kleingemeentes gedoen het, na hulle verwys. Kennon Callahan (2000:vii) praat van klein sterk gemeentes: “*Small, strong congregations encourages you to develop your strenghts not your size. To be bigger is to be bigger, not necessarily better*”. Robert Coote (1990:2), verwys na die kleingemeentes as die mostertsaad gemeentes, bedoelend dat die gemeentes wel in getalle klein is, maar ‘n groot impak het: “*In Mark, mustard represented the small made great, the low made high, and the dry made green*”. Jackson Carroll (1977:x), beskryf die kleingemeentes as

mooi (*small churches are beautiful*): “it is about new possibilities open to small churches to celebrate their smallness as a positive attribute and to develop their potential as vital, caring communities of faith”. Die praktiese teoloog, David Ray (1982:193), skryf ‘n boek getiteld: “*Small Churches are the Right size*”, en daarin verduidelik hy dat die kleingemeentes die regte grootte is wat God kan gebruik om ‘n verskil te maak in die wêreld. Ray som dit soos volg op: “It is important that the residents of small churches affirm and capitalize on the power and potential of their God-given size”. Karl Vaters (2018:5), ‘n teoloog met 30 jaar bedieningservaring in kleingemeentes, is baie positief oor kleingemeentes en skryf: “*Yet big churches are a small part of the ecclesial landscape. In fact, more than 90 percent of churches have fewer than 200 people. That means small churches play a big part in what God is doing*”.

Die hoofstuk poog om gebalanseerd te kyk na die kleingemeentes en maak doelbewus nie die klassieke denkfout om net te fokus op die beperkinge en swakhede van die kleingemeentes nie. Die hoofstuk help om laasgenoemde uit te wys, maar beskryf ook kleingemeentes met hulle eie integriteit, uniekheid en potensiaal. Die rede is soos wat Dudley (1978:21) dit stel: “*The small church is the toughest, because it won’t grow and it won’t go away*”.

3.4 KENMERKE

Die kleingemeentes het unieke en uitstaande kenmerke en as leiers die kenmerke mis kyk of ignoreer dan sal dit hulle benadering tot die bediening in kleingemeentes oneffektief maak. Lyle Schaller (1994) verduidelik dat net soos wat ‘n klein dorp nie ‘n miniatuur van ‘n groot stad is nie, is die kleingemeente ook nie ‘n *miniatuur* van ‘n makrogemeente nie. Soos die makrogemeente het die kleingemeente ‘n unieke karakter en moet hulle as sulks hanteer word (Schaller, 1994:20).

Timothy Keller in sy artikel: “*Leadership and size dynamics*”, dui aan dat daar sensitief omgegaan moet word met gemeentegrootte omdat grootte jou benadering bepaal. Hy reken dat die grootte van elke gemeente uniek is en die onsensitiewe hantering van gemeentegrootte die oorsaak is van leierskaps probleme in gemeentes. Keller (2009:1) maak die volgende opmerking: “*One of the most common reasons for pastoral leadership mistakes and missteps is a blindness to the significance of church size. Size has an enormous impact on how a church functions. The size culture profoundly affects how decisions are made, how relationships flow, how effectiveness is evaluated, and how the church’s staff operates*” .

Alice Mann (2010:5), in haar navorsing oor die klein Protestantse gemeentes in die VSA, kom tot die bevinding dat die een uitstaande kenmerk van kleingemeentes hulle vaardighede rakende persoonlike verhoudinge is: *“they tend to be organized “relationally”—which means that maintaining emotional ties usually takes priority”*.

Onderlinge verhoudinge: Mann verduidelik dat dit gesien kan word in veral die rol van die predikant. Die predikant in die kleingemeentes staan in ‘n persoonlike verhouding met die lidmate en andersom. Die verhouding met lidmate is meer informeel as formeel. Die rol van die predikant is die van ‘n versorger. Wayne Keller (1990:57) lewer hieroor die volgende kommentaar: *“The large church may call a pastor whose main responsibility is visitation. The small church has no such option. Either the pastor does the visitation or it doesn’t get done”³⁷*. In die lig van laasgenoemde hoef die predikant niks meer te doen as om die lidmate te versorg deur huisbesoek, pastoraat en prediking nie (Beaumont, 2010:5). Beaumont (2010:181) verduidelik die punt as volg: *“In the pastoral church the pastor is the most effective connector”*. Timothy Keller (2006:7) ondersteun die siening van Alice Mann dat daar ‘n groot verskil in die rol van die predikant is wat in die groot stadsgemeentes werk teenoor die van die predikant wat in die kleingemeentes werk: *“The pastor is still primarily a shepherd. While in a larger church the people will let you pastor them if you are a good preacher, in a smaller church the reverse is true: people will listen to your sermons if you are a good pastor. Effective, loving shepherding of every member is the driving force of ministry—not leadership or even speaking ability. (A pastor who says, “I shouldn’t have to shepherd every member—I’ve delegated that to my elders,” is trying to practice large-church dynamics in a small-church environment.) However, the pastor of a small church will (as the church grows) feel more and more need for administrative leadership skills. Small churches do not require much in the way of vision casting or strategizing, but they do eventually present a need for program planning, mobilization of volunteers, and other administrative skills”*.

Die kleingemeente is verhoudingsgerig. Hulle wil elkeen ken, weet wie elkeen is, wat hy/sy doen en ‘n verhouding met elkeen bou. Kleingemeentes dink in terme van interpersoonlike verhoudinge. Oswald en Friedrich (1996:149) beskryf in hulle teorie in verband met gemeente groottes, die kleingemeente as die *“family church”*. Wat belangrik is vir die begrip van die kleingemeente, is die hele dinamika van families in die gemeente. Omdat ‘n persoon afkomstig uit ‘n geslag van baie aktiewe en toegewyde lede, sal hy/sy sommeer meer en selfs op ‘n jong

³⁷ Musterd Seed Churches. 1990. Robert Coote (Editor)

ouderdom verkies word tot 'n belangrike leierskapsposisie, want sy oupa of pa was vir jare 'n toegewyde leier. As 'n persoon in getroud is in 'n gevestigde vooraanstaande familie, dan word hy aangestel, ongeag so 'n persoon se geestelike gereedheid. Kern besluite word soms geneem bloot vanuit 'n tradisie en nie vanuit die perspektief van vermoëns nie. Dit is in teenstelling met grootgemeentes waar lidmate die voorreg moet verdien om genomineer te word as leier van die gemeente deur te dien as 'n werker vir 'n aantal jare, deur 'n indrukwekkende verslag, veral as so lid oorgekom het van 'n ander gemeente of as hy/sy 'n invloedryke posisie in die samelewing beklee of as hy/sy buitengewone leierskap vermoëns het.

Familie bande is belangrik in kleingemeentes en het 'n groot invloed op die gemeente lewe. Die kiesing van ampte word heel dikwels beïnvloed deur familie bande. 'n Kind sal gedoop word omdat die ouma en oupa daarop aandring. Die druk van familie is dan ook dikwels die rede waarom daar nie soveel mense die gemeente verlaat, soos in 'n grootgemeente nie. Rendle en Mann (2003:182) ondersteun laasgenoemde wanneer hulle die volgende stelling maak: *“This is a small congregation that operates like an extended family ,and may in fact be a biological family network”*.

Die kleingemeente het 'n plek vir elkeen. In groot gemeentes is daar 'n neiging om sekere mense uit te sluit. 'n Uitstaande kenmerk van kleingemeentes is dat hulle mense aanvaar wat andersins uitgesluit voel. Die kleingemeentes funksioneer met ouer (parent) figure naamlik; matriargale en patriargale. Hulle fokus op lewensverhoudinge, inteenstelling met grootgemeentes wat fokus op die funksies van die kerk. Tereg merk Oswald en Leas (1987:33) op dat die gemeentes funksioneer as 'n uitgebreide familie.

Carl Dudley (1978) stem saam dat persoonlike onderlinge verhouding die uitstaande sterkpunt van kleingemeentes is. Dit is ook die redes waarom mense aan kleingemeentes wil behoort ten spyte van die probleme en uitdagings wat daarmee gepaard gaan. Dudley (1978:33) motiveer sy argument: *“such relationships are warm, intimate, spontaneous , and personally satisfying. Members receive their satisfaction from the time shared, from being together, and caring for one another”*. Dudley (1978) verduidelik verder dat in kleingemeentes, verhoudings so sterk is dat elke een die ander een ken (*everybody knows your name*), terwyl in grootgemeentes almal nie vir almal ken nie.

Hierdie unieke karakter eienskap word sterk gekenmerk deur 'n netwerk van *interpersoonlike verhoudinge*. Dit is ook een van die redes waarom lede van sulke gemeentes, groei teenstaan en waarom dit vir nuwe intrekkers of vreemdelinge moeilik is om te voel dat hulle aan die

gemeente behoort. Hulle word heel dikwels uitgesluit totdat hulle beloon word met 'n plek in die verhoudinge. Hierdie gemeentes funksioneer as 'n familie en sluit diegene uit wat nie deel van die familie is nie. Dit is ook nie lank nie dan ontdek vreemdelinge omdat hulle nie regtig aanvaar word nie.

As 'n vreemdeling is dit makliker om aanvaar te word en 'n plek te kry in 'n groot gemeente as wat dit is in 'n klein plattelandse gemeente. Dit is belangrik om te besef dat dié kultuur, vorm gee aan kleingemeentes se waardes, lewe, doelwitte, verwagtinge en standaarde.

Dit is interessant dat lidmate wat na stede verhuis, as gevolg van werksredes en moet inskakel by die groot stadsgemeente, baie ontuis voel en soekend is na die tipe verhouding soos in die klein plattelandse gemeente. Hulle ervaar heel dikwels die groot gemeente as onpersoonlik en koud. Hulle is ook soms teleurgesteld in die feit dat die predikant ook nie dieselfde persoonlike verhouding met hulle het soos hulle gewoon was in die klein plattelandse gemeente nie.

In kleingemeentes word daar 'n groot klem geplaas op persoonlike verhoudinge, daarom sal daar in kleingemeentes gevind word dat almal mekaar ken en dat almal weet wanneer daar 'n vreemdeling teenwoordig is. Daarom weet hulle presies wie is teenwoordig en wie is afwesig. Daarenteen, in grootgemeentes ken mense mekaar nie so persoonlik nie. In sommige kleingemeentes word gevind dat ouderlinge sommer tydens die diens in sy register merk wie van sy wyk se lidmate aan- of afwesig is. Schaller (1982:19)³⁸ stel dit so mooi: “*In small churches the members count faces*”. In grootgemeentes is dit byna 'n onmoontlike taak om rekord te hou van elke lidmaat op 'n persoonlike vlak. Vir die lede van die kleingemeente is die welsyn van die individu belangrik, vir die lede van die grootgemeente is die welsyn van die gemeente as 'n geheel, belangrik. Omdat mense mekaar so persoonlik ken is, kenmerkend van kleingemeentes, hul interpersoonlike verhoudings probleme en persoonlike konflik wat die welsyn van die gemeente raak (Schaller, 1982:19).

David Ray (1982:44) in sy boek: “*Small churches are the right size*”, beskryf die kleingemeente as 'n familie om daarmee aan te dui hoe sterk persoonlike verhoudinge in die kleingemeentes is. Die familie karakter van kleingemeentes volgens Ray, vervul drie basiese behoeftes van mense, naamlik:

- a) Dit gee identiteit. Mense het 'n naam en 'n verantwoordelikheid;
- b) Dit gee mense sekuriteit. Mense behoort en het 'n stem;

³⁸ The small church is different. 1982. Lyle Schaller.

- c) Mense in kleingemeentes gee vir mekaar om. Carl Dudley (1978:32) verwys na die kleingemeente as 'n: "*caring cell*".

Ray (1982:45) gaan verder in sy beskrywing van die kleingemeente deur te sê dat die gemeentes die gevoel oordra dat haar lidmate belangrik en nodig is. In grootgemeentes daarteenoor ervaar mense dat hulle net 'n nommer is. Kleingemeentes, anders as grootgemeentes, funksioneer baie eenvoudig en is nie kompleks nie. Hoe minder mense, hoe minder kompleks is die organisasie. Grootgemeentes raak baie kompleks, want die interaksie vind plaas met meer mense. Daarteenoor het kleingemeentes minder mense wat die interaksie eenvoudig maak, soveel so dat mense kan deelneem aan die besluitnemings proses. Besluite word in kleingemeentes deurgewerk totdat konsensus bereik word, want kommunikasie is horisontaal en nie vertikaal nie. Anders as in grootgemeentes kan kleingemeentes aksies vinniger mobiliseer om dinge gedoen te kry. Wat die identiteit van die kleingemeente aanbetref, argumenteer Ray (1982:47) dat die kleingemeente se identiteit in hulle kollektiewe persoonlikheid en ervaring lê en nie in hulle programme nie: "*The larger congregation knows who it is because of what it does, and it must keep on doing, in order to reassure its existence. The small church has its identity because of the experiences that it brings from the past. Its primary satisfactions are in the relationships among people who share experiences in faith. They find their identity in their character, not in their activities*". Dit bevestig die aanname dat een van die sterkste eienskappe van 'n kleingemeente, persoonlike verhoudinge is.

Gehegte kerngroep: Daar is families en vriendekringe in die kleingemeentes wat vir baie lank aan die gemeente behoort. Hulle het baie hegte bande wat dit vir nuwe intrekkers baie moeilik maak om 'n invloed te hê of uit te oefen op die lewe van die gemeente. Die kerngroep beheer die lewe van die gemeente. Oswald en Leas (1987:31) staaf bogenoemde opmerkings: "*This cell is very much like a family and usually provides a social place for the members of the group which includes a kind of hierarchy and differentiation of roles. Roles of matriarg, patriarg, gatekeeper*". Rendle en Mann (2003:183) beskryf dit as 'n koalisie van twee of drie familie en vriendskaps netwerke.

Leierskap: Die dinamika van leierskap in kleingemeentes is anders as in grootgemeentes. In grootgemeentes word leiers genomineer en aangestel. Die gekose leiers verteenwoordig die gemeente en maak die besluite in belang van die gemeente. In kleingemeentes is daar individue, families of subgroepe wat hulleself beskou as die pilare van die gemeente en hulle besluite verkry voorrang bo die van die amptelike leierskap. Alice Mann beskryf hulle as die *De Facto* leierskap sirkel (2010:5). Timothy Keller (2009:2) dui aan hoe die *de facto* leierskap werk in

klein gemeentes: *“The smaller church by its nature gives immature, outspoken, opinionated, and broken members far more power over the whole body. Since everyone knows everyone else, when a family or small group of members express strong opposition to the direction set by the pastor and leaders, that small group’s misery can hold the whole congregation hostage”*. Arlin Rothauge (2010:181) noem hulle die matriarge en patriarge van die gemeente wat in kleingemeentes die konneksies maak. Die matriarge en patriarge definieer Carl Dudley as daardie persone wat in die kern van die gemeente staan. Hulle is soms die welgestelde mense in die gemeentes en baie betrokke in al die aktiwiteite van die gemeente, hulle is baie vriendelik of op ‘n afstand. Hulle is die mense wat die geskiedenis en belangrike oomblikke van die gemeente beleef het. Om in ‘n kleingemeente die rol van die *matriarge patriarge*³⁹ te ignoreer, kan baie konflik veroorsaak. Die rede daarvoor is dat laasgenoemde verbind is aan van die ou leiers van die gemeente. Hulle is ook diegene met gesag en baie luister na hulle. ‘n Positiewe benadering sou wees om goeie verhoudinge met diegene in die gemeente te bou. Die kleingemeente word geklassifiseer as ‘n matriargale en patriargale gemeente (1978:46).

Kleingemeentes se leierskaps korps is klein en dit veroorsaak dat dit elke keer dieselfde leierskap is wat die gemeente lei en bestuur. Die gebrek aan genoegsame leiers is ‘n swaakteit in die sisteem van die kleingemeentes. Daar is nie baie mense om van te kies nie en daar is voortdurend meer werk as leiers. Die gebrek aan leiers maak dit moeilik om nuwe bedieninge te begin, aangesien die bestaande bedieninge alreeds die paar leiers wat aktief is, beroof van hulle energie. Atwater (1977:111) meen dat dieselfde leiers ook buite die gemeente in die gemeenskap oorlaai is met ander verantwoordelikhede: *“Leaders in small churches are frequently leaders in several other community organizations, including local government. Fatigue-of-the-faithful-few is a real factor to contend with in attempting to improve the programming of the small congregation”*.

Informele besluitneming: Kleingemeentes maak op ‘n ander manier besluite. In groot gemeentes word besluite uitsluitlik gemaak in ‘n formele kerkraadsvergadering waarvoor maande van te vore kennis gegee is. Rendle en Mann (2003:182) gebruik die metafoor van ‘n kombuis tafel om dit te beskryf: *“Planning in the family-size congregation often has the character of a kitchen-table conversation: casual, personal, and low-tech. The work may, in fact, happen in the home of a key family; the get-togethers often have no official mandate from*

³⁹ Matriargale en Patriargale is as’t ware die ma en pa figure. As hulle praat dan luister mense, hulle is die mense met mag in die gemeente, heelwaarskynlik is hulle van die stigters lede.

the board and no formalized roster of participants-just the tacit endorsement of a matriarch or patriarch”.

Timothy Keller (2009: 6) onderstreep die kenmerk van klein gemeentes: *“Decision-making is democratic and informal and requires complete consensus. Decisions are made by informal relational process. If any member is unhappy with a course of action, it is not taken by the church. Communication is by word of mouth and information moves very swiftly through the whole membership”*. Kleingemeentes maak besluite in informele omgewings soos byvoorbeeld net voor of na ‘n erediens in die konsistorie sonder dat dit ‘n formele amptelike kerkraadsvergadering is of anders by ‘n huisbyeenkoms waar van die leiers teenwoordig is. Die *De facto* leiers se besluite bepaal soms die besluite van die kerkraad. Susan Beaumont (2011:178) bevestig die karaktertrek van kleingemeentes: *“In smaller churches, congregational meetings and board meetings are often open meetings, where members can show up to talk about anything they feel compelled to address”*.

Beplanning: Kleingemeentes doen hulle beplanning anders. Hulle beplan op ‘n kort termyn basis. Hulle hanteer sake soos dit gebeur. Een van die redes volgens Jeffrey Atwater (1977), kan wees omdat predikante nie vir lang periodes in klein gemeentes bly nie. Laasgenoemde maak langtermyn beplanning moeilik. Die gedurige verandering van predikante maak dit moeilik om energie te investeer in langtermyn beplanning (Atwater, 1977:110).

Lyle Schaller (1982:30-40) vat die verskille of die andersheid van kleingemeentes as volg saam:

1. Kleingemeentes is sterk. Hulle groei nie, maar gaan ook nie tot niet nie. Hulle oorleef watter ramp hulle ook al tref.
2. Die bediening in ‘n kleingemeente behoort aan die leke werkers. Hulle neem die besluite en hou die bediening aan die gang. Dit het heelwaarskynlik te doen met die feit dat hulle meeste van die tyd sonder ‘n predikant is. Daarenteen word die meeste besluitnemingsprosesse in ‘n grootgemeente gedomineer deur die predikant en amptelike raad.
3. Die kleingemeente is ‘n vrywilligers organisasie. Die kleingemeente is baie meer afhanklik van die vrywilligers as die grootgemeentes,. Dit is baie duidelik sigbaar by die poste soos van die koorleier, orrelis, instandhouding van die kerklike eiendom, kassier, ens. In kleingemeentes doen mense dit sonder betaling Daarenteen is laasgenoemde posisies in die meeste gevalle betalende poste by grootgemeentes is.

4. Kleingemeentes gee meer om vir mense as vir prestasie. Die grootgemeentes stel dikwels spesialiste⁴⁰ aan soos byvoorbeeld voorsangers vir die koor met die klem op kwaliteit en prestasie (Beaumont, 2011:115). In kort, kleingemeentes fokus op mense wat op 'n vrywillige basis inskakel en verantwoordelikheid neem vir die bediening en nie op die prestasie van betaalde spesialiste soos dit die kultuur in grootgemeentes is nie. Susan Beaumont (2011:115) wys uit hoe die aanstelling van gespesialiseerde personeel 'n groot uitgawe is in die begroting van grootgemeentes.
5. In die kleingemeentes word groot klem daarop geplaas dat lidmate alles kan doen, byvoorbeeld die predikant moet met sement kan werk, sondegskool gee, asook koorleier wees. Die grootgemeentes heg groot waarde aan gespesialiseerde vaardighede. Beaumont (2011:115) bevestig laasgenoemde dat grootgemeentes waarde heg aan die aanstel van personeel: *“Once a congregation passes a certain size threshold, the complexity of running the church requires an organizational structure that centers on a professional staff team”*.
6. Kleingemeentes is anders, volgens Lyle Schaller (1982:27) in sy boek: *“Small Churches is different”*, dat kleingemeentes heeltemal anders is as grootgemeentes. Anders as grootgemeentes wat hulle finansies op 'n meer sistematiese wyse hanteer, hanteer die kleingemeentes dit op 'n meer informele wyse. Die kleingemeentes het 'n verskillende finansiële sisteem as die van die grootgemeentes. Hulle hanteer hulle finansies soos wat die nood opduik, op 'n meer informele manier. Hulle sou op 'n Sondagoggend agterkom dat daar 'n nood/behoeftes is en sonder meer die geld daarvoor bewillig. Grootgemeentes is meer sistematies en werk met 'n begroting en die begroting bepaal hoe finansies spandeer sal word. Robert Wilson (1977:131)⁴¹ wys op die feit dat die meeste kleingemeentes konfronteer word met minimale fondse wat beswaarlik die uitgawes kan dek. Die gevolg is dat hulle fokus verloor: *“When a congregation's financial base is marginal, all the people's energy may go into keeping the institution alive. There is danger that survival may become the congregation's sole purpose”*.
7. Die kleingemeente gebruik 'n interne horlosie. Tyd werk anders. Indien iemand sou vra hoe laat die kerkdiens begin, mag so 'n persoon antwoorde kry soos: 10h30 of 11h00; wanneer almal opgedaag het of wanneer die predikant gekom het of wanneer die koor gereed is. Lyle Schaller (1982:32) stel dit so: *“the larger the number of people involved,*

⁴⁰ Inside the large congregation. 2011.

⁴¹ Small Churches are Beautiful. 1977. Jackson Carroll (Editor).

the greater the informal pressure on the leadership to adhere to the external clock very carefully. The smaller the number of people involved, the greater the freedom the people have in following their own personal pace rather than letting the clock run the schedule”.

8. Die kleingemeente volg ’n ander kalender. In grootgemeentes word daar baie meer gekonsentreer op die liturgiese jaar en ongeag ander faktore word die liturgiese jaar gevolg. Die kleingemeente se kalender word grootliks beïnvloed deur seisoene, familie reünies, gemeenskaps gebeure en gemeente tradisies.
9. Die kleingemeente is intergenerasioneel. Schaller (1982:31) maak ’n sterk punt hier dat kleingemeentes anders werk met die verskillende generasies teenoor die van grootgemeentes. Kleingemeentes sluit alle generasies by byeenkomste in, ongeag hul ouderdomme. Schaller stel dit so: *“in many small churches, the dynamics of congregational life naturally to bring people together in repeated face-to-face contacts across generational lines”.*
10. Dit is interessant om daarop te let dat die werk in kleingemeentes gedelegeer word na individue en nie na komitees toe nie, terwyl die werk in grootgemeentes na komitees of kommissies gedelegeer word. Die resultaat van laasgenoemde is dat die kerkraad net die beleid daar stel en die gesag en verantwoordelikhede na die komitees afskuif. In kleingemeentes funksioneer die kerkraad as komitee en die uitvoering van besluite word die verantwoordelikheid van ’n individu.
11. Die kleingemeente funksioneer met ’n deelnemende demokrasie. Dit beteken dat klein gemeentes die meerderheid of hele gemeente ken in besluitnemings, terwyl aan die anderkant, grootgemeentes se besluitnemings prosesse gesetel is in ’n klein groepie soos ’n kerkraad. Laasgenoemde is dikwels die oorsaak van konflik en die rede waarom lidmate nie altyd toegewyd is aan projekte nie.

3.5 UITDAGINGS VAN KLEINGEMEENTES

Kleingemeentes is uniek en moet as sodanig benader word. In die woorde van Callahan (2000:9) kan kleingemeentes sterk wees en nie swak, soos sommige skrywers hulle wil uitbeeld nie. Praktiese teoloë soos Jackson Carroll, David Ray, Lyle Schaller en Carl Dudley gebruik positiewe woorde om die kleingemeentes te beskryf, soos: *“Small church are beautiful, the mustard seed church, small churches are the right size”.* Daarteenoor is dit ook belangrik om

te verstaan dat die kleingemeentes ook gekenmerk word deur bepaalde uitdagings. Hier volg 'n beskrywing van die soort uitdagings:

3.5.1 Beperkte finansiële bronne

Beperkte finansiële bronne is een van die grootste uitdagings van die klein plattelandse gemeentes. Schaller (1994:17) beskryf die uitdaging as volg: *“The financial needs of the institution often become the number-one motivating force”*. Wilson (1977:125) ondersteun die feit dat kleingemeentes finansiële beperkinge as 'n uitdaging ervaar: *“Churches with membership of less than two hundred persons are likely to have resources insufficient number of people to provide a minimal level of program and leadership*. Die meeste kleingemeentes is geleë op die platteland. Die gevolg is dat die gemeentes blootgestel is aan verstedeliking wat meebring dat veral jonger lidmate na die stede verhuis opsoek na werkseleenthede of lidmate wat kwalifiseer vir bevordering by hulle werk, word verplaas en dit bring 'n verlies aan inkomste vir die gemeente. Die mense wat in kleingemeentes woon is gewoonlik ouer gevestigde mense en diegene in laer inkomste groepe. Armoede en werkloosheid is bydraende faktore vir die finansiële tekortkominge in kleingemeentes. Die gebrek aan fondse bedreig kleingemeentes se voortbestaan, want daar is uitgawes wat betaal moet word. Wilson (1977:131)⁴² onderstreep laasgenoemde: *“Every congregation must meet certain financial obligations if it is to continue. A pastor has to be paid, a building maintained, utility bills met, and various supplies purchased. When a congregation's financial base is marginal, all the people's energy may go into keeping the institution alive. There is the danger that survival may become the congregation's sole purpose”*. Die voortdurende gebrek aan fondse veroorsaak dat die meeste tyd en energie spandeer word om geld te genereer en nie aan die bediening nie. Geld is 'n sensitiewe onderwerp in kleingemeentes volgens Dudley, saangesien daar altyd 'n nood is en gemeentes net oorleef. Een van die gevolge volgens Dudley (1980:63) is dat predikante in die gemeentes nooit deel word van die gemeenskap soos ander nie, want almal is bewus daarvan dat, as gevolg van geldelike tekort, bly hulle nie te lank by die gemeente nie.

Die groot gevaar waarteen Wilson (1977:131) waarsku is dat oorlewing die gemeente se enigste en grootste doel word. Energie gaan dan in fondsinsameling ten koste van die *Missio Dei*. Robinson (2003:101) argumenteer: *“We will need to learn again how to see the budget as a means rather than an end. When we allow the congregation's budget to become an end in itself,*

⁴² Small Churches are beautiful. 1977. Jackson Carroll.

we have often succeeded in creating a system that acts as if God did not exist". Robinson (2003) beveel gemeentes aan om eerstens te vra waartoe God hulle as gemeente roep en daarna na maniere te kyk hoe om die bediening te befonds. Dit sal gemeentes help om eerder te fokus op hulle roeping as op geld (Robinson, 2003:101).

3.5.2 Beperkte menslike hulpbronne

Die tekort aan voldoende fondse het die gevolg dat predikante in kleingemeentes slegs vir kort termyne van tot drie tot vyf jaar kan bedien. Dit word opgevolg deur langer periodes van vakantheid. Jeffrey Atwater (1977:110), medeskrywer van die boek: *"Small churches are beautiful"*, beskryf die uitdagings van kleingemeentes ten opsigte van kort termyn bediening van predikante as volg: *"Small congregations can be plagued by an unending series of short pastorates. Three years is often the maximum time a pastor can stay before he or she must move on for pressing financial or personal reasons"*.

3.5.3 Gemeenstes is kleinerwordend

Kleingemeentes stagneer nie net in getalle nie, maar is **kleinerwordend** en die groei met nuwe geboortes help ook nie groei in getalle aan nie, omdat daar soveel sterftes ook plaasvind. Lyle Schaller (1994:42), in sy boek: *"The small membership church"*, maak die opmerking oor waarom hy reken dat kleingemeentes in hulle getalle afneem en nie groei nie en waarom hulle so 'n tekort het aan menslike hulpbronne: *"Every year more people move out than move in, and deaths nearly equal births"*. Die gevolg is dat daar beperkte menslike hulpbronne in kleingemeentes is wat die gevolg het van 'n uitgebrande minderheid. Robert Wilson (1977:125) skryf in: *"Small churches are beautiful"* die volgende: *"The very existence of such a congregation may be threatened by the lack of a sufficient number of people to provide a minimal level of program and leadership"*. Die demografiese skuiwe het 'n groot invloed op die gebrek aan menslike hulpbronne. Die feit dat kleingemeentes in hulle getalle stagneer en in sommige gevalle selfs afneem en nie groei nie, maak dat hulle swaarkry vanweë die beperkte getal lidmate. Wilson (1977:129) onderstreep dit: *"There simply are not enough potential members to enable the church to have the range of age groupings, staff, and facilities considered necessary"*.

3.5.4 Swak selfbeeld

Kleingemeentes het heel dikwels 'n *swak/gebrekkige selfbeeld*. Hazel Roper (1992:34) reken dat een van die redes vir die swak selfbeeld is die feit dat kleingemeentes sukkel om leierskap te behou. Sy haal antwoorde aan wat tekens is van die kleingemeente se lae selfbeeld: *"You won't stay here very long; no one ever stays here, We'll just get you trained then you will leave us, You wouldn't be interested in coming here, you're looking for a bigger place, We can't afford to pay very much. These statements reflect low esteem"* (Roper, 1992:34). Dit word heel dikwels versterk as gevolg van die wêreldbeeld dat suksesvolle gemeentes die is met baie mense en genoeg bronne. Atwater (1977:112) noem dit 'n: *"defeatist attitude"*. Volgens Atwater het kleingemeentes het soveel mislukkinge gehad dat hulle moeg is om herhaaldelik te probeer. Dit veroorsaak dat hulle nie meer in hulleself glo nie en ook nie glo dat hulle daartoe in staat is nie: *"they fail to sustain good programs or initiate new ones because they feel the response does not justify the effort"* (Atwater, 1977:112).

3.5.5 Hoë konflik

Een van die sterk kenmerke van kleingemeentes is hulle goeie intieme persoonlike verhoudinge, verhoudinge waar almal mekaar ken. Die intieme persoonlike verhoudinge is ter selfde tyd ook die rede vir hoë konflik situasies. In sy waarneming van kleingemeentes merk Atwater (1977:112) die volgende op oor konflik: *"Personal animosities have a way of disrupting things and lingering to poison the life of a small church; the damage they inflict can be out of proportion to the differences among members"*. Die gevolg is dat al die energie van die gemeente in die hantering van die konflik gaan wat tot gevolg het dat die gemeente visie verloor en die bediening van die gemeente skade berokken word. Hazel Roper (1992:45-46) skryf hieroor: *"Conflict is a battle. In the small church, differences of opinion concerning budgets, proposals, or methods can lead to vicious confrontations. Conflict is intensified in the small church because of its lesser numbers and intimate nature"*.

3.5.6 Transformasie

'n Verdere uitdaging is dat kleingemeentes bevooroordeel is teenoor *verandering en transformasie*. Kleingemeentes toon geweldige weerstand teen verandering. Hulle is baie

konserwatief. Lyle Schaller⁴³ stem saam met bogenoemde stelling oor verandering in kleingemeentes: *"change is more difficult in smaller congregations than it is in big churches (1994:20)"*. Die persone wat veral weerstand bied teen verandering is die ouer persone in die gemeente wat iets te doen gehad het met die ontstaan van die gemeente of dit mag selfs ook 'n jonger generasie wees wat weerstand bied, omdat hulle reken hulle moet dit beskerm wat hulle voorouers nagelaat het. Daar ontstaan dikwels konflik tussen lede van die kleingemeentes en hulle predikante en die rede vir die konflik is dat die kleingemeente die status quo wil handhaaf. William Coffin (2008:283) haal 'n ou episkopaals gesegde aan wat bogenoemde punt illustreer: *"Be we High or Low, the status is Quo."*

Peter Surrey (1981:32) verduidelik: *"Opposite to your tendency to look to the future, a small congregation is much more likely to look towards the past"*. Derhalwe is die predikant soms 'n bedreiging vir die kleingemeente. Die proses van verandering in kleingemeentes is anders. Verandering vir die kleingemeente is 'n bedreiging. Laasgenoemde perspektief help geweldige baie om die hele situasie van kleingemeentes te verstaan. Daar word bevind dat hulle vir jare sonder 'n goeie rede, behalwe dat dit die tradisie van hul voorouers was, om dinge op dieselfde maniere te doen. Hulle hou nagmaal Sondag na Sondag op die dieselfde manier, en hulle herkies dieselfde lidmate in dieselfde ampte jaar na jaar.

3.5.7 Tradisies

'n Ander groot uitdaging van kleingemeentes is die **verlede en tradisie**. Dit speel 'n groot rol, want daar sal voortdurend na die verlede verwys word. Die rede vir die fokus op die verlede is dat dit 'n mate van sekuriteit bied, terwyl die toekoms onbekend is en mense onseker laat voel. Heel interessant is dat grootgemeentes dit negatief ervaar indien hulle kerkgebou wat 600 sitplekke het, net 300 mense teenwoordig het. Daarenteen sal 'n kleingemeente so 'n situasie anders beleef, want vir hulle is belangrik dat diegene daar is wat gewoonlik en altyd daar is. Belangrik om op te merk is wat vir die een grootte kerk glad nie belangrik is nie weer vir die ander grootte gemeente belangrik is.

⁴³ The Small Membership Church. 1994. Lyle Schaller.

3.6 SAMEVATTING

Die hoofstuk het veral deur die beskrywing van die verskillende kategorieë van gemeentegrootte, kernmerke en uitdagings, aangedui hoe uniek die kleingemeentes is. Deur laasgenoemde is ook die belangrike rol aangedui wat kleingemeentes in die wêreld vervul. Kleingemeentes kom voor oral in die wêreld en onder verskillende kerklike denominasies en het sekere basiese kenmerke en uitdagings in gemeen. Die navorsing fokus is gerig op die klein plattelandse gemeente en die hoofstuk help om klein gemeentes te verstaan en 'n teoretiese raamwerk daar te stel as 'n lens waardeur na kleingemeentes gekyk kan word.

Die hoofstuk hou direk verband met die sub-navorsings vraag 2 wat handel oor die kenmerke en karaktertrekke van die kleingemeentes. Die kenmerke soos hierbo vervat is belangrik vir die verstaan van klein plattelandse gemeentes.

Hoofstuk 3 bied 'n algemene teoretiese raamwerk van kleingemeentes oor die algemeen. Hoofstuk 4 fokus op die kleingemeentes van die VGKSA Vrystaat/Lesotho. Hoofstuk 4 gebruik die data verkry uit die empiriese ondersoeke om 'n kontekstuele profiel te teken van die kleingemeentes in Vrystaat/Lesotho.

HOOFSTUK 4

‘N EMPIRIESE OORSIG VAN KLEINGEMEENTES IN RINGSVERBAND

4.1 INLEIDING

Die doel van die hoofstuk is om a) ’n oorsig te gee van die konteks van die VGK-Vrystaat/Lesotho en b) ’n profiel te teken van die kleingemeentes in die Sinode. Die hoofstuk antwoord die navorsings sub-vraag 4: Wat is die kenmerke (profiel) van die klein plattelandse gemeentes van die VGKSA Streeksinode Vrystaat/Lesotho? Die hoofstuk antwoord die eerste vraag van Osmer (2008:4),⁴⁴ naamlik: Wat is aan die gang, wat te doen het met die beskrywende empiriese taak van Praktiese Teologie.

Om ’n oorsig te gee van wat aan die gang is in die kleingemeentes van die V.G.K-Vrystaat en Lesotho, is ’n gemeente-analise nodig. Nel (2015) onderstreep die belangrikheid van ’n gemeente-analise en meen dat ’n gemeente nie kan ontwikkel as ’n missionale gemeente as dit nie deur ’n proses van gemeente-analise gegaan het nie. Nel (2015:256) stel dit so: *“Just as the processes of developing a missional local can never proceed without effective motivation, neither can it progress without an honest analysis of the congregation by the congregation. Some even think that a congregational analysis is the single most important phase in the process as a whole”*. Schoeman hou drie aspekte voor wat hy as belangrik beskou vir enige gemeente-analise, naamlik:

1. *Teologies*: is ’n gemeente meer as en verskillend van enige ander sosiale institusie. Dit is ’n prakties teologiese ekklesiologie wat ’n gemeente beskryf. Gemeentes is anders, want hulle is instrumente vir koms van die Koningkryk (Nel, 2015:99).
2. *Metodologies*: Hier geld twee belangrike reëls indien enige navorser ’n geloofwaardige prentjie wil gee van gemeentes. Dit is om seker te maak dat die analise betroubaar en geldig is, want dit sal verseker dat die konklusies en gevoltrekkings oor ’n gemeente en denominasie geldig is (Nel, 2015:99).
3. *Kontekstualiteit*: Gemeentes bestaan en funksioneer nie binne ’n lugleemte nie, daarom is die konteks beskrywing in ’n gemeente-analise belangrik: *“Contextualising is not a comfortable or simple matter. Only a few markers have been indicated above in the*

⁴⁴ Practical Theology. An Introduction. 2008. Richard R. Osmer.

search of a process of congregational analysis which seriously engages the South African context” (Nel, 2015:99)”.

4.2 GEMEENTE-ANALISE

Om gemeentes te verstaan, is die proses van ‘n gemeente-analise belangrik, want ‘n gemeente-analise help om te verstaan waar die gemeente nou is, wie die gemeente is en hoe die gemeente kan aansluit by God se werk (*missio Dei*). Dit help gemeentes om te sien wat aan die gang is, hoekom dinge gebeur soos wat dit gebeur, wat veronderstel is om te gebeur, en hoe gemeentes moet reageer.

Schoeman (2015:77), in sy artikel: “*Exploring the Practical Theological Study of Congregations*”, maak dit duidelik dat indien ‘n gemeente beskryf moet word, daar ‘n analitiese raamwerk nodig is. Schoeman (2015:77) stel dit as volg: “*As faith communities, congregations are social realities and should be described and analysed through an analytical lens, or to answer the question attached to the first empirical-descriptive task of practical theology: What is going on?*”. Hendriks onderskei die volgende vier gemeente-analises: a) kontekstuele (ekologie) analise, b) identiteits (kultuur) analise, c) proses (verhoudinge) analise, en d) bronne analise (2004:69-191).

1. ‘n **Kontekstuele analise (Ekologie)**, het te make het met die ekologie van die gemeente. Schoeman (2015:78) beskryf die woord ekologie as volg: “*The concept ‘ecology’ is borrowed from biology and refers to the fact that congregations, like a biological species, interact with a specific environment, habitat or biotope*”. Gemeentes bestaan nie in ‘n lugleemte nie, maar bestaan binne ‘n bepaalde tyd, situasies/episodes, gebied en konteks wat uniek is aan elkeen. Gemeentes, volgens Schoeman, vorm deel van ‘n sosiale omgewing wat die gemeente beïnvloed en met wie die gemeente in interaksie is. ‘n Kontekstuele analise, volgens Hendriks (2004:69), is nodig wanneer ‘n gemeente selfgesentreerd geword het en net fokus op die welsyn van die institusie self en sodoende visie verloor het op haar missionale karakter, asook op die behoeftes en uitdagings van die gemeenskap.
2. Die **Identiteits analise (Kultuur)**, het te make met die kultuur van ‘n gemeente. Hendriks (2004:106) stel dit so: “*A identity analysis is the most personal part thereof: you scrutinize your own corporate personality as a congregation, and your own congregational culture, as lived in this world*”. Die kultuur van ‘n gemeente sluit onder

andere die volgende in: die vraag oor wie die gemeente is en waarvandaan die gemeente kom, wat is die tradisies, rituele, verhale en geskiedenis van die gemeente. Schoeman (2015:78) onderskei die volgende oor identiteit: *“A congregation normally identifies with a theological tradition, and this informs its theological or confessional identity, but a congregation also has a cultural or social identity”*.

3. Die **Proses analise**, wat te make het met die verhoudinge en kommunikasie prosesse in die gemeente. Hendrik beskryf ‘n proses analise deur te verwys na die metafoor van die gemeente as die liggaam van Christus (1 Kor 12). Daarvolgens verduidelik Hendrik (2004:145) waarom ‘n proses analise handel: *“A process analysis focuses on how the body works, how it functions. It aims to distinguish between the congregational formal and informal processes. It examines the way a congregation plans (or does not plan, but simply function mechanically), in a quest to see how it understands (or does not understand) its identity and mission, its purpose in this world. The process analysis examines the way a congregation builds its community and deals with conflict”*. Die analise fokus op hoe verhoudinge tussen die lede werk en hoe kommunikasie werk.
4. Die **Bronne analise**, het te make met die profiel en bates van die gemeente. In die boek: *“Studying Congregation”*, beskryf William McKinney (1998:132)⁴⁵, die bronne van ‘n gemeente: *“Resources are sometimes hard and countable (money, people, staff and buildings), but they are also sometimes soft and relational (shared experiences of coming through difficult times, connections to other institutions, and the strength of members commitment to the congregation)”*. Met die begrip ‘bronne’, verwys Hendriks eweneens na mense, hul gawes, finansies en fisiese bronne soos die geboue en ruimtes vir die bediening. Hendriks (2004) maak dit duidelik dat die analise nie beskou kan word as die essensie van die gemeentelike lewe nie, dit verwys na die basiese administrasie van die gemeente. Desnieteenstaande kan dinge in ‘n gemeente ernstig verkeerd gaan as daar nie goed aandag gegee word aan die bronne van ‘n gemeente nie (Hendriks, 2004:175).

Jurgens Hendriks (2004:69) waarsku in terme van gemeente analyses, teen die gevaar van *“analysis paralysis”* en dit beteken te veel informasie wat nie geabsorbeer en geïntegreer kan word nie, dit meer skade as goed kan doen, en informasie word wat irrelevant is. Malan Nel (2015:256) beskryf ‘n gemeente-analise soos volg: *“it is all about the congregation addressing*

⁴⁵ William McKinney publiseer die hoofstuk oor Gemeente Bronne in die boek: *“Studying Congregations. A New Handbook”*. Die boek is gepubliseer in 1998 onder die redaksie van: Nancy Ammerman, Jackson Carroll, Carl Dudley en William McKinney.


the question central to developing a missional local church-the question the congregation's identity. Nel (2015:12) omskryf die kern van 'n gemeente identiteit: *"Congregational identity is formed and created by a relationship with the triune God. The building up of congregations is the work of the Father, Son and Holy Spirit"*.

Hy meen dat 'n gemeente-analise oor drie sake handel, naamlik a) die ontwikkeling en instandhouding van 'n gemeente profiel; b) 'n situasie-en omgewingsdiagnose en c) 'n gemeente diagnose en evaluering (Nel, 2015:257-268). Schoeman bevestig dat in die proses van gemeente-analise, dit altyd beklemtoon moet word dat die gemeente nie bestaan ter wille van haarself nie, maar met die koms van die koninkryk van God ten doel, dit is die intensie van die lewe van 'n gemeente (Nel, 2015:74). Die gemeentelike lewe gaan oor die *Missio Dei* en daarom is die doel van die gemeente-analise die missionale ontwikkeling van die gemeente (Nel, 2015:99).

4.3 KONTEKSTUELE ANALISE (EKOLOGIE)VAN DIE KLEIN PLATTELANDSE GEMEENTES

Die navorsing doen 'n kontekstuele-analise van die klein plattelandse gemeentes. Die analise is nodig om gemeentes te help om te sien wat in hulle konteks aan die gebeur is en hulle roeping binne hulle bepaalde kontekste te verstaan en uit te leef. Hendriks (2004:69) beskryf die rede waarom 'n kontekstueleanalise nodig is, as volg: *"Contextual analysis is necessary when a congregation is self-centred, or to such an extent focused on its own institutional well-being that it loses sight of its missional character and the needs and challenges that must be addressed in its community"*. Die ander woord wat gebruik word vir konteks is *ekologie*⁴⁶ en dit verwys na hoe die gemeente interaksie het met ander dele van die samelewing, mense, organisasies en kulture en selfs ander kerke en gemeentes (Hendriks, 2004:70). Nancy Ammerman stel dit grafies so voor (<https://studyingcongregations.org/ecology-frame/>):

⁴⁶ "Ekologie", word gebruik as sinoniem om die kontekstuele analise te beskryf in die boek: "Studying Congregations. A new handbook". 1998. Nancy T. Ammerman, Jackson W. Carroll, Carl S. Dudley en William McKinney (Redaksie).



Figuur 4.1: Kerk ekologie

Schoeman (2015:86) verduidelik die belangrikheid van die konteks en dat die konteks van gemeentes nie geignoreer kan word nie: *“Congregations are contextual realities. While the Church and congregations are at the same time a theological and cosmological reality, it is in particular a geographical and contextual reality. Congregations have addresses and are, for that reason, not abstract entities”*.

4.3.1 Agtergrond⁴⁷

Die Sinode word gekenmerk daardeur dat die oorgrote meerderheid gemeentes plattelandse kleingemeentes is, sonder voltydse predikante en hoofsaaklik bedien word deur konsulente of tentmakers. Die gemeentes is meestal vasgeloopte oorlewingsgemeente.⁴⁸ Die onderstaande skets ‘n profiel van die Sinode en haar gemeentes.


Volgens die VGKSA Jaarboek (2009:61) het die Vrystaat/Lesotho Sinode, 92 gemeentes. In die agenda van die Sewende Sinode Sitting, soos gehou op 2-8 Oktober 2017, word aangedui dat daar 92 gemeentes is (V.G.K.S.A., 2017:6-8). Die Sinode is ingedeel in 11 Ringe, naamlik: Bethulie, Betlehem, Bloemfontein, Botshabelo, Heilbron, Kroonstad, Thabong, Vrede,

⁴⁷ Inligting is geneem uit die Jaarboek van die V.G.K.-Vrystaat en Lesotho. Die 2018 uitgawe is die laaste wat gepubliseer was. Die navorser het op 21 Julie 2023, die Scriba Synodi van die Kaapland Streek Sinode, Ds.H.Tromp gekontak via ‘n e-pos om te verneem wat die laaste uitgawe van die jaarboek is. Ds.H.Tromp het bevestig dat die 2018 uitgawe die laaste jaarboek is wat verskyn het.

⁴⁸ Oorlewingsgemeentes, die gevolgtrekking is gemaak vanuit die data soos vervat in die hoofstuk wat verkry is uit die onderhoude met die voorsitters van die verskillende ringe.

Wesselsbron, Winburg en Witsieshoek. Genoemde Ringe is soms in die situasie dat die hele Ring slegs deur een voltydse leraar bedien word of daar is geen voltydse leraar(s), slegs tentmakers of konsulente. Die situasie rakende gemeentes en predikante kan soos volg opgesom word: Totale gemeentes is 92; Aantal vakante gemeentes is 62; Aantal leraars is 36 (V.G.K.S.A., 2017:39).⁴⁹

Dit is onbekend hoeveel lidmate presies in die hele Vrystaat is. Daar kan naasteby **27 000** lidmate wees in die Sinode van die Vrystaat. Die navorsing sal hierdie gegewens opdateer want dit is baie onvolledig. Met die eenwording van die NGSK en die NGKA, het lidmaat en doop registers in die proses verlore geraak en/of is vernietig. Die eenwordingsproses het gepaard gegaan met erge konflik tussen die lede van die NGKA, dit wil sê die lede wat vir en teen die eenwording was. Die lede wat teen die eenwording gekant was, het die registers of verwyder of vernietig. Dit maak dat gegewens van sekere gemeentes nie akkuraat is nie. Die jaarboek se gegewens is nie volledig nie omdat inligting nie ingedien is nie. Die onderstaande grafiek dui die situasie van die predikante korps aan:



Figuur 4.2: Predikantskorps

Die oorhoofse prentjie is egter duidelik. Die meeste van die gemeentes funksioneer met 'n tentmaker of 'n konsulent. Daar is nie veel voltydse predikante in die gemeentes nie. Die

⁴⁹ Agenda van die sewende sinode sitting, V.G.K.S.A-Vrystaat en Lesotho, 2-8 Oktober 2017.

predikante wat wel voltyds aangestel is se ekonomiese omstandighede is ook nie goed nie. Die rede hiervoor is dat die betrokke gemeentes oor jare agterstallig geraak het met die salarisse van genoemde predikante. Die predikante is voltyds aangestel, maar doen ter wille van oorlewing ook ander sekulêre werke. Die enigste gemeentes wat wel voltydse leraars op skaal kan vergoed is: V.G.K-Heatherdale, Heidedal-Suid, Botchabela en Kroonstad (Sinode Notules).

Die meeste tentmakers het voltydse sekulêre werke en het nie die tyd en energie oor om genoeg tyd aan die werksaamhede van die gemeente te gee nie, en hou slegs die status quo instand. Die meeste gemeentes funksioneer volgens die Herder-kudde model, d.w.s. as die leraar nie teenwoordig is nie, dan gebeur nie veel nie. Die effektiwiteit van die gemeente wentel maar om die aanwesigheid van 'n leraar.

4.4 METODOLOGIE

Die navorser het met die voorsitters van die al die Ringe ongestruktueerde individuele gesprekke gevoer. Die rede waarom daar met die voorsitters in gesprek getree was, is omdat laasgenoemdes die amptelike mondstuk van die Ring is en beskik oor die mees akkuraatste data ten opsigte van die gemeentes wat ressorteer onder die Ringe. Die Ringe is as volg: Betlehem, Bethulie, Bloemfontein, Botstabelo, Heilbron, Kroonstad, Thabong, Vrede, Wesselsbron, Winburg en Witsieshoek. Die gesprekke het plaasgevind by die kerkgebou waar die betrokke voorsitter predikant was. Die vrae was as volg: Vertel my oor die streek waarin die Ring geleë is, wat is belangrik en interresant van die omgewing; Lys die name van die gemeentes in die Ring met hulle lidmaat getalle? Hoeveel van die gemeentes is vakant, hoeveel word bedien deur voltydse predikante, tentmakers, en konsulente? Hoe lyk die gemeentes se finansies? Watter sosiale probleme is hier in die konteks van die gemeentes? Wat doen gemeentes om die sosiale ewels aan te spreek? Die inligting soos vervat onder elke Ring was verkry uit genoemde gesprekke.

Die navorser het die volgende **analitiese raamwerk** gebruik om met die data oor die Ringe te werk. Schoeman (2015:78-79) beredeneer dat gemeentes beskryf kan word deur hulle **eksterne interaksie** (ekologie en kultuur) en deur gemeentes se **interne lewe** (prosesse en hulpbronne). Dit was die raamwerk van hoe die navorsing met die Ringe data aangewend is.

4.5 RINGE EN KLEINGEMEENTES⁵⁰

4.5.1 Ring van Witsieshoek⁵¹

Die Ring het 11 gemeentes met sewe voltydse predikante en vier tentmaker predikante; drie van die voltydse predikante is emiriti met ouderdomme wat wissel tussen 65-70 jaar. Die sewe voltydse predikante word onderbetaal en nie naastenby volgens die kerklike skaal nie. Hier is geen tentmakers in die Ring nie. Die statistiek is as volg:

Tabel 4.1: Ring van Witsieshoek statistiek

Gemeente	Aantal lidmate	Leraars
Phuthuditjhaba	2500	Voltyds
Witsieshoek Maklukeng	2000	Vakant
Tseki	1200	Voltyds
Thuba tsweu	1200	Voltyds
Boluta	1500	Voltyds
Monontshu	600	Voltyds
Namahudi	400	Vakant
Tseseng	150	Vakant
Riverside	400	Vakant
Dithotaneng	1100	Voltyds
Makong	800	Voltyds
Totaal	11850	

⁵⁰ Deel van die empiriese ondersoek het ingesluit ongestruktureerde onderhoude met die voorsitters van die verskillende Ringe in die Sinode. Die ongestruktureerde vrae het vrae ingesluit soos: Hoe is die betrokke ring ingedeel; Hoe sien die lewe van die gemeentes van die ring daaruit; wat is die uitdagings van die ring en gemeentes en wat doen gemeentes aan die uitdagings van die samelewing. Maree beskryf ongestruktureerde onderhoude as 'n geldige strategie om data te versamel. Maree meen ook dat tussen ongestruktureerde en gestruktureerde onderhoude kan ook semi gestruktureerde onderhoude gevoer word (2016:93). Delpont en Roestenburg in die boek: "Research at Grassroot", stem saam daarvoor dat ongestruktureerde onderhoude legitiem is: "Observation can further be unstructured of structured (2011:182)". Alan Bryman, in: "social research methods, erken die gebruik van ongestruktureerde onderhoude en maak die volgende opmerking: "Unstructured interviewing tends to be very similar in character to a conversation (2012:471)".

⁵¹ Onderhoud was gevoer met die voorsitter Ds. C.A. van der Merwe, by die pastorie in Kestell (Vrystaat). 2014. Die data hierin vervat kom van genoemde voorsitter.

4.5.2 Analitiese raamwerk

4.5.2.1 Eksterne interaksie

a) Ekologie

Witsieshoek is 'n dorp in die Vrystaat, 'n provinsie van Suid Afrika. Die dorp staan nou bekend as Phuthaditjhaba, 'n Sesotho woord wat beteken: "*ontmoetingsplek van die stamme*". Dit is geleë in 'n deel van die Drakensberge en grens aan die suid-ooste van die Provinsie, KwaZulu-Natal en aan die suid-weste van Lesotho. Die populasie is in totaal 54,661 wat saamgestel is uit 99.0% swartmense, 0.2 % bruinmense, 0.5% Indiërs, 0.1% witmense en, 0.2% ander. Die hooftaal is Sesotho. Witsieshoek word beskou as die armste area in die Vrystaat (Wikipedia. 2011). In die munisipaliteit, Maluti-A-Phofung waaronder Witsieshoek resorteer, is die werkloosheid onder die jeug 53% en 42% van die gemeenskap is werkloos in die munisipale streek. Die meerderheid van lidmate in die gemeentes is werkloos. Die gesinne in die gemeentes is grotendeels afhanklik van die regerings-toelaes soos die vir bejaardes, persone met gestremdhede en terminale siektes, en jong vrouens met kinders. Persone met vaste maandelikse inkomstes is in die minderheid. Mense met ander inkomstes is byvoorbeeld huishulpe, tuinwerkers, werkers by winkels en smouse. Die hoë vlak van armoede verduidelik hoekom gemeentes in die omgewing groot in getalle is, maar swaarkry in terme van hul finansies. Die getalle in die gemeentes beteken nie beter inkomstes nie. Die gemeentes, ongeag hulle grootte, voer 'n stryd om te oorleef. Die gemeentes funksioneer as instandhoudings gemeentes wat net die status quo handhaaf. Die meeste gemeentes is na binne gerigte gemeentes wat nie missionaal in hulle identiteit is nie.

b) Kultuur

Die gemeentes is gereformeerde in hulle kerklike tradisie. Die gemeentes is hoofsaaklik Sesotho-sprekend. Die Sesotho kultuur kleur ook die kultuur van die kerk in. Gemeentes in die Ring is oor die algemeen tradisioneel in hulle benadering tot kerkwees. Die gebrek aan fondse het die gevolg dat die fokus van die gemeente en al haar bediening is om voortdurend fondse te probeer insamel. Die gemeentes kan beskryf word as instandhoudings kerke.

4.5.2.2 Interne lewe

a) Prosesse

Verhoudings in die gemeentes is belangrik en daarom is die strewe na harmonie ‘n hoë prioriteit. Ten spyte van goeie intieme verhoudinge is konflik hoog in die gemeentes. Die regskommissie, moderamen en die Ring van Witsieshoek moes as gevolg van die konflik ingryp. Die konflik was as gevolg van ‘n dispuut tussen die kerkraad van die gemeente Monontsha en ‘n besorgde groep lidmate uit die gemeente. Die manier hoe die gemeente met konflik omgegaan het was op ‘n destruktiewe manier en dit het verdeeldheid in die gemeente gebring (Sinode Agenda, 2017:29).

b) Hulpbronne

Die Ring van Witsieshoek is ‘n groot Ring wat saamgestel is uit 11 gemeentes met ‘n gesamentlike lidmaat getal van 11 850 lidmate. Dit is interessant hoe groot sommige van die gemeentes van die Ring is met lidmaat getalle wat wissel van 400 tot 2 500. Die gemeentes van die Ring is oor die algemeen groot in getalle en wissel van pastoraal tot program grootte gemeentes. Die kleiner gemeentes soos: Tseseng, Riverside, Namahudi en Witsieshoek Maklukeng is vakant en word bedien deur konsulente, maar die ander agt gemeentes het voltydse predikante. Ten spyte van hulle getalle is die gemeentes finansieël nie in staat om hulle voltydse predikante te vergoed volgens die amptelike skale nie. Die hoë armoede- en werkloosheid syfer maak dat die groot getalle van gemeentes nie ‘n waarborg is vir voldoende hulpbronne nie. Die gemeentes is ten spyte van hulle grootte “*survival churches*”.

4.5.3 Ring van Bethlehem⁵²

Die Ring bestaan uit 10 gemeentes, wat deur vyf predikante bedien word. Vier van die vyf predikante is voltyds en een tentmaker.

⁵² Onderhoud was gevoer met die voorsitter van die Ring van Betlehem, Ds. M.I.Khambule. Die gesprek het plaasgevind by die v.g.kerkgebou, te Senekal. 2014. Die data hierin vervat kom van genoemde voorsitter.

Tabel 4.2: Ring van Bethlehem statistiek

Gemeente	Aantal lidmate	Leraars
Arlington (Leratswana)	200	Voltyds
Bethlehem-North	400	Tentmaker
Clarence	150	Vakant
Ficksburg	250	Vakant
Fouriesburg	550	Voltyds
Kopanong(Senekal)	400	Tentmaker
Lindley	600	Voltyds
Paul Roux	300	Voltyds
Senekal	400	Tentmaker
Senekal-North	350	Vakant
Totaal	3600	

4.5.4 Analitiese raamwerk

4.5.4.1 Eksterne interaksie

a) Ekologie

Betlehem is 'n stad in die ooste van die Vrystaat. Die naam Bethlehem is van Hebreeuse afkoms en beteken “*huis van brood*”. Dit is 'n vinnig groeiende stad en sal heerwaarskynlik die derde grootste stad wees naas Bloemfontein en Welkom. Die Ring van Bethlehem val binne die Munisipaliteit van Dihlabeng met 'n inwonertal van 128,704, bestaande uit witmense 10.4%; swartmense 87.4%, bruinmense 1.5%; en Indiërs 0.5%. Die taal samestelling in die streek is as volg: Sesotho sprekend is 77.5%, Afrikaans sprekendes is 11.9%, Zulu sprekendes is 4.8%, Engels sprekendes is 2.4% en ander is 3.4%. Die werkloosheid syfer in die streek is 28.7% en die jeug werkloosheid syfer is 38.9% (municipalities.co.za). Die stad Bethlehem vorm die kern van handel, mediese sorg en opvoedkunde vir oos Vrystaat. Hier word ook verskillende groot industrieë aangetref soos Coca-Cola, South African Breweries, Nestlé, asook petroleum en ingenieurs maatskappye wat groot werk verskaffers is (<https://en.wikipedia.org/wiki/bethlehem>). Een van die groot sosiale uitdagings is huishoudings wat deur kinders onder 18 behartig word. Die statistiek toon dat 37.9% huishoudings deur kinders in informele woonbuurtes behartig word (wazimap.co.za). Werkloosheid en armoede syfers in die gemeentes is hoog. Mense in die gemeenskappe word onderhou deur die regeringstoelae (pensioenaristoelae; weeskinderstoelae; siektoelae, en ander sosiale toelaes). Die gemeentes in

die Ring is geleë in die agtergeblewe woonbuurtes van die dorpe en is ook die deel van die bevolking wat die swaarste deur armoede getref is. Gemeente lede van die gemeentes leef letterlik in armoede.

b) Kultuur

Die gemeentes is plattelands. Die gemeentes is Sesotho-sprekend en is geleë in die tradisioneel swartgebiede wat ook die agtergeblewe groepe verteenwoordig. Die armoede in die gebiede is baie hoog en daarom leef die meeste lidmate in armoede. 'n Armoede kultuur heers sterk hier. Die feit dat almal, selfs die leiers van die gemeentes in armoede leef, maak dat oorlewing die primêre doelwit is. Die gemeentes is derhalwe na-binne gerig in hul benadering. Ten spyte van omstandighede is die gemeentes gevestig in die woonbuurtes en bied eredienste aan.

4.5.4.2 Interne lewe

a) Prosesse

Die gemeentes is kleingemeentes en plattelands in hul karakter. Alhoewel die register getalle wys dat gemeentes 600 lidmate het, is die gemeentes volgens erediensbywoning baie kleiner. Die gemeentes funksioneer as 'n uitgebreide familie sisteem en in sommige gevalle is baie lede biologies aan mekaar verbind. In die gemeentes ken die lede mekaar en is baie geheg aan mekaar. Die lidmate is ook baie bewus van mekaar se behoeftes en sal sover hulle kan, mekaar ondersteun. Dit is belangrik vir die gemeentes dat daar 'n predikant moet wees, want die predikant is soos 'n vader figuur. Die feit dat die lidmate mekaar so goed ken veroorsaak ook dat konflik maklik plaasvind oor klein en nietige sake. Die gemeentes groei egter nie en toon 'n afname in lidmaat getalle. Die status quo word slegs instand gehou. Die meerderheid is aktief en die take rus maar swaar op die minderheid. Die konflik is soms geleë in die leierskap; een van die voorbeelde was die ernstige konflik tussen die Ring van Bethlehem en 'n leraar, wat tugstappe tot gevolg gehad he omdat die leraar geweier het om die besluite van die Sinode te eerbiedig (Sinode Agenda, 2009:16). Die konflik patrone is heel dikwels destruktief.

b) Hulpbronne

Die Ring bestaan uit 10 gemeentes met 'n gesamentlike lidmaatgetal van 3600 lidmate. Uit die 10 gemeentes is agt kleingemeentes met lidmaat getalle wat wissel tussen 150-550. Die genoemde gemeentes val in die kategorie van familie-en-pastoraal grootte gemeentes. Slegs drie uit die 10 gemeentes het voltydse predikante, drie gemeentes word deur tentmaker predikante bedien en drie gemeentes se prediker poste is vakant. Die Ring het 'n tekort aan personeel. Die gemeentes gaan gebuk onder 'n gebrek aan voldoende fondse wat een van die redes is waarom gemeentes se prediker poste vakant is en ander van tentmaker predikante gebruik maak. Die predikante moet 'n sekulêre werk doen om hulle salarisse aan te vul, en die gevolg is dat sommige predikante ver van die gemeente, in ander dorpe en stede werk, en slegs naweke aan die gemeentes kan aandag skenk. Die drie gemeentes wat wel voltydse predikante het is ook nie in staat om hul volledige salarisse te betaal nie. Nog 'n bydraende faktor vir die finansiële probleme is die persepsie van lidmate dat hulle nie hoef te gee nie, want die gesubsidieerde predikante van die NGK, werkend in die V.G.K, het nie finansiële eise gestel nie.

4.5.5 Ring van Thabong⁵³

Die Ring het agt gemeentes wat bedien word deur vyf predikante, waarvan drie tentmakers is en slegs twee voltyds in die bediening is. Die salarisse van die predikante is almal onder die Sinodale skale.

⁵³ Onderhoud was gevoer met die voorsitter van die Ring van Thabong, Ds. S.M.Lekoana, by die V.G.Kerkgebou. 2014. Die data hierin vervat kom van genoemde voorsitter.

Tabel 4.3: Ring van Thabong statistiek

4.5.5.1 Eksterne Interaksie

Gemeente	Aantal lidmate	Leraars
Allanridge	250	Vakant
Kutlwanong (Odendaalsrus)	300	Vakant
Hennenman	450	Tentmaker
Ebenezer (Virginia)	600	Tentmaker
Thabong-East	600	Tentmaker
Thabong-West	500	Voltyds
Bronville	250	Vakant
Retshedisitswe(Thabong)	500	Vakant
Totaal	<u>3450</u>	

a) Ekologie

Thabong beteken in Sesotho “*plek van geluk*”, en bestaan uit 49 verskillende woongebiede. Die woonbuurt resoteer onder die Matjhabeng Munisipaliteit (waar nasies ontmoet) wat populasie van 126,013 het. Die populasie bestaan uit 99.3% swartmense, 0.3% bruinmense, 0.2% Indiërs, 0.1% witmense en 0.1% ander. Die hoofte wat in die omgewing gepraat word is: 71.7% Sesotho en 15.7% Xhosa. Die meerderheid van mense werk as mynwerkers. Die woonbuurt was gevorm om mense te akkomodeer wat in die myne werkzaam was. Thabong is ‘n groeiende woonbuurt en die oprigting van ‘n winkel kompleks in die woonbuurt is ‘n bewys van die groei. Die woonbuurt is toegerus met ‘n polisiestasie, biblioteke, asook ‘n veeldoelige gemeenskapsentrum. Daar is ook primêre en sekondêre skole. Die munisipaliteit bedien dorpe soos: Welkom, Virginia, Odendaalsrus en Allanridge. In 2011 was die munisipaliteit uitgewys as die mees korrupte administrasie, waar R 2 biljoen verdwyn het. Die munisipaliteit gaan gebuk onder ‘n hoë vlakke van werkloosheid. Die Covid pandemie het dit vererger. In die jaar 2021 was 150 000 mense werkloos. Dit kan toegeskryf word aan die sluit van 10 myne wat meegebring het dat die verskaffers aan die myne ook hulle besighede moes sluit. Die misdadisyfer is baie hoog en sluit misdade in soos: diefstal, inbrake, vandalisme van munisipale eiendom, onwettige myn bedrywighede deur die zama zamas, kabel diefstal, asook die steel van begrafplaas omheinings (Wikipedia, 2011). Die werkloosheidsyfer, veral onder die jeug, is hoog. Die armoede syfer is ook oor die algemeen hoog. Die welsynstoelaag wat die

staat per maand aan pensionarisse, gestremdes, enkelouers en ongeskiktes gee, hou die meeste van die huishoudings aan die gang. Die misdaadsyfer is ook hoog in die gemeenskappe.

b) Kultuur

Die gemeentes is hoofsaaklik saamgestel uit Sesotho sprekendes wat beteken dat die Sesotho kultuur dominerend is. Die gemeente gebruik die Sesotho taal as kommunikasie taal in die eredienste, vergaderinge, begrafnisse, troues en ander byeenkomste. Slegs gemeentes wat in Welkom, in die woonbuurt, Bronville geleë is, is Afrikaans sprekend, wat beteken dat die Afrikaanse bruin kultuur dominerend is. Die twee groepe akkomodeer wel mekaar by gesamentlike vergaderinge deur dan in Engels te kommunikeer. Die gemeentes in die Ring het 'n sterk tradisionele ekklesiologiese benadering tot die bediening. Die finansiële, werkloosheid en armoede het tot gevolg dat gemeentes net die status quo handhaaf. Die gemeentes het derhalwe 'n na-binne gerigte karakter. Die leierskap in die gemeentes roteer nie wat beteken dat die leierskap vir lang periodes rondom dieselfde persone draai. Die oorhoofse rede is omdat daar 'n gebrek aan gewillige lidmate is.

4.5.5.2 Interne lewe

a) Prosesse

In vele van die gemeentes word ernstige konflik situasies beleef. Die Afrikaans sprekende gemeente is een van die voorbeelde van destruktiewe konflik. Die gemeente het geskeur as gevolg van die konflik tussen die gemeente en die predikant. Die konflik was ten diepste 'n spiritualiteits-konflik; die predikant en 'n deel van die gemeente het 'n charismatiese styl beoefen en die ander deel van die gemeente het 'n tradisioneel gereformeerde styl van aanbidding voorgestaan. Die konflik het gelei tot skeuring, want die charismatiese deel het die kerk verlaat. Die gemeente het met om en by 50% verklein (Bronville fokusgroep onderhoud). Daar heers ook baie onopgeloste seer emosies, as gevolg van konflik. 'n Ander voorbeeld van konflik was die konflik tussen tussen die kerkraad van die Thabong-East gemeente. Hulle was verdeeld oor 'n beroep wat uitgebring is. Die konflik het 'n destruktiewe uitwerking gehad namate die ringskommissie se hulp ingeroep was om die proses te fasiliteer (Sinode Agenda, 2017:35).⁵⁴

⁵⁴ Agenda van die Sewende Sinode Sitting van die V.G.K.SA-Vrystaat en Lesotho, gehou in Bloemfontein. 2-8 Oktober 2017.

b) Hulpbronne

Die Ring bestaan uit agt gemeentes met 'n gesamentlike lidmaat getal⁵⁵ van 3 450 lidmate. Die gemeentes funksioneer as pastoraal grootte gemeentes. Die kleinste gemeente het 250 lidmate en die grootste 600 lidmate. Indien dit bereken word op erediensbywoning en nie volgens die registers nie, dan is al die gemeentes kleingemeentes. In terme van predikante is drie prediker poste gemeente vakant, een gemeente funksioneer met 'n afgetrede predikant, drie gemeentes het tentmaker predikante, vier gemeentes se prediker poste is vakant en een gemeente het 'n voltydse predikant. Die meeste gemeentes gaan gebuk onder ernstige finansiële probleme. Dit beteken nie dat laasgenoemde gemeentes se finansiële toestand stabiel en gesond is nie, dit is net beter in vergelyking met die ander gemeentes in die sin dat hulle in staat is om tentmaker predikante te kan bekostig. Die gemeentes is nie in staat om voltydse predikante te kan aanstel nie.

4.5.6 Ring van Kroonstad⁵⁶

Die Ring het vyf gemeentes met twee voltydse predikante, waarvan drie gemeentes se prediker poste vakant is. Die twee predikante word op skaal betaal en is verantwoordelik om die ander vakante gemeentes ook te bedien.

Tabel 4.4: Ring van Kroonstad statistiek

Gemeente	Aantal lidmate	Leraars
Kroonstad	800	Voltyds
BrendPark (Kroonstad)	200	Vakant
Seisoville	300	Vakant
Viljoenskroon	250	Vakant
Bothaville	400	Vakant
Totaal	1950	

⁵⁵ Lidmaat getalle soos aangedui by die Ringe is nie gemiddelde erediensbywonings getalle nie, maar wel lidmate op die lidmaat registers. Die erediensbywoning is baie laer as dit, heelwaarskynlik 50 % bywoning. Met erediensbywoning as indicator resorteer al die gemeentes as kleingemeentes.

⁵⁶ Onderhoud was gevoer met die voorsitter van die Ring, in die V.G.Kerkgebou, te Kroonstad. 2014. Die data hierin vervat kom van genoemde voorsitter.

4.5.6.1 Eksterne interaksie

a) Ekologie

Kroonstad staan nou bekend as Moaokeng wat in Sesotho beteken: “*plek van die doring bome (mimosa trees)*”. Dit is die derde grootste stad in die Vrystaat. Volgens die sensusopname van 2011 het Kroonstad ‘n populasie van 168,762. Die populasie bestaan uit: 85.2% swartmense, 4.0% bruinmense, 0.4% Indiërs, 10.1% witmense, en 0.3% ander. Die taal verdeling lyk as volg: 73.3% inwoners praat Sesotho, 15.8% is Afrikaans sprekend, 3.1% is Engels talig, 2.5% praat Xhosa, en 5.3% ander. Landbou is die hoof industrie in Kroonstad. Dit word beskryf as die sentrum van ‘n ryk landbou distrik. Aan die oostekant van die stad is die Bloemhoekdam vanwaar die stad en landbouers hulle water kry. Die omgewing het vele aktiwiteite vir besoekers soos: ‘n 18-put golfbaan, leeu toere en interaksie met leeus, ‘n tier park en stap roetes. Kroonstad val onder die Moqhaka Munisipaliteit. Die stad is goed geleë op die N1. Vervoer opsies wat die stad bied is pad, spoor en lug vervoer. Die stad word gekenmerk deur groot winkelsentrums. Werkloosheid en armoede in die gemeenskap en onder die lede van die gemeente is baie hoog. Die werkloosheid syfer is 35.2% en die jeug (15-34 jaar) se werkloosheid syfer is 47.2%. Die gemeentes is almal geleë in die woonbuurtes waar die werkloosheid syfers so hoog is, wat beteken dat meeste van die lidmate in armoede leef en werkloos is. Dit verklaar hoekom gemeentes se prediker poste vakant is.

b) Kultuur

Die kultuur van die gemeentes is uiteenlopend, want die gemeentes Kroonstad en Brendpark-Kroonstad, is stadsgemeentes terwyl die gemeentes Seeisoville, Viljoenskroon en Bothaville plattelands is. Die diversiteit van die Ring is ook daarin gelëe dat die gemeentes: Kroonstad, Seeisoville, Viljoenskroon en Bothaville die Sesotho sprekende gemeentes is en die gemeente Brendpark-Kroonstad is ‘n bruin Afrikaans sprekende gemeente. Wat al die gemeentes in gemeen het, behalwe Kroonstad gemeente, is dat armoede en werkloosheid deel van die bestaan van die lidmate is. Genoemde gemeentes is as gevolg daarvan oorlewings gemeentes met ‘n na-binne gerigtheid.

4.5.6.2 Interne lewe

a) Prosesse

Die gemeentes in die Ring van Kroonstad beleef ook konflik, veral in die leierskap. 'n Voorbeeld is die konflik in die Bothaville gemeente. Die konflik het so intens geword dat die hulp van die Sinodale Regkommissie kommissie ingeroep moes word. Die feit dat daar verwys was na 'n besorgde groep is 'n aanduiding dat die saak verdeeldheid in die gemeente aan die eenkant en verdeeldheid in die kerkraad aan die anderkant veroorsaak het. Die oorsaak van die konflik was as gevolg van 'n dispuut tussen die predikant en die kerkraad. Die saak is aanhangig gemaak deur die predikant by die Commission for Conciliation, Mediation and Arbitration (CCMA). Die uiteinde van die konflik was dat die predikant se bande met die gemeente gesny is (Sinode Agenda, 2017:34).

b) Hulpbronne

Die Ring bestaan uit vyf gemeentes met 'n totale lidmaat getal van 1950 lidmate. Die lidmaat getalle wissel van 200 tot 800 lidmate.⁵⁷ Die gemeentes is almal kleingemeentes wat val binne die kategorie van pastoraal grootte gemeentes. Een van die gemeentes het voltydse predikante terwyl die ander vier gemeentes se prediker poste vakant is. Die gemeentes binne die Ring, buiten Kroonstad gemeente, word gekonfronteer met ernstige finansiële uitdagings en een van die fisiese bewyse is die feit dat vier uit die vyf gemeentes se prediker poste vakant is en nie predikante as gevolg van 'n gebrek aan voldoende fondse kan aanstel nie. Brendpark-Kroonstad gemeente het nie net ernstige finansiële probleme, maar toon 'n daling in lidmaat getalle ook. Kroonstad gemeente is 'n finansiële stabiele gemeente met 'n lidmaat getal van 800 lidmate.

4.5.7 Ring van Bethulie⁵⁸

Die Ring bestaan uit agt gemeentes en word bedien deur slegs twee voltydse predikante. Genoemde predikante word ver onder die Sinodale salaris skaal betaal.

⁵⁷ Die lidmaat getalle is volgens die getalle soos op die lidmaat registers en nie volgens die gemiddelde erediensbywoning as indikator van gemeente grootte nie.

⁵⁸ Die ongetrukteerde onderhoud is gevoer met die voorsitter van die Ring van Bethulie, Ds. S.D.Olivier by die V.G.Kerkgebou, te Trompsburg, 2014. Die data hierin vervat kom van genoemde voorsitter.

Tabel 4.5: Ring van Bethulie statistiek

Gemeente	Aantal lidmate	Leraars
Oppermansgronde	200	Vakant
Bet-el - Koffiefontein	800	Vakant
Morester- Koffiefontein	100	Vakant
Fauresmith	300	Vakant
Frayville	150	Vakant
Jagersfontein	100	Vakant
Jacobsdal	400	Vakant
Emmanuel-Trompsburg	600	Voltyds
Bethulie	150	Vakant
Berseeba-Smithfield	400	Vakant
Totaal	<u>3200</u>	

4.5.7.1 Eksterne Interaksie

a) Ekologie

Bethulie wat beteken: “*gekies deur God*”, is ‘n klein dorp in die suide van die Vrystaat. In die omgewing is skaap en beesboerdery ‘n hoofbron van inkomste. Die dorpie was in die jare 1829 ‘n sendingstasie en vandaar ook die naam, Bethulie: “*gekies deur God*”. Die bevolking in totaal is 6,497 en bestaan uit 81.6% swartmense, 9.3% bruinmense, 0.7% Indiërs, 8.0% witmense en 0.4% ander. Die hooftale wat hier gepraat word is Xhosa 43.8% en Sesotho 31.0%. Die dorp ressorteer onder die Munisipaliteit van Kopanong wat beteken: “*plek van ontmoeting*”. In die munisipaliteit is daar ‘n bevolking van 49,171. Een van die sosiale uitdagings van die omgewing is huishoudings wat deur kinders behartig word. Daar is tans 353 huishoudings wat deur kinders behartig word en spesifiek deur seuns. MIV/VIGS is die hooforsaak van sterftes in die omgewing vir die 25-64 ouderdoms groepe. Gesondheidsdienste word hoofsaaklik verskaf deur klinieke en mobiele klinieke. 41.9% van die inwoners leef in omstandighede van armoede en in die hele Xhariep streek leef 59% van die gemeenskap in armoede. Die werkloosheid syfer in die streek is 16700 (35.5%). Die statistiek toon verder dat die misdadafsyfer in die area styg, en misdaad in die area behels: doelbewuste brande om eiendom te beskadig, beskadiging van eiendom, diefstal by winkels, inbrake by huise, motor en motorfiets diefstal, inbrake in motors om besittings uit motors te steel, en vee diefstal (cogta.gov.za). Die gemeentes in die Ring leef in armoede. Die lidmate van die gemeentes is

oor die algemeen werkloos. Die gemeentes is kleiner wordend. Die agteruitgang van die totale gemeenskap is duidelik sigbaar. Die gemeentes bestaan net en doen net die basiese, met minimum tot geen impak op haar lede en gemeenskap nie.

b) Kultuur

Die 10 gemeentes van die Ring verskil in kultuur vanweë die feit dat die gemeentes: Oppermansgronde, Môrester-Koffiefontein, Frayville, Jagersfontein en Jacobsdal, Afrikaans sprekende gemeentes en Bet-el Koffiefontein, Fauresmith, Emmanuel-Trompsburg, Bethulie en Berseeba-Smithfield, Sesotho gemeentes is. Die gemeentes is klein en plattelands en vir baie jare vakant. Die gemeentes groei nie en verloor lidmate na charismatiese kerke. Die gemeentes is in hulle wese kwynend. Die gemeentes word bestuur en instand gehou deur die kerkraad. Die ouderlinge behartig die eredienste en waar nodig ook begrafnisse. Dit is net die heel basiese bedieninge wat aan die gang gehou word. Die gemeentes toon ook 'n sterk onbetrokkenheid van die lidmate en die gemeentelike funksies word swak bygewoon. Die meerderheid lidmate is passief en die minderheid is aktief. Die erediensbywoning is ook swak. Daar kom ook voortdurende konflik voor in die gemeentes en in die meeste van die gevalle is dit oor klein, irrelevante en nietige dinge. Die gemeentes is vasgeloopte gemeentes.

4.5.7.2 Interne lewe

a) Prosesse

Gemeentes is kleiner wordend en stagneer. Lidmate wat gemeentes verlaat sluit aan by die charismatiese kerke in die omgewing.

b) Hulpbronne

Die Ring bestaan uit 10 gemeentes met 'n gesamentlike getal van 3200 lidmate. Die agt gemeentes se getalle⁵⁹ wissel van 100 lidmate tot by 400, waarvan die ander twee se getalle 600 en 800 lede onderskeidelik is. Die gemeentes funksioneer as familie-en-pastoraal grootte gemeentes. Gemeentes is vasgeloop en is duidelik instandhouding gemeentes en oorlewings gemeentes.

⁵⁹ Die getalle is geneem volgens die lidmaat registers en nie as die gemiddelde erediensbywoning as indikator nie. As die erediensbywoning as indikator van gemeente grootte gebruik word dan is die getalle veel minder.

Die gemeentes se prediker poste is almal vakant, dit is slegs die Emmanuel-Trompsburg wat 'n predikant voltyds in diens het.⁶⁰ Dit is ook opmerklik dat die hele Ring bedien word deur een predikant, want die res van die gemeentes se prediker poste is vakant. Die Ring het 'n ernstige tekort aan menslike hulpbronne. Die bediening word in stand gehou deur die kerkraad (kwantitatiewe gemeente vraelys). Soos wat die situasie huidiglik is, sal die vakante gemeentes nie binne die volgende jare enige beroep kan uitbring nie, want soos reeds genoem, is daar geen groei nie. Die opsie van gemeente kombinerings is probeer en het nie die situasie gehelp nie.

Die gemeentes is vasgevang in 'n erge vorm van armoede en werkloosheid. Die navorser beskryf die omgewing dat "armoede op die voorstoep van die dorp sit". Materiële bronne is baie beperk in die omgewing van die Ring. Finansiële probleme maak dit byna onmoontlik vir die bediening. Die gebrek aan geld veroorsaak dat die hele bediening fokus op maniere om fondse in te samel. Kerkgeboue gaan fisies agteruit omdat gemeentes dit nie kan onderhou nie.

4.5.8 Ring van Bothsabelo⁶¹

Die Ring bestaan uit 12 gemeentes, waarvan nege se prediker poste vakant en baie klein is met n lidmaattal van 100. Die gemeentes word bedien deur drie predikante waarvan slegs een voltyds en twee tentmakers is. Die leraars word al drie onder die aanbevole Sinodale salaris skaal vergoed.

Tabel 4.6: Ring van Botshabelo statistiek

Gemeente	Aantal lidmate	Leraars
Bethele	100	Vakant
Bethesda	100	Vakant
Calvary	100	Vakant
Botshabelo	400	Tentmaker
Botshabelo-West	600	Tentmaker
Jehova-Nissi	600	Voltyds
Lebohang	100	Vakant

⁶⁰ Neem kennis dat wannneer daar wel aangedui word dat 'n gemeente 'n predikant voltyds het dit nie noodwendig beteken dat daardie gemeente 'n stabiele finansiële posisie het en dat die predikant vergoed word volgens die amptelike kerklike skaal nie (sien response van die kwantitatiewe gemeente vraelys).

⁶¹ Die ongestruktureerde gesprek is gevoer met die voorsitter van die Ring, Ds.S.M.Mohokare by die V.G.Kerkgebou in Botshabelo-Wes. 2014. Die data hierin vervat kom van genoemde voorsitter.

Maseru	150	Vakant
Sedibeng	150	Vakant
Rethabile	600	Vakant
Reamohetswe	100	Vakant
Thaba Nchu	400	Vakant
Totaal	<u>3400</u>	

4.5.8.1 Eksterne interaksie

a) Ekologie

Die woonbuurt Botshabelo, wie se naam: “*‘n plek van skuiling*”, beteken, is geleë 45 km oos van Bloemfontein. Dit is die grootste woonbuurt (*township*) in die Vrystaat. Die ekonomie van die woonbuurt is gebaseer op kos, klere en ander goedere. Die groot hoender produseerder, Supreme Poultry, is ook hier gevestig. Die gebied word bedien deur Capitec bank en Shoprite. Die meeste mense maak gebruik van busdienste as vervoer middel. Die woonbuurt is ook geleë by die hoofspoorlyn wat trein vervoer bied tussen Bloemfontein en Maseru (Lesotho). In terme van onderrig, is daar 65 primêre en sekondêre skole. Daar is ook ‘n sateliet kampus van Motheo FET College. Botshabelo het ‘n totale bevolking van 181,712 inwoners. Die woonbuurt ressorteer onder die Mangaung Munisipaliteit en laasgenoemde het ‘n inwoner getal van 759,693 (Wikipedia, 2011). Botshabelo Unemployment Movement⁶² (1999) het volgens hulle navorsing bevind dat 40% van die bevolking werkloos is, dat slegs ‘n derde van die inwoners spoeltoilette het en dat die ongeletterdheidsvlak van die gemeenskap hoog is, want slegs 25% van die bevolking het ‘n Graad 12 sertifikaat (aidc.org.za). Armoede en werkloosheid in gemeentes van die Ring is baie hoog. Daar is baie jong gematrikuleerdes in die gemeentes, maar hulle is werkloos. Die meeste gemeentes is net oorlewing (survival) gemeentes en onderhou die status quo.

Minimum tot geen groei (kwantitatief en kwalitatief) vind plaas nie. Gemeentes is vasgeloop en stagneer. Die gemeentes het geen gemeenskaps projekte of aktiwiteite wat daarop gemik is om die uitdagings van die gemeenskap aan te spreek nie. Die gemeentes funksioneer as familie-en-pastoraal grootte gemeentes.

⁶² Botshabelo Unemployment Movement(BUM) is gestig in 1999, met die doel om die massiewe saak van werkloosheid en sosiale onreg aan te spreek (aidc.org.za).

b) Kultuur

Die gemeentes in die area is kleingemeentes met 'n plattelandse karakter. Die gemeentes gebruik almal Sesotho as kommunikasie taal en die Sotho kultuur is dominerend. Die gemeentes is oor die algemeen in armoede gedompel as gevolg van die hoë werkloosheid syfer onder die lidmate, maar ook onder die gemeenskap. Die gemeentes voer 'n oorlewingsstryd. Daar is nege uit die 12 gemeentes se prediker poste wat vakant is en as gevolg van gebrekkige fondse vir lank vakant gaan wees. Die twee tentmakers en een voltydse predikante is verantwoordelik vir die 3400 lidmate van die Ring. Die gemeentes word bestuur en in stand gehou deur die kerkraad. Sonder die kerkraad sou die gemeentes nie 'n bestaan kon voer nie. In die afwesigheid van geordende predikante, sorg die ouderlinge dat eredienste elke Sondag plaasvind, doen hulle die pastoraat, en begelei lidmate met sterftes en begrafnisse. Die diakens neem verantwoordelikheid van die dankoffers. Die kerkraad hou die bediening en die sisteem in stand. Die feit dat armoede deel van die identiteit van die gemeentes geword het en daar groot finansiële tekorte is, beteken dat die fokus op fondsinsameling is. Alle energie en tyd gaan daarin en die kernbesigheid, hul roeping (missionale identiteit) van die gemeente, lei skade. Die gevolg is ook dat die gemeentes na-binne gerig geword het. Die welsyn van die gemeente is prioriteit.

4.5.8.2 Interne lewe

a) Prosesse

Die gemeentes word ook gekenmerk deur konflik. Een van die voorbeelde is die skorsing van die tentmaker leraar van Botshabelo-West. Die klag teen die predikant was dat hy geswyg het oor die wanbestuur van die kerkfondse deur die kassier van die gemeente. Hiervoor is die predikant vir twee jaar geskors (Sinode Agenda, 2017:51). In die gemeente Jehova-Nissi was daar ook konflik omdat die fondse van die kerk ook verduister was deur die kassier, en die konflik het gelei tot die selfdood van die kassier (Sinode Agenda, 2017:54).

b) Hulpbronne

Die Ring van Botshabello bestaan uit 12 gemeentes met 'n gesamentlike lidmaat getal⁶³ van 3400 lidmate. Drie uit die 12 gemeentes het 'n lidmaat getal van 600 lidmate en die ander nege

⁶³ Die lidmaat getalle soos weergegee in die tabel is gebaseer op die getalle soos gevind in die lidmaat registers en nie op die gemiddelde erediensbywoning as indikator van gemeente grootte. Indien die erediensbywoning as indikator gebruik word sal die syfers aansienlik minder is. Die navorser is bekend met al die gemeentes se situasie

gemeentes se getalle wissel van 100 tot 400 lidmate. Die gemeentes funksioneer as familie-en-pastoraal grootte gemeentes en kan verder beskryf word as vasgeloopte oorlewingsgemeentes. Die menslike hulpbronne van die gemeentes is uiters beperk. Uit die 12 gemeentes is daar slegs een voltydse predikant en twee tentmaker predikante en die res van nege gemeentes se prediker poste is vakant en moet bedien word deur die drie predikante waarvan twee deeltydse predikante is. In die Ring is die meeste gemeentes kleingemeentes en die gemeentes is ook kleiner wordend en stagneer. Alhoewel daar groeperings van sommige van die kleingemeentes is, los dit nie die finansiële uitdagings op nie. Dit help slegs dat die bediening in stand gehou word.

Die materiële bronne in die gemeentes is beperk. Die gemeentes met 'n lidmaattal van 600 lidmate slaag nie daarin om voltydse predikante te kan bekostig nie, bv. Botshabelo-West het 600 lidmate, maar het 'n maandelikse inkomste van R3000-R4000 per maand. Die een gemeente wat wel voltyds bedien word se predikant word nie op Sinodale skaal vergoed nie. Swak offervaardigheid dra daar toe by dat finansiële probleme bestaan en die finansiële uitdagings is nie uitsluitlik die probleem van werkloosheid en armoede nie. Ds. Mohokare stel dit so: *"Its not that people can't give, the leadership don't motivate members enough to give"*. Die kombinasies wat tussen gemeentes bestaan het die bedoeling om die finansiële las op gemeentes te verlig, maar los ook nie heeltemaal die finansiële probleme op nie.

4.5.9 Ring van Bloemfontein⁶⁴

Die Ring bestaan uit sewe gemeentes en word bedien deur ses predikante, waarvan drie tentmakers is en drie voltyds. Slegs een gemeente in die Ring se prediker pos is vakant.

omdat hy as predikant en funksionaris van die Sinode betrokke was. Hy kan opgrond van sy ervarings die aannames maak.

⁶⁴ Die ongestruktureerde gesprek is gevoer met die voorsitter van die Ring, Ds. M.T.J. Letsie by die V.G.Kerkgebou te Bochemela, Bloemfontein. 2014. Die data hierin vervat kom van genoemde voorsitter.

Tabel 4.7: Ring van Bloemfontein statistiek

Gemeente	Aantal lidmate	Leraars
Bochabela	1200	Voltyds
Heatherdale	1000	Voltyds
Heidedal-Suid	600	Voltyds
Bloemfontein-West	250	Tentmaker
Bloemfontein-South	250	Tentmaker
Emmanual-Mangaung	2200	Tentmaker
Tokoloho	200	Vakant
Totaal	<u>5700</u>	

4.5.9.1 Eksterne Interaksie

a) Ekologie

Bloemfontein is die hoofstad van die Vrystaat Provinsie, met 'n goed ontwikkelde infrastruktuur en vervoer netwerk. Bloemfontein resorteer onder die Mangaung Metropolitaanse Munisipaliteit. Mangaung is 'n Sesotho naam wat beteken: “plek van die jagluiperd”. Laasgenoemde Munisipaliteit het 'n bevolking van 1,011,112 terwyl die stad, Bloemfontein 'n inwoner tal van 256,185 het. Bloemfontein staan ook bekend as die rose stad omdat 'n jaarlikse rose fees (Mangaung Rose festival) daar gehou word. Die hoofdale is as volg: 42.5% praat Afrikaans, Sesotho sprekendes is 33.4%, Engels taliges is 7.5%, Xhosa sprekendes is 7.1% en Tswana sprekend 9.5%. Die rasse samestelling is as volg: 56.1% is swartmense, 12.8% is bruinmense, 0.8% is Indiërs, 29.8% is witmense en 0.5% is ander. Die stad is bekend vir sport soos sokker, rugby, krieket en huisves internasionale sports geleenthede (Wikipedia, 2011). Die verskynsel van kinders wat huishoudings behartig kom ook voor en in die stad is daar 1418 kinders onder die ouderdom van 18 wat huishoudings behartig waarvan 47% deur meisies onder 18 behartig word. MIV/VIGS is die hoofoorsaak van sterftes in die Metro en huidiglik is daar 129 198 mense wat positief getoets het en met die virus leef. Die armoede syfers is hoog in Mangaung en 315 427 (36.6%) mense leef in armoede. Die werkloosheid syfer in Mangaung is 25.3%. Misdad kom in verskeie vorme voor in die munisipale gebied en lyk as volg vir die jaar 2018/2019: 294 moorde, 1012 seksuele misdade, 224 pogings tot moord gevalle, 4243 aanranding gevalle, 1044 roof sake, 1852 roof met verswarende omstandighede, 35 sake van brandstigting, 1989 moedswillige beskadiging van eiendom, 1195 diefstal sake, 414 motor diefstal en onder winkeldiefstal was daar 1359 (cogta.gov.za). Die sewe (7)

gemeentes van die Ring van Bloemfontein is geleë in die areas waar armoede, werkloosheid en misdaad voorkom. Dit is die gemeentes se onmiddellike konteks.

b) Kultuur

Die gemeentes is stadsgemeentes, waarvan die vier gemeentes kwalifiseer as klein stedelike gemeentes. Die gemeentes is nie in hulle kultuur missioneel nie en opereer as instandhoudings gemeentes met meer 'n herder-kudde identiteit. Heatherdale gemeente is in die proses om te skuif van 'n herder-kudde model na 'n missionale model van gemeente wees. Die gemeente het konferensies gehou om hulle karakter as missionale gemeente te bespreek, en hulle was saam op reis met ander gemeentes met die gestuurde gemeente konsep. Verder het die gemeente deur strategiese dinkskrumme gegaan. Een van die resultate was die oprigting van die Bloemfontein Life Change Centre wat in samewerking met die Universiteit van Vrystaat die veelsydige uitdagings van die gemeenskap gaan aanspreek.

4.5.9.2 Interne lewe

a) Prosesse

Die gemeentes van die Ring ervaar hoë vlakke van konflik en is as gevolg daarvan ook kleinerwordende gemeentes. Een van die voorbeelde van intense destruktiewe konflik is die van die Bochabela gemeente. Die konflik in die Bochabela gemeente het 'n skeuring tot gevolg gehad. Die besorgdes het 'n eie gemeente gevorm met die naam: "Verenigende Gereformeerde kerk-Lefika gemeente. Die woord: "*lefika*" beteken rots. Die Lefika wegbreek groep het uiteindelik aangesluit by die N.G.K.A. as 'n wyk van Bloemfontein-noord gemeente (Sinode Agenda, 2017:31). Die konflik kon nie opgelos word nie, derhalwe die skeuring.

b) Hulpbronne

Die Ring van Bloemfontein het sewe gemeentes met 'n gesamentlike lidmaattal van 5700 lidmate. Die gemeentes is geleë binne in die stad. Die heel groot gemeentes se getalle wissel van 1000-2200 lidmate, een gemeente het 600 lidmate en drie gemeentes se getalle wissel van 200-250 lidmate. Die gemeentes: Tokoloho, Bloemfontein-Suid, Bloemfontein-Wes en Heidedal-Suid funksioneer as familie-en-pastoraal gemeentes en word as kleingemeentes gekategoriseer, terwyl Heatherdale en Bochabela geklassifiseer word as program gemeentes.

Die drie gemeentes, naamlik Bochabela, Heatherdale, Heidedal-Suid is 100% onafhanklik en finansieel gesonde gemeentes. Die leraars word ook op die Sinodale skaal vergoed en die

gemeentes kom hulle finansiële verpligtinge ten volle na. Die ander gemeentes: Bloemfontein-West, Bloemfontein-South, Emmanuel-Mangaung en Tokoloho, kan nie voltydse predikante bekostig nie, en word bedien deur tentmakers. Genoemde gemeentes ervaar ernstige finansiële probleme.

4.5.10 Ring van Vrede⁶⁵

Die Ring bestaan uit sewe gemeentes en word bedien deur drie tentmaker predikante.

Tabel 4.8: Ring van Vrede statistiek

Gemeente	Aantal lidmate	Leraars
Reitz	200	Vakant
Reitz-Sentraal	350	Tentmaker
Tweeling	120	Vakant
Frankfort	100	Tentmaker
Vrede	200	Tentmaker
Harrismith	400	Vakant
Memel	100	Vakant
Totaal	1470	

4.5.10.1 Eksterne interaksie

a) Ekologie

Die dorp Vrede is ‘n landbou hub wat mielies, koring, vleis, wol, bees, hoenders en suiwel produkte produseer. Die dorp val onder die Munisipaliteit van Phumelela, wat beteken “*om te wen*”. Die dorp Vrede het ‘n bevolking van 17,689 wat bestaan uit: 93.1% swart mense, 0.4% bruin mense, 0.5% Indiërs, 5.7% witmense, en 0.4% ander. Die twee dominerende tale van die area is 53.4% Zulu sprekendes en 36.5% is Sesotho sprekend.

Die vlak van armoede en werkloosheid in die gemeentes is hoog, die meeste lidmate werk as plaas arbeiders. ‘n Situasië analise gedoen in 2010/11, beskryf die situasië van Phumelela as volg: “65% of the population that is either unemployed or not economically active, the poverty

⁶⁵ Die ongestruktureerde gesprek is gevoer met die voorsitter van die Ring van Vrede, Ds. B.C.T. Mochekwane by die V.G.Kerkgebou, Reitz-Sentraal.2014. Die data hierin vervat kom van genoemde voorsitter.

levels in the area became apparent. An alarmingly high percentage of the Phumelela population reflects no income, implying extremely high poverty levels. Statistics indicate that at least 68 % of the population is poor” (2010/11 IDP Review, Phumelela Local Municipality. Situation Analysis). Die kleingemeentes van die Ring funksioneer in die armste van die armste areas van die munisipaliteit. Die lidmate van die gemeentes vorm deel van die armoede statistiek. Die gemeentes is uiters klein en stagneer in lidmaat getalle. Daar is weinig tot geen missionale bedrywighede nie, endie gemeentes is na binne-gerig en vasgeloop.

b) Kultuur

Die gemeentes is klein plattelandse gemeentes. Die gemeentes is gelê in ‘n omgewing met ‘n armoede syfer van 68%. Die lidmate woon in die area en is slagoffers van armoede. Die gemeentes word oor die algemeen bestuur en in stand gehou deur die raad van ouderlinge en diakens.

4.5.10.2 *Interne lewe*

a) Prosesse

Die kleingemeentes in die Ring gaan gebuk onder erge finansiële druk. Die lidmate leef in erge armoede en dit is een van die grootste redes vir die finansiële probleme van die gemeentes. Die betrokke gemeentes ervaar ook ‘n afname in lidmaat getalle omdat van die jonger lidmate aansluit by charismatiese kerke wat ‘n voorspoeds-teologie verkondig. Dit is ‘n sterk aantrekking vir mense wat in armoede leef. Die afname in erediensbywoning het ook daarmee te doen dat lidmate net nie meer belangstel nie, want die kerk wat hoop moet bring leef ook in ellende. Die afwesigheid van ‘n permanente predikant (geestelike leier) is ook ‘n rede dat die gemeentes leeg loop. Die kerkraad neem die leiding vir die bestuur en instandhouding van die gemeente soos erediensste, wyksbidure, begrafnisse, en pastoraat. Die feit dat deelname aan die gemeente aktiwiteite deur lidmate afneem, veroorsaak ook dat die kerkraad entoesiasme verloor. Die min bedieninge wat nog wel daar is, het geen noemenswaardige impak nie. Die leiers is uitgeput, want die gebrek aan gewilliges om te dien is groot en die gevolg is dat die leiers in die gemeentes uitgebrand is. In die gemeentes is daar ‘n afname (decline) in alles en konflik vind plaas oor klein irrelevante sake. As voorbeeld van laasgenoemde, was die konflik tussen die kerkraad en die patriarg van die gemeente, Frankfort. Die konflik tussen die twee partye het ‘n punt bereik waar hulle dit self nie kon oplos nie en bemiddeling van die rinkskommissie aangevra het. Die lidmaat betrokke redeneer dat die kerkgebou aan hom

behoort en nie aan die gemeente nie. Die betrokke lidmaat het sover gegaan dat hy die kerk hof toe geneem het. Die oplossing is dat hy die kerk mag gebruik vir eredienste saam met sy nuut gestigte gemeente en Frankfort gemeente kan op 'n ander tyd op die Sondag hulle erediens hou. Die konflik is nie opgelos nie en het 'n destruktiewe wending geneem. Die Ring het adviseer dat die kerkraad ook 'n prokureer moet aanstel (Sinode Agenda, 2017:34).

b) Hulpbronne

Die Ring van Vrede het sewe gemeentes met 'n gesamentlike lidmaat getal⁶⁶ van 1470 lidmate. Die lidmaat getalle per gemeente wissel van 100 tot 400 lidmate. Die gemeentes in terme van grootte kan beskryf word as familie-en-pastorale grootte gemeentes. Die gemeentes ervaar 'n tekort aan menslike hulpbronne. Die gemeentes Reitz, Tweeling, Memel se prediker poste is vakant, Reitz-Sentraal, Frankfort en Vrede funksioneer met tentmaker predikante. Daar is net een voltydse predikant wat die gemeente Harrismith bedien. Die gemeentes gaan gebuk onder erge finansiële probleme en sal binne die afsienbare toekoms geen voltydse beroepe kan uitbring nie. Die gemeentes is oor die algemeen vasgeloopte gemeentes en kan beskryf word as oorlewings en instandhouding gemeentes. Die feit dat armoede so 'n groot probleem is, gaan die meeste gesprekke oor finansies en hoe om geld te bekom. Dit is tipies van n oorlewings kerk mentaliteit.

4.5.11 Ring van Winburg⁶⁷

Die Ring bestaan uit sewe gemeentes en word bedien deur twee tentmaker predikante.

Tabel 4.9: Ring van Winburg statistiek

Gemeente	Aantal lidmate	Leraars
Ventersburg	500	Tentmaker
Winburg	300	Vakant
Theunnissen	250	Vakant
Brandfort	500	Vakant
Clocolan	500	Tentmaker

⁶⁶ Die lidmaat getalle soos weergegee in die tabel is gebaseer op die getalle soos gevind in die lidmaat registers en nie op die gemiddelde erediensbywoning as indikator van gemeente grootte. Indien die erediensbywoning as indikator gebruik word sal die syfers aansienlik minder is.

⁶⁷ Die ongetruktureerde gesprek is gevoer met die voorsitter van die Ring van Winburg, Ds. M.V.Makhetha, by die V.G.Kerkgebou, te Ventersburg. 2014. Die data hierin vervat kom van genoemde voorsitter.

Marquard	100	Vakant
Excelcior	400	Vakant
Totaal	2550	

4.5.11.1 Eksterne Interaksie

a) Ekologie

Winburg is 'n klein dorp in die Vrystaat waar daar gemengde boerdery plaasvind. Die dorp word ook gereken as die oudste dorp in die Vrystaat en is 120 km van Bloemfontein geleë. Die dorp ressorteer onder die Masilonyana Munisipaliteit met 'n bevolking van 1 373 inwoners. Die inwoners bestaan uit die volgende rasse: 41.0% is swart mense, 3.0% is bruin mense, 1.0% is Indiërs, 55.8% is witmense, en 2.2% ander. Die tale wat in die dorp gepraat word is: 68.9% praat Afrikaans, 15.8% praat Sesotho, 8.0% is Engels sprekend, 2.3% is Xhosa sprekend, en 5.0% ander. Armoede is 'n groot uitdaging, want die meerderheid van mense leef in armoede. Die meeste mense leef van die welsyn toelae. In die dorp is daar net vir 2 % van die bevolking voltydse werkseleentheid (Wikipedia, 2011). Die drie groot uitdagings is werkloosheid, voorsiening van basiese dienste en misdaad. Die gemeentes van die Ring is nie alleenstaande van die situasie nie, maar die lidmate leef self in armoede, en hulle is werkloos. Die armoede en werkloosheid kwessie is een van die grootste uitdagings, want dit lei tot sosiale euwels soos veral vragmotor-prostitusie. Daar heers 'n groei in tienerswangerskappe en alkohol misbruik in die Ring. Die gemeentes stagneer en is in 'n absolute vasgeloopte situasie. Die sosio-ekonomiese toestande maak dat die gemeentes na-binne gerig is, met minimaal tot geen gemeenskaps betrokkenheid.

b) Kultuur

Die sewe gemeentes van die Ring is klein plattelandse gemeentes. Die vyf gemeentes funksioneer met konsulente en dit beteken een naweek besoek elke derde maand. Die twee ander gemeentes met tentmaker predikante kom daarop neer dat die leraars deeltjyds is en 'n voltydse sekulêre werk het wat die meeste van hul tyd in beslag neem, dus is hulle hoogstens naweke by die gemeente en ook net twee naweke in 'n maand. Dit beteken dat die kerkraad die dienste en gebeure in die gemeente behartig. Kerkbywoning in die Ring is uiters swak en is net beter tydens doop, nagmaal en spesiale dienste. Hier heers 'n sterk oorlewings kultuur in die gemeentes. Die gemeentes bestaan net vir haar lede en hulle eie behoeftes. Die gemeentes is almal vasgeloopte gemeentes wat vasgeval het in 'n roetine.

4.5.11.2 *Interne lewe*

a) Prosesse

Die gemeentes van die betrokke Ring word bestuur en onderhou deur die raad van ouderlinge en diakens. Alle aktiwiteite gebeur en vind plaas deur hulle leierskap. Die eredienste, begrafnisse en krisisse word deur hulle hanteer. Die kerkraad het geen formele opleiding in teologie nie en is soms ook laag geskool. Die vaardighede om gemeentes te lei is deur die jare opgedoen deur waarneming en oorlewering van voorgangers. Die gemeentes ervaar op verskeie vlakke van gemeente-wees agteruitgang en afname. Die afname is gemeente getalle, die gemeentes is letterlik kleiner wordend om die volgende redes: lidmate verhuis na ander dorpe en stede op soek na werk, die jonger lidmate gaan na die stede, lidmate skuif na charismatiese gemeentes, ander lidmate raak net passief en gebruik die kerk net vir begrafnisse, troues en doop. Die mense wat wel oorbly in die gemeentes is die middeljarige en bejaarde lidmate. Die leierskap is uitgeput en verloor entoesiasme want hulle beleef geen groei of opgewondenheid by lidmate nie.

Die gemeentes ervaar ook baie onderlinge hoë vlakke van konflik. Die leierskap, veral in vakante gemeentes is magsbehep en bedien die gemeentes vanuit 'n magsbasis. Die voorbeelde in die Ring is die gemeentes van Marquard en Clocolan. In Marquard het 'n beswaarde groep weg gebreek en 'n eie gemeente gestig wat bekend staan as V.G.K-Kgotsong, en in Clocolan het 'n beswaarde groep weggebreek en 'n eie gemeente gestig met die naam, V.G.K-Clocolan 2. Die konflik word nie opgelos nie en is destruktief. Dit beteken verder dat die bestaande kleingemeentes nog kleiner agtergelaat is.

b) Hulpbronne

Die Ring van Winburg bestaan uit sewe gemeentes met 'n gesamentlike lidmaat getal⁶⁸ van 2 550 lidmate. Die gemeentes se getal lidmate wissel van 100-500 lidmate en kan beskryf word in terme van gemeente grootte as familie-en-pastorale grootte gemeentes.

Die gemeentes ervaar 'n ernstige tekort aan menslike hulpbronne. Makhetha voer aan dat, soos in ander Ringe, word ook hier die situasie gevind waar 98% van die gemeentes se prediker poste vakant is, en die hele Ring word bedien deur slegs twee predikante wat tentmakers is. Die implikasie is dat die leraars heeltemaal oorlaai is met werk, en die verdere implikasie

⁶⁸ Die lidmaat getalle soos weergegee in die tabel is gebaseer op die getalle soos gevind in die lidmaat registers en nie op die gemiddelde erediensbywoning as indikator van gemeente grootte. Indien die erediensbywoning as indikator gebruik word sal die syfers aansienlik minder is.

daarvan is dat hulle net die heel basiese dienste kan lewer, soos kerkraadsvergaderinge, sakramente, huweliksbevestiginge en sekere begrafnisdienste. Die leraars in die Ring is heeltemaal uitgebrand.

Die bediening word ook verder negatief beïnvloed, want sommige van die leraars werk ver van die gemeentesaf en kan net op naweke die gemeente bedien. Die afwesigheid van leraars het die gevolg dat geen missionale bemagtiging kan plaasvind nie. Anders gestel, die leraar is in vele kontekste die geleerde en die toegeruste wat lidmate moet toerus om hulle taak en roeping te verstaan, maar as gevolg van hulle omstandighede is hulle nie daartoe nie. Die beste wat die leraars kan doen is om die basiese prosesse in stand te hou.

4.5.12 Ring van Heilbron⁶⁹

Die Ring bestaan uit agt gemeentes en word bedien deur drie tentmaker predikante.

Tabel 4.10: Ring van Heilbron statistiek

Gemeente	Aantal lidmate	Leraars
Heilbron	155	Vakant
Mapetla	350	Tentmaker
Koppies	200	Tentmaker
Refengkgotso	200	Vakant
Sandersville	200	Vakant
Sasolburg	500	Tentmaker
Vredefort	210	Vakant
Parys	380	Vakant
Totaal	2195	

4.5.12.1 *Eksterne interaksie*

a) Ekologie

Heilbron is 'n klein boere gemeenskap in die Vrystaat wat bees, suiwel produkte, sorghum, sonneblom en meel produseer. Die naam het sy oorsprong omdat die dorp rondom 'n natuurlike

⁶⁹ Die ongestruktureerde gesprek was gevoer met die voorsitter van die Ring van Heilbron, Ds.P.K.Mototo by die V.G.Kerkgebou te Sasolburg, 2014. Die data hierin vervat kom van genoemde voorsitter.

fontein (Spring of bliss) ontstaan het, waarvan die stroom deur die hele dorp vloei. Heilbron ressorteer onder die Munisipaliteit van Ngwathe wat 'n totale bevolking van 120,520 het. Die bevolking van die dorp is 27,407 inwoners waarvan die bevolking samestelling soos volg lyk: 88.2% swartmense, 5.5% bruinmense, 0.3% Indiërs, 5.6% witmense, en 0.3% ander. Die hooftale in die omgewing is 74.9% Sesotho sprekendes, 12.2% is Afrikaans talig, 7.2% praat Zulu, 1.6% praat Xhosa, en 4.1% anders. Werkloosheid is een van die groot uitdagings van die area, waarvan werkloosheid syfer is 35.2% is en interme van jeug (15-35 jaar) is die werkloosheid syfer 45.1%. In terme van onderrig, het slegs 5.4% van die bevolking primêre skool voltooi, slegs 34.7% het sekondêre skool voltooi en slegs 6.4% het 'n vorm van hoër onderrig ontvang (Stats SA, 2011).

Die gemeentes in die Ring is aansienlik klein en funksioneer as “oorlewings kerke”. Die gemeentes toon geen groei nie, stagneer en het vasgeloopte gemeentes geword. Intendeel, daar is 'n merkbare afname in die lidmaat getalle. Die finansiële probleme is aan die een kant as gevolg van werkloosheid en armoede, maar aan die anderkant as gevolg van gebrek aan offervaardigheid. Die gemeentes van die Ring van Heilbron is geleë in die area en leef self in armoede en is slagoffers van misdaad.

b) Kultuur

Die gemeentes val in die kategorie van klein plattelandse gemeentes. Die agt gemeentes is Sesotho sprekend wat beteken dat die Sotho kultuur dominerend is in die Ring. In terme van die bediening funksioneer vyf van die gemeentes met konsulente omdat hulle vakant is, laasgenoemde predikante besoek die gemeentes een keer in elke drie maande. Dit beteken dat die gemeentes oor 'n lang tydperk gewoond is daaraan om sonder 'n predikante te funksioneer. Dieselfde geld vir die ander drie gemeentes wat met tentmaker predikante funksioneer; die predikante is deelyds en het 'n voltydse sekulêre werk, soms buite die dorp waar die gemeente is. Dit beteken dat die gemeentes net die predikante twee weke per maand by hulle het. Laasgenoemde predikante hou die status quo in plek en doen basies die eredienste, nagmaal, doop en kerkraadsvergaderinge, en waar nodig, 'n begrafnis. Die gemeentes se kultuur is een van 'n kerkraad wat die gemeente beheer, bestuur en instandhou. Daar is ook nie noemenswaardige bedienings na buite nie, want gemeentes is na-binne gerig wat hulle verhoed om die nood na buite raak te sien.

4.5.12.2 *Interne lewe*

a) Prosesse

Die gemeentes is instandhouding gemeentes en is in vasgeloopte omstandighede. As gevolg van die feit dat daar nie permanente predikante is nie en die kerkraad die leiding moet neem sonder enige teologiese opleiding en sommige van die leiers nie goed geskool is nie, het dit die gevolg dat die effektiwiteit van die bediening afneem. Die getalle in die verskillende bedieninge neem af en belangstelling in die verskillende bestaande bedieninge, soos die vroudiens, die mannebond, die jeug, en kategeese raak al hoe swakker. Die lidmate se deelname aan ander kerklike aktiwiteite het afgeneem. Die feit dat al hoe minder mense belangstel in die leierskap van die gemeente het die gevolg dat die huidige leiers moet voortgaan, selfs al is hulle dienstertyne verstreke. Aan die anderkant is die leierskap uitgeput en nie meer entoesiasies nie, want ten spyte van hulle werk is agteruitgang duidelik te bespeur.

b) Hulpbronne

Die Ring van Heilbron word opgemaak uit agt gemeentes met 'n gesamentlike lidmaat getal van 2,195 lidmate.⁷⁰ Die gemeentes se lidmaat getalle wissel vanaf 155,500 lidmate en funksioneer in terme van die gemeente grootte teorie as familie-en-pastorale grootte gemeentes. In terme van menslike hulpbronne lyk die prentjie nie goed nie. Drie tentmakers bedien agt gemeentes wat die implikasie het dat elk meer as net hulle gemeentes moet bedien en dit op 'n deelydse basis. Die tentmakers het aldrie voltydse sekulêre beroepe. Die gemeentes ervaar almal finansiële probleme en kan nie voltydse predikante aanstel nie en kan ook nie al hulle verpligtinge nakom soos byvoorbeeld, ringe en sinodale heffings. 'n Interessante feit is dat Sondagoggend dienste se kollekte die basiese inkomste is en nie die maandelikse dankoffer/tiende nie. Dit verklaar waarom die inkomste van gemeentes so swak is en waarom die uitgawes altyd die inkomstes oorskry. 'n Gemeente soos Sasolburg het 'n groeiende inkomste, omdat die leierskap baie kreatief is. Gemeentes soos Sasolburg en Parys se lidmate het meer werksgeleenthede met vaste inkomstes.

⁷⁰ Die getal lidmate soos aangedui op die tabel is geneem volgens die lidmaat registers en nie op grond van die gemiddelde erediensbywoning as indikator van gemeente grootte nie. Interne van erediensbywoning en getalle op die registers is die gemeentes kleingemeentes.

4.5.13 Ring van Wesselsbron⁷¹

Die Ring het ses gemeentes waarvan twee gemeentes se prediker poste vakant is en vier bedien word deur voltydse predikante.

Tabel 4.11: Ring van Wesselsbron statistiek

Gemeente	Aantal lidmate	Leraars
Boshof	500	Voltyds
Dealesville	400	Voltyds
Hertzogville	489	Vakant
Bultfontein-Oos	352	Voltyds
Wesselsbron	600	Vakant
Wesselsbron-Noord	1800	Voltyds
Totaal	<u>4141</u>	

4.5.13.1 Eksterne interaksie

a) Ekologie

Wesselsbron is 'n klein mielie boerdery dorp in die Vrystaat en resorteer onder die Nala (affluence or plenty) Munisipaliteit. Die totale bevolking is 78 515 inwoners, wat saamgestel is uit: 94.8% swartmense, 0.5% bruinmense, 0.4% Indiërs, 4.1% witmense, en 0.1% ander. In die area word die volgende tale gepraat naamlik: 75.4% Sesotho sprekendes, 8.9% Xhosa sprekendes, 6.0% Afrikaans sprekendes, 4.2% Tswana sprekendes, en 5.5% ander. Die Munisipaliteit het 'n werloosheid syfer van 42%. Die omgewing het ook die verskynsel van kinders onder 18 jaar oud wat huishoudings alleen behartig waarvan 86% daarvan deur seuns behartig word.

Dit is interessant hoe groot 'n gemeente soos Wesselsbron-Noord is met 'n lidmaattal van 2,000 lede, maar tog in 'n oorlewings stryd is. Dit is duidelik dat lidmaatgetalle afneem, en die gemeentes se toestande versleg. Die gemeentes kan as oorlewings-en-instandhoudings gemeente geklassifiseer word.

⁷¹ Die ongestruktureerde gesprek was gevoer met die voorsitter van die Ring, Ds.M.J.Ramapaeane, by die V.G.Kerk gebou, te Boshoff. 2014. Die data hierin vervat kom van genoemde voorsitter.

b) Kultuur

Die gemeentes verskil in hulle grootte; die kleinste gemeente is 400 en dan raak die getalle groot tot om en by 2000 lidmate. Die dorpe waarin die gemeentes geleë is, is almal plattelandse dorpe. Dit beteken dat die gemeentes, ten spyte van hulle grootte, 'n plattelandse karakter het. Die gemeentes is almal ook Sesotho sprekend. Die Ring se predikante, behalwe een gemeente, is voltyds, maar as gevolg van die ernstige gebrek aan fondse kan die gemeentes nie bekostig om die leraars na regte te vergoed nie wat beteken dat die leraars deur die week ander werke doen soos wat daar beskikbaar is en selfs op ander dorpe of stede. Die gevolg is dat gemeentes slegs die leraars naweke by hulle het of een keer per maand. Die gemeentes is sukkelend en die lidmate gaan gebuk onder armoede en werkloosheid.

4.5.13.2 *Interne lewe*

a) Prosesse

Die getalle op die registers van die gemeentes is groot, maar die bywoning van eredienste kwyn. 'n Gemeente mag byvoorbeeld 600 lidmate op die registers hê, maar dan woon net 50 mense die eredienste by. Die gemeentes toon duidelike tekens van agteruitgang. Dit is moeilik om nuwe lede te kry om op die kerkraad te dien wat beteken dat die leierskap draai vir jare slegs om sekere individue. Die onwilligheid om te dien maak dat die huidige leierskap uitgebrand is omdat alle verantwoordelikheid op hulle rus. Die gemeentes toon afnames in getalle. Lidmate woon nie vergaderings van watter aard ook al by nie en meeste van die tyd is vergadering onaangenaam en gevul met konflik oor nietige sake. Gemeente deelname aan die geleenthede van die kerk neem af en dit bly die minderheid lidmate wat die verantwoordelikheid van die gemeente dra. Die armoede en gebrek aan voldoende fondse van die gemeente veroorsaak dat die gemeente en leiers net gefokus is op finansies en die gevaar is dat die leiers fokus verloor op die missionale roeping van die kerk. Dit definieer die gemeente en sukses word gemeet aan bankbalanse.

b) Hulpbronne

Die Ring van Wesselsbron bestaan uit ses gemeentes met 'n gesamentlike lidmaat getal⁷² van 5,189 lidmate. Die lidmaat getalle wissel vanaf 400-1800 lidmate. Die gemeentes funksioneer

⁷² Die getal lidmate soos aangedui op die tabel is geneem volgens die lidmaat registers en nie op grond van die gemiddelde eredienstbywoning as indikator van gemeente grootte nie. Interne van eredienstbywoning en getalle op die registers is die gemeentes kleingemeentes.

in die lig van gemeente grootte as pastoraal-en-program grootte gemeentes. Verder word vyf van die gemeentes bedien deur voltydse⁷³ predikante en een gemeente se prediker pos is vakant.

Die gemeentes van die is Ring ervaar ernstige finansiële probleme. Een van die predikante het al die Ring verlaat en die gemeente sal vir toekomstige jare net aan agterstallige salarisse moet afbetaal wat die moontlikheid om weer 'n beroep uit te bring, agterna laat. Ander predikante wat voltyds beroep is, het alreeds ander werk gaan soek om hulle inkomstes aan te vul. Een van die gemeentes wat 1,800 lidmate het, het die predikant se salaris met R3000 verminder, laasgenoemde is ook op soek na ander werk om sy salaris aan te vul. Alhoewel gemeentes grootgetalle toon, is die erediensbywoning baie swak, byvoorbeeld Wesselsbron gemeente toon 'n lidmaattal van 600, maar eredienste word die meeste van die tyd bygewoon deur 50 lidmate.

4.6 BEVINDINGE

Die navorser het as deel van die kwalitatiewe navorsing, semi-gestruktureerde onderhoude met die voorsitters van die onderskeie Ringe gehad. Die doel van die onderhoude was om vas te stel wat aan die gang is in gemeentes en om sodoende 'n profiel te kon saamstel van die gemeentes van die Sinode. Na aanleiding van die onderhoude is die volgende bevindinge gemaak:

1. Die meeste van die gemeentes is klein en oorlewings (survivor) kerke en word net in stand gehou.
2. Gemeentes het meer potensiaal as wat vertoon word. 'n Leierskap is nodig met 'n visie om die potensiaal te ontgin. Dit beteken met of sonder die finansiële bronne het gemeentes die vermoëns om 'n verskil te kan maak in en buite om die gemeente. Armoede mag nooit 'n verskoning raak om nie 'n impak te kan maak nie, en vermoëns van mense moet nie onderskat word nie.
3. Die voortdurende fokus op geld is een van die redes waarom gemeentes nie vorentoe kan beweeg en missionaal ontwikkel nie.
4. Die feit dat daar in gemeentes nie aandag geskenk word aan kritiese vrae soos: wie is ons; wat is aan die gang, wat behoort te gebeur, waarheen is ons gemeentes oppad, wat is God se doel met die gemeente, is een van die grootste hindernisse in die missionale

⁷³ Die predikante is wel voltyds maar hulle kry nie hulle volle salarisse nie, sommige maande kry hulle glad nie betaling nie omdat daar nie genoeg fondse is nie. Ds. Ramapaeane vertel dat hulle maar deur die week ander werke gaan doen om vir hulle families te sorg.

ontwikkeling van gemeentes. Die leierskap se onvermoë om die gesprek die kern gesprekke van gemeentes te maak is wat gemeentes in vasgeloopte situasies hou. Ek verwys na die gevalle studie van die V GK-Mariental van hoe die gesprek die gemeente uit die vasgelooptheid gehaal het (2001:16).

5. Gemeentes wat groei is gemeentes wat ingestel is op die kwalitatiewe ontwikkeling van haar huidige lede en tweedens wat reageer op die nood van haar konteks. Ott (2002:13) in sy boek: “Twelve dynamic shifts for transforming your church”, sê die volgende: “*congregations and their particular forms of ministry may be vital if they are building disciples and meeting people’s needs*”. In vele gemeentes vind beide nie plaas nie. Dit verklaar die agteruitgang, die daling in lidmaat getalle en ook die finansiële stagnering.
6. Die feit dat gemeentes as gevolg van die armoede kwessie nie in staat is om voltydse predikante te kan aanstel nie, het tot voordeel van die gemeentes ontwikkel dat gewone lidmate en kerkrade gedwing was om op hulle manier en met beperkte bekwaamhede, eredienste en begrafnisse waar te neem, asook die dag-tot-dag sake van die gemeente te hanteer. As sakramentele bevoegdhede aan ouderlinge toegeken was, sou die lekepredikers die hele bediening kon hanteer. Die feit dat die bediening so lank in die hande van ouderlinge was en is, het weer tot gevolg dat daar konflik ontstaan wanneer daar ‘n predikant betrokke is (magskonflik). Vele predikante maak die fout om in konflik met sulke leiers te tree deur die bediening uit hulle hande te neem. Terwyl die beter benadering liewer sou wees om hulle op te lei en toe te rus sodat die leiers net ‘n beter kwaliteit bediening kon lewer.
7. Die meeste konflik is vanweë die feit dat leraars nie die rol van matriarge en patriarge van gemeentes goed begryp en bestuur nie. Die predikante ervaar hulle as mense wat die predikant rol wil oorneem as “base van die kerk”, en die matriargale en patriargale ervaar die predikante as indringers wat teen hulle werk en nie saam met hulle nie (predikante is indringers wat die wingerd kom verniel).
8. Dit verklaar ook hoekom die meeste gemeentes vasgeloopte gemeentes is. Ott (2002:13) beskryf drie tipe gemeentes, naamlik a) *traditional*, b) *transitional*, en c) *transformational*. Die meeste van die gemeentes in die Sinode val binne die kategorie: “traditional churches”. Dit beteken dat die predikant (konsulent, tentmaker of voltyds) die primêre doener van die bediening is, dus is hy die prediker, leier en versorger, en daar word van hom verwag om teenwoordig te wees by vele vergaderings. Die gemeentes se aanbiddings styl het sedert die verre verlede nooit verander nie, en hulle sing nog dieselfde tradisionele gesange. Hulle werk met komitees en belangegroepes.

Sending vind in 'n mindere mate plaas en is glad nie 'n prioriteit nie. Lidmate woon Sondaedienste by en neem deel in van die programme.

9. Armoede en werkloosheid in die Sinode bly een van die grootste oorsake van negatiewe toestande in gemeentes.
10. In die onderhoude het dit ook duidelik geword dat offervaardigheid 'n groot probleem is.
11. Genoemde probleem blyk ook te wees as gevolg van 'n persepsie wat gevestig is oor eeue tydens die tydperk waar gemeentes bedien was deur sendelinge wat hulle salarisse elders vandaan ontvang het. Die sendelinge het dus nie gefokus op offervaardigheid nie, want dit sou nooit hulle inkomste raak nie. Die gevolg verder was dat lidmate dit nooit aangeleer het dat hulle predikante moet fisies versorg nie. Interessant in sommige gemeentes is daar verdeeldheid en die ontstaan van konflik het te doen met salarisverhogings van die predikante. Die resultate hiervan is letterlik gemeente skeuringe en faksies. Leiers sal om geld te bespaar eerder hulle geestelike leiers onderbetaal en op hulle wil bespaar sodat hulle finansies kan balanseer.
12. Een van die gebreke is dat gemeentes nie hulle konteks goed genoeg analiseer en bronne mobiliseer nie.
13. In die meeste van die gemeentes is die gemiddelde erediens bywoning nie naasteblygelyk aan die lidmaattal van gemeentes nie. Die bywoning bereik nie 50% van die totale hoeveelheid van lidmate nie.
14. Dit is egter opmerklik dat die gemeentes, alhoewel hulle deur 'n ernstige oorlewingstryd wroeg, nog altyd bestaan en die basiese funksies doen soos eredienste, bidure, vrouebediening, jeugbediening, sakramente bedien, ens. Die gemeentes het net nooit ophou bestaan nie. Dis 'n kwessie van hulle groei nie, maak nie noemenswaardige verskille nie, maar sluit ook nie hulle deure as 'n gemeente nie.
15. Verder veroorsaak die nood van gemeentes die langdurige afwesigheid van 'n eie leraar.

4.7 GEVOLGTREKKING

1. Die toedrag van sake het 'n effek op die finansieële toestand van die Ringe en die Sinode en maak die funksionering van die hele Sinode swak.
2. Die Sinode sal ernstige pogings (intervensies) moet aanwend om prosesse in gemeentes te fasiliteer wat groei en bemagtiging bevorder. 'n Sinode is net so sterk soos wat haar gemeentes is. Hoe swakker gemeentes hoe swakker die Ringe en Sinodes.

3. Die leiers en veral predikante moet as fasiliteerders van transformasie prosesse bemagtig word. Een van die redes hoekom konflik in gemeentes so verhoog en waarom gemeentes vasgeloop raak, is 'n gebrek aan transformasie vaardighede.
4. Geloofwaardigheid en integriteit van leiers bepaal ook die vertrouens verhoudinge met die gemeentes/lidmate. As leiers mekaar se foute beskerm en derhalwe selfs die kerkordelike weë verontagsaam, veroorsaak dit dat lidmate vertroue verloor in die leierskap, met die verder gevolg van 'n verlies aan betrokkenheid (participation). Die feit dat leiers betrokke raak met immorele en etiese sake (korrupsie, buite egtelike verhoudinge, drankmisbruik) laat mense vertroue verloor, laat lede passief raak en of die kerk verlaat, en verhoog konflik wat uitloop op sinodale, rings en hof gevegte. Dit bring selfs mee dat eredienste nie meer gereeld bygewoon word nie. Die feit dat hierdie dinge ook een van die groot probleme in die land is, selfs tot binne regerings kringe, maak mense heeltemaal mismoedig wanneer hulle dieselfde spore in die kerk sien wat veronderstel is om eerbaar en rein te wees, wat veronderstel is om die sout vir die aarde en die lig vir die wêreld te wees. Dit beïnvloed die finansies ook sterk.
5. Om die finansiële behoeftes aan te spreek sal beteken om ook toerusting rakende offervaardigheid aangespreek moet word.
6. In Ringe word die situasie gevind waar 98% van die gemeentes se prediker poste vakant is, en die hele Ring word bedien deur slegs 'n absolute minderheid predikante wat tentmakers is. Die implikasie is dat die leraars heeltemaal oorlaai is met werk, die verdere implikasie daarvan is dat hulle net die heel basiese dienste kan lewer, soos kerkraadsvergaderinge, sakramente, huweliksbevestiginge en sekere begrafnisdienste. Die meeste predikante het nie die tyd of die energie om enige ekstra pligte uit te oefen nie, want hulle is heeltyd gewikkel in 'n oorlewingstryd, d.w.s. om ten minste die Ring aan die gang te hou.
7. Die opgeleide leraar is die toegeruste kundige, die afwesigheid van die leraar deur die week het 'n negatiewe uitwerking op die kwaliteit van die bedieninge.
8. Dit is duidelik dat van die gemeentes geheel en al onder presteer, bedoelend dat hulle definitief bo alle twyfel die vermoë en potensiaal het om bo hulle omstandighede te kan uitstyg en hul huidige uitdagings die hoof te kan bied. Dit kan gebeur met 'n missionale leierskap en indien gemeentes begelei kan word in prosesse wat hulle kan help om nuut te dink oor hulleself.
9. Om dus die gemeente se omstandighede en situasies te aanvaar as die status quo, is een van die groot redes hoekom gemeentes nie uit die vasgelooptheid kan ontsnap nie.

10. Dit is ook verder duidelik dat die kerkbegrip (ekklesiologie) waarmee baie gemeentes werk, hulle potensiaal onderdruk. Een van die modelle wat sterk funksioneer is wat Hendriks (1992:19) noem die verkondigings-model, waarvolgens daar 'n aktiewe minderheid en passiewe meerheid is.
11. Gemeentes en leiers slaag nie daarin om missionaal te dink nie en slaag nie daarin om skuiwe te maak nie. Barrett (2004:33) beskryf die missionale roeping soos volg: *“The congregation is discovering together the missional vocation of the community. It is the beginning to redefine “success” and “vitality” in terms of faithfulness to God’s calling and sending. It is seeking to discern God’s specific missional vocation for the entire community and for all its members”*.
12. Die kerk in die Vrystaat het definitief in terme van leierskap 'n missionale leierskap nodig waar lidmate toegerus word vir kwaliteit dienslewering. Guder onderstreep dit wanneer hy sê: *“the key to the formation of missional communities is their leadership (1998:183)”*. Daar is gemeentes, soos onder andere VGK-Kroonstad waar die leier missionaal in sy benadering is, wat sterk kwantitatiewe en kwalitatiewe groei toon.
13. Die navorser is baie sterk oortuig dat goeie beweging en groei in gemeentes belemer word as gevolg van 'n gebrek aan 'n missionale leierskap.
14. In die gemeentes is daar geen gesprekke of soos Rendle en Mann (2003:xii) dit noem ‘Holy Conversations’ nie, wat gemik is om gemeentes te help om uit die vasgeloopte greep te kom nie. Die ‘Holy conversation’ definieer Rendle en Mann (2003:xiv) as volg: *“The conversation is holy because, at it’s best, it is about a people’s understanding of their identity as a faith community, their sense of purpose, and their relationship with God. The conversation centers around three critical formation questions: Who are we; What has God called us to do or be; Who is our neighbor?”*

4.8 MISSIONALE LEIERSKAP

Dit is opmerklik uit die bevindinge van die kwalitatiewe navorsing dat die leierskap (predikante en gemeente leiers) vanweë verskillende faktore soos: 'n tekort aan voldoende fondse en gepaardgaande die groot krisis van armoede en werkloosheid; die implikasies van die tentmakers model; oorlaaide deeltydse predikante en konsulente, funksioneer met 'n instandhoudings model. Die leierskap onderhou in hulle benadering slegs die status quo. Die soort leierskap het die gevolg dat gemeentes vasgeloop raak, en nie kwantitatief of kwalitatief groei nie. Die verdere implikasie is dat gemeentes na-binne gerig geword het en nie 'n impak

maak op hulle konteks nie. Die data bevestig verder dat die leierskap van gemeentes 'n ekklesiosentriese begrip van missionaal en nie 'n Teosentriese begrip van missionaliteit het. Daar is ook 'n heersende idee dat meer fondse die bediening van gemeentes sal verander en hulle ook meer effektief sal maak. Die gemeentes te same met die leierskap van die Verenigende Gereformeerde Kerk in die Streek Sinode Vrystaat/Lesotho, verkeer in 'n oorlewingsstryd.

Dit is duidelik dat 'n nuwe soort leierskap nodig is om die gemeentes uit te lig uit hul omstandighede. Nelus Niemandt (2013:8) verwoord die behoefte aan 'n nuwe soort leierskap so treffend: "nuwe leiers vir nuwe werklikhede". Niemandt (2013:8) meen dat die manier waarop leierskap tans in die kerk funksioneer onvoldoende is en nie die kerk help om 'n missionale kerk te word nie. Hy beskryf dit met sterker woorde en meen dat die huidige leierskapstyl in die kerk eerder 'n hindernis is in die groei na 'n missionale kerk. Die leierskap van die Sinode is huidiglik oorlaai met werk omdat hulle deur die week 'n sekulêre beroep beoefen en as tentmaker 'n vaste gemeente en in die meeste gevalle twee tot drie konsulente gemeentes bedien. Dit beteken dat die leierskap van die gemeentes hoogstens die status quo in stand hou met 'n herder-kudde-bedieningsmodel. Die meeste gemeentes is kleiner wordend en vasgeloopte gemeentes wat almal vasgevang is in 'n oorlewingstryd. Die bediening van gemeentes deur die week is wel in die hande van die ouderlinge en diakens, maar hulle bedryf die kerk op 'n instandhoudings basis.

Die vraag is, wat moet gebeur dat die status quo verander en dat gemeentes die volgende eeu oorleef. Die antwoord is dat 'n sekere soort leierskap nodig is om die kerk te lei uit die era. Die behoefte is 'n paradigmaskuif van die leierskap. Niemandt (2013:47) haal Gayle Avery aan wat vier paradigmas van leierskap onderskei:

- a) *Klassieke leierskapsmodel*: Die model werk met 'n hiërargiese sisteem van mag deur straf en beloning. Hendriks (1992:15-16) beskryf die model met wat hy noem die instituutmodel wat werk met 'n magbasis van bo, byvoorbeeld gesag word hiërargies van die pous af gedelegeer. Hiervolgens is die amp 'n gesagsfiguur.
- b) *Transaksionele leierskapsmodel*: Die model werk nog altyd met 'n sterk magsbasis, maar met 'n sensitiwiteit om met onderdane te onderhandel wat beteken hulle sal vir konsensus beding en ook luister. Die soort leierskap is sterk gefokus op die kort termyn. In Hendriks (1992:19) se kerkmodel teorie vergelyk die model sterk met die verkondigingsmodel. In die model is die mag en gesags basis die Sinode wat inspraak gee aan die Ringe en gemeentes.

- c) *Visionêre leierskapsmodel*: Dit is die styl wat in die tagtiger jare ontplof het. In die model wys Niemandt (2013) uit dat daar 'n leier is wat die visie ontvang en aan die organisasie oordra. Die leier staan bekend as die visie draer. Die model vergelyk gedeeltelik en in 'n sekere sin met Hendriks (1992:24) se liggaamsmodel wat leer dat elke mens 'n gawe het en moet uitleef. Hiervolgens sou die visie draers posisie toegeken word aan die leier met die gawe van leierskap en kreatiewe kommunikasie.
- d) *Organiese leierskapsmodel*: Die kritiek van die organiese model teenoor die vorige drie modelle is dat te veel van een enkele persoon aan die bopunt van die organisasie verwag word. Dit beteken dat in die vorige modelle, berus leierskap te veel by enkele leiers. Die organiese leierskaps model sluit die soort mense in wat begrip het vir die feit dat alle deelnemers aan 'n sisteem, deel moet uitmaak van die soektog na antwoorde. Dit werk met 'n intensiewe interaksie tussen al die lede van die organisasie. Organiese leierskap volgens Niemandt staan en val met voortdurende en intensiewe kommunikasie. Niemandt (2013:50) haal die definisie van Otto Scharmer aan oor leierskap omdat dit organiese leierskap goed opsom: “... *persone wat betrokke is om verandering te skep of hulle toekoms te verander, ongeag hulle formele posisie in die sisteem waarbinne hulle funksioneer*”.

In terme van die vier leierskaps paradigmas val die leierskap van die Verenigende Gereformeerde Kerk-Vrystaat/Lesotho in die paradigmas van die klassieke en transaksionele leierskapsmodel. Dit is krities dat die kerk 'n paradigma skuif in haar leierskapsmodel sal moet maak weg van 'n klassieke en transaksionele leierskapsmodel na 'n leierskapsmodel wat: “*saam met mense ontdek waar God alreeds aan die werk is en om daarby aan te sluit en so deel te neem aan God se sending*” (Niemand, 2013:51). Dit word 'n organiese missionale leierskaps model genoem. Niemandt (2013:81) stel die paradigma skuif van 'n klassieke model na 'n organiese missionale leierskaps model as volg voor:

Tabel 4.12: Classic leadership compared to missional followship

Classic leadership	Missional followship
Control, management and hierarchy	Empowerment, participation and flat structures
Control and performance	Creative freedom
Titles, rank and promotion	First names, friendship and serving the interest of all
Flourish in a consumer culture	Flourish in a relational culture and within social networks
Leadership is to get others to do the job	Cooperation and participation
Influence because of position in the hierarchy	Influence because of passion and creativity
A function in a well-defined system	Identity and a story within a system of multiple stories
Decision-making ‘do what I tell you to do’	Consensus and cooperation – ‘let’s do it together’
Mechanical	Organic
Concentrated leadership at the top	Dispersed leadership throughout the organisation
Communication of order and controlling mechanisms	Relational and creative communication

Missionale leierskap is ‘n leierskap wat ‘n goeie begrip het van missionale ekklesiologie. Mike Harrison (2017:340), in die boek: “Cultivating Missional Change”, verduidelik missionale ekklesiologie soos volg: “*A missional ecclesiology sees the church existing because of and for the sake of God’s mission- a mission of which the purpose is the actualisation of the reign of God; a mission which is about being caught up in God’s self-giving, sending love; and which as such, includes proclaiming God’s saving Word and enacting the Kingdom in liberating service*”.

‘n Organiese missionale leierskap is nodig vir die gemeentes van die VGKSA-Vrystaat/Lesotho wat ‘n missionale kultuur kan vestig in gemeentes. Die leierskap is nodig sodat gemeentes kan verstaan dat hulle doel is om die *Missio Dei* te dien en daaraan deel te neem. Niemandt (2013:56) gebruik die definisie van Terri Elton om die verband tussen leierskap en dissipelskap te illustreer: “*Missionale leierskap word gebore uit dissipelskap, want dissipelskap kom voor leierskap. Missionale leiers is persone wat geroep is as dissipels van*

Jesus Christus, hulle self sien as mense wat gawes ontvang het waarmee die kerk van die Here gedien moet word en oortuig is dat die Gees hulle bemagtig om betrokke te wees by God se skeppende en verlossende werk in die wêreld’.

4.9 SLOT

In die hoofstuk het die navorsing aangesluit by die sub-navorsings vraag 2 deur breedvoerig te beskryf hoe die kleingemeentes van die VGKSA Vrystaat en Lesotho daaruit sien. Die hoofstuk het aangedui wie die gemeentes is, wat die basiese algemene kenmerke van die gemeentes is, wat die grootste uitdagings in die gemeentes is en hoe hulle reageer ten opsigte van die omstandighede.

Aan die lig van bogenoemde data is dit duidelik dat die oorgrote meerderheid van gemeentes in die Sinode kleingemeentes (75.28%) en ook plattelands is. Die meeste gemeentes se prediker poste is vakant en ander het tentmaker predikante. Die meeste gemeentes leef in ‘n konteks van armoede. Konflik is destruktief en handel in sekere gevalle oor nietige sake, leierskap konflik, konflik oor geld, asook geboue. Die gemeentes beleef afname (decline) in erediensbywoning; afname in aktiwiteite van die gemeentes; afname in lidmaatskap; afname in leierskap, finansies, meelewing. Die gemeentes is vasgeloop en na-binne gerig. Armoede het die gesig van die kerk geword en veroorsaak dat gemeentes se fokus op fondsinsameling (geld) is en nie in die uitleef van hulle missionale identiteit nie. Die feit dat die meeste predikante tentmakers is en as gevolg daarvan deur die week voltyds aan hulle sekulêre werk moet aandag, het tot gevolg dat hulle net die status quo in stand hou.

Hoofstuk 5 bespreek die resultate van die empiriese studie. In die hoofstuk bespreek die navorser die resultate van die kwantitatiewe navorsing dit wil sê die data wat bekom is deur die vraelyste wat versprei is in die gemeentes van die VGK-Vrystaat/Lesotho (Addendums 1, 2 en 3). Dit is belangrik om in ag te neem dat dit die eerste studie in die verband is in die VGKSA en spesifiek die Streek Sinode Vrystaat/Lesotho. Die navorsing het van ‘n gemengde metodologie gebruik gemaak om data te versamel deur kwalitatief en kwantitatief die navorsing te doen.

HOOFSTUK 5

DIE KLEIN PLATTELANDSE GEMEENTES: ‘N KWANTITATIEWE LENS

5.1 INLEIDING

In die hoofstuk bespreek die navorser die resultate van die kwantitatiewe navorsing, dit wil sê die data wat bekom is deur die vraelyste⁷⁴ wat versprei is in die gemeentes van die VGK-Vrystaat/Lesotho (Addendums 1, 2 en 3). Dit is belangrik om in ag te neem dat dit die eerste studie⁷⁵ in die verband is in die VGKSA en spesifiek die Streek Sinode Vrystaat/Lesotho. Die navorsing kan dus nie vergelykings maak met die vorige jare nie, omdat die soort data nie beskikbaar was nie. Inligting oor gemeentes kom wel in die jaarboeke voor, maar die jaarboeke word ongereguleerd gepubliseer. Die voorlaaste uitgawe is gepubliseer in 2009 en die laaste jaarboek was uitgegee in 2018.

Die doel van die hoofstuk is om ‘n algemene beskrywing en oorsig te gee van wat in gemeentes in die Vrystaat aan die gang⁷⁶ is. Om dit reg te kry, kyk die hoofstuk na die samestelling van die lidmaattal en watter verskuiwings oor die tyd plaasgevind het. Die navorsing bepaal deur die hoofstuk hoe gemeentes funksioneer, en wys uit hoe uniek elke gemeente is en hoe hulle van mekaar verskil. Elke gemeente kom weekliks op ‘n Sondag bymekaar vir die erediens om saam as geloofsgemeenskap te aanbid. Die hoofstuk bied ‘n kwantitatiewe beskrywing van die ontmoetingsgebeure. Die studie gee nie uitspraak oor die kwaliteit van die ontmoetingsgebeure nie. Gemeentes kan beswaarlik funksioneer as hulle nie hulpbronne het nie, en met hulpbronne word bedoel menslike sowel as fisies hulpbronne. Die studie beskryf hoe finansies in gemeentes werk en kyk ook na hoe die situasie met predikante en lidmate is. Die navorsing, soos vervat in die hoofstuk, wil ook bepaal waar gemeentes staan ten opsigte van hulle roeping in die wêreld (*Missio Dei*). Gemeentes is nie konteksloos nie, maar bestaan in ‘n bepaalde konteks en daarop beskryf die studie die betrokkenheid van die gemeente in die gemeenskap.

⁷⁴ Die vraelyste wat gebruik was is dieselfde wat gebruik word vir die Kerkspieël navorsing. Kerkspieël is ‘n verslag van ‘n landswye wetenskaplike opname van die Nederduits Gereformeerde Kerk. Die is ‘n spieëlbeeld van die kerk vir die kerk. Die wetenskaplike ondersoek word gelei deur Prof. Kobus Schoeman en Dr. Jan Bisschoff. Die vraelys was aangepas deur die navorser om die konteks van die VGKSA te pas.

⁷⁵ Die navorser is die eerste wat die wetenskaplike vraelyste aangepas het en fisies versprei het in die sinode. Prof. Schoeman die outeur van die vraelys kan dit bevestig.

⁷⁶ Richard Osmer. *Practical Theology*. 2008:4. Dit verwys na Osmer se eerste vraag naamlik: Wat is aan die gang.

5.2 METODOLOGIE

Die navorser het die metodologie van "mixed method research" gevolg. Die metodologie maak gebruik van beide kwalitatiewe en kwantitatiewe navorsings metodes. Maree (2016:312) stel dit as volg: *"A typical kind of study that employs this approach would be the use of a survey to first establish attitudes of participants towards a topic and then follow up with in-depth interviews to learn about individual perspectives on this topic. Thus the researcher collects quantitative survey data as well as individual qualitative interview data."*

Die navorser het die gemengde navorsingsmetodologie ("mixed method research") gebruik, gevolg deur:

1. Kwantitatief: 85 vraelyste aan 85 gemeentes in die VGK-Vrystaat/Lesotho versprei;
2. Kwalitatief: Semi-gestruktureerde onderhoude is met die voorsitters van die Ringe gevoer om 'n oorsig te kry oor gemeentes in die Ringe.
3. Kwalitatief: Fokusgroep onderhoude is met vyf gemeentes gevoer, een uit elke munisipale streek.

Die navorsing bespreek die data deur 'n analitiese raamwerk te gebruik wat uit twee afdelings bestaan naamlik: **Eksterne interaksie** wat te make het met die ekologie en kultuur van die gemeentes. Schoeman (2015:78) beskryf dit as volg: *"Congregations can, first, be described in terms of their relationship with their context; every congregation is situated within a specific environment and this constitutes an external interaction between congregation, the local community, and the broader society"*. **Interne lewe** wat te make het met die prosesse en hulpbronne van die gemeentes. Schoeman (2015:79) stel dit so: *"Congregations may also be described in terms of their internal life, the functioning and organizational structures of the congregation. The congregational resources and processes within the congregation are two important internal aspects"*.

Die hoofstuk fokus dus slegs fokus op die tabelle uit die vraelyste wat direk betrekking het op die navorsing. Die volgende kategorieë geniet aandag uit onderstaande tabelle, naamlik: **A) Interne lewe**: Lidmate in die gemeente (Tabelle 1-18); Eredienste in die gemeente (Tabelle 19-43); Finansies van die gemeente (Tabelle 44-50); Funkisionering van die gemeente (Tabelle 65-80); **B) Eksterne interaksie**: Evangelisasie en Sending (Tabelle 85-86); Betrokkenheid by die gemeenskap (Tabelle 87-98). Die navorser fokus vir die doeleindes van die navorsing op die volgende data uit die vraelyste en die rede vir die keuse was omdat dit die kern van die

navorsing wou bepaal: “*Wat is aan die gang*”, in die gemeentes van VGKSA Vrystaat/Lesotho (Osmer, 2008:33).

5.3 KWANTITATIEWE NAVORSING

5.3.1 Interne lewe

Die volgende tabelle beskryf die interne lewe van die gemeentes in ondersoek:

5.3.1.1 Eredienste (Tabelle V39-V45, V82)

Tabel 5.1: Hoeveel eredienste word gewoonlik elke Sondag in die gemeente gehou?

	Onbekend		Geen		1		2		3+	
	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%
Oggend (V39)	0	0	0	0	35	77.8	4	8.9	6	13.2
Aand (V40)	27	60.0	14	31.1	2	4.4	0	0	2	4.4
Ander (V41)	30	66.7	9	20.0	3	6.7	1	2.2	2	4.4

Al die vrae in die tabel is voltooi. Die meerderheid (77.8%) van respondente het verklaar dat Sondag eredienste altyd gehou word. Slegs 8.9% het gerapporteer dat hulle ‘n tweede diens aanbied en 13.2% meen dat hulle ‘n derde erediensdiens doen. Dit is duidelik dat daar ten minste een erediens op ‘n Sondag deur die gemeentes gehou word. In terme van aanddienste het 60.0 % respondente nie die vraag geantwoord nie, wat daarop dui dat 60.0% van die respondente van mening is dat daar oor die algemeen nie aanddienste is nie en die antwoorde was versterk deur die feit dat 31.1% erken het dat daar geen dienste aangebied word nie en dit bring die totaal op 91.1%. Slegs 4.4 % gemeentes bied aanddienste aan. Die gemeentes hou oor die algemeen een oggend erediens. Dit is duidelik dat die Sondagoggend eredienste die belangrikste byeenkoms van gemeentes is.

Tabel 5.2: Indien ja, wie lei gewoonlik die eredienste?

	Onbekend		Altyd		Soms		Nooit	
	N	%	N	%	N	%	N	%
Predikant (V42)	14	31.1	19	42.2	11	24.4	1	2.2
Konsulent (V43)	21	46.7	4	8.9	13	28.9	7	15.6
Ouderling (V44)	4	8.9	31	68.9	10	22.2	0	0
Lidmaat (V45)	20	44.4	6	13.3	14	31.1	5	11.1

Uit die gegewens van Tabel 5.3 blyk die volgende die resultaat te wees. Die eredienste (42.2%) word waargeneem deur 'n predikant, 31.1% van die respondente het nie die vraag geantwoord nie en 24.4% van die respondente het gesê dat predikante soms die eredienste waarneem. As ons die twee persentasies saamtel dan bedoel dit 56.5% dat eredienste in die gemeentes nie deur predikante gehou word nie. Laasgenoemde word gestaaf, want 68.9% van die respondente was van mening dat eredienste deur ouderlinge waargeneem word. Die gemeentes word oor die algemeen bedien deur konsulente wat een keer elke derde maand kom om sakramente te bedien en kerkraadsvergaderinge waar te neem, daarom het die respondente 8.9% aangedui dat eredienste deur konsulente waargeneem word. Dit is baie duidelik uit die uit Tabel 5.2 dat ouderlinge 'n baie belangrike rol speel by die waarneem van eredienste. Die gemeentes maak in 'n mindere mate gebruik van lidmate vir die aanbied van eredienste, maar oorwegend hoort daardie rol by die amp van ouderling. Die ouderlinge hou sonder formele opleiding die gemeentes in stand. Die ouderlinge mag eredienste waarneem, maar die bediening van sakramente en die leiding van kerkraadsvergadering hoort by die amp van 'n geordende leraar. Die ouderlinge word wel ook toegelaat om 'n begrafnisdienste te behartig (2013:28).⁷⁷

Tabel 5.3: Afsonderlike eredienste vir kinders (V46)

	N	%
Ja - net vir kleinkinders	15	33.3
Ja - kleiner kinders en hulle ouers	12	26.7
Nee	18	40.0
Onbekend	0	0

⁷⁷ Kerkorde:VGK-Vrystaat/Lesotho. 2013.

Dit is belangrik dat daar kennis geneem moet word van die unieke behoeftes van mense in verskillende ouderdomsgroepe. Die eredienste moet so ingerig en beplan word dat dit die unieke behoeftes van die verskillende generasies van erediensgangers kan aanspreek.

Soos aangedui in Tabel 5.3 word by die klein vakante plattelandse gemeentes hoofsaaklik een oggend erediens gehou, en by uitsonderlike gevalle 'n aanddiens. Dit beteken ook dat daar in die reël geen afsonderlike eredienste vir kinders aangebied word nie. Laasgenoemde word gestaaf deur die response van 40.0 % (nee) respondente wat aangedui het dat daar nie afsonderlike dienste vir kinders aangebied word nie. Respondente (33.3%) meen dat daar wel eredienste aan klein kinders afgestaan word en ander aan ouers en kleiner kinders. Dit blyk te wees dat gemeentes hoofsaaklik nie hulle eredienste mik op die behoeftes van kinders nie. Daar is 'n paar gemeentes, in die minderheid, wat wel tog kinders in eredienste in ag neem. In al die gemeentes woon kinders die eredienste saam met hul ouers/voogde by. In veral die Sesotho sprekende gemeentes is daar spesiale sitplekke slegs vir kinders. Die inhoud van die eredienste is in vele gevalle nie kindervriendelik nie.

Tabel 5.4: Liedbundels. Watter liederebundels gebruik u tydens die eredienste?

	Onbekend		Altyd		Gereeld		Soms		Nooit	
	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%
Sionsgesange (V63)	25	55.6	8	17.8	3	6.7	8	17.8	1	2.2
Hosanna (V64)	4	8.9	35	77.8	3	6.7	1	2.2	2	4.4
'n Eie bundel (V65)	29	64.4	4	8.9	2	4.4	7	15.6	0	0
Ander (V66)	25	55.6	5	11.1	4	8.9	10	22.2	1	2.2

In die eredienste van die gemeentes van die VGKSA Vrystaat/Lesotho word hoofsaaklik in die Sesotho sprekende gemeentes, die Hosanna sangbundel gebruik en in die Afrikaans sprekende gemeentes die Nuwe Sions sangbundel. Die tabelle in die verband moet verstaan word dat die meeste gemeentes Sesotho sprekend is daarom is die persentsie so hoog (77.8%). Die Afrikaanse sprekende gemeentes is in die absolute minderheid en hulle gebruik die Nuwe Sions sangbundel (17.8%). Die gevolgtrekking is dat genoemde sangbundels die amptelike sangbundels van die kerk is.

Tabel 5.5: Begeleiersgroep. Het u gemeente 'n begeleiersgroep/orkester wat met die sangbegeleiding behulpsaam is? (V72)

	N	%
Ja	21	47.7
Nee	23	52.3
Onbekend	1	2.2

Tabel 5.6: Begeleiding. Wat is die primêre vorm van begeleiding tydens die volgende eredienste?

	Onbekend		Orrel		Begeleiersgroep		Klavier		Ander instrumente	
	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%
Oggenddiens (V73)	12	26.7	2	4.4	21	46.7	10	22.2	0	0
Erediens toegespits op kleiner kinders (V74)	34	75.6	7	15.6	4	8.9	0	0	0	0
Aanddiens (V75)	42	93.3	1	2.2	2	4.4	0	0	0	0
Ander eredienste (V76)	40	88.9	2	4.4	3	6.7	0	0	0	0

Dit is duidelik dat gemeentes met en sonder begeleiersgroepe hul sang tydens eredienste hanteer. Die respondente 52.3% meen dat gemeentes nie gebruik maak van begeleiersgroepe nie, terwyl 47.7% respondente meen dat daar wel van begeleiersgroepe gebruik gemaak word. Die meerderheid van gemeentes se groepe hanteer die sang spontaan sonder enige instrumente en voorsangers. Daar is wel 47.7% respondente wat mening is dat daar van 'n begeleiersgroep gebruik gemaak word. Dit is egter opmerklik dat die persentasie met en sonder begeleidingspan met 5% verskil, dit sou die indruk wek dat 'n groot gedeelte sonder en die ander helfte met begeleiersgroepe funksioneer. Die begrip mag verkeerd verstaan was deur veral die Sesotho sprekende respondente. In die praktyk van V.G.K-gemeentes is daar nie georganiseerde orkeste of begeleiersgroepe nie, sang word spontaan vanuit die gemeente gedoen.⁷⁸ Slegs VGK-Heatherdale en Heidedal-Suid gemeentes maak gebruik van georganiseerde begeleiersgroepe, waar ook ander geestelike liederes gesing word as die in die sangbundel. Die liederes wat gesing

⁷⁸ Die navorser was vir 8 jaar predikant in die Sinodale streek en is bekend met die gemeentes. Hy het eredienste by verskillende gemeentes waargeneem. Daarom die opmerking.

word deur gemeentes is oorwegend tradisionele liedboek liedere en in 'n mindere mate kontemporêre liedere.

Tabel 5.7: Nagmaal. Hoeveel maal het u gedurende 2010 die Nagmaal gevier? (V77)

	N	%
4 maal	1	2.5
5 maal	20	50.0
6 maal	17	42.5
7 maal	2	5.0
Onbekend	5	11.1

Ten opsigte van die bediening van die sakrament van die Nagmaal het 50.0% van die respondente angedui dat daar vyf keer per jaar nagmaal bedien word, dit sou tradisioneel beteken een keer per kwartaal en op Goeie Vrydag of Opstandings Sondag. 'n Verdere 42.5% het aangedui dat hulle ten minste ses keer 'n jaar nagmaal het wat beteken 92.5% respondente reken dat nagmaal vyf tot ses keer plaasvind. Dit sluit aan of val saam met die vier tot vyf besoeke van die konsulent per jaar. Alhoewel ouderlinge dienste waarneem, mag hulle nie die sakramente bedien nie, dit is die rol van die geordende predikant (Kerkorde, 2013:36).⁷⁹

Tabel 5.8: Liturgiese drag. Maak die liturg in u gemeente van liturgiese drag gebruik?

	Onbekend		Altyd		Soms		Nooit	
	N	%	N	%	N	%	N	%
Toga (V78)	4	8.9	37	82.2	3	6.7	1	2.2
Stola of liturgiese band (V79)	33	73.3	1	2.2	11	24.4	0	0

Die gemeentes het nie veel variasies van liturgiese drag nie, maar staan sterk daarop dat die predikant ampsdrag moet dra. Die respondente (82.2%) het dit ten sterkste bevestig dat die toga swart moet wees vergesel met 'n swartpak met wit hemp en wit das. Die kerkraad behoort die swartpak met wit hemp en wit das te dra as liturgiese drag. In veral die Sesotho gemeentes is daar 'n kleredrag vir elke bediening wat tydens die erediens gedra moet word, bv. die kinders,

⁷⁹ Kerkorde.2013. Dit is die laaste kerkorde wat gepubliseer was.

mans, jeug en vrouebediening. Dit neem 'n prominente plek in tydens eredienste. Die kleredrag is 'n aanduiding van die gesag en leierskap van die gemeentes. Die Afrikaans sprekende gemeentes sou aandrang op die kleredrag van kerkraad, predikante en sommige gemeentes ook die vroue bediening, maar nie van die andere bedieninge nie. In die lig van die data is dit duidelik dat die dra van liturgiese drag deur die predikant verpligtend en belangrik is.

Tabel 5.9: Riglyne vir die erediens. Gebruik u die volgende as riglyn vir die inrigting van die erediens en prediking?

	Onbekend		Altyd		Soms		Nooit	
	N	%	N	%	N	%	N	%
Leesrooster (V80)	4	8.9	28	62.2	8	17.8	5	11.1
Ander (V81)	31	68.9	5	11.1	4	8.9	5	11.1

Die leesroosterⁱ verskaf liturgiese voorstelle en preeksketse aan gemeentes wat in lyn is met die kerklike jaar, asook tekste vir elke dag vir die gebruik van die lidmate. Laasgenoemde tekste hou verband met die fokus teks van die week. Die respondente (62.2%) maak gebruik van die leesrooster as riglyn vir die erediens, terwyl 17.8% net by geleentheid daarvan gebruik sou maak en 11.1% dit glad nie gebruik nie. Die navorser betwyfel die antwoorde dat 62.2% gemeentes wel gebruik maak van die leesrooster en preekstudie. Die navorser was as predikant blootgestel aan vele gemeentes in die Vrystaat en die meeste gemeentes het nie eers kennis daarvan nie. Die rede waarom Sesotho sprekende gemeentes nie hiervan gebruik maak nie is omdat die leesrooster en preekstudies slegs in Afrikaans gepubliseer word. Die enigste gemeentes wat daarvan gebruik maak is die VGK-Heatherdale en Heidedal-Suid (Afrikaans sprekende gemeentes).

Tabel 5.10: Watter besondere groei of ontwikkeling het u die afgelope tyd in die eredienste ervaar? (V82)

	No	%
1. Geen	3	6.7
2. Lof en aanbidding, sang, nuwe liedere	2	4.4
3. Beplanning, temas	1	2.2
4. Klein kinders, jeug, tieners, gesinsdienste	2	4.4
5. Oudiovisuele toerusting, dataprojektor, klank, PowerPoint	6	13.3

6. Preke en rol van die predikant	2	4.4
7. Gevoel van koinonia, belewenis van erediens, spontaniteit, deelname	7	15.6
8. Fokus op God, sy Woord	4	8.9
9. Kursusse	1	2.2
10. Beter bywoning, groei in getalle	1	2.2
11. Finansies verbeter	1	2.2
12. Genootskap van gestuurde gemeentes	7	15.6
13. Vermindering, bywoning af	1	2.2
14. Stabiel	1	2.2
15. Verskillende dienste, voorsiening verskillende spiritualiteite, kruis kultureel	2	4.4
Onbekend	4	8.9

Die erediens is die enigste geleentheid waar die hele gemeente een keer per week bymekaar kom. Die gemeente kom bymekaar om God te aanbid en na Sy Woord te kom luister en word sodoende bemagtig om in die wêreld te gaan en 'n verskil te maak (erediens as ontmoeting met God). Die erediens behoort waarde toe te voeg en betekenisvol en relevant te wees. Die mense wat na die eredienste kom, kom as gebrokenes met soveel pyn en seer. Dit beteken dat mense deur die erediens moet groei en ontwikkel. Die leierskap (kerkraad, predikante) van gemeentes behoort dus die beste van die geleentheid gebruik te maak deur eredienste goed te beplan en voor te berei. Daar was volgens Tabel 32, se respondente geen groei of ontwikkeling wat hulle in hulle eredienste ervaar het nie, dit beteken dat die dienste geen noemenswaardige impak op hulle lewe gemaak het nie. Dit beteken verder dat daar geen betekenis is in terme van die inhoud van die erediens nie wat dui op 'n stagnasie. Die persentasies by die verskillende rubrieke is almal laag en wissel van 2.2%-15.6%.

Slegs 4.4% meen dat die lof-en-aanbidding, sang, en nuwe liedere hulle positief beïnvloed het. Daarvolgens raak dit duidelik dat veral die lof-en-aanbidding in die meeste van die gemeentes maar tradisioneel is. 'n Lae persentasie (2,2%) is van mening dat daar goeie beplanning en temas was, wat impliseer dat daar 'n meerderheid respondente is wat voel dat eredienste nie goed beplan word nie en dat daar nie goeie temas is in die eredienste wat hulle help in hulle eie groei en ontwikkeling nie. Dit verklaar waarom slegs 2.2% wel groei deur lof-en-aanbidding in die erediens ervaar. Dit is 'n ernstige toedrag van sake in die lewe van die klein vakante plattelandse gemeentes.

Daar is net 4.4% gemeentes waar daar in eredienste gefokus word op kinders, jeug, tieners, en gesinsdienste, die meeste van die eredienste in gemeentes fokus nie op jeug en gesinsdienste nie, en het nie spesiale dienste vir die genoemde groepe nie. Gemeentes bied nie dienste aan wat tot op die vlak van die groepe daal en in hulle unieke behoeftes voorsien nie. Dit is een van die redes waarom gemeentes nie daarin slaag om meer jongmense in die eredienste te betrek nie. Die gemeentes loop die gevaar dat jongmense en gesinne nie meer belangstel nie of lidmate verloor na ander denominasies wat wel op 'n kreatiewe manier voorsien in die behoeftes.

Slegs 4.4% meen dat die preke en rol van die predikant hulle help om te groei en te ontwikkel. Dit is 'n kommerwekende observasie, want dit beteken dat die meeste respondente die preke van Sondae as betekenisloos vind en ook ervaar dat die predikant hulle nie help in hulle eie groei en ontwikkeling nie. Die prediking en die rol van die predikant in eredienste word baie negatief ervaar. Dit verklaar waarom slegs 2.2 % respondente voel dat daar groei in getalle is, die oorgrote meerderheid is van mening dat daar 'n absolute minimum groei in eredienste is, en eintlik voel dat die groei in getalle stagneer en krimp.

5.3.1.2 Finansies van die gemeente

Die finansiële posisie van gemeentes bly een van hul grootste uitdagings. Callahan (2000:129) erken dat kleingemeentes, veral met die volgende uitdagings voortdurend gekonfronteer word, naamlik: ”*‘n tekort aan personeel en geld, onvoldoende benodighede en hulle het nooit genoeg van alles nie’*”.

Tabel 5.11: Het die gemeente ‘n goedgekeurde begroting (V126)

	N	%
Ja	23	51.1
Nee	11	24.4
Onbekend	11	24.4

Tabel 5.12: Wat hieronder beskryf die gemeente se finansiële posisie die beste? (V127)

	N	%
Ons het 'n groeiende finansiële inkomstebasis	9	20.0
Ons het hoofsaaklik 'n stabiele finansiële inkomstebasis	12	26.7
Ons het hoofsaaklik 'n krimpende finansiële inkomstebasis	13	28.9
Ons finansiële situasie is 'n ernstige bedreiging vir die voortbestaan van die gemeente	6	13.3
Onbekend	5	11.1

Dit is belangrik vir enige gemeente se funksionering dat die finansies goed bestuur moet word. Heel dikwels is die swak bestuur van finansies die oorsaak van konflik in gemeentes. Een van die faktore wat help dat finansies goed bestuur word, is wanneer gemeente finansies gereguleer word deur 'n goedgekeurde begroting. Die respondente (51.1%) is van mening dat hulle gemeentes wel 'n goedgekeurde begroting het, terwyl 24.4% meen dat hulle gemeentes nie 'n begroting het nie, en 'n verdere 24.4% het die vraag nie geantwoord nie. Dit beteken dat 49% reken gemeentes het nie 'n goedgekeurde begroting nie. Dit beteken dat omtrent die helfte van die gemeentes nie volgens 'n begroting werk nie en hulle finansies op 'n tref-en-trap manier hanteer. Die navorser vanuit sy werk met gemeentes, is van mening dat die persentasie nie korrek is nie en dat die konsep 'begroting' verwar word met 'n finansiële verslag wat aandui hoe finansies gespanneer en hanteer is. Die navorser kan saamstem dat die meeste gemeentes finansiële verslae het en bespreek, maar nie 'n formele begroting nie.

Volgens Tabel 5.12 voel 28.9% respondente dat die finansies van gemeentes al hoe meer krimp d.w.s. die finansiële posisies van gemeentes is besig om agteruit te gaan. Daar is 20% van die gemeentes wat voel hulle finansies is groeiend. Die groei in finansies beteken nie dat die finansies gesond is nie selfs ook die aanduiding (26.7%) dat finansies stabiel is nie. 'n Gesonde finansiële toestand is wanneer 'n gemeente se inkomste hulle uitgawes oorskry en 'n gemeente in staat is om hulle verpligtinge na te kan kom. Die gemeentes is nogtans nie in staat om n voltydse predikant of 'n tentmaker te kan bekostig nie, die groei is bloot daar omdat die uitgawes minimaal is. Sodra daar salaris uitgawes kom, sal die uitgawes die inkomste oorskry, dus moet die inligting teen die agtergrond gelees word. Dit word bevestig deur die feit dat 13.3% voel dat gemeentes se finansiële toestand 'n ernstige bedreiging inhou vir die voortbestaan van gemeentes en 11.1 % respondente het nie geantwoord nie.

As die persentasies oor die finansies se kategorieë: krimpend, ernstige bedreiging en onbekend, bymekaar getel word dan is dit 53.3% wat beteken dat gemeentes nie 'n gesonde finansiële toestand het nie. Die agteruitgang van die gemeentes se finansies word verder gestaaf (Tabel 49) deur die feit dat 48.9 % respondente aantoon dat selfs die leraars wat voltyds in diens is, nie op sinodale skaal vergoed word nie, en selfs 28.9% het die vraag nie geantwoord nie. Die feit is dat 77.8% respondente dus aantoon dat die finansiële posisie van die gemeentes nie gesond is nie.

5.3.1.3 Funksionering van die gemeente (V209-V219)

Tabel 5.13: Watter van die volgende omskrywings sal u kerkraad die beste beskryf?)

	Onbekend		Ja		Nee	
	N	%	N	%	N	%
Een kerkraad bestaande uit ouderlinge en diakens (tradisioneel) (V209)	2	4.4	42	93.3	1	2.2
Ander (V210)	38	84.4	1	2.2	6	13.3

Dit is interresant dat slegs 4.4% respondente die vraag nie ingevul het nie. In terme van dié vraag het 'n absolute minderheid van 2.2% verklaar dat hul gemeente nie die tradisionele kerkraad struktuur het nie, terwyl dit baie duidelik is dat die meeste respondente voel dat hulle funksioneer met een kerkraad bestaande uit ouderlinge en diakens. In die VGKSA Vrystaat/Lesotho is dit duidelik dat die amp van ouderling en diaken baie noodsaaklik en belangrik is vir die effektiewe funksionering van die gemeentes. Die rede daarvoor is dat die meeste gemeentes se predikants poste vakant is en moontlik vir nog baie jare vakant sal wees en die amp van ouderling en diaken is belangrik vir die bestuur en instandhouding van gemeentes. In terme van die vraag of gemeentes ander strukture gebruik as die tradisionele, het 84.4% die vraag nie geantwoord nie omdat respondente daardeur 'n aanduiding gee dat die een kerkraad bestaande uit predikant, ouderlinge en diakens die manier is waarop die bediening bestuur word. Dit is vir die vakante klein plattelandse gemeentes die gewaarborgde manier om die status quo in stand te hou. Die gemeentes funksioneer met 'n herder-kudde bedieningsmodel. Niemandt noem dit die klassieke leirskapsmodel wat werk met 'n hiërargiese uitoefening van mag en gesag (2013:47). Hendriks (1992:19) verwys hierna as die verkondigings model waar die mag en gesag gesetel is in die ampte. Die leierskap van die gemeentes is 'n ekklesiologiese benadering vir die funksionering van gemeentes en nie 'n missionêre benadering nie.

Tabel 5.14: Hoe funksioneer die gemeente in terme van uitreik? Merk die punt op die skaal wat die naaste aan die stelling is waarmee u saamstem (V211)

As een met sendingprojekte wat deel is van die gewone gemeente-aktiwiteite	16.7	16.7	29.2	8.3	29.2	As 'n missionêre gemeente wat haar bestaan sien as deel van God se sending na hierdie wêreld
--	------	------	------	-----	------	--

'n Aansienlike persentasie (46.7%) het die vraag rakende die missionaliteit van die gemeentes nie ingevul nie. Die rede hiervoor mag wees dat die respondent nie die vraag verstaan het nie. Dit is 'n sterk aanduiding van gemeentes se na-binne gerigte identiteit. Laasgenoemde word bevestig deur '29.2 % respondente wat verklaar dat hulle gemeentes missionale gemeentes is. Die genoemde persentasie word betwis in die lig van Tabel 67 waar slegs 2.2 % respondente verklaar dat gemeentes missionaal in hul karakter is. Die gemeentes het nie 'n missionale ekklesiologie nie. Hulle het eerder 'n ekklesiologiese begrip van missionaal en nie 'n teosentriese begrip van missionaal nie.

5.3.1.4 Doelwitte van gemeentes

Tabel 5.15: Gemeentelike doelwitte. Wat is die 4 belangrikste gemeentelike doelwitte/stellings waarop die kerkraad ooreengekom het? (V213)

	N	%
1. Die kerkraad het op geen doelwitte ooreengekom nie.	12	26.7
2. Beter organisasie en/of finansies, instandhouding	7	15.6
3. Erediensgroeï, -verdieping, simboliek, liturgie, prediking, musiek, aanbidding	2	4.4
4. Gesinsgroeï en –doelwitte, familiesorg	2	4.4
5. Voorbidding en gebed	1	2.2
6. Uitreik, sending, uitbou, na gemeenskap uitreik, missionêr, getuienis, soekend, gestuurde gemeentes, kerkplanting	1	2.2
7. Versorging, koinonia, mekaar, omgee en –groepe, leraar, pastorale sorg, verhoudings	5	11.1
8. Toerusting, Bybelskool, lewenskuns, Bybelstudie	1	2.2

9. Dienswerk, barmhartigheid, sorg vir die in nood	1	2.2
10. God/Jesus/HG: rots, alles, eer, dien, gehoorsaam, visie, luister	2	4.4
Onbekend	11	24.4

Die respondente het op die vraag of die gemeentes 'n duidelike visie en doelwitte het, geantwoord dat daar geen doelwitte geformuleer is nie (26.7%). In die rubriek het 24.4% respondente nie die vrae voltooi nie. Dit impliseer dat 51.3% respondente aantoon dat gemeentes nie duidelike doelwitte het nie. Slegs 15.6% respondente voel dat die gemeentes 'n doelwit het om as 'n organisasie beter te funksioneer en dat hulle gelei word deur 'n visie. Die klem van alles wat in die gemeentes gebeur draai om finansies en die gemeentes leef met die illussie dat indien daar beter finansies is, dit beter met die gemeentes sal gaan. Daarteenoor, reageer die absolute minimum met persentasies wat wissel van 1.1%-2.2% dat die gemeentes se doelwitte gaan oor erediensgroeï, gesins-en-familie sorg, uitreik en sending, koinonia, toerusting, dienswerk, voorbidding, gebed, en barmhartigheid. Dit is duidelik dat die gemeentes in 'n oorlewingstryd is en reken dat hulle behoud lê in die eerste plek in die versekering dat daar voldoende finansies is. Daarom word energie gespanneer op laasgenoemde. Die gemeentes is duidelik instandhoudings gemeentes wat net fokus op die instandhouding van die status quo. Die feit dat 26 % respondente aandui dat die gemeentes nie doelwitte formuleer nie, is 'n teken dat die gemeentes na-binne gerig is en hulle visie op die konteks waarbinne hulle leef, verloor het. Die respondente toon oorwegend aan dat die kern besigheid waarvoor God gemeentes roep en stuur nie die aandag geniet nie, maar eerder finansies. Hier is 'n totale ontbreking van 'n missionale ekklesiologie waarvolgens die kerk haar doel verstaan om in diens te wees van die Missio Dei.

Tabel 5.16: Gemeente rigting. Hoe sou u gemeente se huidige rigting tipeer? (V214)

	N	%
Krimpend en / of sterwend	3	6.7
Besig met instandhouding/oorlewing	15	33.3
Groeiend	17	37.8
Dinamies groeiend	6	13.3
Onbekend	4	8.9

Tabel 5.17: Gemeente rigting. Gee 'n rede vir u antwoord (V215)

	N	%
1. Geen	2	4.4

2. Visie, droom, ideale, wil van God, gehoorsaam	1	2.2
3. Plan, vernuwing, strategie, organiseer	6	13.3
4. Meelewing, groei in getalle, toewyding, beter erediensbywoning	18	40.0
5. Verloor lidmate: ander kerke, verhuis,minder bywoning, ontvolk (statistiek), demografie	1	2.2
6. VG Kerk gaan agteruit, sterf	2	4.4
7. Weerstand teen vernuwing, verandering	5	11.1
8. Stabiliteit, gaan goed	4	8.9
9. Rol van leraar/leierskap negatief	2	4.4
10. Finansiële agteruit	1	2.3
11. Ouer gemeentelide, stagneer	1	2.2
12. Platteland ontvolk	1	2.2
13. Gut gevoel	1	2.2
Onbekend	1	2.2

33.3% van die respondente is van mening dat gemeentes slegs met instandhouding besig is en in 'n oorlewings stryd is. 'n Ander deel van die respondente (37.8%) voel dat gemeentes groeiend is en nog 13.3% voel dat gemeentes dinamies groeiend is (Tabel 67). In terme van die res van die tabel verskil antwoorde ook met vorige tabelle wat verband hou en beskou die navorser antwoorde nie as 'n ware weergawes nie.

Tabel 5.18: Wat het die afgelope jaar in die gemeenskap/omgewing gebeur of verander? (Bv.: Was daar demografiese veranderinge, natuurverskynsels (droogte, vloede, rampe), in- of uitvloei van besighede, e.s.m.?) (V216)

	N	%
1. Geen	12	26.7
2. Ontvolk, verengels, trek weg, demografie verander	2	4.4
3. Fisiese rampe: brand, droogte	6	13.3
4. Swak ekonomie, besighede verswak, afbetalings, banke maak toe	9	20.0
5. Swak admin vd staat bv permitte	1	2.2
6. Politiese verandering/krisis bv Zimbabwe, xenofobie	3	6.7
7. Fisiese ontwikkeling: nuwe geboue, woonbuurte groei	3	6.7
8. Xenofobie	3	6.7

9. Nuwe intrekkers in woongebiede	1	2.2
Onbekend	5	11.1

‘n Interessante feit is dat 26.7% respondente verklaar dat geen verandering in die afgelope jaar in die omgewing/gemeenskap plaasgevind het nie, terwyl 20.0% verklaar dat die ekonomie verswak het, dat besighede verswak het, dat werkers afbetaal was, en banke toegemaak het. Die respondente is van mening dat daar wel veranderinge plaasgevind soos 4.4% respondente verwys na demografiese skuiwe wat plaasgevind as gevolg van ontvolking, die omgewing het verengels, en mense het weggetrek uit die omgewing. ‘n Ander groep respondente (6.7%) wys op veranderinge wat op politieke vlak plaasgevind het. Daar het ook veranderinge plaasgevind in terme van fisiese ontwikkelinge soos nuwe geboue en woonbuurtes (6.7%). In die lig van die antwoorde is dit duidelik dat daar baie skuiwe plaasgevind in die omgewing waar die gemeentes geleë is.

Die skuiwe in die samelewing raak duidelik die funksionering van gemeentes. Gemeentes leef nie op eilande nie, maar is deel van die samelewing. Wat ook al in die samelewing gebeur, het ‘n effek op die funksionering van gemeentes. Die lidmate van gemeentes is Sondae in die kerk, maar is vir die res van die week deel van die samelewing en wat met hulle daar gebeur, raak die gemeente. Die gemeentes was die afgelope tyd geraak deur die swak ekonomie waar mense afgedank was, en ook deur rampe soos droogtes.

Tabel 5.19: Na wie stuur die Here die gemeente? (Mense wat tans nog nie deel van die gemeente vorm nie. Bv.: Noodlydendes, enkelouers, vroue, gevangenes.) (V217)

	N	%
1. Geen	9	20.0
2. Noodlydendes, Vigs, armoede	8	17.8
3. Plaaslike bevolking, -gemeenskap	2	4.4
4. Kerkvervreemdes, onbetrokke lidmate	3	6.7
5. Jonger geslag betrokke te kry, jong gesinne, jongmense	1	2.2
6. Spesifieke groepe: alleenlopers, straatmense, bejaardes, arbeiders, kinders	12	26.7
7. Welsyn, barmhartigheid	2	4.4

8. Werk en woonplekke van mense	3	6.7
Onbekend	5	11.1

Op die vraag na wie toe stuur die Here die gemeente het 20.0% van die respondente geantwoord dat die Here hulle gemeente na niemand toe stuur nie en 11.1 % het die vraag nie geantwoord nie, wat beteken dat 31.1% geen gerigtheid na buite het nie en selfgesentreerd opereer. Genoemde gemeentes is dus nie gefokus op die nood van mense nie, terwyl 44.5% respondente wel aandui dat hulle gestuur word na noodlydendes (vigs, armoede, gemeenskap, kerkvervreemdes, en jongmense,). Interresant is dat slegs 6.7% respondente dink dat die kerk gestuur word na kerkvervreemdes en onbetrokke lidmate. Dit beteken dat 'n groot groep respondente van mening is dat die uitreik na diegene wat buite die kerk is, nie van belang is nie. Slegs 4.4% respondente reken dat die kerk na die gemeenskap gestuur word. Hier uit raak dit duidelik dat die vakante klein plattelandse gemeentes 'n absolute minimum tot geen gerigtheid het op die wêreld rondom die kerk nie. Die navorser is goed bekend met die sosio-ekonomiese kontekste van gemeentes en besef dat die meeste leiers en lidmate van gemeentes selfs slagoffers is van sosiale euwels en uitdagings. Dit maak dit moeilik vir gemeentes om te verstaan dat God hulle kan stuur na ander mense binne hulle gemeenskappe met dieselfde omstandighede. Hulle sou eerder ook ontvangers van intervensie programme (hulp) wou wees. Armour en Browning (2000:46) in hulle boek "*System sensitive leadership*", verdeel die samelewing in ses sisteme. Die gemeentes onder navorsing is meestal sisteem een. Hulle beskryf sisteem een as volg: "*The world is capricious and uncertain, threatening my existence at any moment*". In die sisteem gaan dit oor fisiese oorlewing en self behoud wat dit moeilik maak om na buite te kan kyk en ander se behoeftes raak te sien. In die lig van die teorie kan die navorser verstaan dat die vraag in Tabel 5.19 moeilik was.

Tabel 5.20: ie is die voorsitter van die kerkraad? (V219)

Tabel 73: Wie is die voorsitter van die kerkraad? (V219)	N	%
Predikante	32	71.1
Konsulent	9	20.0
Ouderling	2	4.4
Diaken	0	0
Onbekend	2	4.4

Die voorsitter van die kerkraadsvergadering is in die meestegevalle ‘n predikant (71.1%) en in die afwesigheid van die predikant neem die konsulent (20.0%) daardie posisie in en indien nodig sal in uiterse noodgeval ‘n ouderling (4.4%) die rol van voorsitter in neem. Die posisie van die voorsitter word gereguleer deur die kerkorde en dit is nie in die mag van kerkrade om ‘n besluit hieroor te neem nie (2013:36). Die gevolg is dat gemeentes nie besluite kan neem, alvorens die konsulent, die voorsitter, nie teenwoordig is nie. Die konsulent in meeste gevalle besoek die gemeentes een keer elke derde maand en die implikasie is dat aktiwiteite van die gemeente moet wag tot daardie besoek.

Tabel 5.21: Die gebruik van tegnologie in die gemeente

	Onbekend		Ja		Nee	
	N	%	N	%	N	%
Is die lidmaatdatabasis gerekenariseerd? (V220)	2	4.4	2	4.4	41	91.1
Is die boekhoustelsel gerekenariseerd? (V221)	2	4.4	5	11.1	38	84.4
Het die gemeente ‘n eie webwerf? (V222)	2	4.4	2	4.4	41	91.1
Stuur die gemeente ‘n elektroniese nuusbrief uit? (V223)	2	4.4	2	4.4	42	93.3
Word ‘n dataprojektor tydens eredienste gebruik?(V224)	2	4.4	4	8.9	39	86.7
Kan dankoffers elektronies (internet, debietorder) oorbetal word? (V225)	3	6.7	7	15.6	35	77.8

Die respondente (77.8%-91.1%) toon aan dat gemeentes oorwegend nie van tegnologie gebruik maak om te kommunikeer en administratief te organiseer nie. Die gebrek aan fondse veroorsaak dat die tegnologiese ontwikkeling van die gemeente nie ‘n prioriteit is nie. Dit mag

ook 'n goeie aanduiding wees dat die leierskap van die gemeentes nie kreatiewe visionêre leiers is nie. Dit dui duidelik aan dat gemeentes nie byhou by die tydsgees nie.

Die wêreld het oor die laaste dekades met groot spronge verander, en een van die veranderings was die tegnologiese ontploffing wat plaasgevind het. Roxburgh en Romanuk (2006:62-64) beskryf die tyd van veranderinge soos volg: "*We are moving through a period of volatile, discontinuous change*". Die gebruik van die Internet het gemaak dat inligting vir almal vinnig beskikbaar geraak het, toegang tot inligting het maklik geraak en so toeganklik dat inligting binne minute in die binnekamer van huise enige beskikbaar is. Die koms van selfone het dit nog eenvoudiger gemaak dat daar ter enige tyd en plek toegang tot inligting is. Die tegnologie in terme van kommunikasie het verander van geskrewe na die visuele. Die tegnologiese ontploffing word bespeur van die kleinste dorpie tot in die "shack". Die mens van vandag kan beskryf word as die tegnologiese mens, wat effektief bereik word deur verskillende vorme van tegnologie. Die lidmate van gemeentes, hoe konserwatief ook al, is hierin opgeneem. Dit beteken dat gemeentes kommunikeer met 'n tegnologie, visuele mens, so indien gemeentes in die tyd tegnologie kan gebruik behoort dit 'n impak te maak. Len Sweet beskryf die tyd van verandering met twee begrippe naamlik: die *Gutenberg-generasie* versus die *Google generasie*. Die Gutenberg-generasie het begin met Johannes Gutenberg se uitvinding van die boekdrukkuns waar boeke vir die eerste keer gedruk is. Dit het die wêreld radikaal verander in so mate dat die kennis van mense uitgebrei het, aangesien want mense kon lees. Deur die drukpers was die Bybel ook gedruk wat meegebring het dat die gewone mens ook die Bybel kon lees. Die era was die gevolg van 'n kennis rewolusie wat plaasgevind het, en die vlakke van geleerdheid het gestyg. Die generasie het verbygegaan en die nuwe era het aangebreek wat die Google-era genoem word. Die era het 'n nuwe generasie laat ontstaan, die Google generasie. Dit het 'n tegnologiese era laat ontstaan. Net soos die Gutenberg era het die Google era 'n nuwe lewensuitkyk op die wêreld gebring.

In 'n wêreld vol veranderinge, funksioneer die meeste gemeentes sonder die gebruik van nuwe tegnologie en vind kommunikasie plaas op 'n tradisionele wyse. Die lidmaatregisters is nie gerekenariseer nie en word met die hand gedoen. Die meeste gemeentes doen ook hulle finansiële boeke met die hand terwyl ouditeure al meer elektronies boekhouding doen. Tydens die eredienste kommunikeer die gemeentes sonder enige visuele hulpmiddels.

Die gemeentes het minimale aanpassings in die verband gedoen behalwe vir 15 % wat dankoffers met debiet orders hanteer. Die gebruik van tegnologie in gemeentes is baie beperk, en dit gebeur slegs by uitsondering. In die meeste gemeentes se stryd om oorlewing word die

gebruik van tegnologie beskou as ‘n luukse, want die beskikbare geld moet aangewend word vir ander noodsaaklikhede. Indien dit wel daar is, beskik die gemeentes ook nie oor personeel en kantoor fasiliteite om dit te bestuur nie. Missionale leierskap is bewus van die veranderinge in die wêreld en begelei die gemeente om aan te pas by die veranderinge.

5.3.1.5 Kleingroepe en ander bedienings(V238-V241)

Tabel 5.22: Kleingroepbediening: Hoe funksioneer die wyke? (V239)

	N	%
1. Baie goed	16	35.6
2. Sleg	1	2.2
3. Goed en sleg	4	8.9
4. Tradisioneel	15	33.3
5. Weekliks	3	6.7
6. Apart	1	2.2
7. Sukkel	1	2.2
8. Geen	0	0
Onbekend	4	8.9

Die gemeentes van die VGKSA is normaalweg in geografiese wyke ingedeel waaraan ‘n ouderling en diaken toegeken is. Die respondente is van mening dat die wyke baie goed funksioneer (35.6%) en op ‘n tradisionele manier (33.3%). Dit is duidelik dat die meeste gemeentes met die wykstelsel funksioneer.

Tabel 5.23: Is daar ‘n georganiseerde kleingroepbediening in u gemeente (V240)

	N	%
Ja	16	35.6
Nee	21	46.7
Geen	0	0
Onbekend	8	17.8

Die kleingroep bediening was begin in kerke as ‘n teenvoeter vir die wyksbedienings model. Die kritiek teen die wykstelsel was dat daar minimale interaksie tussen lidmate is, want die

ouderling lewer 'n preek tydens bidure en dan is daar 'n paar mense wat bid. Die lidmate kry nie kans om te gesels en gesprekke te voer oor die teks nie. Die wyk is te groot wat veroorsaak dat daar nie werklik gemeenskap (koinonia) en interaksie effektief kan gebeur nie. In die wyk vind daar ook nie veel bemagtiging plaas nie. Terwyl die kleingroep minder lede het wat die geleentheid bied vir kwaliteit interaksie, kan lede beter op mekaar se behoeftes fokus en mekaar meer effektief bedien en dan ook mekaar bedien met die Woord. Dit is 'n beter ruimte waarin kerugma, diakonia, koinonia op 'n meer intieme wyse kan plaasvind. Die respondente het op die vraag reageer dat 46.7% nie kleingroepbediening het nie en 17.8% het nie die vraag geantwoord nie, dit wil sê 64.5% bevestig dat hulle nie die kleingroep bedieningsmodel het nie terwyl 35% rapporteer dat hulle wel kleingroepe het.

Tabel 5.24: Kleingroepbediening: Model. Indien ja, gee kortliks 'n beskrywing van die model wat u gebruik? (V241)

	N	%
1. Geen	16	35.6
2. Kombinasie van wyksbyeenkomste, bybelstudie-, omgegroepe, kleingroepe	12	26.7
3. Selgroepe, selbediening, gemeentevreugde	2	4.4
4. Oop, geen spesifieke of eie model, kinderkerk	1	2.2
5. Liggaamsmodel	1	2.2
6. Bidure	3	6.7
7. Moralettapark (omgee en selgroepe)	1	2.2
Onbekend	9	20.0

Tabel 5.25: Watter van die volgende beskryf die gebedsbediening in die gemeente die beste? (Merk almal wat van toepassing is)?

	Onbekend			
	N	%	N	%
Ons het geen georganiseerde gebedsbediening nie (V243)	36	80.0	9	20.0
Ons het gebedsgroepe wat van tyd tot tyd bymekaar kom (V244)	32	71.1	13	28.9
Ons het gebedsgroepe wat sekere tye bymekaar kom (bv. lydenstyd, uitreike) (V245)	22	48.9	23	51.1

Ons het gebedsgroep is deel van die kleingroepbediening (V246)	33	73.3	12	26.7
Ons het 'n georganiseerde gebedsbediening (V247)	32	71.1	13	28.9

'n Gemeente is 'n geloofsgemeenskap en die een kenmerk wat 'n gemeente onderskei van enige sosiale organisasie is die diens van gebede of te wel die diens van onderskeiding (discernment). Marias (2021:274) beskryf definieer onderskeiding as volg: "*Spiritual discernment refers to the ability to sense of what God says to us. For the missional church, discernment is therefore a spiritual act of reflection on the question, What is God up to?*". Die kultuur van gebed in enige gemeente is krities en van kardinale belang, die Here Jesus in Sy aardse lewe het voortdurend Homself afgesonder om te bid en daardeur die aangesig van Sy Vader gesoek (Luk 11, Matt 26, Joh 17). Mense het gebed nodig vir persoonlik sowel as gemeenskaplike deurbrake en vir hul geestelike groei. Die navorsing het spesifiek die vrae oor gebede aan die respondente gevra, want dit het bepaal hoe effektief die gemeentes as geloofsgemeenskappe funksioneer. Dit blyk duidelik te wees dat daar in gemeentes wel een of ander vorm van gebedsbediening is, wat egter opmerklik is, is dat respondente wat nie gereageer het op die vrae in die tabel wissel 48.9%-80.0%, en waar die respondente wel positief geantwoord het op die vrae wissel die persentasies meestal 20-28%. Dit beteken dat die klem op gebed nie so hoog op die prioriteitslys is nie. Wanneer daar spesifieke geleenthede is dan skuif persentasies op na 51%. Die geloofsreis is 'n proses van onderskeiding na die wil van God vir Sy kerk, die proses geskied primêr deur die diens van gebede. Dit laat ernstige kommer indien gebed in die lig van die antwoorde so laag op die prioriteitslys is. Dit verklaar 'n gebrek aan 'n Gods geïnspireerde visie en dat die rigting wat die gemeentes inslaan bloot menslike insigte is.

Tabel 5.26: Tabel 85: Evangelisasiebediening. Het u gemeente 'n georganiseerde evangelisasie-bediening? (V248)

	N	%
Ja	13	28.9
Nee	23	51.1
Onbekend	9	20.0

Die woord 'evangelisasie' kom van die Griekse woord "*euangelion*", wat letterlik beteken goeie nuus. Die woord evangelisasie word dus tradisioneel gebruik om aan te toon dat die goeie nuus

is dat God die wêreld liefhet en nie wil hê dat enige iemand verlore moet gaan nie, maar die ewige lewe moet beërwe (Joh 3:16), verkondig moet word aan mense ongeag ras, taal en landsgrense. Die goeie nuus sluit in dat Jesus gesterf en opgestaan het juis om die mens te verlos. In Mattheus 28 is dit die grootste opdrag aan die kerk en behoort dit die kern besigheid van die kerk te wees. Indien die kerk hierin sou faal dan faal die kerk in haar grootste opdrag wat Jesus gegee het. Die bring van die goeie nuus is ook om reg en geregtigheid te verkondig in 'n samelewing van ongeregtigheid teenoor armes, vrouens, kinders, gestremdes, ens. David Bosch (1991:412) onderstreep dit as volg: *“Evangelism may be viewed as an essential dimension of the total activity of the church”*.

Die respondente op die vraag naamlik: het die gemeente 'n georganiseerde evangelisasie bediening, 51.1% geantwoord dat hulle nie so 'n georganiseerde evangelisasie bediening het nie, en 'n verdere 20.0% het nie reageer nie. Slegs 28.9% het aangedui dat daar wel so bediening is. Dit beteken dat 70 % van die respondente bevestig dat gemeentes nie so 'n strategie het nie. Die response het aangetoon dat die hartklop en kern besigheid van die kerk wat haar onderskei van enige ander besigheid of sosiale klub en wat haar rede vir bestaan is, nie die kern besigheid van baie gemeentes is nie. Dit verklaar die stagnering en krimpings van gemeentes. Die vraag wat die navorsing mee gelaat word is: wat is dan die kern besigheid van die vakante klein plattelandse gemeentes?

5.3.2 Samevatting

Interne lewe: Gemeentes toon afname in hul interne lewe. Die eredienste toon 'n afname. Die eredienste neem nie die behoeftes van die verskillende generasies in ag nie en is nie kinder en jeug vriendelik nie. Die eredienste help nie met die groei van lidmate nie. Die finansies van die gemeentes is krimpend en hou 'n bedreiging in. Die gemeentes het nie genoegsame fondse om hulle verpligtinge na te kom nie. Wat die funksionering van gemeentes aanbetref, funksioneer gemeentes oneffektief in die sin dat sake wat tot die kern van 'n gemeente behoort, disfunksioneel is. Laasgenoemde kan gesien word aan die kwaliteit van die gebedsbediening, gebrek aan 'n georganiseerde evangelisasie bediening, asook 'n oneffektiewe wykstelsel wat nie koinonia bevorder nie. Die disfunktionaliteit lê verder daarin dat gemeentes nie doelwitte daarstel wat rigting aan die gemeente gee nie. Die kern van geloof is om te onderskei na wie toe God Sy gemeente stuur, en dit is nie 'n prioriteit van gemeentes nie. Gemeentes is nie

missionêre gemeentes nie, maar gemeentes wat met strukture aangaan wat nie die *Missio Dei* dien nie. Die gemeentes oorleef net. Die gemeentes is predikant-gedrewe gemeentes.

5.3.3 Eksterne interaksie

Die volgende tabelle beskryf die eksterne lewe van die gemeentes in die ondersoek:

5.3.3.1 Betrokkenheid by die gemeenskap

Tabel 5.27: Onderneem u gemeente gemeenskapsontwikkelingsprojekte? (V250)

	N	%
Ja	17	37.8
Nee	23	51.1
Geen	0	0
Onbekend	5	11.1

Tabel 5.28: Betrokkenheid in die gemeenskap (V249-V254)

	Onbekend		Ja		Nee		Geen	
	N	%	N	%	N	%	N	%
1. Voedingskemas (V251)	21	46.7	11	24.4	13	28.9	0	0
2. Behuisingskemas (V252)	29	64.4	1	2.2	15	33.3	0	0
3. Voorligtingsprogramme (V253)	25	55.6	7	15.6	13	28.9	0	0
4. Geletterheidsklasse (V254)	28	62.2	2	4.4	15	33.3	0	0
5. Werkklasse (V255)	28	62.2	2	4.4	15	33.3	0	0
6. Ander projekte/programme (V256)	26	57.8	6	13.3	13	28.9	0	0

Tabel 5.29: Wie neem vir die projekte verantwoordelikheid?

	Onbekend		Ja		Nee		Geen	
	N	%	N	%	N	%	N	%
1. Vrouediens (V257)	27	60.0	10	22.2	8	17.8	0	0
2. Kerkraad (V258)	22	48.9	15	33.3	8	17.8	0	0
3. Kommissies (V259)	29	64.4	8	17.8	8	17.8	0	0
4. Jeugaksies (V260)	28	62.2	8	17.8	9	20.0	0	0
5. Lidmate in die gemeente (V261)	25	55.6	11	24.4	9	20.0	0	0

Gemeentes bestaan nie op 'n eiland nie, hulle is geleë binne 'n bepaalde plek, tyd en konteks. Gemeentes is onlosmaaklik verbind aan die gemeenskap waarbinne hulle geleë is. Die gemeenskappe waarbinne gemeentes van die VGKSA en spesifiek van die Streek Sinode Vrystaat/Lesotho is, is gemeenskappe waar armoede, werkloosheid, alkohol en dwelm misbruik, tiener swangerskappe, enkelouers en geweld baie hoog is. Dit is binne die gebroke situasies waar die gemeentes geroep word om 'n kerk te wees. Die kerk as gesant, gestuurdes van Jesus Christus, behoort die simbool van hoop te wees wat hoop bring aan hulle wat sonder hoop is. Dit vra dat die gemeentes 'n gerigtheid na-buite moet hê. Dit is deel van die missionale karakter van die kerk. Van Gelder (2011:4) beklemtoon dit so: *“God is a missionary God who sends the church into the world. The missional church is an incarnational ministry sent to engage a postmodern, post-Christendom globalized context”*.

In terme van die vraag of die gemeentes gemeenskapsontwikkelings projekte onderneem, toon die respondente dat 51.1% gemeentes glad nie betrokke is nie en 37.8% is betrokke by projekte soos voedingskemas. Daar moet verder in ag geneem word dat respondente wat nie geantwoord het nie wissel van 46.7%-64.4% en die wat nee geantwoord het wissel van 33.3%-28.9%, wat dan impliseer dat die betrokkenheid van die gemeente na-buite minimaal is.

Die kerkraad (33.3%), kommissies (17.8%), vrouediens (22.2%), Jeug (17.8%) en lidmate (24,4%) neem verantwoordelikheid vir daar waar wel projekte aan die gang is. Dit beteken dat dit net die leierskap van gemeentes is wat betrokke is by die projekte, en ook die absolute minimum. Die voortbestaan van genoemde projekte hang af van die leierskap. Dit is tipies die simptoom van 'n instandhoudings en herder-kudde model van bediening. Dit dui ook aan dat daar waar wel projekte bedryf (37.8%) word, maar dit beteken nie dat die gemeentes missionaal in hulle karakter is nie. Dit is nie missionale gemeentes nie, maar gemeentes met sending

projekte. Die projekte waarby gemeentes oor die algemeen betrokke is, is voedingskemas (24.4%). Dit kan toegeskryf word aan armoede van die gemeenskappe.

5.3.4 Maatskaplike kwesies (V243, V248-V250,V261, V262-V278)

Die Suid Afrikaanse Raad van kerke het by hulle konferensie (SACLA: South African Leadership Assembly) oor die welsyn van die gemeenskap sewe reuse geïdentifiseer wat die Suid Afrikaanse gemeenskap bedreig, naamlik: HIV/Vigs; misdaad en korrupsie, geweld, armoede en werkloosheid, gesinskrissies, seksisme en rasisme. Die simboliek is geneem uit die verhaal van Dawid (fisies klein) wat moes veg teen die enorme fisiese groot reus, Goliath. Die doel van die konferensie was dat Christen leiers moes besin oor wat dit beteken om getuies van Jesus Christus te wees in Suid Afrika vandag in die lig van die sewe reuse. SACLA verklaar onder andere: *“if God’s Spirit has anything to do with it, in the hearts of thousands, the Church will with determination descend into the valley to meet the Goliaths”*. SACLA het ook riglyne daargestel as strategie hoe om die reuse te beveg wat hulle noem: *“intergrated marketplace transformation strategy”* (sien Addendum) .

Die respondente het soos volg gereageer ten opsigte van die vrae:

Tabel 5.30: Geweld ... Indien so, gee kort beskrywing van die aksies wat die gemeente loods. (V262)

	N	%
Geen	16	35.6
Betrokke by projekte buite gemeente, in gemeenskap	14	31.1
Eie strategie of projekte	8	17.8
Onbekend	7	15.6

Suid-Afrika het ‘n baie hoë geweldsyfer, dit wil sê geweld in dorpe en stede, sowel as huishoudelike geweld. Die lidmate van die gemeente is ook hiervan nie gevrywaar nie en is dikwels deel van die slagoffers. Statistieke ten opsigte van die reuse van geweld toon die volgende: sterftes as gevolg van moord, selfdood en motor kapings vind elke 26 minute plaas wat die dode syfer as gevolg van geweld bring by 20 215 per jaar. Elke 26 sekondes word vrouens en kinders verkrag wat die geweld syfer bring op om en by 1 212 922 per jaar. Elke 47 minute sterf ‘n persoon op die paaie wat die dode syfer op paaie bring op 11 182 per jaar.

Plaas aanvalle is 7755 en 1287 boere is vermoor. Dit is van kardinale belang dat gemeentes moet reageer op die geweld in hulle omgewing.

Daar is 35.6% respondente wat rapporteer dat hulle gemeentes geen aksies loots of betrokke is by geweld in die samelewing nie, terwyl 15.6% respondente nie die vraag geantwoord het nie. Dit stoot die persentasie op na 51.2% respondente wat aandui dat daar in dié verband niks gedoen word nie. Gemeentes is volgens 31.1 % respondente wel betrokke by projekte teen geweld buite die gemeente. In die lig van die geweld en moord in ons land en met gemeentes wat leef binne die kontekste van geweld, sou dit belangrik wees dat die kerk 'n hoër vlak van betrokkenheid sou hê. Daar is volgens die respondente net 17.8% gemeentes wat 'n eie strategie of projekte teen geweld het, wat beteken dat die oorgrote meerderheid gemeentes geen inisiatief neem nie. Die betrokkenheid van die gemeentes by veldtogte teen geweld is nie bevredigend nie.

Tabel 5.31: Rassisme... Indien so, gee 'n kort beskrywing van die aksies wat die gemeente loods. (V263)

	N	%
1. Geen	12	26.7
2. Betrokke by projekte buite gemeente, in gemeenskap	8	17.8
3. Eie strategie of projekte	2	4.4
4. Oop kerk vir alle rasse	5	11.1
5. Prediking	4	8.9
6. Belhar belydenis	2	4.4
Onbekend	11	24.4

Die land Suid-Afrika is 1994 bevry van wetgewing wat rasisme bevorder en in stand gehou het. Die oornome van die African National Congress (ANC) in 1994, die daarstelling van 'n demokratiese konstitusie, en die daarstel van 'n beleid om die land te herskep na gelykheid, vry van diskriminasie op grond van ras, taal en kleur, het nie beteken dat rassisme oornag verdwyn het nie. Die land gaan egter nog erg gebuk onder rasisme in verskillende vorme. Daar is strategieë en pogings nodig om die euwel van rasisme te hanteer. Transformasie pogings in die land gaan nog met baie konflik en selfs geweld gepaard.

Die kerk was tydens die bevrydingstryd aan die voorpunt soveel so dat lidmate en predikante in tronke toegesluit was. Die kerk se rol is nie klaar nou dat Suid Afrika 'n vry land is nie. Die sosiale euwel van rassisme moet aangespreek word. Die kerk het die profetiese taak om te verkondig dat alle mense gelyk is voor God en as sodanig behandel moet word.

Na aanleiding van die vraag of die gemeentes enige aksies loots om die sosiale euwel van rasisme te beveg, rapporteer 26.7% gemeentes dat hulle geen aksies het nie en 'n verdere 24.4% het glad nie hierop gereageer nie wat die persentasie opstoot na 51.1% respondente wat aangedui het dat hulle geen aksies loots nie. 'n Lae persentasie (8.9%) respondente rapporteer dat hulle daaroor preek en slegs 4.4% respondente het 'n eie strategie. Uit bogenoemde data blyk dit duidelik te wees dat die gemeentes nie doelbewus iets omtrent rasisme doen nie.

Tabel 5.32: Seksisme... Indien so, gee 'n kort beskrywing van die aksies wat die gemeente loots. (V265)

	N	%
1. Geen	12	26.7
2. Betrokke by projekte buite gemeente, in gemeenskap	1	2.2
3. Eie strategie of projekte	1	2.2
4. Nie bewus van probleem	8	17.8
5. Prediking	4	8.9
6. Konferensies oor homoseksualiteit	3	6.7
Onbekend	16	35.6

SEKSISME word deur die HAT gedefinieer as “diskriminasie/vooroordeel op grond van seks/geslag, veral teenoor vroue(2015)”. Voorbeelde hiervan mag wees kerke wat bepaal dat 'n vrou nie 'n ouderling of predikant mag word nie of dat homoseksuele persone nie toegelaat word as kerkraadslede of predikante nie, is 'n vorm seksisme.

Die respondente (26.7%) verklaar dat hulle as gemeentes geen pogings aanwend om seksisme in en buite te kerk aan te spreek nie. 'n Verdere 35.6% respondente het nie op die rubriek geantwoord nie, wat die persentasie respondente opskuif na 62.3% en 17.8% respondente erken dat hulle nie eers bewus is van die probleem nie en slegs 8.9% respondente meen dat hieroor gepreek word. Dit is duidelik uit gemeentes se reaksies dat die euwel van seksisme nie

doelbewuste aandag kry nie en dat gemeentes geen doelbewuste aksie en bedieninge het wat seksisme in en buite die gemeente aanspreek nie.

Tabel 5.33: Gesinskrisise... Indien so, gee 'n kort beskrywing van die aksies wat die gemeente loods. (V267)

	N	%
1. Geen	13	28.9
2. Betrokke by projekte buite gemeente, in gemeenskap	3	6.7
3. Eie strategie of projekte	4	8.9
4. Prediking	1	2.2
5. Wyksbediening	6	13.3
6. Pastorale sorg	1	2.2
7. Gebed	1	2.2
Onbekend	16	35.6

Gesinskrisise is een van die grootste maatskaplike probleme waarmee die samelewing gekonfronteer word. 'n Groot getal gesinne in die Vrystaat is disfunksioneel en probleme wat meestal voorkom is: armoede, konflik, huweliksverbrokkeling, tienerswangerskappe, geweld, enkelouerskap, dwelm en alkohol afhanklikheid, werkloosheid, egskeiding, selfdood, en moord (wazimap). Die huishoudings wat deur enkelmoeders behartig word is 41.7%, dit sluit in geskeide vrouens en vrouens wat nooit getroud was, maar kinders het (wazimap). Laasgenoemde gesinskrisise is deel van die lewe van gemeenskappe en ook deel van die lewe van gemeentes. Kerkwees in die kontekste beteken dat die gemeente besonders hierop gefokus moet wees en gesinne bedien met 'n bepaalde strategie.

In die lig van die tendens in Suid Afrika dat gesinne deur soveel krissise gaan, is aan die respondente gevra wat gemeentes doen in terme van gesinne. Die respondente (28.9%) rapporteer dat hulle niks hieraan doen nie en 35.6% respondente het die vrae nie eers beantwoord nie, wat die persentasie opstoot na 64.5% respondente wat negatief gereageer het. Die basiese bedienings intervensies aan gesinne deur gebed, pastorale sorg en prediking, het slegs 2.2% respondente rapporteer dat dit gedoen word. Gemeentes bestaan uit gesinne en nie net individue nie, elke lidmaat is verbind aan 'n gesin, so is gemeenskappe rondom die kerk ook saamgestel. Die gemeentes toon 'n kommerwekkende lae response in terme van hulle betrokkenheid by gesinne.

Tabel 5.34: Misdaad en korrupsie... Indien so, gee 'n kort beskrywing van die aksies wat die gemeente loods (V269)

	N	%
1. Geen	10	22.2
2. Betrokke by projekte buite gemeente, in gemeenskap (optogte)	4	8.9
3. Eie strategie of projekte	1	2.2
4. Prediking	5	11.1
5. Gebed	5	11.1
Onbekend	10	22.2

Die land, Suid-Afrika is een van die lande met 'n baie hoë misdaadsyfer en die misdade sluit in: moord, verkragting, diefstal, korrupsie, inbrake, ontvoerings, motorkapings, dwelms, ens. Die statistiek in terme van dié reus, misdaad en korrupsie sien as volg daaruit: elke maand stuur administrasies 10 000 finale aanmanings, 90 000 hofbevele en 142 000 daagvaardigings (Wikipedia).

Die kerk is in die middel en ontvang weekliks in hulle eredienste slagoffers van misdaad en het selfs lidmate wat die misdadigers is. Gemeentes word direk of indirek geraak deur misdaad. Die kerk het 'n rol te speel, hetsy op 'n pastorale en voorkomings vlak of deur bemagtigings strategieë.

In die lig van die vraag of die gemeente enige aksies loots ten opsigte van die sosiale euwel van misdaad, reageer die respondente dat 11.1% gemeentes wel deur prediking en gebed die misdaad adresseer. Daar is 22.2% wat verklaar dat hulle geen aksies in die verband loots nie en 'n verdere 22.2% het glad nie reageer nie en slegs 2.2 % het 'n eie strategie in die verband. Dit is duidelik dat die respondente nie 'n duidelike gerigtheid en bediening het wat fokus om misdaad te help bekamp nie, of om die slagoffers van misdaad by te staan nie.

Tabel 5.35: MIV/Vigs... Indien so, gee 'n kort beskrywing van die aksies wat die gemeente loods (V271)

	N	%
1. Geen	9	20.0
2. Betrokke by projekte buite gemeente, in gemeenskap	2	4.4
3. Eie strategie of projekte	4	8.9

4. MIV / Vigs herdenkingsdiens 1x per jaar	6	13.3
5. Programme (inligting)	2	4.4
6. Gebed	2	4.4
7. Vigs-kers wat brand	7	15.6
Onbekend	13	28.9

Die vigs-pandemie het die afgelope dekades die lewens van baie landsburgers en ook mense in die wêreld geëis. Daar word op 'n daaglikse basis mense gediagnoseer met die virus en daaglikse sterf mense in die land as gevolg van die virus. Die meeste mense wat hiermee gediagnoseer word en ook hiervan sterf is die jong generasie van 15-49 jaar oud.

Dié reus MIV/Vigs pandemie toon die volgende statistieke: 4.2 miljoen van die 44.5 miljoen Suid Afrikaners is geïnfecteer. In die kontinent Afrika sterf daar elke jaar 2 miljoen mense aan die virus en in die wêreld is 34.4 miljoen aan die virus. In die Vrystaat is 25.5% mense positief getoets (Wikipedia).

Gemeentes word geraak, want daar is soveel lidmate wat geïnfecteer en geïmpak is. Dit is juis dat die kerk wat die simbool van hoop en barmhartigheid is om pro-aktief op te tree deur voorkomings en bewusmakings veldtogte of ten minste gemeenskapsprojekte te ondersteun.

Die respondente (13.3%) toon aan dat hulle 'n vigs herdenkings diens doen, 15.6% respondente laat brand 'n vigs kers tydens eredienste, 4.4% respondente het programme en reël gebedsgeleenthede. Daar is 20.0% respondente wat aantoon dat hulle geen aksies loots nie en 28.9% het die vraag glad nie antwoord nie. Daar word dus minimaal aksies geloods deur gemeentes ten opsigte van die voorkoming, versorging en bemagtiging van mense in die gemeente en gemeenskap wat geïmpak en geïnfecteer is.

Tabel 5.36: Armoede... Indien so, gee 'n kort beskrywing van die aksies wat die gemeente lood (V277)

	N	%
Geen	2	4.4
Onbekend	43	95.6

‘n Sosiale verskynsel in die land is die enorme groot afstand tussen ryk en arm, daar is ‘n minderheid mense wat skatryk is en ‘n maksimum getal mense wat brandarm is en letterlik onder die broodlyn leef.

In terme van dié reus, armoede en werkloosheid, toon die statistiek dat 41% van die potensiele arbeidsmag sonder werk is. Werksgeleenthede het vanaf 10.8 miljoen in 1990 gedaal tot 4.6 miljoen in Junie 2002. Die ekonomie toon ook aan dat slegs 5% matrikulante elke jaar werk kan kry in die formele sektor en in 2003 was daar 305 774 matrikulante. In die Vrystaat is daar 41% van die gemeenskap wat ekonomies nie aktief is nie en ‘n 17% werkloosheid syfer.

Die kerk word hierdeur direk geraak, want soos ander euwels leef gemeentes binne hierdie situasies van armoede en werkloosheid. ‘n Skokkende getal van 95.6% respondente het glad nie die vraag geantwoord nie en 4.4% verklaar dat hulle geen aksies loots om die slagoffers van armoede te help nie. Dit bring ‘n 100% van antwoorde wat impliseer dat gemeentes nie aandag gee of betrokke is by die armoede reus nie.

5.3.5 Samevating

Eksterne interaksie: SACLA het sewe reuse geïdentifiseer wat volgens hulle opnames die gemeenskappe bedreig, naamlik: HIV/Vigs; misdaad en korupsie; geweld, armoede en werkloosheid, gesinskrisis, seksisme en rasisme. Die vraelyste het spesifiek die gemeentes getoets ten opsigte van hulle betrokkenheid by die euwels in gemeenskappe. Gemeentes erken die bestaan van die euwels, maar toon ‘n lae persentasie betrokkenheid by die sosiale euwels. Die antwoorde bevestig dat die gemeentes meer na-binne gerig is as na-buite.

5.4 KONKLUSIE

Die doel van die vraelyste is om op ‘n kwantitatiewe wyse te beskryf wat aan die gebeur is in die gemeentes van die VGK-Streek Sinode Vrystaat/Lesotho. Die reaksies van die gemeentes kan as volg saamgevat word:

5.4.1 Interne lewe

- Die meeste gemeentes hou ten minste een erediens elke Sondag, en gemeentes hou oor die algemeen nie aanddienste nie.

- Die meeste eredienste word deur ouderlinge waargeneem. Ouderlinge speel 'n belangrike rol vir die hou van eredienste.
- Tydens eredienste word die Hosanna in die Sesotho sprekende eredienste gebruik en die nuwe sionsgesangboek in die Afrikaans sprekende gemeentes.
- Die gemeentes hou ook nie afsonderlike dienste vir kinders nie.
- Die meerderheid gemeentes maak nie gebruik van begeleiersgroepe tydens sang in eredienste nie. Sang gebeur spontaan.
- Die gemeentes hou vyf keer per jaar nagmaal, die sakramente word slegs deur die geordende predikant en konsulent gedoen en nie deur 'n ouderling nie.
- Die rol van die tradisionele liturgiese drag is 'n sterk gebruik. Die predikant moet 'n toga dra wat saamgaan met 'n swart pak, wit hemp en das, en kerkrade swartpakke en withemp en das. In veral die Sesotho sprekende gemeentes het elke bediening 'n uniform wat tydens die erediens gedra moet word.
- Die gemeentes maak nie van die leesrooster vir die eredienste gebruik nie, maar daar is wel twee gemeentes wat dit gebruik.
- Eredienste is baie tradisioneel en stagneer en bevorder nie groei nie. Dit word nie goed beplan nie en is nie relevant nie.
- Die finansies van gemeentes is nie gesond nie, dit krimp en hou 'n ernstige bedreiging vir die voortbestaan van gemeentes in.
- Die meeste gemeentes funksioneer met 'n tradisionele kerkraad struktuur wat bestaan uit ouderlinge en diakens. Die rol van die kerkraad is krities, want die kerkrade is meestal verantwoordelik vir die bestuur en instandhouding van die gemeente. Hulle hanteer die pastoraat, die kategetiese, die eredienste, en bestuur die bedieninge. Gemeentes is meestal vakant en sal wees vir lang periodes, daarom die bestuurstruktuur.
- Die gemeentes funksioneer sonder duidelik geformuleerde visies en doelwitte. Die 15.6% wat staat dat hulle wel doelwitte het, stel hulle doelwit om 'n beter finansiële posisie te hê. 'n Absolute minimum 1.1-2.2% reken hulle doelwitte is erediensgroei, gesins-en-familie sorg, sending en uitreik, koinonia, toerusting, en barmhartigheid.
- Die predikante bly die voorsitters van kerkrade en in vakansie is die konsulent die voorsitter.
- Die meeste gemeentes opereer tradisioneel sonder tegnologiese hulpmiddels soos rekenars. Die meeste werk word nog met die hand gedoen.

- Die meeste gemeentes is vakant en ander opereer met 'n tentmaker en vir laasgenoemdes is daar in alle gemeentes dienskontrakte.
- Die gemeentes funksioneer met die geografiese wykstelsel en nie met 'n kleingroep bediening nie.
- In alle gemeentes is daar een of ander vorm van gebedsbediening. Dit is egter 'n lae prioriteit en daars nie 'n georganiseerde plan nie.
- Die meeste gemeentes is vakant en ander opereer met 'n tentmaker en vir laasgenoemdes is daar in alle gemeentes dienskontrakte.
- Die gemeentes funksioneer met die geografiese wykstelsel en nie met 'n kleingroep bediening nie.
- In alle gemeentes is daar een of ander vorm van gebedsbediening. Dit is egter 'n lae prioriteit en daars nie 'n georganiseerde plan nie.
- Die meerderheid van gemeentes het nie 'n goed georganiseerde evangelisasie bediening nie.

5.4.2 Eksterne interaksie

- Die meerderheid van gemeentes het nie 'n goed georganiseerde evangelisasie bediening nie
- Die meeste gemeentes het nie enige gemeenskapsprojekte wat te doen het met die opheffing van die gemeenskap nie. Daar is 'n minderheid wat by voedselskemas betrokke is en dit word deur kerkrade waargeneem.
- In terme van die SACLAs se reuse, naamlik geweld, armoede en werkloosheid, vigs, misdaad en korrupsie, seksisme, rasisme, gesinsgeweld, loots die meeste gemeentes geen aktiewe aksies nie. Die betrokkenheid is aboslut laag.

5.5 BEVINDINGE

- Die meeste gemeentes funksioneer sonder goed geformuleerde **doelwitte** of 'n **visie**. Dit impliseer 'n gebrek aan die geestelike disipline van geloofsonderskeiding, dit wil sê 'n soeke na die wil van God. Geloofsonderskeiding is een van die uitstaande kenmerke van 'n missionale gemeente. Graham Cray (2017:407) beskryf onderskeiding as die sleutel tot die plant van missionale kerke. Hy beskryf onderskeiding as volg:

“Missional congregations reflect deeply on what God is doing in the world, and they define their own ministry from that perspective, living with two orienting questions: What is God doing in the world? And What is God calling us to be and do?” (Clay, 2017:415).

- Die gemeentes funksioneer tradisioneel ‘n **instandhoudings** bedieningsmodel. Die leierskap, hetsy die voltydse leraar, tentmaker, konsulent, ouderlinge of diakens, hou net die status quo van die kerklike sisteem in stand. Instandhoudings gemeentes ignoreer die veranderinge in die wêreld. Leonard Sweet (1999:7), in sy boek: *“Aqua church”*, beskryf die tye waarin ons leef as ‘n vloeibare en wisselende kultuur en redeneer dat die kerk ‘n besondere leierskap nodig het om die kerk deur die tye van veranderinge te navigeer. Die gemeentes onder navorsing het ‘n minimale uitsig na buite. Die gemeentes is wel bewus van die sosiale krisis en uitdagings van hulle kontekste, maar het geen strategieë om intensioneel betrokke te raak en ‘n verskil te maak nie.
- Die **leierskap** in die gemeentes kan beskryf word soos wat Niemandt (2013) dit beskryf as ‘n klassieke leierskap. Dit is ‘n leierskapstyl wat werk met die beginsels van mag en om te beheer. Titels, range en posisies is belangrik in die leierskaps benadering (Niemandt, 2013:55). **Missionale leierskap** ontbreek in die gemeentes en Niemandt (2013:51) beskryf die leierskap as een wat saam met mense ontdek waar God alreeds aan die werk is en daarby aansluit en so deelneem aan God se sending.
- Gemeentes se gebrek aan voldoende **finansies** is ‘n groot uitdaging. Daarom word die kerkraadsvergadering se agenda oorheers deur gesprekke oor finansies en nie geloofonderskeiding nie. Die energie van die lidmate fokus vir ‘n groot deel rondom die finansies. Die gemeentes is oorlewing kerke.

5.6 SLOT

In die hoofstuk is die vraelyste se resultate bespreek met die doel om op ‘n kwantitatiewe wyse beskryf wat aan die gang is in die kleingemeentes van die VGKSA Vrystaat en Lesotho. In die Hoofstuk 6 word verder ondersoek wat aan die gang is in die kleingemeentes deur die kwalitatiewe data te analiseer en gevoltrekkings daaruit te maak. Die resultate van beide die kwantitatiewe en kwalitatiewe navorsing behoort mekaar te komplimenteer deur ‘n goeie beeld te skets van die situasie in die gemeentes. Die twee hoofstukke sluit aan by die subnavorsingsvraag 4 naamlik: “wat leer ons uit die empiriese analise van klein plattelandse

gemeentes van die VGKSA Vrystaat en Lesotho”. Die hoofstuk bewys ook dat die gemeentes nie missionale gemeentes is nie en bevestig die hoofnavorsingsvraag, naamlik dat ‘n missionle ontwikkeling van die kleingemeentes nodig is.

HOOFSTUK 6

‘N EMPIRIESE ANALISE VAN DIE KLEIN PLATELANDSE GEMEENTES

6.1 INLEIDING

Die hoofstuk beantwoord die sub-navorsings vraag 4: “Wat leer ons uit die empiriese analise van die klein plattelandse gemeentes van die VGKSA Vrystaat/Lesotho?” In die hoofstuk bespreek die navorser die resultate van die kwalitatiewe navorsing, dit wil sê die data wat bekom is deur die fokusgroep onderhoude.

6.2 METODOLOGIE

Die navorser het fokusgroep onderhoude met vyf groepe gedoen ten einde data te versamel vir die kwalitatiewe navorsing. Die Vrystaat Provinsie is in vyf munisipale streke verdeel, naamlik: Mangaung (Ring van Bloemfontein); Xhariep (Ring van Bethulie); Lejweleputswa (Ring van Thabong); Thabo Mofutsanyana (Ring van Bethlehem) en Fezile Dabi (Ring van Vrede).

Die navorsing het een gemeente uit een Ring uit ‘n munisipale streek geneem waarmee die fokusgroep onderhoude gevoer was. Deur laasgenoemde te doen verseker die navorser dat die data verteenwoordigend van die hele Sinode kon wees. Die gemeentes met wie die fokusgroep onderhoude gevoer was, is as volg: Bronville (Ring van Thabong), Calvary (Ring van Bloemfontein), Koffiefontein (Ring van Bethulie), Seisoville (Ring van Kroonstad) en Vrede (Ring van Vrede). Die navorsing het ook soos voorgeskryf ‘n steekproef fokusgroep onderhoud gevoer met ‘n klein vakante gemeente, die VGK-Tokoloho (Ring van Bloemfontein).

Die kriteria vir die keuse van gemeentes wat gekies was, was as volg: die gemeente moet klein, vakant en plattelands wees. Die gemeentes moet verteenwoordigend wees van ‘n Ring uit elke munisipale streek in die provinsie. Die navorsing fokus op die klein plattelandse gemeentes, wat vakant is en bedien word deur die kerkraad, konsulent en tentmaker. Die gekose gemeentes is almal plattelands, vakant en met ‘n lidmaat getal wat wissel tussen 200-500 lidmate.

Die navorser het afsprake met kerkrade en hulle konsulente van die onderskeie gemeentes gemaak. Die gesprekke het plaasgevind by die kerkgeboue van die onderskeie gemeentes. Die

gesprekke was ook opgeneem met 'n digitale klankopnemer waarvoor toestemming gevra is van die deelnemers.

Prof. Jurgens Hendriks (mede-promotor) het ook by die gesprekke ingesit as sekretaris en obserweerder om noukeurige notas van die gesprekke te neem om sodoende te verseker dat geen inligting gemis of uitgelaat is nie. Die lede van die fokusgroepe behalwe die fokusgroep van VGK-Bronville, is Sesotho sprekend. Dit het vereis dat daar vertalings gedoen moes word en dit was behartig deur 'n vrywillige lid van elke fokusgroep wat as tolk⁸⁰ opgetree het (Addendum 12).

Elke kerkraadlid was voorsien van 'n vorm waarmee hulle skriftelik toestemming gegee het om deel te neem aan die navorsing. Die vorms was geteken deur al die deelnemers (Addendum 11).

6.2.1 Fokusgroep navorsingsvrae

Die fokusgroep navorsingsvrae was in Afrikaans, Sesotho en Engels beskikbaar gemaak om alle taalgroepe te akkomodeer en om seker te maak dat die deelnemers reageer in die taal waarin hulle hul die beste kon uitdruk. Die navorser het aan die fokusgroepe die volgende vier (4) vrae gestel:

1. Wat is die doel van die gemeente? Wat wil God met die gemeente bereik? What is the purpose of your congregation? *Na sepheo sa phutheho ena ke sefe?*
2. Watter verskil maak die gemeente in die gemeenskap? What difference does this congregation make in the community? *Na phutheho ena e etsa phapang e fe setjhabeng mona motseng?*
3. Hoe sou u die finansiële posisie van die gemeente beskryf, gee redes? How would you describe the financial situation of the congregation, give reasons? *Na o ka hlalosa jwang maemo a ditjhelete phuthehong ya heno?*
4. Wat dink u is die rol van die leierskap in die gemeente? What do you think is the role of leadership in this congregation? *Na o nahana hore ke eng mosebetsi wa ketapele phuthehong ena?*


⁸⁰ Die vrywillige tolk wat ook lid van die fokusgroep onderhoud was, het 'n toestemmings vorm geteken.

6.2.2 Analise van fokusgroep onderhoud data

“Data analysis is the process of bringing order, structure and meaning to the mass of collected data” (Schurink, Fouche & De Vos, 2021:397). *“Broadly conceived, this is the activity of making sense of, interpreting and theorizing data”* (Schwandt, 2007:6).

Die navorser het die Atlas Ti rekenaar sagteware gebruik om die data te kodeer. Die metodologie in terme van die kodering wat die navorsing gevolg het, was ‘n deduktiewe benadering. Bertram and Christiansen definieer deduktiewe navorsing as volg: *“Deductive reasoning works from the more general to the more specific. We might begin with a theory about our topic of interest. Based on the theory, categories are developed for organising or classifying the data. This will allow the researcher to look for patterns and connections* (2014:117)”. Die navorser het ‘n deduktiewe benadering tot data analisering gevolg, omdat die navorser vier kodes geformuleer het vanuit die vier fokusgroep vrae, waarvolgens die data georganiseer gaan word.

Die kodering was gedoen met die volgende kodes: **Doel** van die gemeente, Die rol van die gemeente in die **Gemeenskap**, Die toestand van die gemeente se **Finansies**, Die rol van die **Leierskap** in die gemeente.



Figuur 6.1: Kodeering katogorieë

6.3 'N KWALITATIEWE ANALISE VAN DIE VYF GEMEENTES

6.3.1 Calvary-Gemeente (Botshabelo)

6.3.1.1 Demografie van Botshabelo

Botstabello is geleë in die Mangaung Metropolitanse Munisipaliteit in die sentrale deel van die Vrystaat. Mangaung beteken die plek van die jagluiperd wat dui op die dinamiese en energieke karakter van die provinsie. Die hoof ekonomiese bronne is as volg: regerings dienste, handel, vervoer, kleinsake ondernemings, landbou, mynwese, vervaardiging en konstruksie. Die munisipale streek het 'n bevolking van 787 804 met 'n werkloosheid syfer van 27.70%. Die metropool sluit vier dorpe in (wazimap).

6.3.1.2 Agtergrond van die gemeente

Die gemeente Calvary is geleë in die dorp Botshabelo. Botshabelo ressorteer onder die Mangaung Metropolitaanse Munisipaliteit. Die dorp het 'n inwonertal van 181 712 waarvan 32400 'n vaste werk het. Die gemeente Calvary is oorwegend Sesotho sprekend met 'n ledetal van 520 lidmate. Die gemeente is een van 12 gemeentes (3400 lidmate) in die dorp.

Die onderhoud het plaas gevind in die huis van een van die kerkraadslede. Dié huis het 'n besondere plek in die verhaal van die VGKSA Calvary gemeente. Dit is die huis waar die plaaslike gelowiges saamgekom het om te aanbid in die plek van 'n kerkgebou. Algaande het die gebedsgroep gegroei totdat hulle in 2006 met net onder 100 mense die gemeente formeel gestig het. Tans is die gemeente tussen 450 en 500 lidmate. Hulle het 'n doeltreffende administratiewe infrastruktuur en volg die kerkorde en voorskrifte van die kerk. Hulle het reeds 'n erf vir hulle kerkgebou van die munisipaliteit ontvang en 'n tipe afdak-struktuur daarop aangebring waar hulle Sondae kerk hou. Omdat hulle egter nog nie die “kaart en transportakte” van die erf van die munisipaliteit ontvang het nie, is nog nie met bouwerk begin nie. Hulle het egter met 'n boufonds by 'n plaaslike boumateriaal firma (*build it*) begin. Dit is baie duidelik 'n groot ideaal om 'n goed geboude kerkgebou te hê.

Daar is netjiese strate met hoë beligting (lamppale). Die hoofpaaie in die gebied is geteer en al die noodsaaklike dienste is daar terwyl die stadsuitleg netjies en doeltreffend is. Konstruksiewerk aan geboue en paaie is oral opmerklik. Die huise in die kerk se omgewing is nie HOP huise nie, maar selfgeboorde huise op klein erfies wat meestal omhein is en al heelwat bome en tuintjies het.

Dit is 'n interessante groep mense wat bymekaargetrek is, sleutelmense uit die VGKSA Calvary se kerkraad. Ons moes met die uitry Botshabelo toe twee kerkraadslede wat in Bloemfontein woon en daar as professionele mense werk, oplaai en later weer terugbring. Dit is 'n interessante verskynsel: hulle het in Botshabelo grootgeword en was deel van die gemeenskap en gemeente. Hulle bly by Calvary betrokke as leiers ondanks die feit dat hulle onderskeidelik 'n goeie woonstel en 'n goeie huis in Bloemfontein het. Naweke is hulle "tuis".

Ds Phillip Staat, die konsulent, het vertaal. Hy is vlot in Sesotho, Engels en Afrikaans. Eintlik kan almal die drie tale verstaan en praat. Ds Staat het aan die hand gedoen dat die gesprek in Engels plaasvind. Ons het op moedertaal aangedring en dit was gou duidelik dat die meeste dit verkies het omdat hulle hulself beter so uitdruk. Daar is egter maklik oorgeslaan na 'n ander taal.

Die etiese vorms se doel is verduidelik en alles is ingevul en geteken. Dit was duidelik dat almal dit as oorbodig beskou, maar terselfdertyd was daar insig en begrip vir die redes waarom dit gedoen moes word. As sodanig gee dit ook status aan die onderhoud.

6.3.1.3 Biografiese besonderhede van die fokusgroep

Daar was sewe kerkraadslede betrokke waarvan twee vroue was, albei ongeveer 50 en as sodanig die vrouediens (*women's guild*) verteenwoordigers. Hulle was geensins geïnhibeer nie en het positief en met oortuiging aan die gesprek deelgeneem. Die vyf mans was werkende mans en duidelik almal leiers in hul eie reg. Hulle het met oortuiging en insig aan die gesprekke deelgeneem en was geensins beskroomd nie. Vier van hulle was gemiddeld nie ouer as 45 nie en baie goed ingelig oor enige saak wat as deel van die onderhoud of in algemene gesprekke aan die orde gestel is. Ek was aangenaam verras met die intellektuele peil van die groep asook hulle geestelike insig en ryphed en hulle ideale vir die gemeente, gemeenskap en die hele land.

6.4 FOKUSGROEP ONDERHOUD

6.4.1 Interne lewe

6.4.1.1 Doel van die gemeente

- 1) Die doel van die gemeente is om God en die gemeenskap te dien. Gemeenskappe kry swaar as gevolg van werkloosheid, misdaad en alledaagse probleme en dit het die gevolg dat mense se moraal laag is. Die kerk se rol is om mense in die kerk en

gemeenskap se moraal op te lig. Die kerk moet mense help om te besef dat hulle deur God tot alles in staat is.

- 2) Die doel van die gemeente is om die mense te dien maar om hulle te help om in God te glo, want deur geloof is alles moontlik.
- 3) Die doel van die gemeente is om 'n lewe te lei wat wys dat die lidmate van die kerk navolgers (dissipels) van God is.
- 4) Nog 'n doel van die gemeente is om eenheid demonstreer.
- 5) 'n Ander doel van die gemeente is om Christus aan die wêreld bekend te stel.
- 6) Die kerk moet mense bewus maak dat hulle nie valse profete moet volg wat van die kerk 'n besigheid maak nie. Die kerk moet mense help om te onderskei tussen ware en valse voorspoeds teologie predikers.
- 7) Die kerk moet harder werk om mense na die kerk te nooi om die ware Woord van God te hoor.

6.4.1.2 Finansies

- 1) Die respondente is van mening dat hulle finansies gesond is in die sin dat hulle hul uitgawes betaal asook die deel van die predikant se salaris waarvoor hulle verantwoordelik is. Hulle is ook in staat om hul sinodale heffings te betaal.
- 2) Die finansies groei omdat die gemeente geestelik groei. Lidmate besef dat hulle hul dankbaarheid teenoor die Here moet bewys deur hul dankoffers te bring. Die respondente is ook van mening dat dit belangrik is om fonds insamelings te hou deur funksies. Die vroue bediening, sowel as die jeug bediening hou hul eie fondsinsamelings.
- 3) Die respondente meen dat die finansiële toestand van die gemeente stabiel is en die rede hiervoor is die geestelike groei van lidmate.
- 4) Die respondente voer nog 'n rede aan waarom die finansies stabiel is en dit is omdat die verhouding tussen die gemeente en die kerkraad gesond is. 'n Bydraende faktor is ook omdat die kerkraad voortdurend verslag doen aan die gemeente (deursigtigheid) en lidmate kry ook geleentheid om insette te lewer en sodoende deel van die besluitneming te wees.

6.4.1.3 Rol van die leierskap

- 1) Die respondente meen dat die rol van die leierskap is om leiding te gee aan die lidmate om die kerkorde te interpreteer en laastens om die administrasie van die kerk noukeurig te hanteer.
- 2) Die rol leierskap is ook om lidmate te bemagtig om hulle rolle in die gemeente te verstaan.
- 3) Respondente meen ook dat die gemeente 'n behoefte het aan 'n voltydse predikant. Maar die leierskap se rol is eerstens om 'n permanente kerk gebou op te rig, en daarna kan besluit word oor 'n voltydse predikante pos.

6.4.2 Eksterne interaksie

6.4.2.1 Betrokkenheid in die gemeenskap

- 1) Die gemeente ondersteun mense uit die gemeenskap met begrafnisse en spesifiek mense wat nie aan 'n kerk behoort nie.
- 2) Die gemeente help gesinne wat in nood verkeer. Die kerk sal wanneer hulle bewus is van probleme uitreik na die staat se maatskaplike werkers en hulle bewus maak van sekere probleme in die gemeenskap. Die kerk help veral waar daar 'n kos nood is.
- 3) Daar is verskillende komitees in die gemeente wat siek mense by hulle huise besoek en vir hulle bemoedig en bid.
- 4) Die gemeente reël geleenthede waar die polisie, die ministerie van gesondheid, korrektiewe dienste en ander rolspelers, die gemeenskap toespreek oor bepaalde sake wat die gemeenskap raak soos misdad, armoede en gesondheid sake.
- 5) Die gemeente organiseer ook geleenthede waar daar met die gemeenskap gepraat word oor die euwel van bendes omdat jongmense daaraan behoort en dit lei tot misdad soos geweld en moord. Dit word im samewerking met ander kerke gedoen. Deur dit te doen probeer die kerk jongmense onderig.

6.5 SAMEVATTING

6.5.1 Koffiefontein-gemeente

6.5.1.1 Demografie van Botshabelo

Koffiefontein is geleë in die Xhariep Distrik Munisipaliteit in die suidelike deel van die Vrystaat. Die Xhariep Distrik Munisipaliteit is ingedeel in vier plaaslike munisipaliteite, naamlik: Letsemeng, Kopanong, Mohokare en Naledi. Die munisipaliteite sluit 24 dorpe in. Die streek het genoeg water en landbou bronne wat die grootste dam in Suid-Afrika insluit. Die ekonomiese sektore is as volg: landbou 28%; openbare diens en administrasie 26%; winkels 17%, en konstruksie 8%. Die distrik het 'n bevolking van 146 259 met 'n werkloosheid syfer van 26.80%.

6.5.1.2 Agtergrond van die gemeente

Die gemeente Koffiefontein is geleë in die dorp Koffiefontein. Koffiefontein ressorteer onder die Letsemeng Plaaslike Munisipaliteit. Die dorp het 'n inwonertal van 10,402 waarvan slegs 1,928 inwoners 'n vaste werk het. Die meerderheid inwoners wat 'n vaste werk het verdien 'n baie lae salaris wat wissel R1-R76 400. Slegs 1,647 uit 'n bevolking van 104,02 inwoners het Graad 12 en hoër behaal in terme van skoolopleiding.

Die gemeente Koffiefontein is een van die twee VGK gemeentes in die dorp met 'n ledetal van 600 lidmate. Die gemeente is oorwegend Sesotho sprekend.

Die gemeente het 'n groot kerkgebou in die woonbuurt. Daar is 'n hoërskool langs die kerk. Die gebou is deel van die gemeente se identiteit en trots en word vir baie groot troues en begrafnisse in die gemeenskap gebruik en verhuur. Die kerkraad en gemeente is getraumatiseer weens die afwesigheid van 'n voltydse predikant. Hulle wil graag 'n voltydse predikant hê, hulle smag na sy leiding en leierskap al het hulle baie ongemaklike ervarings met die vorige dominee gehad. Dit sal uit die getranskribeerde gesprekke duidelik wees.

Dit is duidelik 'n arm gemeenskap met 57% van die mense wat onder die broodlyn lewe (Wikipedia).

Gedurende die tyd toe die kerk ingewy is en daar 'n voltydse predikant was, was die gemeente sowat 500 lidmate sterk en was die bywoning van eredienste ook heeltemal anders as tans. Die groep het amper traag verduidelik dat die erediensbywoning wissel tussen 12 en 40 persone

per Sondag. Op goeie Sondae is daar sowat 30 mense in 'n erediens. Dit is een van die duidelikste aanduidings dat dit nie goed gaan nie.

Die afspraak vir die onderhoud was 18:00 en die kerkraadslede het van toe af begin opdaag totdat daar nege mense was wat die tolk, Mnr Albert Mpatshehla, insluit. Hy het ook sy mening gegee by al die vrae en het heen en weer getolk tussen Afrikaans en Engels na en van Sesotho. Een dame het telkens in Xhosa gesels en hy het vir haar ook getolk. Almal kon Afrikaans verstaan en praat. Dit is egter interessant dat met die navorsing se aanmoediging die meeste mense, wat Sesotho sprekend is, hulle in hul moedertaal uitgedruk het, maar in die vloei van heen en weer gesprekke maklik na Afrikaans oorgeslaan het. 'n Mens moet agtergrond kennis hê om te verstaan wat die mense sê te verstaan. Met ander woorde die taal wat byvoorbeeld in die getranskribeerde stukke staan, moet geïnterpreteer word en sê nie noodwendig wat die mense bedoel of wou sê nie. Dit kan wetenskaplik gesproke nogal problematies wees, maar tydens die verloop van so 'n onderhoud kom mens agter wat die mense eintlik bedoel.

Die kerkraad het 17 lede. Daar was drie mans en ses vroue teenwoordig. Die kerkraadsleier is 'n eerbiedwaardige grysaard wat moeilik en stadig sy naam geskryf het. Die agt ander lede was na raming almal tussen 50 en 60 jaar oud met twee dames wat jonger was. Hulle het vir die afwesiges verskoning gemaak en genoem dat daar 'n interkerklike mansgroep byeenkoms elders was.

Die gebrek aan 'n uitstaande sterk leier was 'n oorheersende indruk. Daar is sterk vroue in die groep, maar mans moet kultureel gesproke hier die leiding neem. Dit was gevolglik nie moontlik om oor die afstand en per telefoon reëlins te tref dat daar net vyf of ses sou wees namens die kerkraad nie. Die gevolg was dat die onderhoud langer geduur het en vanaf 18:30 tot 20:40 aangehou het. Twee dames was stillerig, maar almal het deelgeneem en algaande regtig tot hul reg gekom in so 'n mate dat die situasie in die gemeente en gemeenskap algaande ontvou het en ook eerliker afgeloop het.

'n Goeie voorbeeld hiervan was die gesprek oor finansies. Eers is baie versigtig hieroor gesels, maar later, na die vierde vraag of tydens die vierde vraag, was dit duidelik gestel dat hulle finansiële eintlik in 'n benarde situasie is en nooit alleen 'n leraar sal kan bekostig nie. 'n Tweede voorbeeld was onderlinge spanning tussen kerkraadslede en tussen die kerkraad en gemeente. Hoe meer openlik die gesprek geraak het, hoe meer kon mens dit in terloopse opmerkings agterkom. Die kerkbywoning en finansies rugsteun dit egter.

Wat my in die gesprek die diepste getref het en by nadenke en gesprek 'n mens by bly, is hoe wesenlik belangrik leierskap is. Koffiefontein se ekonomie draai grootliks om landbou en mynbou. Soos al die dergelike dorpieë het verstedeliking sy tol geëis en is meeste mense na groot sentra soos Kimberley en Bloemfontein. Daar is dus nie sterk geskoolde leiers wat as professionele mense in die gemeenskap uitstaan nie – wel nie onder die groepie met wie die onderhoude gevoer is nie en ook nie as 'n mens hulle sou vergelyk met die tipe leiers wat ons in die VGK gemeentes Tokoloho (Bloemfontein) en Calvary (Botshabelo) ontmoet het nie.

Dit beteken nie dat daar nie baie potensiaal onder die teenwoordiges was nie! Van die vroue is beslis bekwaam en het al die potensiaal wat nodig is. As 'n mens egter in terme van Armour en Browning (2000)⁸¹ se sisteme praat, is hierdie gemeente en gemeenskap se mense in sisteme een tot drie terwyl Tokoloho en Calvary beslis mense in sisteme vier tot ses het. In terme van sisteem-sensitiewe leierskap teorie was dit dus baie duidelik uit die bespreking van die vierde vraag (finansies) dat hierdie gemeente se situasie te wyte is aan die afwesigheid van leiers. Alles is besig om tot stilstand te kom of bloot net agteruit te gaan. Dit kort net een goeie leier wat die status, integriteit en vermoëns het om die situasie om te swaai.

6.5.2 Vrede (Reitz)

Vrede is geleë in die Thabo Mofutsanyana Distrik Munisipaliteit in die oostelike deel van die Vrystaat. Die Thabo Mofutsanyana Distrik Munisipaliteit is onder verdeel in ses plaaslike munisipaliteite, naamlik: Setsoto, Dihlabeng, Nketoana, Maluti-A-Phofung, Phumelela en Mantsopa. Die munisipaliteite sluit 24 dorpe in. Die bekende Golden Gate Highlands National Park is ook in die omgewing geleë. Die ekonomiese sektore is as volg: landbou en toerisme. Die distrik het 'n bevolking van 736 238 met 'n werkloosheid syfer van 35.10%.

Die gemeente Vrede is geleë in die dorp Vrede. Vrede resorteer onder die Phumelela Plaaslike Munisipaliteit. Die gemeente is hoofsaaklik Sesotho sprekend. Die gemeente het 200 lidmate. Ons was betyds vir ons afspraak in die Petsana woonbuurt van Reitz, maar daar was niemand in sig by die kerk nie. Met die konsulent se hulp het ons toe vier ouderlinge gaan optel in die omgewing en 'n baie aangename gesprek in die konsistorie gehad. Die gevestigde woonbuurt is teen 'n koppie geleë waar die kerk 'n groot stuk grond het asook 'n groot kerkgebou besit. Reitz-Sentraal is seker nie 'n kilometer verder geleë nie. Verder weg in 'n noord-oostelike

⁸¹ Armour, M.C. & Browning, D., 2000, *Systems-sensitive leadership: Empowering diversity without polarizing the church*, College Press, Joblin.

rigting brei 'n informele nedersetting uit. Opmerklik is dat hier nie RDP huise is nie, die mense bou hul eie strukture en huise. Die derde gemeente was die NGKA, maar hulle het ophou bestaan want daar was net vyf gemeentede wat nou oorgegaan het na die NGK.

Die vier kerkraadslede teenwoordig was 'n vragmotorbestuurder wat op 'n plaas werk, 'n bejaarde man, 'n pensioenaris wat nog tuinwerk doen, 'n onderwyser en 'n algemene assistent by die skool; 'n man met insig en goed ter tale. Die gesprek was in Afrikaans en Engels, maar die beantwoording van vrae was in Sesotho. Dis oral in die Sesotho gemeentes duidelik dat as die mense uit hul hart wil praat of mooi wil formuleer, dan is dit makliker in hul moedertaal.

Die gemeente het ongeveer 500 lidmate, maar kerkbywoning wissel tussen 50-150. Nagmaalsdienste het goeie bywoning, maar as dit koud is of as daar die Saterdag 'n begrafnis was, is die kerkbywoning die Sondag minder. Sentraal gemeente is bietjie kleiner maar hulle het 'n eie tentmaker dominee wat 'n kapelaan by die SAPD is.

Die vrae en gesprekke laat 'n mens by al die gemeentes met 'n deernis as jy sien en hoor hier is mense wat 'n verskil wil maak en kan maak. Daar is oral genoeg potensiaal. Jy kan hoor dat die prediking en bearbeiding in Reitz en elders die basiese boustene van die evangelie neergesit het. Dit is egter by die vraag oor die stand van hulle finansies en of hulle 'n voltydse leraar sou verkies en dink dit is nodig, dat die gesprekke elke keer in energie en intensiteit toegeneem het.

Reitz gemeente is baie trots dat hulle altyd 'n voltydse leraar gehad het, tot in 2004. Hulle noem met deernis die mense se name. Sedert 2004 is hul prediker posegter vakant en het op die oomblik 'n konsulent.

Die vier was realisties in hulle opvatting dat 'n gemeente soos hulle sin met 500 mense nie 'n voltydse betaalde dominee kan onderhou nie. Hulle kry of mag nie hulp kry van die NGK nie. Hulle Ring van sewe gemeentes het geen voltydse leraar nie en daar is net twee tentmakers.

Hulle het dit eintlik as 'n versoek gerig of byvoorbeeld Frankfort en Tweeling nie saam een dominee kan beroep nie. Is so iets dan nie moontlik nie? As mens na die eenparige antwoorde en die motiverings kyk en hulle beslistheid sien dat elke gemeente 'n dominee behoort te hê, dan gryp dit 'n mens regtig aan. Soos reeds voorheen gemeld, het ons hier, soos in al die gemeentes, in terme van Armour en Browning se sisteemteorie, mense in die eerste drie sisteme vir wie 'n priester-figuur en bemiddelaar eintlik onontbeerlik is.

6.5.3 Welkom (Bronville)

Welkom is geleë in die Lejweleputswa Distrik Munisipaliteit in die noord-westelike deel van die Vrystaat. Die distrik is die tweede grootste en beslaan 24.3% van die Vrystaat. Die distrik is onder verdeel in vyf plaaslike munisipaliteite, naamlik: Masilonyana, Tokologo Tswelopele, Matjhabeng en Nala. Die Lejweleputswa Distrik Munisipaliteit bestaan uit 18 dorpe. Die hoof ekonomiese bronne is: mynwese, konstruksie, vervoer, elektrisiteit en handel. Die distrik het 'n bevolking van 627 626 met 'n werkloosheid syfer van 36.50%.

Die V.G.K-Bronville is geleë in die dorp Welkom. Welkom resorteer onder die Matjhabeng Plaaslike Munisipaliteit. Welkom is 'n dorp met 'n bevolking van 64 130 (SA Statistiek, 2011). Slegs 21,660 mense het 'n vaste werk, terwyl 25,097 nie ekonomies aktief is nie en 21,851 mense het geen inkomste nie. In terme van geletterdheid, is daar 16,782 mense wat geen geskoolde en sekondêre skool opleiding het nie (Graad 12 uitgesluit).

Die gemeente is in die bruinwoonbuurt, Bronville geleë. In genoemde woonbuurt woon hoofsaaklik bruinmense. Volgens SA Statistiek 2011 woon daar in Bronville 9,966 waarvan 6,027 bruinmense is.

Die lidmate van die gemeente is hoofsaaklik bruin en Afrikaans sprekend. Die gemeente het 250 lidmate. Die eerste wat opval is die mynongewing met mynhope op die horison en 'n stad (Welkom) en die Bronville woonbuurt wat in uitleg en geboue dadelik die “groot hand” van die mynbou uitwys. Die kerk se erf, pastorie en geboue is netjiese siersteen en kwaliteit bouwerk met netjiese afwerking. Dit is 'n besliste bate. Die tweede ding wat jou opval, is die mense wat werkloos rondstaan en rondrentel en wat, vir die ingeligte oog, dwelms gebruik en handel. Hulle praat van “oka” pype en wys op mense wat op die strate se randstene sit en rook. Daar is vier “taverns” in die woonbuurt waar drank verkoop word en met ernstige dwelmhandel en die jeug teiken tot op laerskoolvlak. Die derde uitstaande waarneming is hoe Afrikaans die groep is.

Ds Pienaar het 'n tydjie gelede hier opgetree en is 'n Afrikaanssprekende dominee. Gevolglik was die groep baie positief gesind teenoor hom. Hulle vertrou hom en het sommer met die intrapslag diep seer en ongelukkigheid gedeel. Die twee uitstaande saak wat in alle vorme reg deur die gesprek opgeduik het, was die negatiewe rol van die Sesotho-sprekende konsulente waarvan daar glo in die afgelope periode, vyf was. Die diskriminasie teen Afrikaans en die doelbewuste gebruik van Sesotho in eredienste en gemeentefunksies waar Sesotho-konsulente optree, was een van die redes waarom die gemeente so ongelukkig was. Hulle gebruik ook net

Sesotho-sprekende studente en vir die gevoel van die kerkraad word NGK dominees wat bereid is om te help met konsulentwerk of bruin teologiese studente se dienste doelbewus vermy.

Statistiek en meelewing: Die eerste gemeente wat onmiddellik die getal lidmate kon noem: 287, almal Afrikaans behalwe drie Sesotho sprekenes wat inskakel, maar vlot Afrikaans vaardig is. Die gemeente was 19 jaar vakant maar het toe in 2010 vir 'n periode ene, Ds Jacobs gehad. Die prediker pos is nou al weer vier jaar vakant. Die gemeente kan as getraumatiseer beskryf word as gevolg van drie skeurings in die onlangse verlede en die onbehae met die konsulente wat elkeen op sy eie wyse dinge doen en verander sodat daar nie konsekwentheid in byvoorbeeld kategese, nagmaalbediening en ander prosedures is nie. Die kerkbywoning is tans gemiddeld met 'n bywoning van om en by 80 kerkgangers per Sondag met minder mense in die winter en wanneer daar op 'n Saterdag 'n begrafnis was. Die aktiefste groep is die vroue bo 60 van wie daar 86 is. Hulle dankoffers is ook die gereeldste. Hulle is getrou in byeenkomste en bedieninge soos gebed en ander. Oor die algemeen mis die gemeente die jeug en is hulle baie bekommerd daaroor. Hulle verloor die stryd teen dwelmiddels, verlaat die skool vroeg en bitter min gaan vir verdere tersiële opleiding.

Sosio-ekonomies: die agtergrond van die ernstige dwelmprobleem is die feit dat die mynbedrywigheste drasties afgeskaal het wat tot groot werkloosheid gelei het. 'n Nuwegevolg is dat die bekwame professionele mense en mense met skaars ambagte die gebied verlaat het. In die gemeente is daar onderwysers, verpleegsters, munisipale werkers, een persoon wat by 'n myn werk en polisieerde, asook mense in konstruksiewerk en wat in besighede werk. Die meerderheid is egter werkloos en daar is eenstemmigheid dat die gemeente se finansies op die oomblik sleg is en hulle in finansiële probleme verkeer.

Die kerkraadslede smag na 'n voltydse Afrikaanse dominee en leier wat soos 'n Moses die gemeenskappie uit die "slawerny" van sosio-maatskaplike omstandighede kan help verlos. Die gemeente en gemeenskap is op verskeie maniere getraumatiseer: eerstens die leierskapstryd tussen dominees en die drie-dubbele skeuring wat in die onlangse verlede plaasgevind het; tweedens die groot onbehae met die Sesotho konsulente wat nie die gemeente se belange regtig op die hart dra nie en nie die kerkraad of gemeente daadwerklik bemaagtig en rigting gee nie en dan derdens, die gebrokenheid van die mense self.

Dit lê op meer as een vlak: eerstens gebrek aan finansiële sekuriteit, as gevolg van die afname van die lokale myn-ekonomie en die verbandhoudende werkloosheid. Tweedens die trauma rondom leierskap wat die gemeente en gemeenskap verwond en hulle selfbeeld skend en dan

derdens die gebrokenheid in gesinne wat feitlik sonder uitsondering deur die dwelmproebeem geteister word. Dit is hartverskeurend om agter te kom dat woorde soos “onbetrokke, teruggetrokke, en skaam” eintlik sê: “Hoe kan jy veg teen dwelms en korrupsie as jou eie huis en gemeente daardeur lamgelê word?”

Hier is, soos by talle ander dergelike gemeentetjies, ’n Masedoniese roepstem om hulp. Tweedens is dit duidelik dat hierdie tipe Afrikaanssprekende gemeentes veel beter sal inskakel en opgebou sal kan word in NG Kerkverband.

6.5.4 Kroonstad (Seisoville)

Kroonstad is geleë in die Fezile Dabi Distrik Munisipaliteit en is in die noordelike deel van die Vrystaat. Die distrik is onderverdeel in vier plaaslike munisipaliteite, naamlik: Moqhaka, Metsimaholo, Ngwathe en Mafube. Die distrik bestaan uit 18 dorpe. Die grootste aantrekkingskrag na die dorp is die Vredefort Koepel, wat die derde grootste meteoriet veld is ter wêreld. Die hoof ekonomiese bron is vervaardiging en gemeenskapsdienste. Die area se bevolking bestaan uit sowat 17% van die totale Vrystaatse bevolking. Die distrik het ’n bevolking van 488 036 met ’n werkloosheid syfer van 33.90%.

Die dorp Kroonstad het ’n bevolking van 24722. Kroonstad resorteer onder die Moqhaka Plaaslike Munisipaliteit.

Die gemeente is geleë in die woonbuurt, Seisoville. Die gemeente is hoofsaaklik Sesotho sprekend. Die gemeente het 200 lidmate, en is geleë in ’n netjiese omgewing met gevestigde behuising. Die groot kerkgebou (saalvormig) staan op ’n baie groot erf en is netjies omhein. Die saal se strukture is klaar gebou, met ’n blink sinkdak, netjiese siersteenmure, en ’n hoë dak. Die vloere is nog grond en geen plafon is nog opgerig nie, maar daar is sowat 150 stoele in die kerk. Die kerk word gebou soos wat geld beskikbaar is. Die bouterrein is netjies en georganiseerd. Die gebied is ’n woonbuurt van Kroonstad en om en by ses kilometer vanaf die stadskern.

Die gemeente van 250 lidmate het deur die kerkstryd met die NGKA gegaan en die kerkgebou in die stryd verloor. Die NGKA se gebou staan sowat 500 meter laer af in dieselfde straat. Dis groot, doeltreffend en netjies, maar het blykbaar net 50 lidmate. VGKSA Seisoville het in 1994 traumaties weggebreek van die NGKA en hul arbeid en energie in die bou van die nuwe gebou gesit. Sowat 100 tot 150 lidmate woon eredienste by.

Ons was so effens laat as gevolg van 'n oponthoud te Reitz, maar kon gou die gesprek begin wat in hierdie geval baie ordelik en op die punt af gevoer is en presies 60 minute aan die onderhoudvrae spandeer het. Daar was ses mense teenwoordig met die konsulent, Ds. George Mohoje wat alles gereël het. Die een dame teenwoordig is afgetree en ontvang pensioen, asook drie van die ander, maar die gemiddelde ouderdom van die vyf mans was rondom 50 jaar oud. Daar is 40% werkloosheid in die gemeente terwyl hulle omtrent 10% lidmate het wat professionele werke het.

Hulle verstaan almal Afrikaans, praat gemaklik Engels maar het verkies om die vrae in Sesotho te vertaal wat dan na Engels getolk is.

Die mees opvallende indruk hier was die teenwoordigheid van goeie leiding. Van die reëlins om daarheen te kom asook dat almal betyds daar was en die duidelike tekens op die terrein dat hier gebou word, vordering is en dat alles netjies en skoon is, was indrukwekkend. Ds. Mohoje is hul konsulent en kry R1000 per maand wat hulle gereeld betaal. Die konsulentskap werk goed by die gemeente. Ons afspraak met 'n ander gemeente het heeltemal anders daarna uitgesien. Hier sou ons uitvind dat die konsulent van die betrokke gemeente onder tug is en nie mag werk nie, dog nogtans in die betrokke gemeente aanbly en die kerkraad oorgehaal het om hom daar te hou en te betaal. Geen wonder ons besoek is op alle moontlike maniere vermy nie.

Die finansies van die kerk en sy kerkbywoning is goed, dit is dus duidelik 'n gesonde gemeente soos die onderhoude se inhoud ook sal bevestig. Die tipe vernedering of trauma rondom die verloor van die (NGKA) kerkgebou het baie gedoen om hierdie gemeente te motiveer om heel eerste hul eie grond te kry en 'n kerk te bou. Dit het dus die die sterkste dryfkrag verskaf. Ook hier was die span eenstemmig dat 'n gemeente 'n predikant moet hê. Een ouderling het dit kort en kragtig opgesom: "Elke gemeente behoort 'n predikant te hê want indien daar nie een is nie, is daar nie leierskap nie en probeer almal (die ouderlinge) om predikant te wees en is die dankoffers ook te min." Wat opgeval het, was die terloopse opmerking dat elke gemeente ten minste 'n konsulent moet hê en dat dit 'n skande is om hom nie te kan betaal nie. Sonder 'n dominee is 'n gemeente soos 'n huis sonder 'n vader, het een van die dames opgemerk. Die dominee se rol wanneer dit kom by lering, het ook uitgestaan.


Dit was duidelik dat hierdie konsulent sy werk goed doen, hardwerkend is en 'n baie goeie verhouding met die kerkraad het. Sy kommunikasie en ondersteuning van die navorsingswerk was opvallend. Die kerkraad se energie en doelgerigtheid om die kerk klaar te bou en dan nuwe uitdagings aan te gryp, was opvallend.

6.6 ANALISE VAN FOKUSGROEP DATA

“Data analysis is the process of bringing order, structure and meaning to the mass of collected data” (Schurink, Fouche & De Vos, 2021:397). *“Broadly conceived this is the activity of making sense of, interpreting and theorizing data”* (Schwandt, 2007:6).

Die navorser het die Atlas Ti rekenaar sagteware gebruik om die data te kodeer. Die metodologie in terme van die kodering wat die navorsing volg is ‘n deduktiewe benadering. Bertram and Christiansen (2014:117) definieer deduktiewe navorsing as volg: *“Deductive reasoning works from the more general to the more specific. We might begin with a theory about our topic of interest. Based on the theory, categories are developed for organising or classifying the data. This will allow the researcher to look for patterns and connections”*. Die navorser het ‘n deduktiewe benadering tot data analisering gevolg omdat die navorser vier kodes geformuleer het vanuit die vier fokusgroep vrae, waarvolgens die data georganiseer gaan word.

Die kodering was gedoen met die volgende kodes: **Doel** van die gemeente, Die rol van die gemeente in die **Gemeenskap**, Die toestand van die gemeente se **Finansies**, Die rol van die **Leierskap** in die gemeente.



Figuur 6.2: Kodeering kategorieë

6.7 DOEL VAN DIE GEMEENTE

Die missionale ontwikkeling van die klein plattelandse gemeentes begin deur te begryp, wat 'n gemeente is, wie 'n gemeente is en wat elke Christelike gemeente se Godgegewe doel is. Die volgende vrae help gemeentes om hulle doel te formuleer naamlik: Wie is God en aan wie behoort die gemeente en waarnatoe stuur God die gemeente. Om die doel van die gemeente te verstaan werk die navorsing met die werksdefinisie van teologie is soos gedefinieer deur Hendriks (2004:24):

Teologie handel oor:

1. Die missionêre praxis van die Drie-Enige God, Skepper, Verlosser en Heiligmaker,
2. en oor sy liggaam, die kerk, 'n apostoliese geloofsgemeenskap,
3. op 'n spesifieke tyd en plek (in 'n kontekstuele situasie),
4. waar lidmate betrokke is in 'n roepingsgebaseerde, konstruktiewe interpretasie van hulle huidige realiteite,
5. wat in korrelasie gebring word met die Skrif as normatiewe bron en die geloofstradisie,
6. in 'n strewe om binne hulle situasie die wil van God te onderskei ('n kritiese korrelatiewe hermeneutiek),
7. om as geloofsgemeenskap 'n teken van die Koninkryk van God te wees, geloofspelgrims oppad na 'n eskatologiese werklikheid,
8. terwyl hulle gehoorsaam betrokke is by transformasie op verskillende vlakke: persoonlik, kerklik, wetenskaplik, in die gemeenskap en in terme van die ekologie.

Die doel van die kerk moet teologies verstaan word vanuit die leer van die Drie-Eenheid. Hendriks (2004:25) merk die volgende hieroor op: *“Karl Bart was one of the first theologians to articulate mission not in the context of ecclesiology or soteriology, but in the context of the doctrine of the Trinity”*. God in Sy Drie-Eenheid is missionaal in Sy wese, God stuur Jesus om mens te kom word, te ly en te sterf sodat die wêreld gered kon word en 'n nuwe Lewe kan ontvang, en wanneer Jesus die aarde verlaat en in die hemel opgeneem word, stuur Hy dan die Heilige Gees as Trooster vir die stukkendes en gebrokenes. God, Drie-Enig is gerig op die heil van die wêreld.

Dit is vanuit die gestuurde, missionale karakter van die Drie-Eenheid dat die kerk haar nuwe identiteit kry waarin haar funksie, visie en doel opgesluit lê. David Bosch (1991:392) onderstreep laasgenoemde: *“The identity of the church is missional by its very nature”*. In Hendriks se definisie van teologie beskryf hy die kerk/gemeente as 'n apostoliese

geloofsgemeenskap om juis die gestuurde karakter van die kerk te beklemtoon. Hendriks (2004:25) brei verder uit oor die nuwe identiteit van die gemeente: “*the faith community consist of disciples participating in God’s ongoing mission, His ongoing praxis, His ongoing involvement with this world, with the poor and the sick, with the rich and the powerful, with earth and sky*”.

Die term/begrip *doel* is sinoniem met woorde soos *taak*, *missie* en dan die meer onbekende woord, *identiteit*. Coenie Burger (1999:770) reken dat die begrip *doel* daarop dui dat die kerk/gemeente nie *doelloos* is nie (kragveld van die Gees). Hy argumenteer dat dit impliseer dat die kerk en gemeentes nie maar net kan maak soos hulle wil nie, omdat *doel* daarop wys dat die kerk/gemeente onder ‘n hoër opdrag staan. *Doel*, dui daarop dat die kerk geroep is vir ‘n bepaalde diens in die wêreld wat God geskep het. In Hendriks se definisie van teologie word die kerk dan geroep vir ‘n bepaalde tyd, en plek om ‘n teken te wees van God se koninkryk. Die gemeente leef nie haar doel in ‘n lugleemte nie, maar binne’n konkrete konteks. Burger reken dat daar ook ander terme is wat gebruik kon word vir die woord *doel*, naamlik woorde soos: *roeping* van die kerk; *opdrag* van die kerk; *sending* van die kerk; die *gestuurdheid* van die kerk; *taak* of *missie* van die kerk.

Die begrip *doel* van die gemeente/kerk kan vir meer duidelikheid in vrae gevra word soos: *Wie is ons; wat moet ons doen; waarmee moet ons besig wees, wat is die bedoeling met kerke?* Gil Rendle and Alice Mann (2003:3-5), in hulle boek: “*Holy Conversations*”, is van mening dat as gemeentes wil praat oor hulle toekoms en rol, oor wat hulle moet doen en wees, dan moet hulle dit doen aan die hand van die volgende vrae: “*Who are we (identity question); What has God called us(purpose question) to do or to be?*”. ‘n Gemeente wat met die vrae besig is, is te doene met ‘n *holy conversation*, verduidelik Rendle en Mann (2003:83) en so’n gemeente sal dan ontdek wat God se doel, roeping, missie, opdrag vir die gemeente is, op ‘n spesifieke tyd en plek. Die afwesigheid van die *holy conversation* is die rede waarom kleingemeentes vasgeloop is en nie meer funksioneer vanuit hulle Godgegewe doel nie.

Steve Chalke (2006:79), in sy boek: “*Intelligent church*”, verwys na die begrip *doel*, as om ‘n *doelgerigte kerk* te wees, dit wil se ‘n kerk met duidelike doelstellings, teikens en uitkomst.

Dit is duidelik dat daar nie van ‘n kerk se *doel/missie* gepraat kan word sonder om te praat oor haar *identiteit* nie. Die gesprek oor *doel/missie* is onlosmaaklik verbind aan die gesprek oor ‘n gemeente se identiteit.

Wanneer daar verwys word na die *doel/taak/missie/roeping* van die kerk/gemeente dan word daar veronderstel dat die kerk iets nuuts moet uitdink oor wat om te doen. Dit sou 'n verkeerde vertrekpunt wees want dan bepaal die gemeente haar eie sending. Die kerk vind haar *doel* deur te vra na God se missie vir die wêreld en om by die Missio Dei aan te sluit, in te skakel en deel te neem. Dit beteken en impliseer die kerk kan nie oor haar doel besluite neem soos wat sy wil nie. Malan Nel (2015:200) beklemtoon laasgenoemde: “*In being and doing we participate in what God is doing: calling people in His world to follow Him and find life*”.

Die *doel/taak* beskryf Malan Nel (2015:202) in sy boek: “*Identity-Driven Churches*” as volg die taak/missie van die gemeente:

1. Kommunikasie van die Evangelie van Jesus Christus:

- a) Prediking: Kerugma
- b) Diens van aanbidding: Leitourgia
- c) Getuie wees: Marturia
- d) Pastorale sorg: Paraklesis

2. In diens van God, van mekaar en die wêreld:

- a) Barmhartigheid: Diakonia
- b) Gemeenskap van gelowiges: Koinonia
- c) Onderrig: Didache
- d) Bestuur en Administrasie: Kubernesies

Die respondente van die onderskeie fokusgroep onderhoude het die *doel* waarvoor gemeentes bestaan, as volg beskryf:

- 1) **Aanbidding:** Om God te loof en Hom te eer.
- 2) **Barmhartigheid:** Die respondente is van mening dat die kerk bestaan om die armes se nood te verlig deur hulle te help met wat hulle fisies nodig het. Dat die kerk moet diensbaar wees veral ook ten opsigte van die bejaardes in die samelewing. Dat die kerk bestaan om die lidmate te bedien.
- 3) **Evangelisasie:** Die kerk word geroep volgens die respondente om met die Evangelie uit te reik na mense en hulle tot bekering te lei, dit wil sê dat mense die Here Jesus aanvaar as hulle Saligmaker en Verlosser. Deur die bediening van gemeentes moet lidmate geestelik groei en geestelik gesond wees. Die doel van die kerk onderstreep die respondente se antwoorde dat dit is om lidmate te ontwikkel tot gehoorsame disipels van Jesus Christus.

- 4) **Koinonia:** Dat die kerk ten doel het om die gemeenskap van gelowiges uit te bou deur onderlinge verhoudinge tussen die lidmate te bevorder.
- 5) **Pastoraat:** Die pastoraat bly vir die respondente 'n kernbelangrike funksie van die kerk en daarom is die verwagting dat daar huisbesoeke gedoen word waartydens daar aandag gegee moet word aan die behoeftes van die lidmate. Begrafnisse vorm ook 'n belangrike deel van die kerk se doel, dat die gemeentes begrafnisse moet behartig en toesien dat mense begrawe word en hier verwys die respondente na lidmate van die kerk, sowel as lede van die gemeenskap, dat die kerk in die verband 'n ondersteunings basis moet wees.
- 6) **Jeug bediening:** Dit is baie duidelik volgens die respondente dat die getalle van die jeug in die gemeenskappe groei. Daar heers werkloosheid onder veral diegene wat die skool verlaat. Dit bring mee dat die jeug betrokke raak in bendes, dwelm verslaaftheid, misdaad en dan ook nog groeiende statistieke van tienerswangerskappe en enkelouerskap. Die doel van die kerk is om die jeug te bedien om waarde tot hulle lewe toe te voeg.
- 7) **Morele gewete:** Kerk moet optree as die morele gewete vir lidmate en gemeenskappe. Deur die gemeente moet mense voortdurend herinner word aan wat reg en verkeerd is.
- 8) **Onderrig:** Die kerk het die taak om mens te leer, en te help om hulle potensiaal te ontdek en te ontsluit. Die kerk moet mense toe rus sodat hulle toegerus mag wees vir hulle dienswerk.

6.8 ANALISE VAN DATA

Volgens tabelle 32,66-68; 81-89 van die analise van die kwantitatiewe navorsing lyk die situasie van gemeentes in die uitlewing van hulle doel anders en weerspreek dit wat die deelnemers hierbo sê oor die doel van die kerk. Die antwoorde uit die fokusgroep onderhoude van die vraag, na die doel van 'n gemeente, dui daarop dat dit is wat die respondente wil sien moet gebeur in en deur die gemeente. Na aanleiding van genoemde tabelle, toon dit die volgende aan oor die realiteit van klein plattelandse gemeentes van die VGKSA-Vrystaat/Lesotho.

6.8.1 Prediking (Kerugma)

Slegs 4.4% meen dat die preke en rol van die predikant hulle help om te groei en te ontwikkel. Dit is 'n kommerwekende waarneming, want dit beteken dat die meeste respondente die preke van Sondaes as onbelangrik ondervind en ook ervaar dat die predikant hulle nie help in hulle eie groei en ontwikkeling nie. Die prediking en die rol van die predikant in eredienste word baie negatief ervaar.

Dit verklaar waarom slegs 2.2 % respondente van mening is dat daar groei in getalle is, die oorgrote meerderheid is van mening dat daar 'n absolute minimum groei in eredienste is, en eintlik dat die groei in getalle stagneer en krimp. Die response van tabel 67-69 dui aan dat gemeentes se fokus op geestelike groei deur eredienste baie laag is.

6.8.2 Diens van aanbidding (Leitourgia)

Daar was volgens tabel 32, se respondente (6.7%) geen groei of ontwikkeling wat hulle in hulle eredienste ervaar nie, en dit beteken dat die dienste geen noemenswaardige impak op hulle lewe maak nie. Dit beteken verder dat daar geen betekenis is in terme van die inhoud van die erediens nie wat dui op stagnasie. Slegs 4.4% meen dat die lof-en-aanbidding, sang, en nuwe liedere hulle positief beïnvloed het. Daarvolgens raak dit duidelik dat veral die lof-en-aanbidding maar in die meeste van die gemeentes meer tradisioneel is en nie regtig 'n impak het nie, dit is maar die meeste van die tyd 'n roetine. 'n Lae persentasie (2,2%) meen dat daar goeie beplanning en temas was nie, wat impliseer dat daar 'n meerderheid respondente is wat meen dat eredienste nie goed beplan word nie, en dat daar nie goeie temas in die eredienste is wat hulle help in hulle eie groei en ontwikkeling nie. Dit verklaar waarom slegs 2.2% wel groei deur lof-en-aanbidding in die erediens ervaar. Dit is 'n ernstige toedrag van sake in die lewe van die klein vakante plattelandse gemeentes. Mike Harrison (2017:393), in die boek *Cultivating missional church*, dui die belangrikheid van aanbidding (worship) aan: “*If so, then missional worship is to be understood as that participation in the divine life that promotes our participation in the Son's mission from the Father to the world through the Holy Spirit*”.

Daar is net 4.4% gemeentes waar daar in eredienste gefokus word op kinders, jeug, tieners, gesinsdienste, maar die meeste van die eredienste in gemeentes fokus nie op jeug, en gesinsdienste nie, en het nie spesiale dienste vir die genoemde groepe nie. Dit beteken die meeste dienste is nie gesins en jeug vriendelik nie. Gemeentes bied nie dienste aan wat tot op die vlak van die groepe daal en in hulle unieke behoeftes voorsien nie. Dit is een van die redes

waarom gemeentes nie daarin slaag om meer jongmense in die eredienste te betrek nie. Die gemeentes loop of mag die gevaar loop dat jongmense en gesinne of nie meer belangstel of lidmate verloor na ander denominasies wat wel op 'n kreatiewe manier voorsien in die behoeftes.

6.8.3 Getuie wees (Marturia)

Die respondente op die vraag, naamlik: het die gemeente 'n georganiseerde evangelisasie bediening, het 51.1% geantwoord dat hulle nie so 'n georganiseerde evangelisasie bediening het nie, en 'n verdere 20.0% het nie reageer nie. Slegs 28.9% dui aan dat daar wel so bediening is. Dit beteken dat 70 % van die respondente bevestig dat gemeentes nie so 'n strategie het nie. Die antwoorde toon aan dat die hartklop en kern besigheid van die kerk wat haar onderskei van enige ander besigheid of sosiale klub en wat haar rede vir bestaan is, nie die kern besigheid van baie gemeentes is nie. Nelus Niemandt (2013:25) beskryf die kernbesigheid van 'n missionale kerk om juis aan te toon waarmee gemeentes moet besig wees: “*n Missionale kerk neem deel aan God se werk in die wêreld. Dit gee uitdrukking aan die goeie nuus van God se liefde in die alledaagse lewe en oral waar mense hulle bevind*”. Die antwoorde van die respondente verklaar die rede vir die stagnering en krimpings van gemeentes. Die vraag wat die navorsing mee gelaat word is: wat is dan die kern besigheid van die vakante klein plattelandse gemeentes?

6.8.4 Pastorale sorg (Paraklesis)

Die respondente het op die vraag of die gemeente 'n duidelike visie en doelwitte het, het 26.7% geantwoord dat daar geen doelwitte geformuleer is nie en 24.4% het nie die vrae lys voltooi nie. Dit impliseer dat 51.3% respondente aantoon dat gemeentes nie duidelike doelwitte het nie. Slegs 15.6 % respondente meen dat die gemeentes die doelwitte het om beter as 'n organisasie te funksioneer en gelei word deur 'n visie. Die klem van alles wat in die gemeentes gebeur draai om finansies en die gemeentes leef met die illussie dat indien daar beter finansies is, dit beter met die gemeente sal gaan. Daarteenoor reageer die absolute minimum met persentasies wat wissel van 1.1%-2.2% dat die gemeente se doelwitte gaan oor erediensgroeï, gesins en familie sorg, uitreik en sending, koinonia, toerusting, dienswerk, voorbidding, gebed, en barmhartigheid.

Dit is duidelik dat die vakante klein plattelandse gemeentes in 'n oorlewingstryd is en reken dat hulle behoud lê in die eerste plek in die versekering dat daar voldoende finansies is. Daarom

word energie gespandeer op laasgenoemde. Die gemeentes is duidelik instandhoudings gemeentes wat net fokus op die instandhouding van die status quo. Die feit dat 26 % respondente sê dat die gemeentes nie doelwitte formuleer nie is 'n teken dat die gemeentes na binne gerig is en hulle visie op die konteks waarbinne hulle leef, verloor het. Die respondente toon oorwegend aan dat die kern besigheid waarvoor God gemeentes roep en stuur nie die aandag geniet nie, maar eerder finansies.

6.8.5 Barmhartigheid (Diakonia)

Burger (1991:123) verwys hierna met die woord 'diens' en beskryf dit as volg: "*Geloof in Christus word gevestig en versterk nie net deur 'n intellektuele verstaan en instemming nie, maar deur selfverloënde dade van diens en liefde aan God, die naaste en hele wêreld*".

Op die vraag na wie toe stuur die Here die gemeente, het 20.0% geantwoord dat die Here hulle gemeente na niemand toe stuur nie en 11.1 % het die vraag nie geantwoord, wat beteken dat 31.1% geen gerigtheid na-buite het nie en selfgesentreerd opereer. Genoemde gemeentes is dus nie gefokus op die nood van mense nie, terwyl 44.5% wel aandui dat hulle gestuur word na noodlydendes (vigs, armoede, gemeenskap, kerkvervreemdes en jongmense). Wat interresant is, is dat slegs 6.7% dink dat die kerk gestuur word na kerkvervreemdes en onbetrokke lidmate. Dit beteken dat 'n groot groep respondente van mening is dat die uitreik na hulle wat buite die kerk is, nie van belang is nie. Dan word laasgenoemde bevestig deurdat net 4.4% reken dat die kerk na die gemeenskap gestuur is. Hieruit raak dit duidelik dat die vakante klein plattelandse gemeentes 'n absolute minimum tot geen gerigtheid het op die wêreld rondom die kerk nie. Burger (1991:123) onderstreep dit dat 'n wegbeweeg van selfgerigte religie tot 'n lewe van diens moet plaasvind indien gemeentes dinamies wil funksioneer. Malan Nel (2015:139) meen dat die funksie deel van die missionale identiteit van die kerk is: "*The pastoral dimension of the congregation includes helping people in any form of need and distress. Pastoral service is focussed on people's troubles and expectations; the believers get involved with fellow-members and with other people outside the congregation by helping and encouraging them*". Dit is duidelik dat sonder diakonia kan daar nie van 'n missionele kerk gepraat word nie. In die lig van die afdeling se data word die missonale karakter van die klein plattelandse gemeentes onder verdenking geplaas.

6.8.6 Gemeenskap van gelowiges (Koinonia)

Burger (1991:102) beskryf koinonia soos volg: *“In koinonia gaan dit om die vestiging van gelowiges in ‘n reeks van geloofsgemeenskappe (koinonia verbande) waarin hulle die geleentheid kry om terwille van hulle geloofsvorming en geloofsgroei die unieke, onderlinge liefdesorg van geloof in Christus te ervaar”*.

Die respondente op die vraag reageer dat 46.7% nie kleingroepbediening het nie en 17.8% het nie die vraag geantwoord nie, d.w.s. 64.5% bevestig dat hulle nie die kleingroep bedieningsmodel het nie, terwyl 35% rapporteer dat hulle wel kleingroepe het. Die gemeentes se kern samekoms is die Sondae eredienste en daar is andersins geen georganiseerde of spontane strategie om onderlinge gemeenskap te bevorder nie. Coenie Burger (1991) maak ‘n sterk argument daarvan dat een van die faktore wat ‘n gemeente in staat stel om dinamies te wees, is wanneer daar ‘n beweging plaasvind van privatisme en selfsorg tot sorg vir mekaar. Hy omskryf die term ‘koinonia’ as ‘n diep lewens-en lotsverbondenheid wat die Christelike geloofsgemeenskap behoort te kenmerk (Burger, 1991:99). Burger (1991:102) toon aan dat een van die redes vir die radikale kwyning van geloofsondersteuning (koinonia), is die groeiende gees van individualisme en privatisme.

6.8.7 Onderrig (Didache)

‘n Aansienlike lae persentasie respondente toon aan dat hulle iets nodig het van die kerkverband, belangstelling in die verband wissel van 1.2%-4.8%. Dit skep die indruk dat die respondente reken dat hulle die kerkverband nie nodig het of dat die kerkverband nie in staat is om waarde tot hulle toe te voeg nie.

6.8.8 Bestuur en administrasie (Kubernesis)

Volgens Tabel 48 meen 28.9% respondente dat die finansies van gemeentes al hoe meer krimp, d.w.s. die finansiële posisies van gemeentes is besig om agteruit te gaan. Daar is 20% van die gemeentes wie se finansies groeiend is. Die groei in finansies beteken nie dat die finansies gesond is nie, selfs ook die aanduiding (26.7%) dat finansies nie stabiel is nie. Die gemeentes is nogtans nie in staat om ‘n voltydse predikant of ‘n tentmaker te kan bekostig nie, dus is die groei bloot daar omdat die uitgawes minimaal is. Sodra daar salaris uitgawes kom, sal die uitgawes die inkomstes oorskry, die inligting moet teen die agtergrond gelees word. Dit word

bevestig deur die feit dat 13.3% meen dat gemeentes se finansiële toestand ‘n ernstige bedreiging inhou vir die voortbestaan van gemeentes en 11.1 % respondente het nie geantwoord nie. As die persentasies oor die finasies krimpend, ernstige bedreiging en onbekend bymekaar getel word, dan is dit 53.3% wat meen dat gemeentes nie gesond is nie. Die agteruitgang van die gemeentes se finansies word verder gestaaf (Tabel 49) deur die feit dat 48.9 % respondente aantoon dat selfs die leraars wat voltyds in diens is nie op sinodale skaal vergoed word nie, selfs 28.9% het die vraag nie geantwoord nie. Die feit is dat 77.8% respondente dus aantoon dat die finansiële posisie van die gemeentes nie gesond is nie.

6.9 GEVOLGTREKKING

Interne van bogenoemde is dit duidelik dat die klein plattelandse gemeentes van Vrystaat/Lesotho:

- Al hoe meer weg beweeg/gegroeï het van die doel waarvoor God hulle geroep het,
- Hulle missionale identiteit verloor het. Malan Nel (2015:89) maak ‘n skokkende maar waar opmerking wanneer hy die volgende verklaar: *“I depart from the conviction that the church is either missional or it is not a church”*.
- Op ‘n oneffektiewe wyse hulle kernbesigheid (Missio Dei) bedryf,
- Nie goed daarin slaag om ‘n sorgende, omgee gemeenskap te wees vir mekaar,
- Hulle krimp in alle opsigte omdat hulle getuïenis karakter verarm het,
- Hulle glad nie meer ‘n gemeenskap is met ‘n lewensveranderende impak op haar omgewing nie,
- Dat sy nog net relevant is vir ‘n absoluut minimum lojale lede.
- Omdat hulle doel vaag geword het, en hulle vasgeloopte gemeentes is.

6.10 GEMEENTE SE ROL IN DIE GEMEENSAP

Gemeentes bestaan nie op ‘n eiland nie, hulle is geleë binne ‘n bepaalde plek, tyd en konteks. Gemeentes is onlosmaaklik verbind aan die gemeenskap waarbinne hulle geleë is. Die gemeenskappe waarbinne gemeentes van die VGKSA en spesifiek van die Streek Sinode Vrystaat/Lesotho opereer, is gemeenskappe waar armoede, werkloosheid, alkohol en dwelm misbruik, tiener swangerskappe, enkelouers, misdaad en geweld, baie hoog is. Dit is binne die gebroke situasies en kontekste waar die gemeentes geroep word om kerk te wees.

Die kerk as gesant en gestuurdes van Jesus Christus behoort die simbool van hoop te wees wat hoop bring aan hulle wat sonder hoop is. Dit vra dat die gemeentes 'n gerigtheid na-buite moet hê. Dit is ten diepste deel van die missionale karakter van die kerk. Van Gelder (2011:4) beklemtoon dit so: “*God is a missionary God who sends the church into the world. The missional church is an incarnational ministry sent to engage a postmodern, post-Christendom globalized context*”. 'n Kritiese missionale vraag wat gemeentes moet vra, is: “Wat beteken dit om regtig kerk te wees binne die konteks?”

Scott Fredrickson (2007) onderstreep die belangrikheid van 'n verhouding tussen 'n gemeente en haar konteks, maar wys twee gevare uit en dit is dat 'n gemeente eerstens, in haar verhouding met haar konteks, *undercontextualized* kan wees dit beteken dat die gemeente nie genoegsaam haar rol in die gemeenskap vereken en die gemeenskap verstaan nie. Tweedens kan dit wees dat 'n gemeente haar rol in die gemeente *overcontextualized*, dit beteken dat die kerk so een word of opgeneem word in haar gemeenskap dat daar nie 'n onderskeid is nie (Fredrickson, 2007:44). Die kleingemeentes onder navorsing is in hul verhouding met hulle konteks “*undercontextualized*”. Dit beteken dat daar in die provinsie Vrystaat en die land, Lesotho soveel sosiale euwels is, maar die gemeentes het nie noemenswaardige strategieë om dit aan te spreek nie.

Hendriks (2004:24) beklemtoon ook in sy definisie oor teologie die onlosmaaklike verhouding tussen die gemeente en haar konteks wanneer hy sê: “**Teologie handel oor:**

1. Die missionêre praxis van die Drie-Enige God, Skepper, Verlosser en Heiligmaker,
2. en oor *sy liggaam, die kerk*, 'n apostoliese geloofsgemeenskap,
3. *op 'n spesifieke tyd en plek (in 'n kontekstuele situasie)*,
4. waar lidmate betrokke is in 'n roepingsgebaseerde, konstruktiewe interpretasie van hulle *huidige realiteite*.

'n Vraag wat help om die verhouding tussen 'n gemeente en haar konteks te verstaan is: “wat beteken dit vir die gemeente om 'n kontekstuele gemeente te wees?” Gemeentes word deur God geroep en gestuur na haar bepaalde en spesifieke konteks op 'n spesifieke tyd.

Die skrywers van: “*Studying Congregations, a New handbook*”, is dit eens dat gemeentes nie los staan van hulle konteks nie, dat behalwe die feit dat 'n gemeente 'n gemeenskap van God is, is dit ook 'n sosiale instituut, waar mense interaksie het met mekaar (1998:40). As sosiale instituut vorm gemeentes, net soos die polisie, skole, fabrieke, hospitale, departemente en winkels, onlosmaaklik deel van die samelewing/ekologie. Hulle stel dit dat as gemeentes

kontekstueel wil word en in die regte verhouding tot hulle ekologie/konteks staan, dit wil sê 'n missionale gemeente wil wees met 'n gerigtheid op haar ekologie, dan moet hulle begin om 'n ekologiese analise te maak en te vra: "wat beteken dit vir die gemeente om 'n kontekstuele gemeente te wees?"

In die ekologiese/kontekstuele analise gaan dit oor die ondersoek na die omgewing van die gemeente en dit beteken die gemeente se eksterne omgewing. Dit is 'n kykie na wat aangaan in die plaaslike gemeenskap, sowel as in die globale gemeenskap teen die agtergrond van die verlede, hede en toekoms. Die omgewing waarin die gemeentes hul bevind is konstant en is besig om teen 'n tempo te verander en 'n gemeente wat relevant wil wees en bly, moet en kan nie anders as om voortdurend 'n ekologiese analise te maak nie. Carroll beskryf gemeentes as 'n *open system*, wat beteken en impliseer dat die gemeente en haar ekologie beide 'n heen en weer invloed het op mekaar (permeable boundaries). Dit beteken daar 'n spontane interaksie is tussen die twee, gemeente en ekologie.

Carroll, Dudley en McKinney (1990:49), skryf in die *Handbook for Congregational Studies*: "An analysis of the context of a congregation will not prescribe to the congregation what is should be or do; but it can provide the congregation with information and insight about itself and its setting that open it to new possibilities for response ".

Die analisering en bestudering van die ekologiese raamwerk sal dan 'n deeglike prentjie skep van wie en wat die omgewing is, wat die potensiaal en tekortkominge is, asook wie die rolspelers (negatief of positief) is wat in berekening gehou moet word. Die resultaat van die analise sal 'n gemeente help om bedieninge te skep wat die behoeftes van die omgewing aanspreek en dit bring betekenis en definieër die gemeente as missioneel, want dan kan met gesag aandag aan die missionele vraag gegee word, naamlik waarnatoe stuur God die gemeente?

In terme van die fokusgroep vraag na die rol van die gemeente in die gemeenskap, het die respondente as volg gereageer:

6.10.1 Betrokkenheid by die gemeenskap

In terme van die vraag of die gemeentes gemeenskapsontwikkelings projekte onderneem, toon die respondente dat 51.1% gemeentes glad nie betrokke is nie en 37.8% is betrokke by projekte soos voedingskemas. Daar moet verder in ag geneem word respondente wat nie geantwoord

het nie wissel van 46.7% tot 64.4% en die wat nee geantwoord het wissel van 33.3% -28.9%, wat dan impliseer dat die betrokkenheid van gemeente na-buite minimaal is.

Die kerkraad, kommissies, en vrouediens neem verantwoordelikheid vir waar daar wel projekte aan die gang is. Dit beteken dat dit net die leierskap van gemeentes is wat betrokke is by die projekte, en die absolute minimum. Die voortbestaan van genoemde projekte hang van die leierskap af. Dit is tipies die simtroom van 'n instandhoudings en Herder-kudde model bediening. Dit dui ook aan dat daar waar wel projekte bedryf word, die gemeentes nie regtig missionaal in hulle karakter is nie. Dit is nie missionle gemeentes nie, maar gemeentes met sending projekte (ekkesiosentriese verstaan). Die projekte waarby gemeentes oor die algemeen betrokke is, is voedingskemas. Dit kan toegeskryf word aan armoede van die gemeenskappe.

6.10.2 Maatskaplike kwesies (v243 –v248 v250-v261 v262-v278)

Die Suid Afrikaanse Raad van Kerke het by hulle konferensie (SACLA: South African Leadership Assembly) oor die welsyn van die gemeenskap, sewe reuse geïdentifiseer wat die Suid Afrikaanse gemeenskap bedreig, naaamluk: HIV/Vigs; misdaad en korrupsie, geweld, armoede en werkloosheid, gesinskrissies, seksisme en rasisme. Die simboliek van “*reuse*” is geneem uit die verhaal van Dawid, wat fisies klein van postuur was, en wat moes veg teen die enorme fisies groot reus, Goliath. Die doel van die konferensie was dat Christen leiers moes besin oor wat dit beteken om getuies van Jesus Christus te wees in Suid Afrika vandag, in die lig van die sewe reuse. SACLA verklaar onder andere: “*if God’s Spirit has anything to do with it, in the hearts of thousands, the Church will with determination descend into the valley to meet the Goliaths*”. SACLA het ook riglyne daar gestel as strategie hoe om die reuse te beveg wat hulle noem: “*intergrated marketplace transformation strategy*”. (sien Addendum)

SACLA het aan die hand van die Bybelse verhaal van Dawid en die reus, Goliath, sewe sosiale reuse geïdentifiseer. Dit is duidelik volgens die verslag dat die kerk betrokke moet wees vanuit haar Bybelse mandaat om die reuse te beveg.

Die respondente het in die afdeling as volg gereageer ten opsigte van die sosiale reuse: 1) MIV/vigs 2) Misdaad en korrupsie 3) Geweld 4) Armoede en werkloosheid 5) Seksisme 6) Rassisme 7) Gesinsgeweld.

Die vraag by elke *reus* was: Watter aksies loots die gemeentes ten opsigte van die maatskaplike kwesies?

Die respondente het soos volg gereageer ten opsigte van die vrae.

6.10.3 Rasisme

Die land Suid-Afrika is nou 24 jaar bevry van wetgewing wat rasisme bevorder en in stand gehou het. Die oorname van die ANC en die daarstelling van 'n konstitusie wat reg en geregtigheid onderskryf en 'n beleid het om 'n land te herskep na gelykheid, vry van diskriminasie op grond van ras, taal en kleur, het nie beteken dat rassisme oornag verdwyn het nie. Die land gaan egter nog erg gebuk onder rasisme in verskillende vorme. Daar is strategieë en pogings nodig om die verskynsel onder beheer te bring. Transformasie pogings in die land gaan nog met baie konflik en selfs geweld gepaard.

Die kerk was in die bevrydingstryd aan die voorpunt, soveel so dat lidmate en predikante gevangenisstraf uitgedien het. Die kerk se rol is nie klaar nou dat Suid Afrika 'n vry land is nie. Die sosiale euwel van rassisme moet aangespreek word. Die kerk het die profetiese taak om te verkondig dat alle mense gelyk voor God is en as sodanig behandel moet word.

Na aanleiding van die vraag of die gemeentes enige aksies loots om die sosiale euwel van rasisme te beveg, rapporteer 26.7% gemeentes dat hulle geen aksies het nie en 'n verdere 24.4% het glad nie hierop gereageer nie wat die persentasie opstoot na 51.1% wat geen aksies loots nie. 'n Lae persentasie (8.9%) respondente rapporteer dat hulle daarvoor preek en slegs 4.4% het 'n eie strategie. Daaruit blyk dit duidelik dat die gemeentes nie regtig doelbewus iets omtrent rasisme doen nie.

6.10.4 Seksisme (Tabel 92)

Seksisme verwys na die diskriminasie teenoor iemand op grond van sy of haar geslag. Voorbeelde in die kerklike arena heers wat bepaal dat 'n vrou nie 'n ouderling of predikant mag word nie of dat homoseksuele persone nie toegelaat word as kerkraadslede predikante nie.

Die respondente (26.7%) verklaar dat hulle as gemeentes geen pogings aanwend om seksisme in en buite te kerk te adresseer nie. 'n Verdere 35.6% respondente het nie op die rubriek geantwoord nie, wat die persentasie opskuif na 62.3% en 17.8% erken dat hulle nie eers bewus is van die probleem nie en slegs 8.9% preek hieroor. Dit is duidelik uit gemeentes se reaksies dat die euwel van seksisme nie genoegsame aandag kry nie en dat gemeentes geen doelbewuste aksie en bedieninge het wat seksisme in en buite die gemeente aanspreek nie.

6.10.5 Gesinskrisisse (Tabel 93)

Gesinskrisisse is een van die grootste maatskaplike probleme waarmee die samelewing gekonfronteer word. 'n Groot aantal gesinne in Suid Afrika is disfunksioneel en probleme wat meestal voorkom is: armoede, konflik, huweliksverbrokkeling, tienerswangerskappe, geweld, enkelouerskap, dwelm en alkohol afhanklikheid, werkloosheid, egskeiding, selfmoord en moord. Laasgenoemde gesinskrisisse is deel van die lewe van gemeenskappe en outomaties deel van die lewe van gemeentes. Kerkwees in die kontekste beteken dat die gemeente besonders hierop gefokus moet wees en gesinne bedien met n bepaalde strategie.

In die lig van die tendens in Suid Afrika dat gesinne deur soveel krissise gaan, is aan die respondente gevra wat gemeentes doen in terme van gesinne. Die respondente rapporteer dat 28.9% niks hieraan doen nie en 35.6% het die vrae nie beantwoord nie, wat die persentasie opstoot na 64.5%. Rakende die basiese bedienings intervensies aan gesinne deur gebed, pastorale sorg en prediking, rapporteer respondente dat dit gedoen word deur 2.2%. Gemeentes bestaan uit gesinne en nie net individue nie, elke lidmaat is verbind aan 'n gesin, en so is gemeenskappe rondom die kerk ook saamgestel. Die gemeentes toon 'n ongelooflike lae respons in terme van hulle betrokkenheid by gesinne, wat eintlik 'n hoof fokus behoort te wees.

6.10.6 Misdad en korrupsie (Tabel 94)

Die land, Suid-Afrika is een van die lande met 'n baie hoë misdaadsyfer en die misdade sluit in: moord, verkragting, diefstal, korrupsie, inbrake, ontvoerings, mende-handel, ens. Die statistiek in terme van die reus, misdaad en korrupsie, sien soos volg daarna uit: elke maand stuur administrasies 10 000 finale eise, 90 000 hofbevele, 142 000 dagvaardigings uit.

Die kerk is in die middel en ontvang weekliks in hulle eredienste slagoffers van misdaad en het selfs lidmate wat die misdadigers is. Gemeentes word direk of indirek geraak deur misdaad. Die kerk het 'n rol te speel, hetsy op 'n pastorale en voorkomings vlak of deur bemagtigings strategiee.

In die lig van die vraag of die gemeente enige aksies loots ten opsigte van die sosiale euwel van misdaad, reageer die respondente dat 11.1% gemeentes wel deur prediking en gebed die misdaad aanspreek. Daar is 22.2% wat verklaar dat hulle geen aksies in die verband loots nie en 'n verdere 22.2% het glad nie reageer nie en slegs 2.2 % het 'n eie strategie in die verband. Dit is duidelik dat die respondente nie 'n duidelike gerigtheid en bediening het wat fokus om misdaad te help bekamp nie, nog minder die slagoffers van misdaad by te staan.

6.10.7 MIV/Vigs (Tabel 95)

Die vigspandemie het die afgelope dekades die lewens van baie landsburgers en ook mense in die wêreld geeis. Daar word op 'n daaglikse basis mense gediagnoseer met die virus en daaglikse sterf mense in die land. Die meeste mense wat hiermee gediagnoseer word en ook as gevolg hiervan sterf, is die jong generasie tussen 18-35 jaar oud.

Die reus MIV/Vigs pandemie toon die volgende statistieke: 4.2 miljoen van die 44.5 miljoen Suid-Afrikaners is geïnfecteer. In die kontinent Afrika, sterf daar elke jaar 2 miljoen mense aan die virus en in die wêreld is 34.4 miljoen aan die virus.

Gemeentes word geraak, want daar is soveel lidmate wat geïnfecteer en geïmpak is. Dit is juis dat die kerk wat die simbool van hoop en barmhartigheid is, om pro-aktief op te tree deur voorkomings en bewusmakings veldtogte of ten minste gemeenskapsprojekte te ondersteun.

Die respondente toon aan dat hulle 'n vigs herdenkings diens (13.3%) doen, 15.6% laat brand 'n vigs kers tydens eredienste, 4.4% het programme en reël gebedsgeleenthede. Daar is 20.0% wat aantoon dat hulle geen aksies loots nie en 28.9% het die vraag glad nie geantwoord nie. Daar word dus minimaal aksies geloods deur gemeentes ten opsigte van die voorkoming, versorging en bemagtiging van mense in die gemeente en gemeenskap wat geïmpak en geïnfecteer is.

6.10.8 Geweld (Tabel 90)

Suid-Afrika het 'n baie hoë geweldsifer, d.w.s. geweld in dorpe en stede, sowel as huishoudelike geweld. Die lidmate van die gemeente is ook hiervan nie gevrywaar nie en is dikwels deel van die slagoffers. Statistieke ten opsigte van die reus van geweld toon die volgende: sterftes as gevolg van moord, selfmoord en kapinge vind elke 26 minute plaas wat die dodesifer as gevolg van geweld bring by 20 215 per jaar. Elke 26 sekondes word vrouens en kinders verkrag wat die geweldsifer bring tot om en by 1 212 922 per jaar. Elke 47 minute sterf 'n persoon op die paaie wat die dodesifer op paaie bring tot 11 182 per jaar. Plaasaanvalle is 7755 en 1287 boere is vermoor. Geweld teen veral vroue en kinders is 'n groeiende tendens in Suid-Afrika.

Dit is van kardinale belang dat gemeentes moet reageer op die geweld in hulle omgewings/kontekste deur pastorale ingryping, prediking en projekte, soos bv. voorkomingsprogramme.

Daar is 35.6% respondente wat rapporteer dat hulle gemeentes geen aksies loots of betrokke is by geweld in die samelewing nie, terwyl 15.6% nie reageer het op die vraag nie. Dit stoot die persentasie op na 51.2% wat aandui dat daar niks in die verband gedoen word nie. Gemeentes is wel betrokke (31.1 %) by projekte teen geweld buite die gemeente en gemeenskap. In die lig van die geweld en moord in ons land en met gemeentes wat binne die kontekste van geweld leef, sal 'n mens verwag dat die kerk 'n hoer vlak van betrokkenheid sou hê. Daar is net 17.8% gemeentes wat 'n eie strategie of projekte het teen geweld wat beteken dat die oorgrote meerderheid gemeentes geen inisiatief het nie. Die betrokkenheid van die gemeentes by veldtogte teen geweld, is nie bevredigend nie.

6.10.9 Armoede en werkloosheid (Tabel 97)

'n Sosiale verskynsel in die land is die enorme groot afstand tussen ryk en arm; daar is 'n minderheid mense wat skatryk is en 'n maksimum aantal mense wat brandarm is en letterlik onder die broodlyn leef. 'n Tipiese situasie van die rykes raak ryker en die armes armer.

In terme van die reus, armoede en werkloosheid, toon die statistiek dat 41% van die potensiele werksmag sonder werk is. Werksgeleenthede het vanaf 10.8 miljoen in 1990 gedaal tot 4.6 miljoen in Junie 2002. Die ekonomie toon ook aan dat slegs 5% matrikulante elke jaar werk kan kry in die formele sektor en in 2003 was daar 305 774 matrikulante.

Die kerk word hierdeur direk geraak, want soos ander ewels leef gemeentes binne hierdie situasies van armoede en werkloosheid.

'n Skokende getal van 95.6% respondente het glad nie die vraag geantwoord nie en 4.4% verklaar dat hulle geen aksies loots om die slagoffers van armoede te help nie. Dit bring 'n 100% van antwoorde wat impliseer dat gemeentes nie aandag gee of betrokke is by die armoede reus nie. Die gemeentes onder navorsing is self slagoffers van armoede en dit mag een van die redes wees hoekom gemeentes nie by armoede bestrydings projekte betrokke is nie.

Die kwalitatiewe data van fokusgroep onderhoude reflekteer die volgende menings van die respondente oor die rol wat gemeentes speel in hulle gemeenskappe. Die respondente is **eerstens**, van mening dat die gemeentes 'n rol in die gemeenskap kan speel en transformasie kan bring deur op te tree as ambassadeurs van Christus deur :

- a) Die prediking van die Evangelie en evangelisasie veldtogte;
- b) Die pastorale versorging van mens in die gemeenskap;

- c) Spesiale gebedsgeleentheid, bv. vir studente.

Tweedens, is die respondente van mening dat die gemeentes 'n rol speel in die gemeenskappe deur die diens van barmhartigheid waar daar gepoog word om aandag te gee aan die basiese behoeftes van mense in die gemeenskap. **Derdens**, is gemeentes baie betrokke wanneer daar begrafnisse is. Begrafnisse in die swart kultuur, anders as in die wit kultuur waar dit 'n privaat aangeleentheid is, is 'n gemeenskaps aangeleentheid. Gemeentes stel hulle geboue beskikbaar vir nie-lidmate en hou ook self die begrafnisse vir mense wat nie kerke het nie. Die respondente is van mening dat dit 'n getuigenis geleentheid is waar mense die evangelie hoor wat hulle andersins nie gehoor het nie. Die uitreiking het al resultate opgelewer dat mense aansluit by die kerk. **Vierdens**, stel van die gemeentes hulle geboue/fasiliteite beskikbaar vir gemeenskaps vergaderinge en gemeenskaps kennisgewings. Kerkrade dien ook op gemeenskapskomitees en polisie forums. **Vyfdens**, skakel gemeentes ook in by gesamentlike kerklike aktiwiteite wat gereël word deur ander kerklike denominasies.

6.11 SAMEVATTING

- 1) Die klein plattelandse gemeentes is afgesny met hulle kontekste/ekologiese raamwerk omdat hulle nie die vermoë het om raak te sien wat in hulle omgewing gebeur nie en ook nie reageer op die gebeure nie. Otto Scharmer (2009), in sy boek: "Theory U" verduidelik dat die U-draai in enige organisasie net kan plaas vind as die leiers reageer op wat hulle in hul omgewing sien. Hy argumenteer dat die onvermoë om te reageer op wat gesien word, 'n hindernis is vir die sukses en vooruitgang van enige organisasie. Hy noem die hindernis: "*a decoupling perception and thought, not recognizing what you see*" (Otto, 2009:126)".
- 2) Die meeste gemeentes het nie enige gemeenskapsprojekte wat te doen het met die opheffing van die gemeenskap nie. Daar is 'n minderheid wat by voedingskemas betrokke is en dit word deur kerkrade waargeneem.
- 3) In terme van die SACLA sewe reuse, naamlik geweld, armoede en werkloosheid, vigs, misdaad en korrupsie, seksisme, rasisme en gesinsgeweld, loots die meeste gemeentes geen aktiewe aksies nie. Die betrokkenheid is abosluut minimaal.
- 4) Die klein plattelandse gemeentes van die VGKSA Vrystaat/Lesotho is nie by hulle kontekste/gemeenskap betrokke nie, as gevolg van hul na-binne gerigtheid.
- 5) Die gemeentes het nie 'n missionale uitkyk nie.

6.12 FINANSIËLE TOESTAND VAN DIE GEMEENTES

6.12.1 Gemeente finansies as ‘n hulpbron

In omtrent alle boeke wat handel oor gemeente finansies, word finansies bespreek onder die onderwerp, gemeente bronne (congregational resources). Carl Dudley (1980:163), in “*Making the small church effective*”, onderskei die volgende gemeente bronne: geordende predikant, leke opleiding en program materiaal, personeel en dan finansies. In die boek, “*Studying Congregations. A new handbook*”, verwys die skrywers ook na gemeente bronne en lys die bronne van ‘n gemeente in twee kategorieë, naamlik (1998:132):

- a) **Harde en meetbare bronne:** mense, personeel, geboue en geld.
- b) **Sagte en verhoudings bronne:** gedeelde ervaring van saam deur moeilike tye kom; verbintenisse met ander instutisies; die sterkte van lidmate se verbintenis en toegewydheid aan die gemeente.

Die finansies maak dan deel uit van die gemeente bronne wat tasbaar is en gemeet kan word. Die gesprek oor die finansies van ‘n gemeente kan nie gebeur sonder dat daar oor die konsep: “*rentmeesterskap*” gepraat word nie.

6.13 KERK AS RENTMEESTER

Die teoretiese raamwerk en agtergrond waarteen die gemeente bron, finansies verstaan moet word, is vanuit die konsep, *rentmeester* (stewardship). Enige gesprek oor gemeente finansies is onlosmaaklik verbind aan die konsep, *rentmeesterskap*. Rentmeesterskap bepaal hoe en met watter gesindheid en motivering lidmate dankoffers en kollekte gee aan die kerk en aan die ander kant bepaal die konsep ook met watter gesindheid die fondse van die kerk hanteer word.

Rentmeester werk met die begrip dat alles wat ons is en het, van God af kom. God gee alles uit genade en nie as gevolg van die goeie werke van die mens nie. God het die mens volgens Genesis 1:28-30; 2:15 aangestel om die bronne van die aarde te bestuur en te beskerm. Dit beteken dat niks aan die mens behoort nie, alles behoort aan God. Die mens mag die voordele van die skepping geniet en gebruik tot sy/haar voordeel, maar die mens is nie die eienaar nie, slegs die bestuurder van God se eiendom. Dit sluit in dat daar met verantwoordelikheid daarmee omgegaan word en gebruik word tot eer en verheerliking van God en vir die uitbreiding van God se koninkryk. Rentmeesterskap werk ook met die veronderstelling dat die eienaar ook verantwoording (accountability) eis van hoe daar met die bronne gehandel is.

Rentmeesters word gemotiveer deur 'n geloofsoortuiging. Anders as die filantropie in die samelewing, rek laasgenoemde met liefde uit na mense en verlig hulle nood; hulle stel hulle bronne beskikbaar vir die heelmaak van 'n stukkende wêreld. 'n Filantroop is daarteenoor iemand wat nie noodwending gee vanuit 'n godsdienstige oortuiging nie, maar uit sy/haar liefde vir mense.

Filantropie word gemotiveer deur die nood van mense. Terry Parsons (2000:8) som die benadering van Filantropie as volg op: *"This approach relies upon the presentation of a "case" which outlines the needs being experienced by persons other than either the prospective donor or the solicitor. The solicitor presents the needs of the "other" and the ways in which they may be met or alleviated through the generosity of the donor. As the name implies, the appeal is to our love of humanity and desire to do good"*.

Dit is belangrik vir enige gemeente se funksionering dat die finansies goed bestuur moet word. Heel dikwels is die swak bestuur van finansies die oorsaak van konflik in gemeentes. Hendriks (2014:185) stel dit so: *"Few things can harm a congregations reputation more than the misappropriation of funds, or staff embezzeling church money"*. Hendriks (2014) gee die volgende riglyne wat gemeentes kan doen om hulle finansies effektief te bestuur, naamlik:

- a) Bevorder verantwoordbaarheid en deursigtigheid
- b) Werk op die basis van 'n begroting.
- c) Deursigtigheid in die spandering van fondse.
- d) Analisering van finansiële state en tendense.
- e) Beheer van interne prosedures.

Een van die faktore wat help dat finansies goed bestuur word, is wanneer gemeente finansies gereguleer word, deur 'n goedgekeurde begroting. 'n **Begroting** is 'n sisteem wat die inkomstes en uitgawes van die verlede verduidelik, maar wat ook moontlike inkomstes en uitgawes aantoon oor 'n lang termyn (finansiële termyn). 'n Goeie begroting toon aan dat uitgawes op 'n verantwoordelike wyse hanteer word (over-and-under spending).

'n Begroting dui ook aan of die finansiële toestand van 'n gemeente gesond of ongesond is. 'n **Gesonde finansiële toestand** heers:

- a) Wanneer die inkomste die uitgawes oorsky.
- b) Wanneer die uitgawes met gemaklikheid betaal kan word.
- c) Wanneer daar 'n basiese inkomste is wat gereeld inkom en nie met groot persentasies flunktueer nie.

‘n **Ongesonde finansiële** toestand heers:

- a) Wanneer die basies inkomstes die uitgawes oorskry.
- b) Wanneer die basiese inkomtes onseker is en met groot verskille flunktueer.
- c) Wanneer die uitgawes nie deur ‘n deeglike verantwoordbare begroting gereguleer word nie.
- d) Ondeursigtige finansiële sisteem bestaan.

6.14 GEMEENTE FINANSIËLE KULTUUR

Die klein plattelandse gemeentes het as gevolg van die voortdurende gebrek en tekort aan finansiële bronne die kultuur ontwikkel om op ‘n oordrewe manier te fokus op finansies. Hulle fokus is voortdurend om tyd te spandeer op hoeveel fondse hulle het en watter strategieë hulle kan volg om fondse te bekom om hulle basiese uitgawes te dek. Dit het so ‘n ernstige wending geneem dat lidmate die idee het dat dit die doel van die gemeente is. Deel van die finansiële strategieë in die klein plattelandse gemeentes is dat daar finansiële teikens aan al die bedieninge gegee word oor hoeveel hulle vir die jaar in die kerk se bankrekening moet inbetaal. Dit word streng gemonitor deur die aanvrae van kwartalike verslae daaroor. Deur die beplanninge word die fokus geplaas op finansies en nie op die bediening self nie.

Die navorser het in ‘n informele gesprek met die vroue bediening gevra wat hulle weeklikse programme behels. Die antwoord was skokkend, maar tipies van wat aan die gebeur is in die klein plattelandse gemeentes; die bediening open met skriflesing en gebed, daarna sing die groep en daarna bespreek hulle fondsinsameling strategieë. Finansies definieër die bediening. Die finansiële posisie van die gemeente het die maatstaf geword waarmee gemeet word of die gemeente stabiel, gesond en suksesvol is ,al dan nie.

Robinson in sy boek, *Transforming Congregational culture*, meen dat daar anders gedink moet word oor gemeente finansies. Die heersende kultuur in terme van die klein plattelandse gemeentes en hulle denke, soos beskryf, is ‘n tipiese karaktertrek van instandhouding en oorlewings gemeentes. Genoemde gemeentes vra vrae soos: hoe lyk ons finansies en wat kan ons doen om meer finansies te kan in kry om ons werk te doen. Dit maak dat finansies vir die klein plattelandse gemeentes ‘n einddoel geword het in plaas van net ‘n bron vir die bediening.

Robinson is van mening dat ‘n missionale gemeente daarteenoor, anders dink oor finansies en ook andersoortige vrae vra. Robinson (2003:101) sê: “we will need to learn again how to see the budget as a means rather than an end. The point is not to make the “budget work”; the

point is to ask, "what is our purpose as a church at this time and in this place, and what kinds of financial resources do we need to fulfill that purpose". In sy mening is 'n begroting slegs 'n beplannings en administratiewe gereedskapsstuk en niks meer. Die fout wat die klein plattelandse gemeentes maak is dat die begroting 'n einddoel geword het. Deur eerstens die vraag te vra na die stand van finansies, is 'n bestuursbenadering terwyl darenteen die vraag na wat God se doel met die gemeente is, 'n geestelike onderskeidings vraag is. Laasgenoemde bring visie en energie terwyl eersgenoemde energie beroof en frustrasies bring en verder maak dat geloofsgemeenskappe fokus/visie op God se doel met die gemeente verloor.

Robinson (2003) vra vir volgens die vraag, *"wat moet gemeentes doen om die kultuur skuif te maak deur die begroting nie verder as 'n einddoel te sien nie, maar 'n means?"* Hy stel die volgende voor (2003:102-103):

- a) Die kunsmatige grense wat geskep is tussen die geestelike en besigheids lewe van die kerk moet afgebreek word;
- b) Om 'n strategiese proses te begin wat geestelike onderskeidend in karakter is (process of discernment). Die begeleidende vrae sal so 'n proses wees: Waartoe roep God ons om te wees en te doen; wat is ons doel; wat probeer ons bereik; wat is ons kern besigheid?

Finansies is nie 'n einddoel nie en die rede waarom alles draai nie, maar slegs 'n middel om te doen dit waartoe God hulle geroep het.

6.15 ANALISE VAN DATA

Die oorgrote meerderheid van kleingemeentes werk nie met 'n goedbeplande professionele begroting nie. Geld word deur Sondae oggende dienste as kollekte opgeneem en deur vrywillige maandelikse offers. Die geld word gedeponeer in die gemeentes se bankrekening en spandeer soos wat behoeftes opduik. Die gemeentes funksioneer hoogstens met 'n drie maandelikse finansiële verslag wat aandui hoeveel geld ingekom het, hoeveel gespandeer is en wat die huidige bankbalans is.

Die respondente (51.1%) is van mening dat hulle gemeentes wel 'n goedgekeurde begroting het, terwyl 24.4% meen dat hulle gemeentes nie 'n begroting het nie, 'n verdere 24.4% het die vraag nie geantwoord nie. Dit beteken dat 49% reken gemeentes het nie 'n goedgekeurde begroting nie. Dit beteken dat omtrent die helfte van die gemeentes nie volgens 'n begroting werk nie en hulle finansies op 'n tref-en-trap manier hanteer. Die navorser, vanuit sy werk en

ervaring met gemeentes, is van mening dat die persentasie nie korrek is nie en dat die konsep 'begroting' verwar word met 'n finansiële verslag wat aandui hoe finansies gespanne en hanteer is. Die navorser kan saamstem dat die meeste gemeentes finansiële verslae het en bespreek, maar nie 'n formele begroting nie. Indien dit waar is dat die meeste gemeentes 'n begroting het, dan sou agterstallige munisipale rekeninge, salarisse, Ring en Sinodale heffinge nie so groot probleem was nie.

Volgens tabel 48 meen 28.9% respondente dat die finansies van gemeentes al hoe meer krimp, d.w.s die finansiële posisies van gemeentes is besig om agteruit te gaan. Daar is 20% van die gemeentes se finansies wat groeiend is. Die groei in finansies beteken nie dat die finansies gesond is nie, selfs ook die aanduiding (26.7%) dat finansies stabiel is nie. Die gemeentes is nogtans nie in staat om 'n voltydse predikant of 'n tentmaker te kan bekostig nie, dus is die groei bloot daar omdat die uitgawes minimaal is. Sodra daar salaris uitgawes kom sal die uitgawes die inkomstes oorskry, en dus moet die inligting teen die agtergrond gelees word. Dit word bevestig deur die feit dat 13.3% van mening is dat gemeentes se finansiële toestand 'n ernstige bedreiging inhou vir die voortbestaan van gemeentes en 11.1% respondente het nie geantwoord nie. As die persentasies oor die finansies: krimpend, ernstige bedreiging en onbekend bymekaar getel word, dan is dit 53.3% wat meen dat gemeentes finansiële nie stabiel is nie. Die agteruitgang van die gemeentes se finansies word verder gestaaf (Tabel 49) deur die feit dat 48.9% respondente aantoon dat selfs die leraars wat voltyds in diens is nie op sinodale skaal vergoed word nie, en selfs 28.9% het die vraag nie geantwoord nie. Die feit is dat 77.8% respondente dus aantoon dat die finansiële posisie van die gemeentes nie stabiel is nie.

Vanuit die fokusgroep onderhoude oor die finansiële toestand van die klein plattelandse gemeentes het die volgende duidelik geword :

1. Die gemiddelde maandelikse inkomstes van gemeentes wissel tussen R600-R1000 per maand, wat in terme van die basiese uitgawes van 'n gemeente soos maandelikse konsultantsfooie, water en elektrisiteit rekeninge, ens., hopeloos te min is.
2. Gemeentes is konstant agterstallig met uitgawes en nie omdat daar 'n traagheid is om rekeninge te vereffen nie, maar omdat die inkomstes uiters laag is.
3. Respondente ook vanuit die onderhoude verklaar dat die finansiële toestand die voortbestaan van die gemeentes bedreig.
4. Die oordrewe klem op fondsinsameling as 'n alternatiewe metode om die inkomste te verhoog, is 'n teken en simbool daarvan dat die gemeentes se basiese inkomste sisteme

nie effektief is nie. Die gesprekke op kerkraads en bedienings vergaderinge word heel dikwels oorheers deur gesprekke en besluite oor die gemeente se finansies.

5. Die respondente is ook van mening dat dit die toedrag van sake is nie net vanweë ekonomiese faktore nie, maar ook as gevolg die lidmate se gebrek aan offervaardigheid.
6. Verder word die finansiële posisies beïnvloed deur ongesonde verhoudinge en leiers wat nie in die verband 'n voorbeeld stel nie.
7. Die respondente is oorwegend van mening dat die finansiële posisie van gemeentes beskryf kan word as: swak, stagnerend, wisselvalig en ongesond.
8. Die ekonomiese swakste komponent van die gemeente, die pensionarisse kan hul offers getrou bydra.
9. Van die respondente meen ook dat die toedrag van gemeentes se finansies ongesond is, omdat daar 'n geestelike armoede is.
10. Die respondente is van mening dat die finansies van gemeentes net sal verbeter as gemeentes 'n voltydse/deeltydse predikant het.
11. Die minderheid van gemeentes het 'n positiewe bankbalans, en bekostig hul maandelikse uitgawes.

6.16 SAMEVATTING

- Die meeste gemeentes se tekort aan voldoende finansies, rig hulle fokus op finansies eerder as die bediening.
- Die meeste gemeentes se uitgawes oorskry die inkomste.
- Die meeste kleingemeentes werk nie met 'n goed beplande begroting nie, wat daartoe aanleiding gee dat hulle nie altyd goeie rentmeesters is oor die min bronne tot hul beskikking nie. Goeie begrotings help 'n organisasie om ingeligte finansiële besluite te maak.
- Die meeste gemeentes sukkel om fooie te betaal soos: salarisse, konsulente en tentmakers.
- Gemeentes is oorwegend in 'n oorlewings stryd.

6.17 DIE ROL VAN LEIERSKAP IN DIE GEMEENTE

Die begrip 'leierskap' word op verskeie maniere beskryf in verskillende kontekste. Mark Lau Branson (2007:118), in "The missional church in context", sê die volgende oor leierskap:

“Modernity and its institutions have shaped us and our understandings of congregational leadership with a mix of management theory, therapeutic models, and media/marketing that builds on earlier paradigms of scholarship and rhetoric”. Daar is ‘n groot verskil in leierskap soos gedefinieer deur die sekulêre omgewing en gemeentelike leierskap. Die navorsing werk met die vraag, hoe lyk die gemeentelike leierskap?

Leierskap in die kerk/gemeentes is uniek en onderskei hulself van ander definisies van leierskap, omdat die kerk die styl van leierskap soos gedemonstreer deur Jesus Christus, volg. Dit onderskei die karakter van gemeentelike leierskap met ander uitdrukkings van leierskap. Die identiteit van gemeentelike leierskap is diensbaarheid, om te dien en daarom word dit in kort genoem ‘dienskneg-leierskap’ (servant leadership). Jesus het Sy eie bediening beskryf met die woord *dien*. Hy verklaar in Markus 10:35-45 dat Hy gekom het *om te dien* en nie om *gedien* te word nie. Die hoogste vorm van diens word deur Jesus self gedemonstreer deur Sy sterwe aan die kruis sodat die wêreld verlos kon word.

Die apostel Paulus definieer sy bediening in die lig van diens en beskryf homself as volg:

- a) Hy beskryf Jesus Christus as sy Heer en homself as die dienskneg van die gemeente (2 Kor 4:5).
- b) Hy beskryf homself met die opening van sy briewe as slaaf/dienskneg van Jesus Christus,
- c) Daarom roep hy die gemeentes op om dieselfde gesindheid te hê as die van Christus.

Die dienskneg leier, **eerstens**, dien God se agenda en sou dus vra na God se wil vir sy/haar lewe en God se wil vir die gemeente wat hulle dien. Colin Bishop (1995:65), in “Meeting the Future”, merk die volgende op: *“...the Sovereign Lord has a meticulous plan for every leader’s life, the task of the leader is to discover that very plan, and no other. God’s call to a specific ministry sets the direction and agenda for each leader”*. In die **tweede** plek, dien die dienskneg leier diegene wat hy/sy lei. Die dien van die medemens is een van bemagtiging. Peter Storey (1995:73), in “Meeting the Future”, meen dat bemagtiging een van die aspekte van leierskap is: *“Servant leadership begins with the understanding that our task as leaders is to serve those we lead and that we serve them best by empowering them”*. Bemagtiging meen Storey sal nie gebeur tensy gemeente leiers leer wat dienskneg leierskap is en sodoende ontdek dat hulle die taak het om die leke/lidmate toe te rus vir hulle dienswerk. Dit beteken, sê Storey, dat die leier mense help om hulle gawes te onderskei. Peter Senge (1990:341) , in sy boek, “The Fifth

Discipline”, vat dit so saam: “*The good leader is he who the people praise. The great leader is he who the people say, we did it ourselves*”.

Armour en Browning (2000:104). in hulle boek: “System sensitive leadership”, verwys na ‘n leierskap wat hulle noem sisteem sensitiewe leierskap Dit is ‘n leierskap wat daarin slaag om na gemeentes te kyk as verskillende sisteme en die gemeente te kan bestuur op so manier dat die sisteme mekaar komplimenteer en meewerk tot harmonie. Armour en Browning sê: “*System sensitive leaders structure ministries and functions around natural systems alignments. There is no one way of doing things* (2000:105)”.

Die dienskneg leier, soos hierbo bespreek, reken Malan Nel (2015:143) is ‘n missionale leier wat in staat is om gemeentes te ontwikkel as missionale gemeentes. Missionale leierskap verwys na ‘n leierskap wat voortdurend vra na die wil en missie van God en dan daarby inskakel en deelneem. Nel (2015:174) verbind ook die missionale leier as ‘n teokratiese leierskap styl, waar die klem geplaas word op die feit dat God regeer deur Sy Woord en die rigting aangee in die geval van die missionale ontwikkeling van die plaaslike gemeente. Die leierskap neem gemeentes op om aan te sluit by die Missio Dei deur konstant aandag te gee aan vrae soos: Wie is ons; Waarvandaan kom ons; Waar is ons huidiglik; Waarheen is ons oppad; Waarvoor gee ons om; Wat is die rede vir ons bestaan, Na wie toe stuur God ons? Missionale leierskap het ‘n konstante gerigtheid soos God op die wêreld en die heil vir die omgewing. Gelder en Zscheile (2011:155) noem dit is ‘n leierskap (participatory leadership) wat werk met die veronderstelling: “*that the church finds its identity in the participation in God’s mission in the world, and that it is primarily the Holy Spirit who leads christian communities*”.

Die missionale leier is een wat die veranderinge in die wêreld en die behoeftes en nood van mense in ag neem. Van Gelder en Zscheile (2011:151) beskryf die mees belangrike karaktertrek van ‘n missionale leier as volg: “*Listening attentively to the Word, to one another and to the world is central in participating in God’s mission*”.

Daarteenoor, staan wat die navorsing noem die **Status Quo leierskap** (Instandhouding). Dit is die soort leierskap wat nie grense oorsteek en risikos waag nie. Dit hou by die bekende en is negatief oor verandering. Die leiers is gemaklik binne die bekende grense en slaag daarin om die bekende in stand te hou deur dit te beheer met reëls en regulasies. Die rede daarvoor is dat dit sekuriteit bied. Dit ignoreer die veranderinge in die omgewing en verwag dat die omgewing eerder moet inpas. Die leiding gaan gepaard met weinig tot geen ontwikkeling en bemagtiging

nie. Mag en beheer is sterk karaktertrekke van die leierskap. Die styl van leierskap is outokraties, d.w.s. die leier het groot gesag en mag oor die wat hom volg, alles hang van die leier af.

‘n Prioriteit van die **Status Quo leierskap**, is die belange van die organisasie/gemeente, dat die gemeente se behoeftes bevredig is, ‘n na-binne gerigtheid. Dit is oor die soort leierskap waaroor Allan Roxburgh (2005:143), in sy boek, “The sky is falling-leaders lost in transition”, die volgende opmerking maak: “...our culture is moving through discontinuous change, and most of the church systems and leadership capacities that were developed through out the twentieth century are no longer relevant to leading our churches towards reformation around God’s next steps for us”.

Loren Mead (2001:41) beskryf die leiers in sy boek, “The once and future church”, as leiers wat hard probeer om die ou gevestigde gemeente patrone beter te maak: “They try to turn the clock back to the familiar dream of the Christendom paradigm, working to resurrect an anti-urban institution”.

6.18 ANALISERING VAN DATA

Na aanleiding van **Tabel 65** aangaande die rol van die leierskap in die gemeente, het die respondente soos volg gereageer:

Dit is interessant dat slegs 4.4% respondente die vraag nie in gevul het nie. In terme van die vraag het ‘n absolute minderheid van 2.2% gesê dat hul gemeente nie die tradisionele kerkraad struktuur het nie, terwyl dit baie duidelik is dat die meeste respondente meen dat hulle funksioneer met een kerkraad bestaande uit ouderlinge en diakens. In die VGKSA Vrystaat/Lesesotho is dit duidelik dat die amp van ouderling en diaken baie noodsaaklik en belangrik is vir die effektiewe funksionering van die gemeentes. Die rede daarvoor is dat die meeste gemeentes se prediker poste vakant is en sal moontlik vir nog baie jare vakant sal wees en die amp van ouderling en diaken is belangrik vir die bestuur van gemeentes. In terme van die vraag of gemeentes ander strukture gebruik as die tradisionele, het 84.4% die vraag nie geantwoord nie, omdat respondente daardeur ‘n aanduiding gee dat die een kerkraad bestaande uit predikant, ouderlinge en diakens, die manier is waardeur die bediening bestuur word. Dit is vir die vakante klein plattelandse gemeentes die gewaarborgde manier om die status quo in stand te hou.

6.18.1 Gebrek aan missionale leierskap (Tabel 66)

‘n Aansienlike persentasie (46.7%) het die vraag rakende die missionaliteit van die gemeentes nie ingevul nie. Die rede hiervoor mag wees dat die respondent nie die vraag verstaan het nie. Dit mag ook wees omdat hulle wou aandui dat gemeentes nie missioneel is nie en ook nie eersending projekte het nie. Dit sou ‘n sterk aanduiding wees van hulle na-binne gerigte identiteit. Laasgenoemde word bevestig deur ‘n 29.2% respondent wat verklaar dat hulle gemeentes missionale gemeentes is. Die genoemde persentasie word betwis in die lig van tabel 67 waar slegs 2.2% respondente verklaar dat gemeentes missionaal in hul karakter is.

6.18.2 Gebrek aan visie (Tabel 67)

Die respondente het op die vraag of die gemeente duidelike visie en doelwitte het 26.7% geantwoord dat daar geen doelwitte geformuleer is nie en 24.4% het nie die vraelys voltooi nie. Dit impliseer dat 51.3% respondente aantoon dat gemeentes nie duidelike doelwitte het nie. Slegs 15.6% respondente meen dat die gemeentes die doelwit het om beter as ‘n organisasie te funksioneer en gelei word deur ‘n visie. Die klem van alles wat in die gemeentes gebeur draai om finansies en die gemeentes leef met die illussie dat indien daar beter finansies is, dit met die gemeente beter sal gaan. Daarteenoor reageer die absolute minimum met persentasies wat wissel van 1.1%-2.2% dat die gemeente se doelwitte gaan oor erediensgroei, gesins en familie sorg, uitreik en sending, koinonia, toerusting, dienswerk, voorbidding, gebed en barmhartigheid. Dit is duidelik dat die vakante klein plattelandse gemeentes in ‘n oorlewingstryd is en reken dat hulle behoud lê in die eerste plek in die versekering dat daar voldoende finansies is. Daarom word energie gespandeer op laasgenoemde. Die gemeentes is duidelik instandhoudings gemeentes wat net fokus op die instandhouding van die status quo. Die feit dat 26% respondente aantoon dat die gemeentes nie doelwitte formuleer nie, is ‘n teken dat die gemeentes na-binne gerig is en hulle visie op die konteks waarbinne hulle leef, verloor het. Die respondente toon oorwegend aan dat die kern besigheid waarvoor God gemeentes roep en stuur nie die aandag geniet nie, maar eerder finansies.

Vanuit die onderskeie **fokusgroep onderhoude** het die respondente die rol van die leiers in gemeentes as volg beskryf. Dat die rol van gemeente leierskap een van bemagtiging moet wees, deur wie lidmate in verskeie areas van hulle lewe toegerus moet word sodat hulle op ‘n effektiewe wyse betrokke kan wees. Die respondente verwys spesifiek daarna dat die leierskap hulle moet leer in die interpretasie en begrip van die kerkorde, asook in sake soos finansies.

Dit is interessant dat die lidmate se verwagting is dat bemagtiging moet plaasvind in terme van die kerkorde waarmee die huidige strukture in stand gehou word. Die respondente het baie duidelik 'n ekklesiosentriese benadering tot gemeentes en nie 'n Teosentriese benadering nie.

Dit is tipies van vasgeloopte gemeentes wat die kerk in stand hou daardeur en veronderstel dat die kerk dan 'n gesonde kerk sal wees indien daar voldoende finansies is en die kerkorde goed geïmplimenteer word. Die feit dat daar 'n behoefte is aan finansiële bemagtiging mag wees omdat die respondente veronderstel, dat as hulle meer weet van finansies en dit so hanteer, die gemeentes meer effektief sal funksioneer. Laasgenoemde mag ook die geval wees, maar die behoefte weerspieël en bevestig weereens die oordrewe klem en fokus op finansies .

Verder is die mening van die respondente dat die leiers die rol het om huisbesoeke te doen deur lidmate by hulle huise te besoek en te luister na hulle probleme. Tydens die huisbesoeke moet lidmate vermaan word waar nodig en troos gebring word vir die seergemaaktes (being there). Hulle moet verder die eredienste (prediking) waarneem op Sondag. Soos skaapwagters moet hulle die ouer mense en siekes besoek. Hulle moet optree deur konflik te bestuur en versoening bring waar verdeeldheid heers. Hulle moet mense motiveer om na die gemeente te kom en mense tot bekering (discipeling) lei.

Die rol van leiers word verder deur die respondente beskryf as dat hulle die gemeente moet goed bestuur op so manier dat veral rakende finansies daar 'n deursigtigheid moet wees. Die leiers moet ook die visie van die gemeente bestuur dat dit lewend bly in die harte en lewe van lidmate.

'n Leierskap van integriteit is krities, dus moet hulle diensbare leiers wees wat fokus op die behoefte van die gemeente. Hulle moet die gemeente lei sodat die gemeente geestelik gesond is. Leierskap moet 'n roeping wees wat uitgeleef word.

6.19 SAMEVATTING

- Die kwantitatiewe en kwalitatiewe analises van die data toon dat die klein plattelandse gemeentes 'n gebrek het aan 'n missionale leierskap wat visionêr is en op 'n kreatiewe lewensveranderende wyse leiding bied wat gemeentes bemagtig en transformeer om deel te neem aan die Missio Dei. Die gemeentes het 'n tekort aan 'n leierskap wat 'n goeie eksegeese kan maak van Gods Woord aan die een kant en aan die anderkant 'n eksegeese van die omgewing (konteks) en dan gemeentes lei om gemeente te wees in die lig

daarvan. Die gebrek hieraan is een van die groot redes waarom gemeentes vasgeloop is.


- Die kwantitatiewe en kwalitatiewe analyses van die data toon dat die klein plattelandse gemeentes se leiers oorwegend een styl in ag neem en ander sisteme se manier van dink, luister en behoeftes ignoreer omdat slegs een dominante styl geld en alles daarondom moet inpas. Die afwesigheid van sisteem sensitiewe leierskap is die rede waarom klein plattelandse gemeentes 'n bedieningspraktyk het wat die behoeftes van lidmate mis en as sulks die bediening deur baie as onbelangrik ervaar word. Arnold Smit (1995:40), in die boek, "Meeting the future" stel dit so: *"Leadership displays a tendency to perpetuate itself, carrying preferences, styles and attitudes from one term of office to the next and even from generation to generation"*.
- Die kwantitatiewe en kwalitatiewe analyses van die data toon dat die klein plattelandse gemeentes gelei word deur status quo leierskap style wat geen nuwe vrae vra of kreatief of visionêr dink en optree en sodoende gemeentes begelei uit hulle vasgeloopte posisies nie. Nelus Niemandt verwys na die styl as 'n klassieke leierskapstyl. Die styl, beskryf Niemandt (2013:47), werk met 'n hiërargiese uitoefening van mag deur straf en beloning. Beheer en kontrole is kenmerkend van die styl. Niemandt toon aan dat die probleem met die styl is dat dit nie lidmate bemagtig nie, maar eerder passief hou en die verantwoordelikhede op die leier afskuif. Hulle fokus net op die instandhouding van die mees basiese en wat bekend is. Vrae om te oorleef is die besprekingspunt en nie vrae soos: Wie is ons, wie is God en wat is God se missie in en vir die wêreld nie en waarheen stuur God ons gemeente in die tyd en plek?
- Die data toon verder aan dat die klein plattelandse gemeentes het 'n behoefte aan 'n leier wat die gemeente in stand kan hou. Die meeste gemeentes wil graag 'n voltydse predikant hê. 'n Leier wat die bediening vir hulle kan doen, preek, eredienste, huisbesoek, barmhartigheid, die konflik hanteer, en vir hulle leer. Die leier moet die geestelike werk doen deur soos n herder die skape besoek. Die behoefte is sterk aan die Herder-kudde model. Die leier moet hulle leer, bemagtig, lei en geestelik laat groei. Die respondente glo dat as daar 'n predikant is, dan sal die bediening verbeter.
- Die afwesigheid van 'n sterk, betroubare leier is een van die prominente redes waarom gemeentes vasgeloop is.
- Die leier moet eerlik, betroubaar en 'n man van integriteit wees.

- Daar is 'n gebrek aan missionele leierskap. Leierskap van die gemeentes is instandhouders van die status quo.

Daarteenoor, dink ek Allan Roxburgh (2005:145), in sy boek, "The sky is falling", is reg in sy opmerking: *"the role of leaders is to cultivate environments that release the missional imagination of the people of God"*.

6.20 KONKLUSIE

Die fokusgroep onderhoude het deel uitgemaak van die kwalitatiewe navorsing met vyf gemeentes. Die data wat verkry was van die fokusgroep onderhoude was gekodeer na aanleiding van die volgende vier kategoriee, naamlik: die doel van 'n gemeente; die rol van die gemeente in die gemeenskap; die toestand van die gemeente se finansies en laastens die rol van die leierskap in gemeentes. Die onderstaande diagram toon aan watter kodes by elke kategorie navore gekom het:



Figuur 6.3: Klein Gemeentes

6.20.1 Die doel van ‘n gemeente

Die *doel van ‘n gemeente* handel oor die bestaansrede en vra waarom die gemeente bestaan. Die respondente het aangetoon dat ‘n gemeente bestaan om mekaar te *ondersteun*. Lidmate moet mekaar ondersteun ten tye van krisisse soos armoede, siekte en dood. Lidmate moet ingestel moet wees op mekaar se fisies en emosionele behoeftes. Die gemeente behoort lidmate te help om in hul verhouding met God te groei deur bybelstudie, huisbesoeke, gebede en eredienste. Die respondente meen verder dat dit die kerk se doel is om lidmate te help om betrokke te raak by die bediening van die gemeente. Dit is volgens hulle ook die plig en taak van die gemeente om lidmate te begelei om in ‘n tyd van sosiale verval moreel en eties reg te leef. Die respondente meen dat dit belangrik is dat die gemeente die evangelie verkondig aan mense buite die kerk. Dit beteken dat evangelisasie aangewys is as ‘n kern bediening van elke gemeente.

Die data dui aan dat gemeentes in terme van die doel van ‘n gemeente daarop dui dat gemeentes bestaan ter wille van hul eie voortbestaan.

6.20.2 Die rol van die gemeente in die gemeenskap

Die respondente toon aan dat die gemeentes betrokke is in die gemeenskap deur mense buite die kerk by te staan deur die kerk geboue aan te bied vir begrafnisse van buite kerklike persone. Interessant dat die respondente van al vyf gemeentes begrafnisse aanwys as betrokkenheid by die konteks waarin hulle bestaan in die gemeenskap. Die hoop is dat die families na die begrafnis by die kerk sal aansluit. Die gemeentes is geleë in omgewings waar daar diverse sosiale euwels, soos dwelm en drankmisbruik, bende geweld, inbrake, diefstal, tiener swangerskappe aan die orde van die dag is. Die respondente dat van die gemeente lede betrokke is deur te dien op gemeenskaps-en-polisie forums wat ten doel het om die euwels aan te spreek. *Barmhartigheid* is volgens die respondente een van die ander maniere hoe gemeentes betrokke is in die gemeenskap deur vir behoeftiges kos, klere en komberse uit te deel.

6.20.3 Die toestand van die gemeente se finansies

Die meerderheid van die respondente is van mening dat die kleingemeentes se finansiële toestand van gemeentes *stagneer* en ‘n ernstige *bedreiging* inhou vir die voortbestaan van gemeentes in die sin dat die gemeentes nie hulle basiese gemeentelike uitgawes (rings en

sinodale heffings; munisipale rekeninge) kan diens nie. Die groot rede vir die toedrag van sake het te doen met die feit dat die gemeente lede slagoffers van armoede en werkloosheid is. Die minderheid van respondente beskryf die toestand van hulle gemeente finansies as *stabiel* en *groeierend*. Die navorsing het bewys dat groei en stabiel in die kleingemeentes nie beteken dat hulle volhoubaarheid bereik het nie. Laasgenoemde gemeentes funksioneer juis as gevolg van onvoldoende fondse met tentmaker predikante. Die gemeentes se finansies is nie in 'n gesonde situasie nie. Die gemeentes toon almal 'n tekort aan hulpbronne soos voldoende fondse en plaas al hulle energie daarin om fondse in te samel om te oorleef. In die proses verloor gemeentes hulle fokus op die Missio Dei.

6.20.4 Die rol van die leierskap in die gemeente

Die kleingemeentes ervaar 'n tekort aan menslike hulpbronne en spesifiek predikante, en as gevolg van 'n ernstige tekort aan fondse is hulle nie in staat om voltydse predikante aan te stel nie..Gemeentes word bedien deur of tentmaker predikante of konsulente wat net die sisteem instand hou. Die kerkraad is grotendeels verantwoordelik vir die dag-tot-dag hantering van die gemeente asook eredienste. Die respondente is van mening dat die rol van leierskap is om diversiteit goed te bestuur omdat die gemeentes so divers is interme van ras, taal en kultuur. Die kode oor konflik het ook by alle fokusgroepe voorgekom as een van die grootste oorsake van probleme en verdeeldheid en daarom dui hulle aan dat leiers toegerus moet wees om konflik konstruktief te kan fasiliteer. Die fokusgroepe se mening is dat leierskap 'n roeping van God op die lewe van leiers moet wees. Al die groepe het gereageer en leierskap met die metafoor van 'n herder vergelyk wat daarop dui dat dit iemand moet wees wat die gemeente versorg en luisterend aandag gee aan die lidmate se emosionele uitdagings (pastoraat), maar ook aan die fisiese behoeftes (barmhartigheid). Die verwagting is verder dat die leiers die eredienste moet instandhou as deel van hulle geestelike versorging aan die lidmate maar ook die evangelie verkondig aan diegene buite die kerk (evangelisasie).

6.21 SAMEVATTING

Dit is duidelik uit die data soos verkry uit die kodering dat gemeentes sterk ekklesiologies dink oor gemeentes en nie 'n missionale ekklesiologie mee werk nie. Alles is gefokus op instandhouding. Dit kan nie verander nie omdat die konsulente, tentmakers en voltydse

predikante nie 'n missionale leierskap is nie. Die gemeentes kan net missionaal ontwikkel as daar 'n missionale leierskap is.

In Hoofstuk 7 word in die lig van die navorsing sal aandag gegee word aan die hoofnavorsings vraag: “Hoe lyk die missionale ontwikkeling van die klein plattelandse gemeentes?” Daarna sal enkele gevoltrekkings gemaak word. Ten slotte sal die hoofstuk die beperkinge van die navorsing uitwys en ook toekomstige navorsings tema's aandui.

HOOFSTUK 7

DIE MISSIONALE ONTWIKKELING VAN KLEIN PLATTELANDSE GEMEENTES: ENKELE GEVOLGTREKKINGS

7.1 INLEIDING

Die doel van die hoofstuk is om in die lig van die navorsing aandag te gee aan die hoofnavorsings vraag: “Hoe lyk die missionale ontwikkeling van die klein plattelandse gemeentes?” Hier word spesifiek verwys na die kleingemeentes van die V.G.K-Vrystaat\ Lesotho. Daarna sal in die lig van die empiriese navorsings resultate enkele gevoltrekkings gemaak word. Ten slotte sal die hoofstuk die beperkinge van die navorsing uitwys en ook toekomstige navorsings tema’s aandui.

7.1 DOEL VAN DIE NAVORSING

Die doel van die navorsing was: a) om die probleme van klein gemeentes empiries na te gaan en te kwantifiseer, en b) om te kyk na die missionaliteit (missionale ontwikkeling) van die gemeentes. Daardeur beantwoord die navorsing die hoof navorsingsvraag, naamlik: “Hoe lyk die missionale ontwikkeling van die klein plattelandse gemeentes?” Die navorsing het verder ook die volgende sub-navorsings vrae (Hoofstuk 1) geantwoord:

1. Wat is die kenmerke van ‘n missionale gemeente? Die vraag word behandel in Hoofstuk 2 en gee ‘n teologiese begronding van wat ‘n missionale gemeente is. Dit vorm deel van die literatuur studie. Die sub-navorsings vraag hou verband met die derde taak van praktiese teologie. Osmer (2008:4, 129) noem dit die normatiewe taak wat die vrae:” Wat is veronderstel om te gebeur”.
2. Wat is die kenmerke (profiel) van klein plattelandse gemeentes in die VGKSA Vrystaat/Lesotho? Die spesifieke sub-navorsings vraag word in Hoofstuk 4 behandel waarin beskryf word wat aan die gang is in die kleingemeentes onder navorsing. Die vraag hou verband met die eerste taak van praktiese teologie wat Osmer (2008:4, 31) noem die beskywende empiriese studie te deel. Dit beteken dattaak wat vra:” wat is aan die gevoltrekkings op grondgang”.
3. Hoe word ‘n gemeente empiries geanaliseer? Die navorsings vraag word behandel in Hoofstuk 8 waarin aangedui word hoe ‘n gemeente empiries geanaliseer word. Die

vraag sluit ook aan by die vraag van Osmer (2008:4, 31), naamlik wat is aan die gang. ‘n Empiriese analise help om die vraag te beantwoord. Nel en Schoeman (2015:85) onderstreep dit wanneer hulle die volgende stelling maak:” *Empirical research is an inescapable part of responsible congregational analysis*”.

4. Wat leer ons uit die empiriese analise van klein plattelandse gemeentes van die VGKSA Vrystaat/Lesotho?
5. Watter strategieë kan klein plattelandse gemeentes help om missionaal te ontwikkel. Die vraag hou verband met die vierde taak van praktiese teologie wat Osmer (2008:4, 175) noem die pragmaties taak wat vra hoe moet gereageer word.

7.2 METODOLOGIE VAN DIE NAVORSING

Die navorsing het van ‘n gemengde metode gebruik gemaak waarvolgens ‘n kwantitatiewe benadering gebruik was en gestruktureerde vraelyste aan alle gemeentes versprei was. Die navorsing het ook ‘n kwalitatiewe benadering gevolg deur ses gemeentes te identifiseer uit die verskillende streke met wie fokusgroep onderhoude gevoer was. Dit is vooraf gegaan deur ‘n literatuur studie wat gefokus het op: 1) die kenmerke van ‘n missionale gemeente (Hoofstuk 2). Hiervolgens was ‘n teologiese begronding gegee van wat ‘n missionale gemeente is en 2) ‘n teoretiese basis van wat die kenmerke van ‘n klein gemeente is (Hoofstuk 3).

7.3 KENMERKE VAN ‘N MISSIONALE GEMEENTE

In Hoofstuk 2 was die sub-navorsings vraag:” Wat is die kenmerke van ‘n missionale gemeente?” beantwoord. Dit bied ‘n teologiese begronding van wat ‘n missionale gemeente is. Lois Barrett (2004:74) identifiseer agt (8) patrone waaraan ‘n missionale (gestuurde) gemeente erken kan word en die agt patrone van ‘n missionale gemeente bied ‘n goeie basis waarin gemeentes hulle missionale identiteit kan meet. Dit help om ‘n goeie missionale ekklesiologie te ontwikkel en dat gemeentes hulle missionale roeping (*missio ecclesiae*) kan verstaan. Die patrone vorm die kern vir die missionale ontwikkeling van die klein plattelandse gemeentes?” Dit vorm belangrike indikatore om gemeentes wat vasgeloop en na binne gerig geraak het te help om te ontwikkel as na buite gerigte gemeentes. Coenie Burger help hierin wanneer hy hieroor die volgende verklaar: “*The focus of the church should never be on the church but on the world outside the church. We are not called to build impressive, beautiful or powerful*

churches; we are called to serve and to witness to the communities in which we are planted (2021:398)⁸²”.

Die kleingemeentes van die VGK-Vrystaat/Lesotho ervaar uitdagende tye. Die gemeentes se voortbestaan word bedreig deur die verlies aan lidmate wat na stede verhuis ter wille van beter werkseleenthede of wat die gemeente verlaat en aansluit by charismatiese kerke. Die gemeentes se voortbestaan word ook grootliks bedreig deur gebrek aan voldoende fondse. ‘n Volgende bedreiging vir die voortbestaan van kleingemeentes is langdurige vakantheid. Kleingemeentes in die provinsie is gewikkel in ‘n oorlewingstryd (Addendums 4-9). Die gevolg hiervan is dat kleingemeentes ontwikkel het as instandhoudings en na binne gerigte gemeentes en ontbreek aan ‘n missionale identiteit. Die gemeentes funksioneer met ‘n sterk ekklesiologiese benadering tot missionaliteit wat meebring dat ‘n teosentriese missionale ekklesiologie ontbreek.

7.4 KENMERKE VAN DIE KLEIN PLATTELANDSE GEMEENTES

Die hoofstuk het veral deur die beskrywing van die verskillende kategorieë van gemeentegrootte, kenmerke en uitdagings aangedui hoe uniek die kleingemeentes is. Deur laasgenoemde is ook aangedui die belangrike rol wat kleingemeentes in die wêreld vervul. Kleingemeentes kom voor oral in die wêreld en onder verskillende kerklike denominasies en het sekere basiese kenmerke en uitdagings in gemeen. Die navorsing fokus op die klein plattelandse gemeente en die hoofstuk help om klein gemeentes te verstaan en ‘n teoretiese raamwerk daar te stel as ‘n lens waardeur na kleingemeentes gekyk mag word.

Die hoofstuk hou direk verband met die sub-navorsings vraag 2 wat handel oor die kenmerke en karaktertrekke van die kleingemeentes. Die kenmerke soos hierbo vervat is belangrik vir die verstaan van klein plattelandse gemeentes.

7.5 EMPIRIESE ANALISE VAN GEMEENTES

In die hoofstuk het die navorsing aangesluit by die sub-navorsings vraag 2 deur breedvoerig te beskryf hoe die kleingemeentes van die VGKSA Vrystaat/Lesotho daaruit sien. Die hoofstuk het aangedui wie die gemeentes is, wat basiese algemene kenmerke van die gemeentes is, wat

⁸² Missional Ecclesiology. 2021. Coenie Burger, Frederick Marias, Pieter van der Waldt (Redakteurs

die grootste uitdagings in die gemeentes is en hoe hulle reageer ten opsigte van die omstandighede.

In die lig van bogenoemde data is dit duidelik dat die oorgrote meerderheid van gemeentes in die Sinode klein plattelandse gemeentes (75.28%) is. Die meeste gemeentes is vakant en ander met tentmaker predikante. Die meeste gemeentes leef in 'n konteks van armoede. Konflik is destruktiewe en handel in sekere gevalle oor nietige sake, leierskap konflik, konflik oor geld, geboue. Die gemeentes beleef afname (decline) in erediensbywoning; afname in aktiwiteite van die gemeentes; afname in lidmaatskap, afname in leierskap, finansies, meelewing. Die gemeentes is vasgeloop en na binne gerig. Armoede het die gesig van die kerk geword en veroorsaak dat gemeentes se fokus is op fondsinsameling(geld) en nie in die uitleef van hulle missionale identiteit nie. Die feit dat die meeste predikante, tentmakers is en as gevolg daarvan deur die week voltyds aan hulle sekulêre werk moet aandag gee - die gevolg dat hulle net die status quo instand hou (addendums 4-9).

7.5.1 Die doel van 'n gemeente

Die *doel van 'n gemeente* handel oor die bestaansrede en vra waarom die gemeente bestaan. Die respondente het aangetoon dat 'n gemeente bestaan om mekaar te ondersteun. Lidmate moet mekaar ondersteun ten tye van krisisse soos armoede, siekte en dood. Dat lidmate ingestel moet wees op mekaar se fisies en emosionele behoeftes. Die gemeente behoort lidmate te help om in hul verhouding met God te *groei* deur bybelstudie, huisbesoeke, gebede en eredienste. Die respondente meen verder dat dit die kerk se doel is om lidmate te help om betrokke te raak by die bedieninge van die gemeente. Dit is volgens hulle ook die plig en taak van die gemeente om lidmate te begelei om in 'n tyd van sosiale verval moreel en eties reg te leef. Die respondente meen dat dit belangrik is dat die gemeente die evangelie verkondig aan mense buite die kerk. Dit beteken dat evangelisasie aangewys is as 'n kern bediening van elke gemeente.

Die data dui aan dat gemeentes in terme van die doel van 'n gemeente daarop dui dat gemeentes bestaan terwille van hul eie behoud.

7.5.2 Die rol van die gemeente in die gemeenskap

Die respondente toon aan dat die gemeentes betrokke is in die gemeenskap deur mense buite die kerk by te staan deur die kerk geboue aan te bied vir begrafnisse van buite kerklike persone. Dit is interessant dat die respondente van al vyf gemeentes begrafnisse aanwys as betrokkenheid in die gemeenskap. Die hoop is dat die families na die begrafnis by die kerk sal in die hoofstuk aanbevelings gemaak word oor die navorsingaansluit. Die gemeentes is geleë in omgewings waar daar diverse sosiale euwels, soos dwelm en drankmisbruik, bende geweld, inbrake, diefstal, asook tiener swangerskappe aan die orde van die dag is. Die respondente glo dat van die gemeente lede betrokke is deur te dien op gemeenskaps-en polisie forums wat ten doel het om die euwels aan te spreek. Barmhartigheid is volgens die respondente een van die ander maniere hoe gemeentes betrokke is in die gemeenskap deur vir behoeftiges kos, klere en komberse uit te deel.

7.5.3 Die toestand van die gemeente se finansies

Die meerderheid van die respondente is van mening dat die kleingemeentes se finansiële toestand van gemeentes stagneer en 'n ernstige bedreiging inhou vir die voortbestaan van gemeentes in die sin dat die gemeentes nie hulle basiese gemeentelike uitgawes (ringe en sinodale heffings; munisipale rekeninge) kan diens nie. Die groot rede vir die toedrag van sake het te doen met die feit dat die gemeente lede slagoffers van armoede en werkloosheid is. Die minderheid van respondente beskryf die toestand van hulle gemeente finansies as stabiel en groeiend. Die navorsing het bewys dat groei en stabiel in die kleingemeentes nie beteken dat hulle volhoubaarheid bereik het nie. Laasgenoemde gemeentes funksioneer juis as gevolg van onvoldoende fondse met tentmaker predikante. Die gemeentes se finansies is nie in 'n gesonde situasie nie. Die gemeentes toon almal 'n tekort aan hulpbronne soos voldoende fondse en plaas al hulle energie daarin om fondse in te samel om te oorleef. In die proses verloor gemeentes hulle fokus op die missio Dei.

7.5.4 Die rol van die leierskap in die gemeente

Die kleingemeentes ervaar 'n tekort aan menslike hulpbronne en spesifiek predikante, en as gevolg van 'n ernstige tekort aan fondse is hulle nie in staat om voltydse predikante aan te stel nie. Gemeentes word bedien deur of tentmaker predikante of konsulente wat net die sisteem instand hou. Die kerkraad is grotendeels verantwoordelik vir die dag tot dag hantering van die

gemeente asook eredienste. Die respondente is van mening dat die rol van leierskap is om diversiteit goed te bestuur omdat die gemeentes so divers is in terme van ras, taal en kultuur. Die kode oor *konflik* het ook by alle fokusgroepe voorgekom as een van die grootste oorsake van probleme en verdeeldheid en daarom dui hulle aan dat leiers toegerus moet wees om konflik konstruktief te kan fasiliteer. Die fokusgroepe se mening is dat leierskap 'n roeping van God op die lewe van leiers moet wees. Al die groepe het gereageer en leierskap met die metafoor van 'n herder vergelyk wat daarop dui dat dit iemand moet wees wat die gemeente versorg en luisterend aandag gee aan die lidmate se emosionele uitdagings (pastoraat), maar ook aan die fisiese behoeftes (*barmhartigheid*). Die verwagting is verder dat die leiers die eredienste moet instandhou as deel van hulle geestelike versorging aan die lidmate maar ook die evangelie verkondig aan diegene buite die kerk (*evangelisasie*).

Samevatting:

Dit is duidelik uit die data soos verkry uit die kodering dat gemeentes sterk ekklesiologies dink oor gemeentes en nie 'n missionale ekklesiologie mee werk nie. Alles is gefokus op instandhouding. Dit kan nie verander nie omdat die konsulente, tentmakers en voltydse predikante nie 'n missionale leierskap is nie. Die gemeentes kan net missionaal ontwikkel as daar 'n missionale leierskap is. Niemandt (2014:5) onderstreep die belangrikheid van leierskap in die vorming van missionale leierskap: *"the key to the formation of missional communities is their leadership...leadership is a critical gift, provided by the Spirit because, as the Scriptures demonstrate, fundamental change in any body of people requires leaders capable of transforming its life and being transformed themselves"*.

7.6 BEVINDINGE

Alan Hirsch (2006:152) vat die kern van die probleem van die kleingemeentes vas wanneer hy die volgende stelling maak: *"If we really want a missional church, then we must have a missional leadership system to drive it"*.

Die ondersoek was gedoen onder die 50 klein vakante plattelandse gemeentes in die V.G.K-Streek Sinode, Vrystaat/Lesotho. Die navorsing het van 'n gemengde metode ('mixed method') gebruik gemaak, dit wil sê kwantitatief en kwalitatief. Die kwantitatiewe navorsing was gedoen onder alle gemeentes. Hiervoor is vraelyste aan gemeentes verskaf wat hulle moes invul en weer terugbesorg aan die navorser (Addendums 1-3). Die doel van die kwantitatiewe navorsing

was om 'n oorhoofse prentjie te gee van die gemeentes. Die kwalitatiewe navorsing was gedoen deur gestruktureerde fokusgroep onderhoude (Addendums 4-9), met ses gemeentes as steekproef. Die doel van die kwalitatiewe navorsing was om die missionale identiteit van gemeentes te beskryf. Daarom het die gestruktureerde vrae gefokus op vier areas, naamlik:

1. Die *doel* van gemeentes.
2. Die rol van die gemeente in die *gemeenskap*.
3. Die toestand van die gemeentes se *finansies*.
4. Die rol van *leierskap* in die gemeente.

7.6.1 Kwantitatief

Die vraelyste het getoon dat die gemeentes tradisionele gemeentes is wat funksioneer met die herder-kudde bedienings model. Die realiteit is dat die klein plattelandse gemeentes verarm, kleiner word en ook geestelik agteruitgaan. Die navorsing het duidelik vanuit die resultate van die kwalitatiewe navorsing getoon dat die gemeentes onder wie die empiriese studie gedoen was, vasgeloopte gemeentes is. Genoemde gemeentes is instandhouding gemeentes wat gerig is op oorlewing.

7.6.2 Kwalitatief

Die fokusgroep onderhoude het bevind dat:

1. Die gemeentes leef met 'n ekklesiologiese begrip van missionaliteit en nie 'n teosentriese begrip van missionaliteit nie.
2. Die leierskap van die kerk in die Vrystaat oorwegend 'n klassieke, tradisionele leierskap is wat die status quo in stand hou.

7.7 MISSIONALE LEIERSKAP

Dit is duidelik uit die navorsing dat die missionale ontwikkeling van klein gemeentes net moontlik is, as die ekklesiologiese begrip van missionaliteit skuif na 'n Teosentriese begrip van missionaliteit. Laasgenoemde kan slegs gebeur as die leierskap gehelp word om te ontwikkel van 'n klassieke, tradisionele leierskapstyl na 'n missionale leierskapstyl. Niemandt beskryf dit as volg: “*Een van die probleme is dat die manier waarop leierskap tans in die kerk funksioneer onvoldoende is en die kerk nie help om 'n missionale kerk te word nie. Nog erger*

- dit is dalk een van die grootste hindernisse in die groei na 'n missionale kerk (2013:45-46)". Die verhaal van die VGK-Mariental, in die suide van Namibië, 'n klein vasgeloopte, oorlewings, na-binne gerigte, herder-kudde model gemeente met 'n tradisionele leierskap sisteem, illustreer dat die skuif van 'n klassieke leierskapstyl na 'n missionale leierskapstyl, die gemeente verander het, na 'n klein sterk missionale gemeente (Addendum 10).

Die navorsing het getoon dat die meeste kleingemeentes in die streeksinode Vrystaat/Lesotho bedien word deur tentmakers wat 'n voltydse sekulêre werk buite die gemeente grense ook het. Die predikante moet oor ver afstaande ry om die gemeentes oor naweke te bedien. Die gevolg is dat die predikante slegs die status quo handhaaf. Die klein vakante gemeentes word andersins bedien deur konsulente wat slegs elke derde maand die gemeente besoek om kerkraadsvergaderinge, doop en nagmaaldienste waar te neem. Dieselfde geld vir die konsulente, naamlik dat hulle net die status quo in stand hou. In die afwesigheid van die tentmakers of konsulente hou die kerkraad die basiese van die gemeente in stand. Die gevolg van die tradisionele leierskapstyle is dat die kleingemeentes vasgeloop het. Allan Roxburgh (2005) meen dat leierskap se rol die teenoorgestelde gevolg moet hê. Hy sê hieroor die volgende: *"the role of leaders is to cultivate environments that releases the missional imagination of the people of God"* (Roxburgh, 2005:145). Dit is duidelik dat leierskap 'n sleutelrol speel in die missionale ontwikkeling van die klein plattelandse gemeentes. Nelus Niemandt (2013:46) maak 'n sterk argument hieroor, naamlik dat die denke oor leierskap nie voldoende is om die kerk te help om missionaal te wees nie. Laasgenoemde dra daartoe by en is een van die grootste oorsake dat die gemeentes van die VGK-Vrystaat/Lesotho vasgeloop geraak het. Vanuit bogenoemde ontstaan die vraag, naamlik: Hoe ontwikkel die kerk missionale leierskap?

7.8 DISSIPELSKAP EN LEIERSKAP

Die navorsing dui aan dat die kleingemeentes slegs missionaal kan ontwikkel deur 'n missionale leierskap sisteem. Die gemeentes onder navorsing toon 'n ernstige gebrek aan missionale leiers. Die vraag is: Hoe kultiveer die kerk 'n missionale leierskap sisteem?

Hirsch (2006) antwoord die vraag deur die belangrikheid te beklemtoon van die kweek van dissipels. Hy maak die aanname dat die kweek van goeie getroue dissipels die kwaliteit van 'n kerk se leierskap bepaal. Sy aanname is dat as 'n kerk swak gehalte dissipels kweek, 'n kerk swak leierskap gaan hê: *"the quality of the church's leadership is directly proportional to the*

quality of discipleship. If we fail in the area of making disciples, we should not be surprised if we fail in the area of leadership development” (Hirsch, 2006:119).

Avery Dulles (2002) verwys na die kerk as ‘n gemeenskap van dissipels. Hy verwys daarna die dissipelskap model wat gevind word in die Nuwe Testament⁸³ waar Jesus gewone mense geroep het en gekultiveer het as dissipels (Dulles, 2002:199).

7.9 AANBEVELINGS

1. Die navorser sal die VGK-Vrystaat/Lesotho bedien met ‘n volledige verslag met betrekking tot die resultate en bevindinge. Die doel van die verslag is dat die Sinode bewus gemaak word van die huidige toestand van gemeentes.
2. Die verslag sal ook die Sinode motiveer en begelei oor die missionale ontwikkeling van die klein plattelandse gemeentes.
3. Die verslag sal die Sinode begelei ten opsigte van missionale leierskap as ‘n kritiese element in die missionale ontwikkeling van gemeentes.
4. Die navorsing oor die missionale ontwikkeling van kleingemeentes is ‘n wye onderwerp wat nie volledig deur die navorsing aangespreek kon word nie. Ek beveel aan dat die onderwerp meer nagevors sal word om leemtes aan te spreek.

7.10 KONKLUSIE

Die klein vakante plattelandse gemeentes gaan gebuk onder die krisis van agteruitgang, stagnering en het vasgeloopte gemeentes geword. Die gemeentes groei nie en maak nie ‘n noemenswaardige impak binne hulle bepaalde unieke kontekste nie. Die navorsing werk met die aanname dat kleingemeentes God se instrumente is om die wêreld te bereik.

Die ontdekking van hulle missionale identiteit sal die gemeentes uitlig uit hulle vasgelooptheid. Laasgenoemde sal gebeur as die huidige ekklesiologie vervang word deur ‘n missionale ekklesiologie. Dit beteken dat die ekklesiologiese begrip van missionaal vervang word met ‘n teosentriese verstaan van missionaliteit.

Die ontwikkeling van missionale gemeentes hang nou saam met die paradigma skuif van ‘n tradisionele, klassieke leierskap sisteem na ‘n missionale leierskap sisteem.

⁸³ Matteus 4:18-22; Markus 1:14-20; Lukas 5:1-11

7.11 BEPERKINGE VAN DIE NAVORSING

Die navorser is bewus en erken dat die navorsing beperkinge gehad het. Die beperkinge moet in konsiderasie geneem word en is as volg:

Konteks: Die data is versamel binne die grense van die VGK-Vrystaat/ Lesotho en is net op die konteks van toepassing. Die vraelyste net vertaal in Sesotho en Engels. Die data verteenwoordig nie die V.G. Kerk in geheel nie.

Taal: Die navorser erken dat alhoewel van tolke gebruik gemaak het tydens die fokusgroep onderhoude, die taal problematies was. Die respondente was oorwegend Sesotho sprekend as eerste taal en dit kon meebring dat die betekenis van woorde moeilik was en die lede dit geïnterpreteer het vanuit elkeen se leefwêreld. Dieselfde geld vir die navorser wie se eerste taal Afrikaans is en soms Engels moes gebruik het om te kommunikeer.

Kultuur: Die navorser het self nie genoeg ervaring en kennis van die Sesotho kultuur nie, en dit laat ruimte dat hy aspekte nie akkuraat genoeg gelees en geïnterpreteer het nie. Indien die navorser beter kennis en ervaring van die Sesotho kultuur gehad het kon hy maksimum resultate bekom het.

Kerkspieël vraelys: Die vraelys was aangepas deur die navorsing om die Sesotho kultuur te pas, maar die navorser erken dat dit meer verfyn kon wees om die konteks van die navorsing te pas. Die navorser kon agterkom tydens die analise van die data en uit sy ervaring met die gemeentes dat die respondente sekere terminologie anders geïnterpreteer het, byvoorbeeld van die woorde soos: stabiel, bedreig, stagneer, stabiel, groei en missionaal.

Fokusgroepe: Die navorser erken dat die deelnemers van die groepe meer divers kon gewees het in ouderdom, geslag, generasies, lidmaat en kerkraad samestelling. Die meeste van die deelnemers was lede van die kerkraad. Dit kon veroorsaak dat sommige response bevooroordeeld was.

Navorser: Die feit dat die navorser, 'n voltydse predikant in die sinode was en ook konsulent van verskeie kleingemeentes was kon daartoe bygedra het dat hy nie objektief genoeg was nie.

Buitestaanders: Die feit dat die navorser en die navorsings-assistent, 'n senior dosent van die Universiteit van Stellenbosch, buitestaanders was daartoe kon bydra dat die deelnemers nie regte diepte genoeg kon gee aan die gesprekke nie.

Deelnemers: Hulle het vir die eerste keer deelgeneem aan navorsing. Dit opsigself kon oorweldigend gewees het en die spontaniteit beïnvloed het.

7.12 ASPEKTE VIR VERDERE NAVORSING

Die huidige navorsing oor die missionale ontwikkeling van die klein plattelandse gemeentes van die VGK-Vrystaat en Lesotho bied 'n goeie basis vir verdere in diepte navorsing oor die tema. Daarom stel die navorsing voor dat die volgende moontlike temas vorm vir verder studies oor die genoemde onderwerp:

Kerkspieël vraelys: Die navorser reken dat meer navorsing gedoen word om die vraelys aan te pas sodat dit volledig die konteks en kultuur van die V.G.K.S.A sal pas. Verdere navorsing sal in besonder moet kyk na die proses van versending, voltooiing en inhandiging, want anders as in die N.G.K.S.A, het baie gemeentes nie voltydse personeel en kantore wat dit kan hanteer nie. Die volgende rede is dat die gemeentes nie 'n navorsings kultuur het. Die andersoortige nood en behoeftes maak dat sulke navorsing as sekondêr geag word. Daar sal navorsing gedoen kon word oor die skep van 'n navorsings kultuur.

Kleingemeentes: Die meeste gemeentes is kleingemeentes en selfs gemeentes wat eens groot was is nou kleinerwordend. Dit sou van groot waarde wees om meer navorsing oor die tema te verken.

Missionale Leierskap: Missionale leierskap is die sleutel vir die missionale ontwikkeling van die klein plattelandse gemeentes. Sonder missionale leierskap is dit ontmoontlik vir kleingemeentes om hulle missionale identiteit te ontdek en te leef. Die navorser is van mening dat verdere studies met betrekking tot die tema belangrik is.

Missionale ekklesiologie: Die meeste kleingemeentes is vasgeloopte gemeentes en vasgevang in 'n ekklesiologiese benadering tot die bediening. Verdere studie oor die ontwikkeling van 'n missionale ekklesiologie sal waarde byvoeg tot die onderwerp.

Verenigende Gereformeerde Kerk in Suider-Afrika: Die genoemde kerk is versprei regoor Suid-Afrika en Namibië. Om 'n geheelbeeld te kry oor kleingemeentes in die hele kerk sou dit raadsaam wees om dieselfde navorsing in die ander streek sinodes ook te doen.

SLOT:

Die navorsing handel oor klein plattelandse gemeentes en het spesifiek gekyk na die missionale ontwikkeling van genoemde gemeentes. Gemeentes is belangrik want hulle is die voertuie

waarmee God die wêreld bereik. Schoeman⁸⁴ onderstreep die belangrikheid van gemeentes in die volgende woorde:” *Congregations are for various reasons important as they are found in different communities and societies. They are an important part of the everyday life of christians and on Sundays they come together to worship and pray to God. Christians need a faith community to belong to and to do certain things together; it gives meaning to life and helps them to understand life’s difficult questions (2015:363)*”. Die navorsing het getoon dat die gemeentes vasgeloop geraak het en kan beskryf word as oorlewings gemeentes. Die gemeentes se voortbestaan word bedreig as gevolg van die feit dat hulle lidmaat getalle afneem. Die gemeentes word uitgedaag deur die feit dat hulle ‘n beperking ervaar ten opsigte van fisiese en menslike hulpbronne. Die navorsing het bevind dat die gemeentes na binne gerigte gemeentes (interne lewe) is wat fokus op die instandhouding van hulle sisteem met weinig gerigtheid na die wêreld (eksterne interaksie) en konteks waarin hulle geleë is. Die gemeentes ontbreek aan ‘n teosentriese missionale ekklesiologie.

Die navorsing wys ook daarop dat gemeentes net hulle missionale identiteit kan ontdek en leef indien daar ‘n skuif in die leierskapstyl plaasvind van ‘n klassieke leierskapstyl na ‘n missionale leierskapstyl.

Ek vertrou dat die bevindinge van die navorsing van waarde sal wees vir die problematiek en uitdagings van klein plattelandse gemeentes. Ek vertrou verder dat die navorsing klein plattelandse gemeentes sal inspireer in die ontdekking en uitleef van hulle missionale identiteit. Niemandt gee die volgende opsomming as ‘n antwoord op die vraag hoekom die missionale ontwikkeling van gemeentes belangrik is: “*Missional ministry emphasises a living relationship with God, real faith, a focus on the kingdom of God, a relevant ministry, discernment through the Holy Spirit, a systematic approach of congregational development, a focus on people and relationships, and discipleship (2014:2)*”.

⁸⁴ Schoeman het addendum 2 geskryf in die boek:”Identity driven Churches”, deur Malan Nel.

BIBLIOGRAFIE

- Agang, S., Hendriks, H. & Foster, D.** 2020. *African Public Theology*. London: HippoBooks, Langham Publishing.
- Ammerman, N.T.** 1997. *Congregation & Community*. New Jersey: Rutgers University Press.
- Ammerman, N.T., Carroll, J.W., Dudley, C.S. & Mc Kinney, W.** 1998. *Studying congregations*. Nashville: Abingdon.
- Anderson, R.** 2001. *The Shape of Practical Theology. Empowering Ministry with Theological Praxis*. Downers Grove, Illinois: IVP Academic. Intervarsity Press.
- Anderson, R.S.** 1997. *The soul of ministry, forming leaders for God's people*. Kentucky: Westminster John Knox Press.
- Armour, M.C. & Browning, D.** 2000. *Systems Sensitive Leadership*. USA: College Press Publishing Company.
- Avery, C.G.** 2004. *Understanding leadership: Paradigms and cases*. London: SAGE.
- Banks, R.J.** 1993. *Faith goes to work*. New York: Alban Institute.
- Barker, R.L.** 2003. *The social work dictionary, 5th ed.* Washington: DC:NASW Press.
- Barna, G. & Kinnaman, D.** 2014. *Churchless. Understanding today's Unchurched and how to connect with them*. London: Tyndale House Publishers, Inc.
- Barrett, L.Y.** 2004. *Treasure in clay jars: Patterns in missional faithfulness*. Grand Rapids, Michigan: William B. Erdmans Publishing Company.
- Berkhof, H.** 1973. *Christelijk Geloof*. Netherlands: Uitgeverij G.F.Callenbach. Nijkerk.
- Bertram, C. & Christiansen, I.** 2014. *Understanding Research. An introduction to reading research*. Pretoria: Van Schaik Publishers.
- Bless, C., Higson-Smith, C. & Kagee, A.** 2007. *Fundamentals in social research methods: an African perspective*. Cape Town: Juta & Co.
- Boff, L.** 1986. *Ecclesiology: The base communities reinvent the church*. New York: Orbis.
- Bosch, D.J.** 1991. *Transforming mission: Paradigm shifts in theology of mission*. Maryknoll: Orbis.
- Bridges, W.** 1991. *Managing Transitions*. U.S.A: Addison-Wesley Publishing Company.

- Bryman, A.** 2004. *Social Research Methods*. London: Oxford University Press.
- Burger, C.** 1991. *Die dinamika van 'n Christelike geloofsgemeenskap*. Kaapstad: Lux Verbi.
- Burger, C.** 1991. *Praktiese Teologie in Suid-Afrika*. Kaapstad: RGN-uitgewery.
- Burger, C.** 1995. *Gemeentes in transito*. Kaapstad: Lux Verbi.
- Burger, C.** 1999. *Gemeentes in die kragveld van die Gees*. Stellenbosch: BUVTON.
- Burger, C., Marias, F. & Mouton, D.** 2017. *Cultivating Missional Change. The Future of Missional Churches and Missional Theology*. Wellington: Biblecor.
- Burt, S.E. & Roper, H.A.** 1992. *Raising small church esteem*. New York: Alban Institute.
- Callahan, K.** 2000. *Small, Strong Congregations. Creating Strengths and Health for your Congregation*. San Francisco: Jossey-Bass.
- Carroll, . W.** 1977. *Small Churches are beautiful*. San Francisco: Harper & Row Publishers.
- Carroll, J.W., Dudley, C.S. & McKinney, W.** 1986. *Handbook for congregational studies*. Nashville: Abingdon.
- Carroll, Jackson W.** 1997. *Small membership churches in North Carolina United Methodism: A Social profile and analysis*. North Carolina: Forgotten Books.
- Chalke, S.** 2006. *Intelligent Church*. Grand Rapids. Michigan: Zondervan.
- Church Order.** 2016. *Uniting Reformed Church in Southern Africa*. Cape Town: General Synod.
- Coffin, W.S.** 2008. *The collected sermons of William Sloane Coffin*. Louisville: London, Westminster: John Knox Press.
- Cohen, L., Manion, L. & Morrison, K.** 2007. *Research Methods in Education*. New York: Routledge.
- Conder, T.** 2006. *The Church in Transition*. Grand Rapids, Michigan, Zondervan.
- Crabtree, D.F.** 1989. *The Empowering Church*. New York: The Alban Institute.
- Daniels, W.J.** 1999. *Van Sendingkerk tot Verenigende Gereformeerde Kerk in Suider-Afrika*. Windhoek: EIN Publications.
- De Vos, A.S., Strydom, H., Fouché, C.B. & Delpont, C.S.L.** 2011. *Research at Grass Roots*. Pretoria: Van Schaik Publishers.

- Dekker, G. & Stoffels, H.C.** 2011. *Godsdienst en Samelewing. Een Introductie in die Godsdienstsociologie*. Kampen: Uitgeverij Kok.
- Dekker, G.** 1987. *Godsdienst en Samelewing*. Kampen. Uitgeverij Kok.
- Dekker, G.** 2000. *Zodat de wereld verandert: over de toekomst van de kerk*. Kampen: Uitgeverij Ten Have.
- Dekker, G.** 2016. *Zie hoe alles hier verandert. Het verloop van de Gereformeerden*. Utrecht: Uitgeverij Kok.
- Dekker, G.** 2017. *Verlicht Geloof. Geloven in de Geest van Dietrich Bonhoeffer*. Utrecht: Uitgeverij Kok.
- Dingemans, G.** 1996. *Manieren van Doen. Inleiding tot de studie van Praktische Theologie*. Kampen: Uitgeverij Kok.
- Dollhopf, E. & Scheitle, C.** 2013. Decline and Conflict: Causes and Consequences of leadership Transitions in Religious Congregations. *Journal for the Scientific Study of Religion*, 52(40), pp.675-697.
- Dougherty, K. & Whitehead, A.** 2011 A Place to Belong: Small Group Involvement in Religious Congregations. *Sociology of Religion*, 72(1), pp.91-111.
- Dudley, C.S.** 1978. *Making the small church effective*. Nashville: Abingdon.
- Dudley, C.S.** 1996. *Next Steps in community ministry*. New York: The Alban Institute.
- Dulles, A.C.** 2002. *Models of the church. Image Books*. New York: Crown Publishing Group.
- Foster, C.R.** 1997. *Embracing Diversity: Leadership in multicultural Congregations*. New York: The Alban Institute.
- Fulton, B.R.** 2011. Black Churches and HIV/AIDS: Factors Influencing Congregations Responsiveness to Social Issues. *Journal for the Study of religion*, 50(3), pp.617-630.
- Greenwood, R.** 1994. *Transforming priesthood, a new theology of mission and ministry*. London: SPCK.
- Guder, D.L. (Ed).** 1998. *Missional Church: A vision for the sending of the church in North America*. Grand Rapids: William B. Erdmans Publishing Company.
- Guder, D.L.** 2000. *The Continuing Conversion of the Church*. Grand Rapids: William B. Erdmans Publishing Company.

- Halverstadt, H.F.** 1991. *Managing Church Conflict*. Louisville, Kentucky: John Knox Press.
- Harris, R.B.** 2012. *Restoring Congregational Vitality Through Missional Leadership Cultivation* (Doctoral dissertation). Oral Robert University.
- Hassinger, Edward W, Holik John S, Benson Kenneth J.** 1988. *The Rural Church: Learning from three decades of Change*. Nashville: Abingdon.
- Heitink, G.** 1993. *Praktische Theologie. Geschiedenis theorie handelingsvelden*. Kampen: Uitgeverij Kok.
- Heitink, G.** 1999. *Practical Theology. History, Theory, Action Domains*. Grand Rapids, Michigan: William B. Erdmans Publishing Company.
- Hendriks, H.J.** 1992. *Strategiese Beplanning in die gemeente*. Wellington: Hugenate.
- Hendriks, H.J.** 2004. *Studying Congregations in Africa*. Wellington: Lux Verbi.
- Hendriks, H.J.** 2012. Die toekoms van die klein plattelandse gemeente. *Hervormde Teologiese Studies*, 68(20), pp.1-8.
- Hirsch, A.** 2006. *The Forgotten Ways. Reactivating the Missional Church*. Grand Rapids, Michigan: BrazosPress.
- Hoge, D.R, Johnson, B. & Luidens, D.A.** 1994. *Vanishing Boundaries*. Louisville, Kentucky. John Knox Press.
- Hoke, K.** 2002. *Servant Leadership and Theological Understandings: Does the Theology of the Brethren in Christ impact the way we choose to lead?*. Theological Research Exchange Network (TREN). Theses & Dissertations (serial online).
- ?: Die probleem van hierdie gedeelte, die sewe gemeentes maar net twee Moruties wat ook hulle eie werk het. Moruti in Vrede, hy is 'n onderwyser, Moruti in sentraal, hy is 'n Chaplin in polisie, nou hierdie ses gemeentes hulle sit sonder 'n Moruti, nou as hulle die consulant, hulle is twee. Op 'n maand, by die sewe gemeentes, hierdie een het drie, hierdie een het vier die gemeente, hoe gaan jy by almal uitkom?
- Ds Pienaar: En hy het net naweek.
- ?: Ja hy het net naweek, en as daar 'n begrafnis is by ander gemeente, jy kan by jou werk uitkom nie, dit moeilik.
- Ds Pienaar: Nee goed, baie dankie dat ons vanmore kon gepraat het en dat ons hierdie fokus groep gesprek kon gehad het, en net 'n biedjie gepraat het oor die gemeente, ek wil weer maal vir julle sê dit is moeilik om....., the situation is very difficult in some areas of our church as you just explained, you only have two tentmakers for seven congregations, very difficult, but as you said this is a good idea. Talk to each other in the church council and then take it to your and say can't we do something like that, you know and maybe it will work. You can refer to Botubelo for instance, Reverend Staat, it's a very very good model the way it's working. All the congregations they are happy, but he is full time, if this one needs him he can go there, if that one needs him he can go there, he is full time, he is available throughout the week you know, so that is working, but at any rate, work hard in the congregation and as you said today, if you lead by example and the people see the light in us, you know people will come to the light, but May God

Bless you and we will write up everything that we've heard today about your congregation. Thank you so much.

ADDENDUM 5: VGK-BRONVILLE, WELKOM

DS PIENAAR [Die VGK Bronville, Welkom]

Broers en susters baie welkom by vanaand se fokusgroep-gesprek. Dit is eintlik 'n groep *interview* wat ons vanaand hou en baie dankie dat julle van die begin af ingestem het as kerkraad en leiers van die gemeente om vir ons te ontvang.

Saam met my vanaand is prof Jurgens Hendricks. Hy is 'n senior dosent by die Universiteit van Stellenbosch, Fakulteit Teologie in die afdeling Praktiese Teologie. Prof Hendricks is ook my studieleier in die doktersgraad studies waarmee ek nou besig is.

Die navorsing waarmee ek besig is op die oomblik fokus op die klein plattelandse vakante gemeentes, klein gemeentes wat op die platteland is en vakant. Ek is op die oomblik 'n bietjie besig om te bestudeer en te kyk wat presies gebeur in hierdie gemeentes in. So dit is op grond daarvan dat Bronville ook gekies is omdat Bronville voldoen ook aan hierdie vereistes: dit is klein, plattelands en ook vakant.

Ons wil ook vir prof Jurgens sê baie welkom in Bronville hier in Welkom. Hy het al die pad uit Stellenbosch uit gekom en hy doen al die besoeke saam met my.

Wat ek nou aan u uitgedeel het broers en susters is vorms wat sê “toestemming om deel te neem aan die navorsing.” Dit wil sê dit vorm julle navorsing en elke deelnemer / nemer moet toestemming gee dat hy deelneem vanaand aan hierdie gesprek. Ek kan sommer net reguit aan die begin vir julle sê oor die gesprek, die vier vrae wat ek vir u gaan vra, handel maar net oor die gemeente. Dit handel uit en uit oor die gemeente en die bediening van hierdie gemeente en ons gaan vanaand so 'n bietjie daaroor praat. Maar wat belangrik is dit is eties net reg en die universiteit vereis dit dat wanneer daar sulke gesprekke plaasvind, moet mense vrywilliglik daaraan deelneem, maar ons moet kan bewys dat u toestemming gegee het dat u aan hierdie gesprekke deelneem. U het byvoorbeeld twee vorms daar, maar dit is presies dieselfde vorms, so u vul hulle ook presies dieselfde in. Een hou, een kry ek weer terug en ek teken u s'n en ek teken ook die ander ene. U sal sien daar onder staan eintlik ... [tussenkoms]

PROFESSOR Ek wil net gou 'n foto neem hier buite terwyl daar nog lig is.

DS PIENAAR ...die bostaande inligting is aan my beskryf deur ds Z C Pienaar in Bronville,
Welkom.

MNR ? ...dit invul hierso?

DS PIENAAR Ja, julle moet dit net invul.

MNR ? Z C?

DS PIENAAR Z D Pienaar, dit is nou my naam en dan waar het dit plaasgevind? In Bronville,
Welkom. Onder gaan u nou net net 'n datum neerskryf en u naam voluit en dan
moet u dit ook teken.

MNR ? Vandag se datum?

DS PIENAAR Ja, asseblief.

MNR ? Die hoeveelste is vandag?

DS PIENAAR Die 10de. Wie is die leier van die gemeente nou hierso, die leier-ouderling?

MNR ? Johny Davids.

DS PIENAAR Broer Johny, oom John, u gaan nog 'n derde een ook invul wat sê as
verteenwoordiger van die kerkraad gee u ook toestemming. Hier teken u en daar
skryf u u naam voluit. [*Logistiek aangaande invul van vorms*]

U stuur net vir my een terug en die vormpie hou u. Oom moet nog vir my dié ene
invul, dié een is nou as volgemagtigde van die kerkraad.

[*Groepfoto word geneem*]

Vriende die vrae wat ons nou gaan vra vanaand vir u as kerkraad is vier vrae soos
ek reeds gesê het wat net handel oor die gemeente en die bediening van hierdie
gemeente, maar wat vir my belangrik is, is dat elkeen van ons moet praat soos wat
jy in jou hart voel. Daar is nou nie regte en verkeerde antwoorde in hierdie sessie
nie. Ons luister mooi na die vrae en dan probeer antwoord ons die vrae volgens wat
elkeen se ervaring is van die gemeente en die bediening en so aan. Dit is /
is maar wat gaan doen. Dit is die vier vrae wat ek nou gaan aan u stel en dan gaan
ons sommer onmiddellik ... [tussenkoms]

PROFESSOR ... net hoeveel lidmate of ...

DS PIENAAR Kom ons kry net so 'n bietjie algemene inligting, hoeveel lidmate is nou hier in die
gemeente?

MNR ? 287.

DS PIENAAR En van wanneer af is julle al vakant?

MNR ? Ons is vakant ... nee, ons moet nou mooi praat, kyk ds Jacobs is dood ... ons was lank, 19 jaar ...

DS PIENAAR Was julle vakant?

MNR ? Ons is vakant.

DS PIENAAR Julle was 19 jaar vakant en in 2010 toe kry julle weer vir ...

MNR ? Vir Jacobs.

DS PIENAAR Vir die tentmaker.

MNR ? Die tentmaker.

DS PIENAAR Die tentmaker, ds Jacobs en nou is julle weer?

MNR ? Nou is ons weer vakant.

DS PIENAAR Vir vier jaar nou weer?

MNR ? Ja, hierdie is nou die vierde jaar.

DS PIENAAR Weer die vierde jaar wat julle vakant is, ek sien ja. Wat is die omstandighede maar van die mense en ook die gemeente hier rond, wat rondom die kerk bly en so aan? Watse /Watse soort omstandighede is hier waarmee die mense gekonfronteer word? Sommer net so in die algemeen.

MNR ? (1) Werkloosheid. Die myne was mos hier en nou het die myne mos nou 'n bietjie afgeskaal. Die hele Bronville opset is ... ons is werkloos. Die meeste van die ouens wat hier rond is, is afhanklik van SASSA, ons noem dit maar SASSA.

PROFESSOR Wat is dit, wat beteken SASSA?

MNR ? Dit is hierdie pensioentrekkers.

MNR ? Staatspensioentrekkers.

MNR ? Ons het ons jeug, die meeste van ons kinders hulle gaan nie universiteit toe nie of tersiëre instellings toe nie, so hulle is nou maar in die werkloosheidsmag opgevang. Wat hulle doen hier rond en 'n mens kan dit rondom as 'n kerk (onduidelik) is 1-2-3-4 *taverns* wat direk hier in ons omgewing ... [tussenkoms]

DS PIENAAR En drankmisbruik.

MNR ? Ja, drankmisbruik en dan is dit die dwelm ouens, is sommer net hier voor die deur van die kerk. Ons maak die deur oop by die dwelm ouens, dit gaan by al die kerke so. Dit is basies hoe dit gaan, nè.

DS PIENAAR Baie dankie.

PROFESSOR Kan ek gou vra, hoe is die gemiddelde kerkbywoning op 'n Sondag?

MNR ? /

MNR ? O, ons. Die gemiddelde kerkbywoning is ons is so 80.

MNR ? Ja, dit loop op en af, dit is nie elke Sondag dieselfde nie.

DS PIENAAR So 80?

MNR ? Ja, dit is gemiddeld, kyk dit is (onduidelik) dan kom dit weer na 70, 60, dan so 80 is ons ...

MNR ? Laat ek net byvoeg in die wintermaande is dit baie swak.

DS PIENAAR En hoeveel sal in die wintermaande kom?

MNR ? 40 – 50.

MNR ? Die ander ding ook, begrafnisse gaan op Saterdag, dan merk jy ook die mense is baie minder ook in die kerk.

DS PIENAAR Wanneer Saterdag begrafnisse is.

MNR ? Ons ken ook al die mense wat gereeld kerk loop, die wat *once in a while* kerk loop, die wat net kom wanneer hulle doop of trou, sien daardie dag as hy klaar begrawe, dan sien jy hom totaal nie weer nie. As hy weer kom doop, dan sien jy hom weer voor die kansel.

DS PIENAAR En die deursnee mense in die gemeente watse soort werke doen hulle? Waar werk hulle?

MNR ? Die onderwyserskorps, as ons praat VGK, want ek nou gepraat, moet ek praat Bronville?

DS PIENAAR Bronville VGK, ja. Die VGK hier in Bronville.

MNR ? /

MNR ? Bronville VGK, kyk, ons kan ons personele tel die vingers, dit kom uit jou onderwyskorps, jou *nurses group*, ouens by ons (onduidelik).

MNR ? Munisipaliteit.

MNR ? Munisipale *site* en dan is dit mos maar net (onduidelik) daar ingesluit, dan is dit ... [tussenkoms]

MNR ? 'n Paar polisiemanne.

MNR ? Een ou van die myn en die polisie, so dit is basies...

DS PIENAAR Ek sien.

MNR ? Baie van ons lidmate wat nou ... 'n onderwyser wat nou afgetree het ook al, wat op pensioen is.

DS PIENAAR En van die mense wat nou maar in winkels werk of so.

MNR ? Ja, is dit die ouens wat in jou winkels werk, dan is dit jou konstruksie ouens ...

MNR ? Bouers en so.

MNR ? Wat ek nog nie vir julle gesê het nie is dat uit die 2A7 is ons bejaardes, ons praat van 60 af op, hulle is so 46. As ons praat van die 46, hulle is regtig baie aktief want ons oudste een is nou 93, maar sy is nog elke Sondag in die kerk, elke Donderdag is sy by die vroue-byeenkomste. Selfs hierdie bejaardes het mos daardie wat hulle Sondagoggende negeuur kom om voorbidding te doen vir die prediker en vir die dag. Ons moet sorg dat ons al *half past eight* hier wees sodat ons daardie / daardie mense kan akkommodeer. Ons praat nou van bejaardes. Dit is die mense wat ons nou regtig ondersteun. Ek wil net dit noem.

DS PIENAAR Die eerste formele vraag wat ek wil vir julle vra, is wat is die doel van die gemeente? Hoe sou julle die doel van die gemeente beskryf, van die Bronville VGK, wat is die doel? Kom ons gee maar elkeen 'n beurtjie.

MNR ? Ek wil nie nou self praat nie, ek wil nou eers hê die broers en die susters ...

DS PIENAAR Voel vry om te praat. Hoe dink u wat is die doel van die gemeente?

MEV ? Dominee soos ek sien, okei, miskien kan ek verkeerd wees, maar ek sien daar is van hulle wat baie aktief is, regtig en jy kan sien die doel van elkeen is om te strewe, sien dominee, vooruitgang. Kyk ons is die kerkraad, maar ons werk saam met hulle. Daar is baie keer wat ons sit en ook bespreek en so aan. Baie keer as ons nou vir hulle (onduidelik) koop en so aan, dan hoor jy tog die persoon het regtig daardie ... wat die persoon regtig wil ... hoe kan jy sê? Dit is nou eintlik die bouers, nè, maar dan kan jy hoor aan daardie persoon die persoon wil regtig vorentoe, so sien dominee...

DS PIENAAR Wat bedoel u met vorentoe, vorentoe waarnatoe?

MEV ? /

MEV ? Ek meen nou die persoon wil regtig, kan ek nou maar sommer plat Afrikaans sê, by die Here uitkom want jy kan mos nie by die Here uitkom as jy wil agtertoe

(onduidelik). Agtertoe-goed is verby-goed – daardie het die Here weggevat, maar as jy mos vorentoe gaan, dan strew jy mos na God se kant toe. Dit is wat ek opgetel het regtig nou van die mense. En waar daar nood is, dan staan ons almal saam. Ek meen hulle wys vir ons hulle is daar ook vir ons en hulle is daar vir die kerk ook, sien dominee? Miskien ek het dit nou nie reg (onduidelik).

DS PIENAAR Nee, dit is reg.

MEV ? As dominee net vir my kan sê of ek reg of sleg praat.

DS PIENAAR Hier staan 'n kerk, hier is 'n kerk in Bronville en hierdie kerk se naam is die VG Kerk. Die kerk staan nou al vir baie lank hier, so die vraag is wat is hierdie kerk se doel?

MNR ? Ek wil eers hê die broers moet praat, dan sal ek ...

DS PIENAAR Nee, gaan maar aan.

MNR ? Die doel van hierdie kerk dominee hoe ek dit sien en is hoe ek dit beleef, is ons wil graag die mens in sy totaliteit bereik: die siel, ons wil kyk na die liggaam ook en ons wil kyk na jou ... die geestelike kant en ons wil kyk na sosiale kant. Wat ons hier wil kyk byvoorbeeld, jy kom net kerk toe, dan preek iemand, dan gaan jy huis toe. Ek kan mos by die televisie ook gesit het. Maar nou kyk ons, hier is verskillende / verskillende ouens binne-in ons gemeente en ons wil graag hê ons moet hierdie ouens bedien. Daarom sê ons hoe kan ons die ouens bedien?

Ons is nou vakant, ons het nie 'n predikant nie, so wat doen ons nou? Ons moet onself *equip* sodat ons die Woord van Christus aan hulle korrek oor kan dra sodat hulle dit kan verstaan. Dan moet die ouens mos buite toe gaan om dit te gaan uitleef, nou is hy buitekant, nou gaan hy dit uitleef, waar is die kerk nou? Die kerk moet die ondersteuningsbasis wees. Dit is gister wat ek met julle gepraat het oor die (onduidelik), toe praat ons 'n bietjie oor HIV, waar staan ons, ek praat ons VGK met HIV, wat eintlik geaffekteer is in gesinne wat geraak is deur hierdie ding.

Nr. 1 kom ons begin 'n ondersteuningsgroep vanuit die kerk, so die kerk moet ook daardie persone begin ondersteun. Jy ondersteun jou gemeenskap. Kom ons kyk, hier staan ons gebou, Rufus ek het vandag met jou gesels oor hoe kan ons hierdie lokale wat hier is benut ... deur met die wat ons het, daar is werkloosheid, kan ons kyk, kan ons nie werkskeppingsprogramme begin loods nie want ons het die spasie.

As ons dit kan gebruik, dan kan ons weer terugploeg in ons eie gemeente en gemeenskap in. Daarom het ek gesê die kerk het, ek hou daarvan om te sê – kan ek dit maar sê? Ja. Manne, ons gaan nie baie praat oor die ou se tiende nie, ek wil eers vir Christus kry, /

kry, dan is dit vir ons maklik, dan verstaan jy waarom jy moet gee, wat jy moet gee ensovoorts. Dit is wat ons graag wil hê. Ons wil die mense by Christus uitkry en dit is regtig ons doel plaaslik nou want ons gaan kyk, as ek 'n streep trek, ons het 'n analise gaan doen en vir mekaar gesê as daar nie nuwe lidmate deur die katekisasieklas kom nie of as daar nie jong kinders by die Sondagskool inkom nie, dan gaan wat gebeur? Ons 45 ou grootmense, hulle sterf, daar is niemand wat in hulle plek inkom nie, so dit beteken ons krimp nou. Daar gaan nou 'n *generation gap* wees en hoe gaan ons nou maak as ons nie nou begin daaraan fokus en werk nie? Nou moet ons begin plannetjies maak, soos vir mekaar en vir die ouers gesê het ons gaan 'n bietjie huisbesoeke doen, bietjie gesels en vra hoekom bring jy vir jou alleen kerk toe en nie jou kind nie?

Wat ons agtergekom het die ouers stuur hulle kinders, dan moet hulle Sondagskool kry, maar nou hulle stel hulle nie self beskikbaar om as Sondagskool onderwysers op te tree nie. Binne-in ons VK Kerk op dié stadium word ons in Bronville baie deurmekaar gemaak met die verstande ons het verskillende konsulente wat jaarliks by ons kom. Elke u het sy eie manier van doen. Met die eie manier van doen, verwar dit ons – selfs ons as leiers. Ons het nou gekyk met jou gebruik van jou katekisasieboeke. Ons het gevra wat het die VG Kerk op die tafel? Ons praat van leermateriaal want ons gebruik *Kinders* /

Kinders van God deel 1 en deel 2. Toe was dit verkeerd in die oë van ons rang, dat ons nou, laas maand toe stuur hulle vir ons 'n brief mense, ons begin nou weer met *Kinders van God* deel 1 en deel 2, maar julle is dieselfde ouens wat vir ons gesê het nee, u verstaan?

DS PIENAAR Dit het julle *confuse*.

MNR ... *confuse*. Kom ons vat dinge soos nagmaal, watter wonderlike ... ek is *excited* daaroor, watter wonderlike tyd was dit 20 September toe ons hier op 'n manier weer nagmaal gekry het? Die manier hoe ons dit verstaan het, want dit is die manier hoe

ons dit geken het. Ons is vatbaar vir veranderinge, maar nou ons het vyf konsulente, elkeen het sy manier van bedien.

MNR ?

En metode.

MNR ?

Metode en nou verwar dit weer vir ons asook jou gemeente. Dit is hoekom ons sê ons wil baie graag, as die VG Kerk ons wil hoor, mag ek lag hieroor? Ek wys vir broer Rufus, broer Johny, suster (onduidelik), suster Bettie die geïntegreerde bedieningsmodel. Ons het hom al begin in 1987, julle sal sien daarso in ons notules. In 1987 toe doen ons die hele (onduidelik) wat ons nou voorstel. Toe die konsulente kom, toe skiet hulle al daardie goed af en vandag, 'n paar jaar later, presies dieselfde goed. So as die ouens ons net gelos het dat ons kan aangegaan het, dan was ons nou op die vlak waar / waar God wil hê ons moet wees. Dit is basies al wat ek kan sê.

DS PIENAAR Rufus in jou opinie wat dink jy sal die doel wees of is die doel van die VGK Bronville? Hoe verstaan jy die doel van die kerk hier?

MNR ?

Die doel van die VGK Bronville soos ek altyd sê vir, ek en broer Mervin gesels baie, ons moet ons ... my siening is dat ons ons gemeente moet betrokke kry. Op hierdie stadium is ons gemeente net Sondae bywoners van die kerk. Hulle kom net Sondae en as hulle Sondae hier gewees het, is dit vir hulle genoeg. Ek en hy het vandag nog weer gepraat daar is so baie, ons het so baie potensiaal binne-in die kerk. Ek praat van mense potensiaal want ons het 'n hele paar ouens wat baie goed gekwalifiseerd is in sekere rigtings, soos dominee netnou gehoor het daar is onderwysers, daar is verpleegsters, ek dink hier is selfs *IT* ouens hier binne, maar die mense kom nie, hulle kom nie na vore nie en die boodskap wat ons gereeld vir hulle uitdra, wat ons gereeld vir hulle sê, is jou doel as Christen mens binne-in die kerk is om uit te reik. Dit maak nie saak wie jy is en wat jy is nie en as jy daardie kwalifikasies het, as jy daardie kennis het, is jou doel om dit met almal te kom deel want hier is mense wat *ge-educate* kan word. Ons het ambagsmanne soos oom Johny, oom Johny is nou al op pensioen, maar oom Johny is nog sterk genoeg om opleiding / opleiding te kan verskaf. Behalwe dat ons vir die ouens heeltyd die Bybel preek, sê vir die ouens daar is dinge wat jy kan doen, jy hoef nie net so te sit en krepeer nie, want dit wat jy doen ... Christus het nie net gesê gaan uit en gaan vertel net vir die ouens van My nie, Ek het mos vir jou hande gegee, Ek het vir jou

'n gesonde liggaam gegee om te kan werk. So daardie talent wat jy het, dit is wat ek voel ons in hierdie gemeente ... so eintlik is ons nog op hierdie stadium passief.

DS PIENAAR Oom Johny hoe voel u wat is die doel van die kerk, Bronville? Hoe behoort hierdie kerk te werk?

MNR ? Ek sal dit so stel, Bronville VGK is 'n ou gemeente en as 'n mens mooi terugkyk na die gemeente was dit VGK, Methodist Kerk, Roman Catholic, dit was die mense wat eers hier bestaan het en hierdie kerk was 'n goeie en sterk, sterk gemeente gewees, maar met die koms van verskillende klein, hierdie klein kerkies en die ... hoe kan ek sê, die bekeerde kerk kom in, die lidmate gaan weg van die kerk af, jou kerke krimp. As ons moet kyk hoeveel kerke het ons in Bronville vandag?

MNR ? 145.

MNR ? As ons mooi kyk dan is die NG Kerk 'n registreerde kerk en die Methodist Kerk, die Roman Catholic Kerk en die Anglican Kerk en dan die Lutherse Kerk, maar as jy kyk hoe dat die mense wegstroom van hierdie kerk wat geregistreer is na / na ander kerke toe, dan gaan jy mos self vra wat is die doel (onduidelik) dat die mense uitgaan.

Ons het gepraat oor hierdie tentkerk ook in Bronville wat hier, daardie tentkerk wat opgerig was wat nou nog staan, toe ek praat toe sê die mense ons moenie ander kerke kritiseer nie, in ons gemeente. Ek (onduidelik) kritiseer, ek sal dit doen want daardie kerk kritiseer ons kerk dan. Hulle kritiseer ons, regtig. As dit kom by begrafnisse, ons NG Kerk word aangeval. Daarom het ons besluit op die preekstoel, op daardie podium gaan nie weer 'n ander genootskap daar kom staan nie. Dit was my siening en daar is broer Mervin, hy kan saam met my stem want die mense kom val vir ons aan in ons eie kerk in. En wie laat dit toe? Baie van ons lidmate laat sulke ding toe.

Dan dominee ek sal weer noem dat ons as gemeente moet 'n slag 'n bietjie die vertroue van die kerk in hulle binneste inneem want ons doen dinge in die kerk wat predikante alreeds gedoen het en nog steeds doen – die werk wat ons hier doen, ons moet begrawe, tot by die gat gaan, alles moet ons doen terwyl ons predikante het, konsulente het wat gedurig besig is.

Dan die ander ding is hoe kan ons 'n kerk bou met konsulente wat ons dan skei van mekaar af? Dis wat hulle doen. Die een konsulent kom sê jy moet melk bygooi, die ander /

ander kom sê jy mag nie melk bygooi nie, die ander sê nee, jy mag net suiker bygooi – nou wat nou? Ek gaan weer terugkom na die ding toe wat ek sê: hierdie konsulente, die swart konsulente is besig om hierdie kerk te laat val. Hulle soek hulle mense om daar te kom rondstaan. Ons het nie net al die pad – wat van ons (onduidelik) wat kwalifikasies het wat ook wil predikante word? Ons het sulke mense en ek is eerlik, wie ook nie daarvan gehou het nie, ek *worry* nie, maar ek sê dit weer ek stel nie belang in die konsulente wat kom opbreek hierso nie. Op daardie preekstoel was ek al verneder gewees. Dis hoekom ek voel nie meer, ek het nie 'n gevoel vir hierdie konsulente, die swart konsulente nie. Ek stel nie belang in hulle nie. Wat daar nou kom 'n boodskap gelewer word, daar moet getolk word. Hoeveel van ons mense verstaan Sotho? Net twee of drie. Die meeste verstaan Afrikaans hier binnekant. Hoe gaan 'n kerk ... dit is waar die kerk, as die mense dit hoor, die mense begin sê ons kry nie boodskap nie. Hulle het dit al gepraat, hulle sê wat gaan maak ons daar, dit is dan 'n tolk kerk. Dit is wat die mense noem hier buitekant, hulle praat dit.

Dominee was ons al gesê gewees van die konsulente ek preek beter in my moedertaal. Dit is mos 'n *insult* daardie in my oog in, so my moedertaal is dan nou nul, soos ek dit sien. As ek by jou huis dominee kan ek nie maak wat ek wil nie, ek moet /moet volgens jou wet werk van jou huis. Am I right or wrong? Want dit is wat hierdie kerk nie sal vorentoe gaan nie as ons sulke mense het wat ons kom leiding gee hierso.

DS PIENAAR Suster hoe voel u wat is die doel van die kerk?

MEV ? Dominee die doel van 'n werk is eintlik ons moet kan iets (onduidelik) die mens in geloof laat verander en dat hulle Jesus regtig moet dien, maar wat ek dink, soos ek so kyk, ons mense is baie teruggetrokke. Hulle wil nie oop, hulle wil nie saamwerk nie, maar as daar weer 'n predikant is, 'n Afrikaanssprekende predikant is, dan staan hulle bietjie op, dan gaan dit aan, maar dan buig dit net weer af. Byvoorbeeld kyk soos ons jeug, ons jeug was eens op 'n tyd baie sterk, maar hulle het net platgeval.

As ons miskien hulp daar onder kry, want hulle bou nie eintlik openlik (onduidelik) en die jeug is eintlik ... [tussenkoms]

MNR ? Dit is môre se leiers.

MEV ? U sien as ons hulle regtig kan (onduidelik) dit is vir my beter.

MNR ? As ek dink dominee, net om nog by te voeg, (onduidelik) dan kom ons sesuur hierso aan dan maak ons die deure oop. Hulle begin miskien ... soos Vrydagaand kom hulle, sê sesuur kom hulle, dan hulle is 20, volgende week is daar vyf minder en die week daarop is nog vyf minder en die week daarop /daarop is daar niks.

MNR ? Waarom ons weet nie want ek het my bes probeer. Ek het al na kerk ook met hulle gepraat.

DS PIENAAR Die gemeente, kom ons gaan bietjie na die tweede vraag toe. Bronville gemeente hy staan mos nou nie op 'n eilandjie nie.

MEV ? Nee.

DS PIENAAR Hy is geleë binne 'n woonbuurt omring, as 'n mens hier buite rondloop dan sien jy nou 'n klomp huise wat hier gebou is, dit wil sê die gemeente is mos nou eintlik geleë binne in 'n gemeenskap in. So my vraag is eintlik hierdie gemeente watse verskil volgens u maak hierdie gemeente in die gemeenskap in?

MNR ? Ja, definitief, ons VG Kerk maak 'n verskil deurdat, soos ek vir u genoem het ons het gesê ons moet 'n groep begin, die Aids groep maar intussen dien ons lede op die verskillende komitees op dié stadium.

DS PIENAAR Watter komitees?

MNR ? Ons praat nou van jou polisiëringsforums, dit is een van hulle, die tweede een is jou kankerverenigings, CANSA hierso en dan is dit nou jou Aids ene (onduidelik)

MEV ? En die *sports*.

MNR ? Ja, die ouens in die *sports*, die sport ouens (onduidelik). Die ander verskil wat ons in die gemeenskap ... wat /

wat ons doen is (1) ons spreek, ons is een van die kerke wat nie bang is om die *drugs* aan te spreek nie, binne of buite die kerk op forums of sonder forums. Ons is mansgenoeg om dit te doen, omdat ons wil nie hê ons kinders moet ten gronde gaan nie. Die ander verskil wat ons ook maak, is dat ons ... ek het gehoor wat broer Johny gesê het, ek wil net dit regstel wat hy probeer gesê het. Wat oom Johny probeer sê

het rondom begrafnis, wat hy nou gesê het hy gaan nie toelaat dat ander mense op die preekstoel of op die podium staan nie, maar kyk, ons is die ouens wat promoveer 'n kanselruiling tussen jou (onduidelik) kerke moet plaasvind. So ons maak die verskil en ons laat dit toe sodat ons 'n interaksie kan hê met jou ander kerke, dit is die ding. Spesifiek jou (onduidelik) en niemand wil praat oor die (onduidelik) niemand nie, die VG Kerk Bronville, ons spreek dit nie verlig aan nie. Ek het nou die dag vir van die pastore gesê wat ons nou gaan doen, ons is besig om bietjie foto's van hulle te neem waar hulle sit. Kyk, dit is 'n manier van afskrik. Jy neem 'n foto van hom en dan kom sit jy hom in die kerk in, so al die jong manne gaan sien jinne maar ons, kyk oom Mervin-hulle wat hulle ... u weet. So dit is wat ek sê ons maak 'n verskil. Waar ons ook 'n verskil moet maak, is ... [tussenkoms]

DS PIENAAR Ek verstaan nie hierdie laaste ... ekskuus tog, verduidelik gou weer vir my dit, wat doen julle met die foto's?

MNR ? /

MNR ? Die foto, wat ek vir die ander pastore van ons gemeenskap sê, ek neem foto's van die seuns soos hulle sit want op elke hoek sit daar so 'n klomp kinders ... (*praat gelyktig – onhoorbaar*) 'oka' pyp is die ... hoe noem 'n mens dit?

DS PIENAAR Dit is nou deesdae die inding.

MNR ? Jy skuil agter hom (onduidelik)

DS PIENAAR Dit is inding nou deesdae.

MNR ? Waar jy die dagga of jou (onduidelik) *whatever* is in (onduidelik) Dit is die tipe goed wat ons nou ... neem jou foto, die jong manne gaan in elk geval kom kyk hier by die kerk, hier is foto's op, nou kyk hy (onduidelik) jou 'oka' pyp, nou begin hy skaam raak, u verstaan? Soos ons nou die dag openlik met die ouers gepraat het, die ouers besef julle kan nie saam met julle kinders 'oka' pyp binne-in die huis rook nie. Baie ouers *like* dit nie, maar aan die einde van die dag het daardie boodskap deurgegaan. So dit is die een.

Hoekom ons ook sê dat ons definitief 'n verskil maak, is die feit dat ons ... kom ons praat van (onduidelik) vir die ongehuide moeders. Ons is nog steeds, ons is die

enigste kerk wat sê maar dit is verkeerd. Ons plaas ons kindertjies onder kerklike tug.

DS PIENAAR U bedoel nou die tienerswangerskappe.

MNR ? Tienerswangerskap, ons spreek dit aan, deurdat ons het /
het nou ook uitgewerk met mekaar, vir mekaar gesê dit is hoekom die ouens dit so lekker vind want (onduidelik) ons kerk. Waar is die mannetjie wat ons meisiekind in ons kerk swanger gemaak het? So ons moet dié mannetjie ook inkry. Dit maak nie saak in wie se kerk hy is nie sodat sy kerk ook saam met hom moet praat, sodat ons beide die (onduidelik) kan praat sodat ons die sedelike lewe van ons tieners regkry. Dit is waarna ons kyk.

Die ander een is ons is nou nie teologies opgelei en kundig in preke nie, u verstaan, maar wat ons doen ons het leer sprekers wat ons gebruik, ons gaan nie net sommer ... ons dring daarop aan dat ons wat die Woord bedien, moet hom voorberei. Hy gaan nie voor 'n gemeente staan as hy nie voorberei is nie, toe het ons besluit weer (onduidelik) die wa vorentoe gevat. Ons (onduidelik) kan nou nie uitkom nie, ons wat nou nie werk nie, ons het gaan inskryf by NBI, Nehemia Bible Institute. Wat ons doen, ons is nou in die finale fase van ons (onduidelik), so elke module wat ons doen (onduidelik) dit is van toepassing op ons gemeente. So ons gaan uit en ons gaan probeer ons *equip* sodat ons vir mekaar hier kan sê luister hier, kom ons kyk gou, daar is verkeerd, daar is reg, daar is verkeerd, daar is reg, u verstaan?

DS PIENAAR So broer Mervin die plek se naam is die Nehemia?

PROFESSOR /

PROFESSOR NBI, Hennie van Deventer.

MNR ? Die Nehemia Bible Institute of Nehemia se Bybelskool.

DS PIENAAR Broer Rufus wat sou jy sê is die gemeente, is hy betrokke in die gemeenskap? Maak julle 'n verskil en wat is jou opinie?

MNR ? Ja dominee, soos ons vroeër gehoor het ons bejaardes nog betrokke is veral op 'n Sondagoggend, ja, die gemeente, van ons bejaardes, byvoorbeeld van die bejaarde tannies wat met die groentetuin-projek, die tannie wat nou natuurlik die leiding neem sy is nie so lekker nie, maar ek dink sy gee instruksies uit die bed uit op

hierdie stadium. Dit is ook een van ons ... Masara is een van die stigters van die gemeente in Bronville. So sy is betrokke by die groentetuin-projek.

MNR ? Die CWP projek. Dit is eintlik 'n projek ... jou groente is natuurlik jou gewone groente wat jy gebruik in die huis, aartappels, uie, tamaties, spinasie en daardie tipe goed, bone en so. Nou het Masara 'n klomp van die ander bejaardes ook en natuurlik werklose mense wat ook belangstel in die tuinmaak projek. So Masara het nou 'n klomp van hulle bymekaar. Hulle het op 'n stadium by die Departement van, dit is Maatskaplike Ontwikkeling?

MNR ? Korrek, ja.

MNR ? /

MNR ? Wat hulle 'n praatjie gehad het so 'n rukkie terug, ek dink so 'n week of twee terug en hulle moes toe ook vorms invul waar hulle toe ... van hulle het gereedskap gekry dink ek, ander het natuurlik saad gekry, al die ouens wat natuurlik begin het en natuurlik jou groen projekte, hoe kan jy bespaar op water en al dit. So Masara is 'n oud-stryder en is 'n stigter van dié gemeente, ek dink Masara is 85 – 86.

DS PIENAAR En sê vir my Rufus wat word dan met die groente maak wat hulle kweek? Is dit vir hulle self of word dit verkoop?

MNR ? Dit kan vir hulle self gebruik word, jy kan dit uitdeel. Masara deel gewoonlik, sy bring sommer vir die kerkraad so 'n klomp van die goed. Dan kan jy ook natuurlik, hulle kan dit verkoop, so daar is ... niemand word gestop nie. Hy kan enigiets doen met daardie groente.

DS PIENAAR Hoe lyk dit, waar is die gemeente betrokke in die gemeenskap of hoe is die gemeente betrokke? Watter verskil maak die gemeente volgens u opinie?

MNR ? Soos Rufus gesê het die gemeente is in 'n mate 'n bietjie swak en teruggetrokke en baie keer dan ... wat die gemeente wel nog 'n bietjie betrokke is, is ons moet maar 'n bietjie hard praat partykeer. By begrafnisse dan moet ons vir hulle ook vra om bietjie te help en die klas goed. Dan soos Bronville hier is, dit is nie 'n groot plek nie, dit is 'n klein plek en /en almal het nie regtig ... hulle weet nie watter kant toe om te beweeg nie omdat hier mos nou nie regtig 'n werks ... in Bronville is nie, soos sê winkels waar hulle kan gaan werk soek nie. Jy moet dorp toe gaan en die meeste van die mense het maar *tuck shoppies* wat hulle aanbring, so Bronville se

mense in die ware sin ... ek en broer (?) het gesit en gesels, baie van die mense is maar nog in daardie armoedige omstandighede. Ek gaan nie sê almal nie, maar wat ons doen as ons kan help, help ons maar hulle ook.

Soos ons netnou gepraat het van die munisipaliteit, baie lank praat en en broer Mervin van die projek wat ons wil aanbring hier by die kerk, laat ons kyk kan ons nie van ons jong mense 'n bietjie inbring en vir hulle leer om vir hulle self manne te maak nie en miskien van die vroumense inbring en vir hulle self kom vorentoe, soos naaldwerk, soos miskien brei, sokkies brei, daardie tipe klas van goed. Ons het lokale hierso...

DS PIENAAR Om dit te kan doen.

MNR ? Om te kan doen, so dit is nie te sê die kerk kan nie vorentoe gaan nie. Hy kan, maar hy kan alleenlik vorentoe gaan as die mense vorentoe kom. Die ander ding ook as ons dan ook hulle kant kry van ons, 'n kerk, die (onduidelik) af wat vir ons kan sê man, ons kan julle met dit behulpsaam wees, gee vir ons 'n program, kom werk julle op die program, gee vir ons /

ons bietjie leiding op dit, dan behoort daar iets te gebeur. Dit is hoe ek die ding kyk dominee, ek persoonlik. Ek is 'n sweiser, dit is my afdeling en al die pad werk ek nog vandag se laai in die dorp in, *all over* doen ek nog werke. Om dit hier aan te bied vir die manne is nie 'n probleem nie, maar ons kort soos masjinerie, ons kort 'n werksplek. Dit is die goed wat ons kort.

DS PIENAAR Suster wat sou u sê, in u opinie is die gemeente betrokke in die gemeenskap?

MEV ? Nie so vreeslik nie, ons mense is 'n bietjie traag om in te skakel. Ek dink jy wat nou kennis het, is 'n bietjie bang om die mense te bereik. Ek wil net bietjie gou ingaan in die van die 'oka' pyp wat hulle van praat, toe daardie ding begin hier in Bronville, ek was nog by die polisiëringsforum, ons het as gemeenskap, ek meen vrywilligers in Bronville het ons ons bes probeer om die polisie betrokke te raak. Daardie toestel was geneem tot op die laboratorium en toetse daarmee gedoen, toe sê hulle nee, daar is geen fout nie. Dit is hoe daardie ding so volop is in Bronville, omdat die (onduidelik) gesien het daar is geen fout met daardie goed nie, toe begin hulle nou dwelms daar in (onduidelik) en hulle kan niks daaraan doen nie.

Ons grootste probleme in Bronville is drankmisbruik en dwelmmisbruik. Dit is die grootste swakheid in Bronville en van / van ons kinders, kinders by die laerskool, ek is 'n vrywilliger van 'n maatskaplike werker, *Social Development*, kinders van 7, 9 wat nie eers meer skoolgaan nie weens dwelms. Daar is niks wat gedoen word nie. Die skool ... kyk, hulle probeer ook maar hulle kry nie samewerking van die ouers nie. So begin die outjie net rond dwaal, dan eindig hy by die 'oka' pyp, dagga en (onduidelik) dwelms. Op hierdie oomblik is jong ... nie eintlik so, ja, sy is jongerig, daardie vrou (onduidelik) is gevat verlede week, vroeg in die (onduidelik), Maandag en Dinsdag, wat geld uitleen, dan vat sy die mense se *ID* dokumente en hulle se *pay* kaart.

DS PIENAAR Die SASSA.

MEV ? *Pay*, ja, sy hou dit by haar. Die dag as hulle nou moet hulle toelaag ontvang, dan moet hulle by haar eers uitkom, dat sy dit vir hulle gee, hulle moet nou haar betaal e weer leen. Nou die dag dan vang hulle haar met dit en toe het sy (onduidelik) die goed, die poeier, haar kêrel se huis ...

MNR ? Cocaine, iets in daardie rigting.

MEV ? En pille. Dit is 'n groot vrou wat so mense se geld uitdeel. Kyk, niemand het op daardie vrou gefokus nie, ek was baie geskok en hartseer. Daardie vrou is van Natal. Sy het 'n groot huis daar gebou, vir my het sy persoonlik gesê, 'n groot huis gebou en wat alles, dit beteken met dié geld. So hulle kom hiernatoe kom ons kinders op te mors, hulle kinders bly geleerd / geleerd en gaan vorentoe. So daardie saak is nog in (onduidelik).

MNR ? Dominee net om by haar te voeg ook nog. Wat die probleem nog erger maak, is ons polisie, ons polisie self is dan betrokke by dié goeters.

MEV ? Op die oomblik het ons (onduidelik) ek het dit al eens op 'n tyd in polisieforum genoem, dit is daarom wat ek sommer gelos het want toe sê ek vir daardie man wat hier saam met ons gewees het, toe sê ek luiste hier, om die dwelms (onduidelik) hier te kan vang, bring speurders van Kimberley, Kaapstad, Durban, Johannesburg. Dié ouens moet hier in Bronville kom werk as werkers, niemand hoef te weet hulle is speurders nie. Dit is hoe ons die plek gaan skoonmaak. Daardie man is weg uit Bronville, hy het dit nooit gedoen nie want nou praat ons so in die vergadering. Wat

ons hier bespreek, gaan sê ek vir my tjommie (onduidelik) so gaan dit wees as ons mense nie bereik word nie. Toe sê ek vir hom kom laat die ding net tussen ek en jy is, as dit gaan uitlek is dit een van ons twee. Daardie man is vandag uit Bronville uit, so 2 – 3 jaar is hy nou weg (onduidelik) maar op die oomblik dat hierdie vrou kan gevang word, het ek verneem daar is ouens van iets in die Ciskei of Transkei wat hier is, hulle het op die vrou se spoor gekom. Die ouens is ook so stilletjies hier ingebring, niemand weet daarvan nie, dit is hoe hulle die vroumens /vroumens gevang het.

DS PIENAAR Wat sal antie sê, is die gemeente betrokke in die gemeenskap, die kerk, Bronville, maak hulle 'n verskil?

MEV ? Dominee ek sal, ek weet nou nie want daar is nou al so baie gesê hier, so ek dink wat ek ook nou wil gesê het, is al gesê maar wat ek sal sê ek voel, vir my voel dit hulle maak tog 'n verskil. Hulle maak tog 'n verskil dominee. Soms kere kan jy mos nie eintlik praat nie en dit wat jy innerlik sien, kan jy mos nie ...

MEV ? Ja.

MEV ? Ja. Jy kan dit nie eintlik uitpraat of uitspreek nie, maar vir my ek sien daardie sieninge. Daar is tog 'n verskil wat die gemeente (onduidelik) maak en soos dit nou al gesê is baie van hulle is teruggetrokke. Dominee het nou gehoor van die probleme wat ons hier het in Bronville in. Nou weet dominee probleme maak vir jou teruggetrokke, dit maak omstandighede. Dit maak dat jy baie keer teruggetrokke is en so aan, maar van my kant af want ek reeds kan sê die gemeente maak regtig 'n verskil, want dan vat ek nou net hier by ons kerk, as daar 'n iets is dominee dan is hulle soos 'n klomp bye om daardie ding. Dan staan ons regtig, ek meen as daar iets wat (onduidelik) dan staan hulle regtig, hulle ondersteun eintlik vir ons ook baie, maar soos wat dominee gehoor het die omstandighede buite dit dryf (onduidelik) en dit maak /maak nou dat dinge nie so mooi uitwerk nie, want elke huis in Bronville sit met daardie probleem. As dit nie 'n *drug* is nie, dan is dit die 'oka' pyp en elkeen het ... of dit is 'n drankprobleem. Dit is eintlik wat die verskil maak, maar tog bokant daardie verskil probeer hulle uitstyg want hulle raak baie keer (onduidelik) die probleem nie vir hulle meer onderdruk nie. *Never mind* hoe dit is, baie van ons en ons sit nou hier, ons is kerkraad maar ons het ook maar elkeen

ons (onduidelik) maar ons kan nie dat dit vir ons ... want ons weet daar is 'n Anker. Daar is Iemand wat daar is vir ons en daardie Iemand wat vir ons is, ons reik uit na daardie persoon wat ook in dieselfde situasie is, dan kan ons darem weer uitreik en ook weer vir daardie iemand moed gee of ons kan deel word of ons kan daardie persoon betrek. So van my kant af wil ek regtig vir dominee sê die gemeente reik uit regtig na die gemeenskap ook en so aan. Regtig.

DS PIENAAR Ek hoor nou 'n paar goedjies, maar die een ding wat ek nou hoor wat rondom die tafel is dat die gemeente probeer om 'n verskil te maak in die gemeenskap. Ek hoor dit duidelik. Soos broer Mervin het 'n paar dingetjies gewys waarop hy nou sê ... en elkeen het iets gesê, maar ek hoor elke keer u sê vir my ja, ons wil ook daardie verskil maak, maar soms is die lidmate teruggetrokke. Ek wil hê u moet vir my meer sê wat bedoel u met teruggetrokke, maar ek hoor ook antie / antie u sê dat die omstandighede waarin die mense leef in die gemeenskap maak soms dat mense amper nie kans sien om iets anders te doen nie. Wil u bietjie reageer op wat ek gesê het?

MNR ? Oor die teruggetrokke.

DS PIENAAR Wat bedoel antie met teruggetrokke, die mense is teruggetrokke in die gemeente?

MEV ? Ek meen teruggetrokke is 'n bietjie, soos ek gesê het ... [tussenkoms]

MNR ? Skaam.

MEV ? Jy is 'n bietjie skaam, jy kan nie ... jy het nie daardie vryheid om alles te sien dominee. Jy het nie daardie vryheid om ... want daar is iets wat, die omstandighede maak soms keer dat jy nie daardie vryheid het nie.

DS PIENAAR Om uit te reik nie?

MEV ? Om uit te reik nie.

DS PIENAAR Ek sien.

MEV ? Ja, oms uit te reik nie.

DS PIENAAR Bedoel antie met skaam byvoorbeeld hier is goed wat in jou huis ook gebeur?

MEV ? Ja. Kyk soos met die *drugs* dominee, kyk as dit gebeur in iemand se huis, daardie mense daar het nie daardie vrymoedigheid ... as jy nie deel is van daardie *drugs* of daardie iets nie, dan het jy regtig nie daardie vrymoedigheid nie. Dit maak /maak jou teruggetrokke.

DS PIENAAR Ek verstaan antie.

MEV ? Jy het nie daardie vryheid om deur te druk nie en soms kan jy sommer woorde of gesê word (onduidelik) verstaan u?

MNR ? Ek verstaan.

DS PIENAAR Kom ons gaan 'n bietjie na die derde vragie toe. Baie dankie dat jy so met vrymoedigheid ook praat en so mooi praat oor die gemeente en die gemeenskap en die gemeente wat regtig probeer, maar die omstandighede buite in die gemeenskap wat soms baie drukkend is en soms binne-in ons huise het en dan voel jy omtrent nie meer om buite toe te gaan en iets te gaan doen nie. Hoe sou u die gemeente se finansies beskryf? U moet nou mooi luister na die vraag want ek breek hom in vier afdelings. Die vraag is hoe sou u die finansies van die gemeente beskryf:

- (1) Dink u die gemeente se finansies groei?
- (2) Dink u die gemeente se finansies is stabiel?
- (3) Dink u die gemeente se finansies krimp?
- (4) Of dink jy die finansiële situasie van die gemeente is 'n ernstige bedreiging vir die voortbestaan van hierdie gemeenskap en wat is jou rede vir jou antwoord?

Ek vra weer die vraag: Hoe sou u oor die algemeen die finansies van hierdie gemeente beskryf? Gee redes vir jou antwoord. Ons het 'n groeiende finansiële inkomste, ons het 'n stabiele finansiële inkomste, ons het hoofsaaklik 'n krimpende finansiële inkomste, ons finansiële situasie is 'n ernstige bedreiging vir die voortbestaan van die gemeente? Wat sal oom sê?

MNR ? Ja dominee ons finansies is ... ek gaan nie sê dit daal nie, maar dit is minimaal. Hy balanseer. Kyk, soos byvoorbeeld die mense gee hulle dankoffers sê soos byvoorbeeld end van die maande en die dankoffer, hulle balanseer ook. Dan kry jy sommer een maand R1 200, dan kry jy sommer weer die ander maand miskien R1 000. Dit is nie 'n vaste wat ons kan sê ons kry elke maand R5 000 in nie – veral in die dankoffer, nee. Hy wissel. Dan baie keer kry ons 'n dankoffer in die middel van die maand miskien R500 of R600 of R300. Kyk die mense *pay* mos nie almal dieselfde tyd nie. Ons kollekte weer hy is ook, hy wissel ook maar van R200, R300, dan kom hy weer af, dan gaan hy weer op, so werk die storie.

DS PIENAAR Dit beweeg so op en af?

MNR ? Ja. Dit hang af van natuurlik die mense wat Sondag in die kerk is, sien dominee, dit is hoe die ding werk.

DS PIENAAR Rufus hoe sal jy die finansies van die gemeente beskryf? Dink jy die finansies is gesond, dink jy dit groei, dink jy dit stagneer, dit gaan af of is julle in 'n ernstige finansiële /finansiële krisis?

MNR ? Ek gaan glo die finansies is besig om te stagneer want as 'n ou nou kyk na, soos oom Johnny ook nou genoem het hoe die kollekte en daardie dankoffers bygebring word en as jy kyk na baie van ons ouens wat die vermoë het om te kan, spesifiek rondom ons dankoffers, daardie manne of daardie vroue bring nie hulle dankoffers nie.

Kollekte, oom Johnny het gesê R200 – R300, ja, dit wissel maar weekliks met kollekte. So ek sal sê die inkomste van die gemeente is nie soos wat dit veronderstel is om te wees nie.

MEV ? Ja.

MNR ? Want, ek gaan dit weer sê, daar is mense binne-in die gemeente wat die vermoë het om te kan gee, maar hulle wil nie. Om dit prontuit te stel – hulle wil nie. Daardie ou kom net kerk toe om in elk geval ... wat sy doel is om hier te wees, weet ek nie, maar hy is nie iemand wat vrymoediglik sal vir die kerk gee nie, want baie keer sien jy daar is ouens wat die koevertjie vat, maar daardie manne se koevertjies kom nie in nie want ons as kerkraad weet mos nou maar wie is die mense wat jou gereelde dankoffers inbring.

DS PIENAAR Susters hoe sal u die finansies van die gemeente beskryf? Is dit goed of is daar 'n krisis of groei dit, gaan dit af, swak?

MEV ? (Onduidelik) Johnny, as almal kon gegee het, sou dit baie / baie beter gewees het, maar dit wissel regtig. Baie van die mense wat dit kan bekostig, gee nie eintlik nie. Ek weet nie waarom nie.

MNR ? En nog buite ook, ons weet al klaar wie is die mense.

MEV ? Wat gee.

MNR ? Wat gee en hoeveel gee hulle. Jy het byvoorbeeld een broer, hy is nou nie meer hierso nie, hy het verhuis na Johannesburg toe, daardie man het gesorg elke maand

dat hy sy R600 in sy koevertjie sit. Elke maand vir sy huisgesin. Daardie man was nou regtig, hy was op tyd met alles, ongelukkig het hy nou verhuis.

DS PIENAAR Suster hoe sal u die finansies beskryf van die gemeente? Is u tevrede met die finansiële situasie?

MEV ? Nee dominee nie tevrede nie, maar soos broer Johnny nou gesê het dit wissel maar so. Maar nou sê ek nou van my kant af ek weet mos nou nie wat is die persoon se omstandighede nie, het daardie persoon nou dit of so, so gee en dan weer so gee en so gee en dit hang af ook van die getal wat in die kerk in is. Daardie Sondag as die kerk vol is, dan sal daardie (onduidelik) wat meerder is, maar as die mense min is, dan gaan dit mos ook maar min wees. Ek kan ook maar sê dit is nie so van die beste nie.

DS PIENAAR Broer Muller hoe sou dit beskryf, die finansies van die kerk, van die gemeente spesifiek?

MNR ? /

MNR ? Ja, van ons gemeente spesifiek, as ons kyk na verskillende periodes van die persoon, vyf jaar terug toe is ons in 'n piek.

DS PIENAAR Wat bedoel u daarmee?

MNR ? Toe is hier nog werk in Welkom en nou vat ek jou *professionals*, haal ek nou uit. Ek praat nou van ons gewone mense, wat ons praat van die mense wat gereeld by die kerk is, toe het hulle nou werk, so toe kan jy onmiddellik weer die inkomste sien hulle is daar. Na die vyf jaar toe is daar 'n daling. Nou moet u weet daar was 'n paar goed wat aanleiding gegee het tot hierdie. Die kerk kom deur drie skeurings, drie verskillende skeurings en u verstaan nou moet daar vertroue eers weer gewen word van die gemeentelêde wat nou daar buite is, wat getrek het. Hoekom ons broers en susters sê dit begin nou weer, ek sit hom in 'n stabiele houding, maar hy loop, nie af en weer sommer skielik op nie, maar dit is 'n geleidelike trant, so ek sal nou sê meer stabiel. Hoekom ek so sê, is soos broer Johnny dit nou verduidelik het, ons het mos nou die ding begin te opdeel en ek het gedink in ons ... kom ek gee wat ons nou beplan het vir die volgende jaar. Ons het gesê ouens, ons gaan nou begin met ons geloofsoffer. Ons het mos 'n geloofsoffer koevertjie nou wat ons probeer het, sê mense kom ons sê vir ons mense ons wil die einde van *October*, ons

maak 'n voorbeeld, R50 000, begin maar daar, sit hom /hom maar daar, hê, so jy het die *pledge*, so jy het klaar 'n verantwoordelikheid. Ons het nou die dag ingebring, die boufonds, ons moet die muur hier opbou hier agter, wat ons ook gesê het, hoekom ek sê ons geld kort want onmiddellik toe ons praat oor die boufonds en die boufondskoevertjies uitdeel, toe is daar onmiddellik van jou gemeentede wat sê ... ons staan nou op R700 vir boufonds. Ons het net nou die dag begin, maar hy staan op R700. Nou het ons gesê kry die barometer dat ons sien hoe beweeg dit as mense goed sien. So wat ons by *lack* in die laaste tyd broer Johnny is dat ons ... ons het mos altyd die inkomste afgekondig en sê nou vir die afgelope paar maande wat ons dit nie doen nie. Dit maak ook 'n verskil wanneer mense hoor dit het ons verlede week ingebring, dan skrik hulle by hulself want kyk die afgelope vier weke toe is dit baie eng. Die vier weke toe het ons net in die vyfhonderde gehardloop en skielik toe gaan ons, toe begin ons per week, nou in die laaste per week R1 800, R2 400, R3 100, u verstaan? So vir die maand kan ons amper nou praat, ons praat amper die maand trek ons al oor die R7 000, u verstaan, waar ons gewoonlik 'n maand R1 000 getrek het.

Wat ek vir u ook kan sê, is 20 September, ek het dit gemerk daar in my *office*, het 'n ommeswaai in ons gemeente gebring. Die ouens begin nou besef ek is deel van die gemeente en ek moet nou begin deel vorm en ek begin nou gee /gee en daarom – hier is die kerkraad, 20 September 2014 moet weer kom. Dit sê vir ons ons het iemand nodig om vir ons te *ignite*, verstaan? Om vir ons te motiveer en te sê man, *follow* dit, *follow* dit, u verstaan? Dit is hoekom ek sê ons, my redes vir my antwoord dat dit stabiel is en dat dit nou besig is om weer te groei, is nou nie meer dat ons mense – kyk, daardie ding van die myne en goed, van die werke wat toegemaak het en daardie, dit het gestabiliseer, so met die inkomste wat ons ouens nou het, weet ons, ons oumas weet dié wat R10 gee, ons weet ons *like* hulle want hy gee sy R10 getrou. Dit is sy of haar R10, ons weet dit is dié ouma s'n, ons het dit, dit is 'n vaste inkomste.

